



**WAARDE-ORIËNTASIE AS FAKTOR BY DIE
GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE
VOORSKOOLESSE KIND: OUBEGELEIDINGSIMPLIKASIES**

deur

RONÉL VAN ZYL

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

**FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER : PROFESSOR J.W.M. PRETORIUS
MEDE-STUDIELEIER : PROFESSOR G.V. FERREIRA**

Julie 2001



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Opgedra aan my geliefde ouers,
Willie en Sarie van Zyl*

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan:

- ◆ *Professor J.W.M. Pretorius*, my studieleier, vir sy bekwame, onbaatsugtige en bemoedigende leiding en voortdurende aanmoediging tydens dié studie.
- ◆ *Professor G.V. Ferreira*, my mede-studieleier, vir sy bekwame, professionele en gewaardeerde leiding en deurlopende aanmoediging.
- ◆ *Me Joan Clark* en *Elana Mauer* vir hulle tyd en opoffering met die statistiese verwerking van data.
- ◆ Die *personeel by die Akademiese Inligtingsdiens*, in besonder *Me Clarisse Venter*, vir hulle vriendelike, toegewyde en professionele diens.
- ◆ My *ouers, Willie en Sarie*, vir hulle liefdevolle ondersteuning, aanmoediging, volgehoue belangstelling, gebede en hulp tydens dié studie.
- ◆ My *verloofde, Theo*, vir al sy hulp met die tegniese versorging en sy liefdevolle ondersteuning en aanmoediging tydens voltooiing van die studie.
- ◆ My *broer en suster, Pierre en Lynette*, vir hulle aanmoediging, belangstelling en hulp.
- ◆ *Vriende en vriendinne* wie se belangstelling, aanmoediging en hulp as motivering gedien het.
- ◆ *My Hemelse Vader*, deur wie ek krag en insig ontvang het om hierdie studie te voltooi.

Aan God, my Hemelse Vader, al die dank en eer!

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

	BLADSY
1.1 INLEIDING	2
1.2 TEMA-ANALISE	7
1.2.1 Waarde-oriëntasie	7
1.2.2 Gesinsopvoeding	10
1.2.3 Milieu-benadeeldheid	18
1.2.4 Voorskoolse kind	21
1.2.5 Ouerbegeleidingsimplikasies	21
1.2.6 'n Psigopedagogiese studie	24
1.3 NAVORSINGSPROBLEEM	27
1.4 HIPOTESE	28
1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING	28
1.6 DOEL VAN DIE STUDIE	30
1.7 PROGRAM VAN STUDIE	31



HOOFSTUK 2

DIE LEEFWêRELD VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOOLSE KIND

	BLADSY
2.1 INLEIDING	34
2.2 DIE OMGEWING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE GESIN	37
2.3 DIE GESINSITUASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE KIND	40
2.3.1 Pedagogiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin ..	48
2.3.2 Psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin ..	53
2.3.3 Sosiale kenmerke van die milieu-benadeelde gesin	55
2.4 DIE WAARDE-ORIËNTASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE OUER	59
2.5 AGTERSTANDE EN KENMERKE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOOLSE KIND	63
2.6 SAMEVATTING	81

HOOFSTUK 3

WAARDE-ORIËNTASIE AS FAKTOR BY DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLESSE KIND

	BLADSY
3.1 INLEIDING	83
3.2 WAARDE-ORIËNTASIE EN OPVOEDING	83
3.3 WAARDE-ORIËNTASIE EN DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLESSE KIND	92
3.3.1 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl	92
3.3.2 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoud	102
3.3.3 Waarde-oriëntasie en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind	105
3.3.3.1 Aspekte verbandhoudend met kinderlike ontwikke- ling	105
3.3.3.1.1 Die begrip selfkonsep	105
3.3.3.1.2 Die begrippe persoonlikheid en persoonlik- heidseienskap	107
3.3.3.1.3 Die begrip persoonlikheidspatroon	110
3.3.3.1.4 Kinderlike beleving en kinderlike gedrag ...	111
3.3.3.2 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu- benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskool- se kind	115



3.3.3.2.1 Die dominante opvoeding	118
3.3.3.2.2 Die intolerante, outokratiese opvoeding	123
3.3.3.2.3 Die onverskillige opvoeding	128
3.3.3.2.4 Die koue opvoeding	131
3.3.3.2.5 Die toegeeflike opvoeding	135
3.3.3.2.6 Die betrokke opvoeding	139
3.3.3.3 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu- benadeelde ouer op die selfkonsepvorming van die voorskoolse kind	141
3.3.3.4 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu- benadeelde ouer op die ontwikkeling van die voorskoolse kind	143
3.3.3.4.1 Affektiewe ontwikkeling	145
3.3.3.4.2 Kognitiewe ontwikkeling	147
3.3.3.4.3 Sosiale ontwikkeling	150
3.4 SAMEVATTING	151

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA

	BLADSY
4.1 INLEIDING	154
4.2 NAVORSINGSINSTRUMENT	155
4.2.1 Keuse van 'n instrument	155
4.2.2 Ontwikkeling van die vraelys	156
4.2.2.1 Biografiese gegewens	158
4.2.2.2 Gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die gesin	159
4.2.2.3 Inligting ten aansien van die waarde-oriëntasies van die ouers	162
4.2.2.4 Inligting ten aansien van die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte	163
4.2.2.4.1 Opvoedingstyl van die ouer	163
4.2.2.4.2 Opvoedingsinhoude	163
4.2.2.4.3 Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind	163
4.2.2.4.4 Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind	164
4.2.2.4.5 Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind	164
4.2.2.4.6 Selfkonsep van die voorskoolse kind	165
4.2.2.4.7 Algemeen	165

4.3	EMPIRIESE ONDERSOEK	166
4.3.1	Lokalisering van die onderzoekgroep	166
4.3.2	Verloop van die empiriese ondersoek	166
4.3.3	Dekodering, analise en interpretasie van data verkry uit die vraelys	167
4.3.3.1	Biografiese gegewens	168
4.3.3.2	Sosio-ekonomiese status	174
4.3.3.2.1	Beroepstatus	174
4.3.3.2.2	Hoogste opvoedkundige kwalifikasie	176
4.3.3.2.3	Woonomstandighede	177
4.3.3.3	Waarde-oriëntasies van die respondente	179
4.3.3.4	Opvoeding van die voorskoolse kind	183
4.3.3.4.1	Opvoedingstyle van die respondente	183
4.3.3.4.2	Opvoedingsinhoude	190
4.3.3.5	Ontwikkeling van die voorskoolse kind	192
4.3.3.5.1	Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind	192
4.3.3.5.2	Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind	199
4.3.3.5.3	Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind	203
4.3.3.5.4	Selfkonsep van die voorskoolse kind	206

4.3.4	Interpretasie van data verkry uit individuele onderhoude ...	208
4.3.4.1	Gevallestudie 1	209
4.3.4.1.1	Algemene inligting	209
4.3.4.1.2	Waarde-oriëntasie van die ouers	209
4.3.4.1.3	Opvoedingsgedrag van die ouers	210
4.3.4.2	Gevallestudie 2	211
4.3.4.2.1	Algemene inligting	211
4.3.4.2.2	Waarde-oriëntasie van die ouers	212
4.3.4.2.3	Opvoedingsgedrag van die ouers	212
4.3.4.3	Gevallestudie 3	213
4.3.4.3.1	Algemene inligting	213
4.3.4.3.2	Waarde-oriëntasie van die ouers	214
4.3.4.3.3	Opvoedingsgedrag van die ouers	214
4.3.5	Sintese	215
4.4	TOETSING VAN HIPOTESE	217
4.5	SAMEVATTING	217

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING VAN BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES

	BLADSY
5.1 INLEIDING	219
5.2 SAMEVATTING VAN BEVINDINGE	220
5.2.1 Hoofstuk 1	221
5.2.2 Hoofstuk 2	223
5.2.2.1 Omgewing van die milieu-benadeelde gesin	223
5.2.2.2 Gesinsituasie van die milieu-benadeelde kind	223
5.2.2.3 Waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer .	225
5.2.2.4 Kenmerke en agterstande van die milieu-benadeelde voorskoolse kind	225
5.2.3 Hoofstuk 3	226
5.2.3.1 Waarde-oriëntasie en opvoeding	226
5.2.3.2 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl	226
5.2.3.3 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoude	227
5.2.3.4 Waarde-oriëntasie en die invloed van gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind	228
5.2.4 Hoofstuk 4	229
5.3 GEVOLGTREKKINGS	233



5.4	OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES	234
5.5	AANBEVELINGS	239
5.5.1	Ouerbegeleiding op makro-vlak	239
5.5.2	Samewerking met kleuterskole	240
5.5.3	Samewerking met regerings- en nie-regeringsinstansies ...	240
5.5.4	Verdere navorsing	241
5.6	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	241
5.7	SLOTOPMERKING	243

LYS VAN FIGURE

	BLADSY
FIGUUR 1.1 : Basisdimensies van die opvoeding	15
FIGUUR 1.2 : Die tweedimensionele opvoedingsmodel van Angenent	16
FIGUUR 2.1 : Die armoedspiraal	80
FIGUUR 3.1 : Die verband tussen sosio-ekonomiese status en ouerlike opvoedingsgedrag	89
FIGUUR 3.2 : Die verband tussen ouerlike houdings, opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die kind	90
FIGUUR 3.3 : Die dimensioneel-sirkelvormige persoonlikheidsmodel van Angenent	109
FIGUUR 3.4 : Moontlike persoonlikheidspatroon van die lewensvaardige persoon	111
FIGUUR 3.5 : 'n Opvoeding-persoonlikheids-model	116
FIGUUR 3.6 : 'n Opvoeding-kinderlike gedrag-model	117
FIGUUR 3.7 : 'n Opvoeding-selfkonsep-model	142

FIGUUR 4.1	:	Skematiese voorstelling van gesinsklassifikasie	162
FIGUUR 4.2	:	Respondente deur wie die vraelys beantwoord is	169
FIGUUR 4.3	:	Waarde-oriëntasies van milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente	180
FIGUUR 4.4	:	Waarde-oriëntasies van deursnee-geklassifiseerde respondente	180
FIGUUR 4.5	:	Warmte-koudheid dimensie	183
FIGUUR 4.6	:	Dominansie-toegeeflikheid dimensie	184
FIGUUR 4.7	:	Warm opvoeding	188
FIGUUR 4.8	:	Koue opvoeding	188
FIGUUR 4.9	:	Dominante opvoeding	189
FIGUUR 4.10	:	Toegeeflike opvoeding	189
FIGUUR 4.11	:	Belangrikheid van waardes ten aansien van die milieu-benadeelde voorskoolse kind	191
FIGUUR 4.12	:	Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle vaders beoefen	194



FIGUUR 4.13	: Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle moeders beoefen	195
FIGUUR 4.14	: Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle voogde beoefen	195
FIGUUR 4.15	: Roetine met betrekking tot bed toe gaan	196
FIGUUR 4.16	: Handeling wat plaasvind wanneer die voorskoolse kind bed toe gaan	197
FIGUUR 4.17	: Algemene emosionele gesteldheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind	198
FIGUUR 4.18	: Leesstof tuis beskikbaar	199
FIGUUR 4.19	: Aktiwiteite wat deur ouers aangemoedig word by die voorskoolse kind	200
FIGUUR 4.20	: Speelgoed tuis beskikbaar	201
FIGUUR 4.21	: Beantwoording van vrae	202
FIGUUR 4.22	: Verduideliking van vreemde woorde en begrippe	202
FIGUUR 4.23	: Probleemoplossing	203
FIGUUR 4.24	: Verhoudinge met ander gesinslede	204



FIGUUR 4.25	:	Rol in groepsituasies	205
FIGUUR 4.26	:	Selfkonsep van die voorskoolse kind	206
FIGUUR 4.27	:	Gedrag van die voorskoolse kind in groepsverband ..	207

LYS VAN TABELLE

	BLADSY
TABEL 3.1 : Kinderlike belewinge as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragsspatrone	113
TABEL 3.2 : Kinderlike gedrag as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragsspatrone	114
TABEL 3.3 : Die dominante opvoeding	122
TABEL 3.4 : Die intolerante, outokratiese opvoeding	127
TABEL 3.5 : Die onverskillige opvoeding	130
TABEL 3.6 : Die koue opvoeding	134
TABEL 3.7 : Die toegeeflike opvoeding	138
TABEL 3.8 : Die betrokke opvoeding	141
TABEL 4.1 : Klassifikasie-skaal vir gesinne	161
TABEL 4.2 : Huwelikstatus van ouers	169
TABEL 4.3 : Ouderdomme van ouers	170



TABEL 4.4	:	Ouderdomme van voorskoolse kinders	171
TABEL 4.5	:	Aantal kinders in die gesin	172
TABEL 4.6	:	Posisie van die oudste voorskoolse kind	172
TABEL 4.7	:	Beroepstatus van ouers	174
TABEL 4.8	:	Hoogste opvoedkundige kwalifikasie van ouers	176
TABEL 4.9	:	Woonomstandighede van respondente	178
TABEL 4.10	:	Hoeveelheid tyd wat respondente daagliks saam met hulle kinders spandeer	193

LYS VAN BYLAE

	BLADSY
BYLAAG A : Vraelys vir ouers	245
BYLAAG B : Brief aan skoolhoofde	258
BYLAAG C : Brief aan ouers	260
BYLAAG D : Koderingslys	263
BIBLIOGRAFIE	265
SUMMARY	277

HOOFSTUK 1

TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Dit is 'n bekende feit in die Opvoedkunde dat die ouer se opvoeding van sy kind sterk medebepaal word deur enersyds die waardes wat hy huldig (waarde-oriëntasie) en andersyds die doelstellings wat hy met die opvoeding van sy kind wil verwerklik, wat ook telkens aan bepaalde waardes gekoppel kan word. Elke ouer voed sy kind dus op 'n bepaalde wyse op om bepaalde opvoedingsdoelstellings met sy kind te bereik en bepaalde waardes aan sy kind oor te dra. Pretorius (1992a:3-4) beklemtoon hierdie stelling met die volgende uitspraak:

“Elke ouer koester 'n bepaalde ideaal ten opsigte van wat hy met die opvoeding van sy kind wil bereik, byvoorbeeld met betrekking tot kennis, kreatiwiteit of akademiese prestasie, selfstandigheid, selfbeheersing, sosiale vaardigheid en aanpasbaarheid, morele waardes, gedragstandaarde, verantwoordelikeheidsin, ensovoorts. ... Elke ouer voed dan ook op die een of ander wyse op om hierdie doelstellings met die kind te bereik. Dit word die opvoedingsgedrag of opvoedingstyl van die ouer genoem.”

Dit is duidelik dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die opvoedingsdoelstellings van die ouer en dit wat hy van waarde ag of as belangrik beskou. Ferreira (1987:98) meld in hierdie verband dat die wyse waarop die ouer opvoed (dit wil sê sy opvoedingstyl) uit sy persoonlike hiërargie van waardes en waarde-oortuigings voortspruit.

Waardes vorm 'n integrale deel van die menslike bestaan en is diep gegrond in die totale persoon-wees van elke individu. Jacobs (1995:56) vat hierdie gedagtes raak saam: *“Die mens neem waardebepalend deel aan die lewe en sy hele bestaan is deurtrek van waardebepalings. Alles wat die mens dink, besluit of kies is deurtrek met waardebepalings.”* Die mens tree dus deurgaans waardebepalend op, ook tydens die verwerking van sy opvoedingstaak. Harman en Brim (1980:56) sluit hierby aan en beskou kulturele waardes en ander kultureel-vasgeleë faktore as belangrike determinante van ouerlike opvoedingsgedrag.

Waardes verskil egter van kultuur tot kultuur en van gemeenskap tot gemeenskap. Daar kan byvoorbeeld verwag word dat 'n maatskaplike groepering soos die milieu-benadeeldes in die samelewing bepaalde gemeenskaplike waardes, wat verskil van die waardes van ander groeperings, sal huldig - ook ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders. Ferreira (1987:1) stel hierdie aangeleentheid soos volg:

“Alle ouers of hulle nou in 'n groot stad of op die afgeleë platteland woon, voed hulle kinders op ooreenkomstige waardes, norme, gedragskodes en leefreëls wat in die besondere gemeenskappe segwaarde het.”

Alhoewel opvoeding dus 'n universele verskynsel is wat in alle gemeenskappe verwerklik word, is dit tog altyd op bepaalde waardes afgestem en daarom ook sterk partikulier van aard. Opvoeding in 'n bepaalde gemeenskap of groep word inderdaad gerig deur die waardes eie aan die bepaalde groep en deur dit wat as belangrik en relevant geag word deur die lede van die groep met betrekking tot die opvoeding van kinders (Ferreira, 1991:47).

Opvoeding behels die begeleiding van die kind op kognitiewe, affektiewe en normatiewe vlak. Laasgenoemde dimensie impliseer noodwendig dat die opvoeding van die kind altyd gebaseer is op belangrike waardes en norme. Hierdie waardes en norme word egter deur die ouer self bepaal en is sterk

gekoppel aan sy kultuur en die bepaalde groepering in die samelewing waaraan hy behoort. Ferreira (1994:23) beskou opvoeding as wordingshulp aan die kind waartydens die opvoeder lewenswaardevolle inhoude moet ontsluit ten einde die kind in staat te stel om uiteindelik sy lewe op 'n volwasse wyse te kan lei. Hierdie inhoude neem die vorm van waardes, norme, gedragkodes, gesindhede en vaardighede aan, wat nie alleen deur die opvoeder (ouer) onderrig moet word nie, maar ook aan die kind voorgeleef moet word. Dit sal egter slegs vir 'n ouer moontlik wees om iets aan die kind voor te leef indien hy dit self aankleef, met ander woorde indien dit deel is van sy eie waardesisteem of lewensopvatting.

Dit is verder 'n betekenisvolle feit dat die waardes aan die hand waarvan ouers 'n kind opvoed telkens gekoppel kan word aan die sosio-ekonomiese status van die ouer. Mens sou byvoorbeeld kon verwag dat ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status waardes soos selfstandigheid, kreatiwiteit, nuuskierigheid en kritiese denke sal aanhang en dat hulle opvoedingsinhoude en -styl gevolglik daardeur beïnvloed sal word. In teenstelling hiermee sou verwag kon word dat waardes soos gehoorsaamheid, netheid en konformiteit deur ouers met 'n laer sosio-ekonomiese status gehuldig sal word, wat weer 'n bepalende invloed op hulle opvoedingsinhoude en -styl sal hê.

Verskeie navorsers se uitsprake bevestig bovermelde gedagte, waarvan die volgende as voorbeelde dien:

- ♦ Volgens Shaffer (1996:612) sentreer die waardes van ouers uit die laer- en werkersklas om gehoorsaamheid en respek vir gesag, terwyl ouers uit die middel- en hoërklas aspekte soos onafhanklikheid, weetgierigheid en kreatiwiteit by hulle kinders bevorder. Ouers uit die laer- en werkersklas is geneig om meer beperkend en outoritêr te wees as ouers uit die middel- en hoërklas, en om van mag gebruik te maak by die dissiplinerings van hulle kinders. Hierdie ouers is gewoonlik meer krities, bestraffend en onverdraagsaam teenoor ongehoorsaamheid as ouers uit die middel- en hoër

sosio-ekonomiese stande. Hierbenewens is ouers uit die laer- en werkersklas geneig om minder dikwels met hulle kinders te praat en te redeneer en om minder warmte teenoor hulle kinders te betoon.

- ◆ Okagaki en Divecha (1993:40-41) verwys na studies deur Crouter (1984) en Kohn (1963, 1969), waarin die verband tussen die opvoedingsgedrag van die ouers, hulle sosio-ekonomiese status en die werksomstandighede van die vader beklemtoon word. Volgens dié navorsing is die vader se werksomstandighede bepalend by die opvoedingsgedrag wat deur die ouers verwerklik word. Dit wat deur die ouers as belangrik geag word en in hulle opvoedingsgedrag as doelstellings nagestreef word, word enersyds grootliks bepaal deur die mate van selfdireksie (outonomie, verbeelding, nuuskierigheid en selfkontrole) of konformiteit (netheid, gehoorsaamheid en om met ander oor die weg te kom) wat deur die vader se werk vereis word, en andersyds deur die mate waarin die vader by besluitneming en probleemoplossing betrek word by sy werk. By hoër status beroepe word inisiatief, onafhanklike denke en persoonlike oordeel gewoonlik by werknemers beklemtoon en toegelaat, terwyl laer status beroepe min ruimte laat vir selfdireksie.
- ◆ Ferreira (1991:52) onderskei tussen die wyses van dissiplinering van kinders deur ouers uit verskillende sosio-ekonomiese klasse en meld in dié verband dat ouers uit die arbeidersklas dikwels daartoe geneig is om hulle kinders punitief (dikwels fisies) te straf vir gedrag wat ongewenste gevolge inhou. Hierteenoor dissiplineer ouers uit hoër sosiale klasse hulle kinders op 'n konstruktiewe wyse, gebaseer op 'n beoordeling van die kind se motiewe en bedoelinge met die gedrag.
- ◆ Hamachek (1987:216) meld dat ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status aspekte soos geluk, kreatiwiteit, ambisie, onafhanklikheid, weetgierigheid en selfbeheersing vooropstel en dat hierdie waardes hulle opvoedingsstyl

beïnvloed. Hierteenoor word die opvoedingstyl van ouers met 'n laer sosio-ekonomiese status gerig deur waardes soos gehoorsaamheid, respek, netheid, sindelikheid en om uit die moeilikheid te bly.

Dit blyk dus dat die waardes van ouers verband hou met nie slegs hul kultuurgroep nie, maar ook die sosio-ekonomiese klas waartoe hulle behoort. Die waardes wat gehuldig word, het op hulle beurt weer 'n bepalende invloed op die opvoedingsdoelstellings wat nagestreef word en rig sodoende die ouer se opvoeding van sy kind.

Alhoewel opvoeding vir die totale duur van die kind se nie-volwasse lewe belangrik is, word die voorskoolse fase dikwels as belangrike fase uitgesonder. Ferreira (1987:40) beklemtoon die belangrikheid van die kwaliteit van opvoeding en begeleiding wat die kind in die voorskoolse fase ontvang en meld dat dit 'n invloed het op sy totale ontwikkeling en ontplooiing (byvoorbeeld op affektiewe, kognitiewe, sosiale en liggaamlike vlak). Die wyse waarop ouers hulle kinders in die vroeë kinderjare hanteer en opvoed, het dus 'n belangrike invloed op die kind vir die res van sy lewe.

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar bepaalde verbande bestaan tussen die waarde-oriëntasie van die ouer, die opvoedingsdoelstellings wat nagestreef word en die opvoeding van sy kind. In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die aard van hierdie verbande en die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouer die gesinsopvoeding van spesifiek die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl wat die ouer verwerklik, die opvoedingsinhoude wat hy voorhou en die invloed wat sy opvoeding op die ontwikkeling van die kind uitoefen.

1.2 TEMA-ANALISE

1.2.1 Waarde-oriëntasie

Die konsep **waarde-oriëntasie** is saamgestel uit die begrippe **waarde** en **oriëntasie**, wat vervolgens eers afsonderlik bespreek word alvorens 'n omskrywing van die saamgestelde begrip gebied word.

Die begrip **waarde** word onder meer soos volg in woordeboeke en vakwoordeboeke omskryf:

- ◆ *“Wat iets werd is, gemeet aan een of ander norm” (Labuschagne & Eksteen, 1993:1068).*
- ◆ *“A value is that to which a society, cultural group or individual attaches worth, value or significance. Values can be goals and objectives. They are not only shared but are regarded as matters of collective welfare to which is often attached a high degree of emotional belief in their importance” (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1988:238).*
- ◆ *“The concept of value has been associated with, or identified as, something desired, a motivational force, a Gestalt quality, a metaphysical entity or - within an ethical framework - whatever promotes individual life or human survival” (Husén & Postlethwaite, 1994:6576).*
- ◆ *“Principles which in order of worthiness give direction to human thought and action; they are cultural standards which meet with wide agreement, and enable people or groups to compare and judge their experiences and objectives. By reference to value systems an order of priorities for action, and a criterion of relevance can be set up, so that human activity can be organized and understood, analysed and planned. The value systems will, of*

course, vary from individual to individual and from culture to culture” (Collins, Downes, Griffiths & Shaw, 1973:112).

Schwartz (1992:4) omskryf **waardes** as konsepte of oortuigings wat verband hou met gewenste gedrag of eindtoestande, as iets wat spesifieke situasies transendeer, die keuse en evaluasie van gedrag en gebeure rig en iets wat georden is volgens relatiewe belangrikheid. Waardes is gesetel in voorkeure, houdings, doelwitte, behoeftes en wense. Dit dien as kriteria en omvat norme, reëls, maatstawwe, oortuigings en beginsels. Waardes kan beskou word as riglyne vir gedrag, wat uit hoofde daarvan ‘n invloed het op die opvattinge, optrede, beslissings, keuses, oordele en regverdiging vir gedrag in enige individu se lewe. Dit verwys dus na ‘n basiese en voortgesette oortuiging dat ‘n bepaalde vorm van gedrag of bestaanstoestand verkies word bo ‘n ander lewenswyse of bestaanstoestand (Joubert, 1986:17; Jansen van Vuuren, 1985:145; Rokeach, 1979:2).

Aangesien waardes in kultuur gegrondves is, vorm dit deel van die individu se sosiale leefwêreld. Dit is ‘n gegewe op grond van die bepaalde kultuur of subkultuur waartoe die individu behoort en is bepalend van ‘n bepaalde “klimaat” of “kulturele atmosfeer” waarbinne die individu opgroei. Teen die agtergrond van hierdie klimaat word die realisering van waardes, wat as belangrik geag word, nagestreef (Jansen van Vuuren, 1985:59).

Feather (1975:195) vat hierdie gedagtes saam met sy beskouing van waardes as die produk van kulturele, institusionele en persoonlike kragte wat ‘n invloed uitoefen op die individu, waar kultuur verband hou met bepaalde gemeenskaplike waardes, houdings en oortuigings wat deur die lede van ‘n bepaalde groep mense gehuldig word. Hierdie waardes, houdings en oortuigings is sigbaar in beide die gedrag van individue en in hul sosiale organisasie en funksionering.

Die institusionalisering van waardes binne 'n bepaalde kultuur geskied onder meer deur middel van sosialisering, waartydens waardes in stand gehou en aan die volgende geslag oorgedra word (Jacobs, 1995:59). 'n Uitkoms van sosialisering is gewoonlik die internalisering van die waardes en norme van die gesin en samelewing deur die kind. Tydens die proses van sosialisering maak die kind die waardes dus deel van homself, sodat hy sy toekomstige gedrag daarvolgens kan rig. Toereikende sosialisering impliseer desnoods morele gedrag, aan die hand van geïnternaliseerde waardes en norme. Die moontlikheid van disfunksionele gedragspatrone bestaan egter ook, byvoorbeeld in gevalle waar die kulturele oortuigings wat deel vorm van die individu se persoonlike waarde-oriëntasie in konflik is met die dominante waarde-oriëntasie van die samelewing (Jansen van Vuuren, 1985:97-98).

Dit volg derhalwe dat elke individu waardebepalend deelneem aan die lewe en dat alle denkhandelinge, keuses en besluite met waardebepalende deurtrek is. Vanweë die direkte verband tussen enige individu se waardes en sy motivering, is waardes nie slegs rigtinggewend ten opsigte van houdings en gedrag nie, maar ook altyd afgestem op gewenste gedrag of 'n bepaalde eindtoestand. Waardes dien as basis wanneer die individu gebeurtenisse, asook gedrag (die eie en dié van ander) kies en evalueer. Op grond van die individu se kriteria met betrekking tot waardes sal hy derhalwe 'n bepaalde positiewe of negatiewe houding teenoor 'n situasie of objek inneem (Jacobs, 1995:57; Roux, 1995:11; Jansen van Vuuren, 1985:40).

Waardes is altyd in 'n bepaalde hiërargie gerangskik, met 'n sogenaamde sentraliserende waarde in die hoogste posisie. Daar is 'n direkte verband tussen hierdie sentraliserende waarde en die lewensopvatting van enige individu. Hierbenewens is waardes multidimensioneel van aard en word dit gekenmerk deur kognitiewe, affektiewe, konatiewe en gedragskomponente (Jacobs, 1995:57; Roux, 1995:5; Jansen van Vuuren, 1985:40 & 145).

Teen die agtergrond van die voorafgaande omskrywing van die begrip **waarde** en die definisie van die begrip **oriëntasie** as “... die handeling om jou op hoogte van sake te stel; die vind v.d. korrekte posisie in die ruimte, t.o.v. die rigtings, ens.” (Labuschagne & Eksteen, 1993:612), kan die begrip **waarde-oriëntasie** beskou word as die handeling waartydens die individu bewus word van en keuses uitoefen met betrekking tot dit wat vir hom belangrik is (sy waardes), asook die internalisering daarvan en uiteindelik die verwerkliking daarvan in sy gedrag. Dit omvat die totaliteit van waardes aan die hand waarvan die individu op persoonlike en sosiale vlak sal besluite neem, optree en gedrag of situasies evalueer.

Joubert (1986:17) haal die Suid-Afrikaanse filosoof Degenaar aan, wat die begrip **waarde-oriëntasie** as ‘n “*draer van ‘n kwaliteit van wenslikheid en normatiewiteit ...*” omskryf. In aansluiting hierby beskou Smith (1994:1 & 16) **waarde-oriëntasie** as “*in die persoonlikheid van die individu geïnternaliseer*” en word die volgende as algemene kenmerke van die begrip deur dié skrywer voorgedra:

- ◆ dit verwys na ‘n oriëntasie of geneigdheid ten opsigte van dit wat as wenslike handeling beskou word
- ◆ hierdie oriëntasie omvat ‘n algemene normatiewiteit
- ◆ die normatiewe oriëntasie is veral van toepassing in situasies wat deur intermenslike verhoudinge gekenmerk word.

1.2.2 Gesinsopvoeding

Die begrip **gesinsopvoeding** is saamgestel uit die begrippe **gesin** en **opvoeding**. Al drie hierdie begrippe word vervolgens kortliks bespreek.

Cooper (Pretorius, 1998b:41-42) bied die volgende insiggewende omskrywing van die **gesin**: Die gesin

- ◆ bied die ervaring van persoonswarme, liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhoudinge (ek-jy-verhoudinge)
- ◆ verseker die fisiese en materiële voorsiening en versorging, gesondheid en veiligheid van sy lede
- ◆ erken sy taak met betrekking tot die sosialisering van kinders, die bevordering van hul persoonlikheidsontwikkeling en vermoëns, die begeleiding van hul gedrag en die beïnvloeding van hul waardes en norme
- ◆ bied samewerking aan die skool en die wyer gemeenskap in die voorsiening van onderwys- en leerervaringe
- ◆ bied ondersteuning aan die kinders by hul verwerwing van onafhanklikheid en hul vestiging van 'n eie huwelik en gesinslewe.

Volgens Pretorius (1998b:41) is die **gesin** “... ‘n maatskaplike instelling wat in die Westerse lande berus op die georganiseerde en wettig vasgelegde eenheid van vader, moeder en kind.” Die vorm van die gesin kan varieer, afhangende van kulturele omstandighede. In ons samelewing beywer die gesin hom primêr daarvoor om die opvoeding en sosialisering van die kind te realiseer volgens die heersende norme van die samelewing. Binne hierdie konteks is die kind in staat om die gewoontes en tradisies van die groep waaraan hy behoort, te verwerf.

Die gesin is beide die primêre opvoedingsituasie en saamleefsituasie. Dit word as die sentrum van opvoeding beskou, aangesien dit die basiese opvoedingsmilieu van die kind is. Hierbenewens word dit as 'n kerngemeenskap en bousteen van die lewe in die staat en samelewing gereken. Binne hierdie omgewing kan die kind sy moontlikhede verwerklik en is toereikende opvoeding moontlik (Pretorius, 1998b:42-43).

Die gesin word dus beskou as die ruimte vir begeleiding van die kind tot selfaktualisering, en wel begeleiding op affektiewe, kognitiewe en sedelik-normatiewe vlak (Sonnekus & Ferreira, 1991:201). Benewens die funksies van voortplanting, sosialisering en versorging van die gesinslede, behoort 'n atmosfeer van liefde daargestel te word (affektiewe funksie), ten einde die kind se psigies-geestelike behoeftes te vervul en hom in staat te stel om tot 'n gelukkige, goedaangepaste persoon te ontwikkel (Pretorius, 1998b:50).

Volgens Van Rensburg, Landman en Bodenstien (1994:172) verwys **opvoeding** na die praktyk waar 'n volwassene (opvoeder) doelbewuste, doelgerigte bemoeienis maak met 'n nie-volwassene (opvoeding) om hom tot selfstandigheid te begelei. Die doel met sodanige intensionele handeling is om die kind te wys op die regte, behoorlike en aanvaarbare en daardeur veranderinge (waaraan waarde geheg kan word) teweeg te bring en 'n bepaalde rigting aan die grootwording van die kind te gee. In aansluiting hierby beskryf Hawes en Hawes (1982:73) **opvoeding** onder andere as *“Any process, formal or informal, that helps develop the potentialities of human beings, including their knowledge, capabilities, behavior patterns, and **values**”* (my beklemtoning).

Opvoeding dui derhalwe op die proses waar 'n verantwoordelike volwassene 'n kind lei, help, ondersteun en begelei in die proses van selfaktualisering en optimale volwassewording. Hierdie begeleiding het 'n positiewe invloed op die opvoeding en lei tot aanvaarding van die kind binne die samelewing as verantwoordelike volwassene. Namate die kind nader aan volwassenheid beweeg, neem die mate van opvoeding af en word die opvoeder uiteindelik oorbodig. Opvoeding sluit nie slegs die oordrag van inhoud in nie, maar ook die oordrag van kwaliteite soos leierskap, volharding, geduld, norme, **waardes** en besluitneming (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1988:71). Dit dui derhalwe op die begeleiding en geestelike vorming van 'n kind terwyl bepaalde waardes en ander belangrike inhoud aan hom oorgedra word, sodat hy in toenemende mate die beeld van volwassenheid kan vertoon.

Volgens Sears, Maccoby en Levin (1957:547) behels **gesinsopvoeding** “... *all the interactions between parents and their children. These interactions include the parents’ expressions of attitudes, **values**, interests and beliefs as well as their caretaking and training behavior*” (my beklemtoning).

Pretorius (1998b:43) beskou **gesinsopvoeding** as die basis van alle opvoeding, wat dit vir die kind binne die gesinslewe moontlik maak om met sy bepaalde kultuur kennis te maak en om die gewoontes en tradisies van die groep waaraan hy behoort, te verwerf. Gesinsverhoudinge word as die basis van alle latere sosiale verhoudinge beskou. Benewens ander verantwoordelikhede ondersteun die ouers die kind binne die gesinsmilieu om onafhanklikheid te verwerf en 'n eie huwelik en gesinslewe te vestig. Gesinsopvoeding dui derhalwe op “*opvoeding en noodsaaklike volwassewordingshulp aan die hand waarvan 'n kind gelei en voorberei word om eendag as 'n volwaardige en verantwoordelike volwassene in 'n huwelik en gesin te kan funksioneer en sy deel te kan bydra tot diens van sy naaste en tot eer van God*” (Van Rooyen & Louw, 1993:24).

Opvoeding in die breë, met **gesinsopvoeding** as deel daarvan, behoort derhalwe die volgende aspekte te omvat (Van Rooyen & Ngwenya, 1997:17-18):

- ◆ begeleiding, wat 'n goeie verhouding tussen die ouer (opvoeder) en kind impliseer, waar die ouer die kind (met sy unieke vrese, probleme en vreugdes) toereikend ken
- ◆ ondersteuning van die kind, waar die ouer (opvoeder) die kind emosioneel en geestelik bystaan wanneer hy behoefte daaraan het
- ◆ lewensnabyheid, gekenmerk deur die ouer (opvoeder) se strewe na 'n intieme verhouding met die kind, waarbinne laasgenoemde kan ervaar dat die ouer hom opreg liefhet
- ◆ onvoorwaardelike aanvaarding van die kind, met sy tekortkominge en die foute wat hy maak
- ◆ aanvaarding van die kind se geslag.

Gesinsopvoeding behoort altyd gerig te wees op die oorkoepelende doelstelling van die optimale ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind, wat afgestem is op 'n krities-kreatiewe integrasie (sosialisering) in die kontemporêre veranderende samelewing en kultuur. Die ouer moet derhalwe in die opvoeding van sy kind voortdurend die nodige geleenthede vir die kind bied om op 'n harmoniese en gelukkige wyse te ontwikkel en in die rigting van volwassenheid te beweeg (Angenent, 1990:91 & 100; Wielemans, 1984:19).


Ouerlike opvoedingsgedrag verwys na die wyse waarop die ouer sy kind opvoed om bepaalde doelstellings te bereik. Elke ouer se opvoeding is uniek en die opvoeding van enige kind is anders as dié van ander, selfs binne dieselfde gesin. Op grond van die opvoedingsgedrag van die ouer het die kind bepaalde opvoedingservaringe, wat sy persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed.

Met betrekking tot opvoedingsgedragspatrone van ouers onderskei Angenent (1990:75-76) tussen die volgende twee grondpatrone, wat beskou word as die basisdimensies van die opvoeding:

- ◆ Die **warmte-dimensie** in die opvoeding. By die teenpole van warmte/aanvaarding en koudheid/verwerping gaan dit oor die ouer se houding (en gevoelens) ten opsigte van die kind. Hier word onderskei tussen die warm, liefdevolle ouer wat 'n goeie verhouding met die kind het en die koue ouer wat hom nie veel aan die kind steur nie.
- ◆ Die **dominansie-dimensie** in die opvoeding. By die teenpole van dominansie/kontrole en toegeeflikheid/vryheid gaan dit oor die ouer se houding ten opsigte van die opvoeding. Hier word onderskei tussen die dominante, streng ouer wat die kind oorheers en die toegeeflike ouer wat die kind oormatig vryhede toelaat.


Die twee opvoedingsdimensies kan elk as 'n reguit lyn voorgestel word (kyk Figuur 1.1) en elke ouer kan dan, ooreenkomstig sy opvoedingsgedrag, iewers op die kontinuum geplaas word vir elk van die twee dimensies.

FIGUUR 1.1 : Basisdimensies van die opvoeding
(Angenent, 1990:76)



Die verhouding tussen die twee basisdimensies (warmte en dominansie) kan in 'n tweedimensionele opvoedingsmodel (kyk Figuur 1.2) voorgestel word, waar die warmte-dimensie op die horisontale as en die dominansie-dimensie op die vertikale as geplaas word. Op dié wyse vorm die twee dimensies die primêre asse van die model en die onderskeie kombinasies van hierdie hoofasse die sekondêre asse. Die asse van die model vorm dimensies waarop elke soort opvoeding geplaas kan word (Angenent, 1990:86-87).

FIGUUR 1.2 : Die tweedimensionele opvoedingsmodel van Angenent (Angenent, 1990:86)



Agt opvoedingstyle of basisvorme van die opvoeding kan onderskei word aan die hand van die tweedimensionele model van Angenent. Aangesien die onderhawige studie 'n ondersoek behels na die verband tussen die waarde-oriëntasie van ouers en gesinsopvoeding (onder andere in terme van die opvoedingstyl van die ouers), word die agt basiese opvoedingstyle vervolgens kortliks bespreek in terme van die opvoedingsgedrag van die ouer (Pretorius, 1998b:65-74).

- ♦ **Warm opvoeding:** Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur 'n intieme ek-jy-verhouding en gereelde, positiewe kommunikasie tussen ouer en kind. Die ouer is koesterend, besorgd, liefdevol en aanvaardend teenoor die kind. Hy ondersteun die kind, is sensitief met betrekking tot die kind se behoeftes, gevoelens en wense en moedig hom aan op alle terreine. Die ouer is buigsaam en verskaf simpatieke gesagsleiding.

- ◆ **Koue opvoeding:** By die koue opvoeding is die ouer liefdeloos, negatief, vyandig en verwerpend teenoor die kind. Hy toon 'n gebrek aan belangstelling in die kind, ondersteun nie die kind nie en kritiseer, verkleineer en blameer die kind dikwels. Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur 'n gebrek aan toereikende kommunikasie en 'n ongevoeligheid ten opsigte van die kind se behoeftes en gevoelens. Die ouer is genadeloos en straf die kind dikwels.

- ◆ **Dominante opvoeding:** Die dominante ouer poog om die kind in al sy handelingte te oorheers, te domineer en te kontroleer. Die ouer is streng, eis absolute gehoorsaamheid van die kind en straf hom (dikwels liggaamlik) indien hy nie aan die eise van die ouer voldoen nie. Die ouer is veeleisend, beperkend en oorbemoeiend. Kommunikasie tussen ouer en kind word gekenmerk deur negatiwiteit, begriploosheid, doodkorrigering en magsuitoefening.

- ◆ **Toegeeflike opvoeding:** Hierdie opvoedingstyl word gekenmerk deur minimum kontrole, die afwesigheid van dwang en min of geen maatreëls indien die kind iets verkeerd doen. Die ouer laat die kind baie vryheid toe, is oormatig aanvaardend en stel min eise aan die kind. Die ouer is dikwels huiwerig om beheer uit te oefen en pas die enkele reëls wat wel voorgehou word op 'n buigsame wyse toe.

- ◆ **Tolerante, demokratiese opvoeding:** Die tolerante opvoeding word gekenmerk deur beide warmte en toegeeflikheid. Die ouer is buigsam, aanvaardend en begrypend teenoor die kind en erken hom as gelykwaardig. Die opvoedingsverhouding word gekenmerk deur gereelde tweerigting kommunikasie, waartydens die ouer van verduidelikings en redenasies gebruik maak om die kind te oorreed (induktiewe dissiplineringsgedrag). Die ouer is kind-gerig en sensitief vir die behoeftes, wense en gevoelens van die kind.

- ◆ **Intolerante, outokratiese opvoeding:** Dié opvoedingstyl word gekenmerk deur koudheid en dominansie. Die ouer is gebiedend, stel hoë eise aan die kind en vereis absolute gehoorsaamheid. Hy is streng, onbuigsaam en maak dikwels gebruik van kragtige, bestraffende maatreëls. Die ouer se opvatting dat sy woord onvoorwaardelik as korrek aanvaar moet word, belemmer egte opvoedingskommunikasie en lei dikwels daartoe dat kommunikasie negatief, eensydig en begriplous van aard is.
- ◆ **Betrokke opvoeding:** Die betrokke opvoeding word gekenmerk deur beide warmte en dominansie. Die ouer stel belang in die kind en het 'n sterk emosionele band met die kind, maar tree oorbesorgd en opdringerig op. Die ouer is oorbeskermend en oorbemoeiend en is dikwels geneig om die kind oormatig te help en oormatig fisies te vertroetel. Die ouer poog deurgaans om die kind teen gevaar te beskerm en openbaar 'n oormatige vrees dat die kind iets sal oorkom.
- ◆ **Onverskillige opvoeding:** Die onverskillige opvoeding word gekenmerk deur koudheid en toegeeflikheid. Die ouer openbaar 'n gebrek aan belangstelling in en betrokkenheid by die kind en verwaarloos en verontagsaam hom gevolglik. Die ouer erken nie die behoeftes van die kind nie en verontagsaam nie slegs die kind se behoefte aan liefde nie, maar ook sy behoefte aan gesag en leiding. In ekstreme gevalle tree die ouer negerend en ignorerend op en distansieer hy hom van die kind.

1.2.3 Milieu-benadeeldheid

Le Roux (1992:10) omskryf die begrip **milieu** soos volg:

“Die onmiddellike fisiese en sosiokulturele omgewing wat 'n invloed uitoefen op die mens as individu, asook op die mens in groepsverband.

Dit verwys na die totaliteit van omgewingsinvloede wat die menslike ontwikkeling beïnvloed.”

Labuschagne en Eksteen (1993:508) sluit hierby aan met die kernagtige definisie van **milieu** as onder andere die agtergrond, kring of omgewing waarbinne die individu opgroei en tuishoort. Volgens Pretorius (1998b:315) omsluit hierdie omgewing drie wêrelde, naamlik die geografies-fisiese, medemenslike en kultuur-historiese wêrelde.

Teen die agtergrond van die voorafgaande omskrywing kan die begrip **milieu-benadeeldheid** omskryf word as ‘n omgewing waarin ‘n individu hom bevind wat gekenmerk word deur bepaalde tekorte in een of meer van die drie genoemde wêrelde.

Volgens Pretorius (1998b:315) verwys die begrip **milieugestremdheid** na ‘n uiteenlopende verskeidenheid faktore (sosiaal, ekonomies en kultureel) wat die individu wat hom in dié bepaalde omgewing bevind, se keusevryheid en reg tot absolute benutting van geleenthede inhibeer en sodoende sy kanse op optimale prestasie bemoeilik. So ‘n individu bevind hom derhalwe in ‘n sosiale omgewing wat gekenmerk word deur geografies-fisiese ontoereikendheid (ten opsigte van fisiese omgewing, woonbuurt, behuising, materiële goedere, kultuurgoedere, ensovoorts), gebrekkige medemenslike kommunikasie (wat die optimale verwerking van persoonsmoontlikhede en sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede belemmer) en die instandhouding van ‘n lae kulturele peil.

Le Roux (1992:11) sluit hierby aan met sy siening van **milieu-gestremdheid** as die gesteldheid van ‘n individu of bevolkingsgroep in die samelewing met ‘n lae sosio-ekonomiese status, beperkte betrokkenheid in die gemeenskap, beperkte potensiaal vir opwaartse beweging en die beoefening van laagbesoldigde beroepe of werkloosheid. Hierdie toestand word gekenmerk deur armoede, milieu-tekorte, deprivasie, psigososiale tekorte, die onderaktualisering van

persoonspotensiaal, ontneming van die dominante kultuur en gebrekkige lewenskans.

Meintjes (1990:11) bied die volgende samevattende omskrywing van die begrip:

“Die konsep milieu-gestremdheid dui dus op sosiale groeperinge wat weens hul milieu-tekorte en psigo-sosiale agterstande in ‘n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid vasgevang sit en om dié rede ernstige belemmeringe ervaar wat betref hul optimale selfaktualisering, die verbetering van hul lewenskans en die bereiking van ‘n bevredigende lewensgehalte. Die konsep milieu-gestremdheid verwys dus na ‘n verskeidenheid van sosiale, ekonomiese en kulturele faktore wat ‘n milieu-gestremde individu se keusevryheid en reg tot die optimale benutting van geleenthede belemmer.”

Die milieu-benadeelde individu (kind) bevind hom derhalwe in ‘n milieu waarbinne hy, vanweë ‘n verskeidenheid moontlike faktore (dikwels materiële gebrek of ‘n lae status), nie voldoende geleenthede en stimulering ontvang nie en gevolglik nie in staat is om sy moontlikhede te verwerklik nie.

Die begrip **milieu-benadeeldheid** word in die literatuur afgewissel met verskeie sinonieme, onder andere armoede-kultuur, kultuurverstokenheid, milieu-gestremdheid, sosiaal- of kultureel-gestremdheid, sosiaal- of kultureel-misdeeldheid, sosiaal- of kultureel-gedepriveerdheid, sosiaal- of kultureel-belemmerdheid, kans-armheid, milieu-agterstand, milieu-vertraagdheid, agtergeblewendheid, ontwikkelingstagnasie, sosiaal verwaarloosdheid, opvoedingsbenadeeldheid (vergelyk Pretorius, 1998a:5; Pretorius, 1998b:316).

1.2.4 Voorskoolse kind

Vir die doel van hierdie studie word die **voorskoolse kind** beskou as die kind tussen die ouderdomme van ongeveer 3 tot 6 jaar, wat nog nie tot die laerskool toegetree het nie. Daar word dikwels na kinders, wat aan dié kriteria voldoen, verwys as in die kleuterfase. Volgens Pretorius (1994b:81-82) word dié fase onder andere gekenmerk deur die kind se ontdekking van die eie-ek, 'n intensivering van die kind se gevoelslewe, vinnige uitbreiding van taalontwikkeling, 'n toenemende soeke na oorsake en verklarings en 'n intensivering van die fantasielewe. Dit word beskou as die lewensfase waartydens die grondslag vir die vorming van die persoonlikheid gelê word en waartydens die kind se ontwikkeling intens-beïnvloedbaar is. Die belangrikheid van die wyse waarop die voorskoolse kind hanteer en opgevoed word (dit wil sê die ouer se opvoedingsgedrag), word hierdeur beklemtoon.

Lambinon (1987:23) bevestig hierdie gedagte en beskryf die voorskoolse of kleuterfase as die fase waartydens die ouers die kind op 'n informele wyse opvoed en onderrig ten einde hom tot volwassenheid te begelei. Hierbenewens is dit die lewensfase waartydens die kind voorberei en gereedgemaak moet word vir skooltoetrede. Alhoewel bepaalde ouderdomme aan die kleuterfase gekoppel word, kan die uniekheid van elke kind en sy situasie nooit buite rekening gelaat word nie en moet die ouderdomme wat verskaf word derhalwe bloot as benaderde grense gesien word.

1.2.5 Ouerbegeleidingsimplikasies

Ouerbegeleiding verwys na 'n besondere, georganiseerde wyse van begeleiding van en ondersteuning aan ouers en voornemende ouers, waartydens onderrigprosesse beplan en geïmplementeer word ten einde die wyse waarop ouers funksioneer, te beïnvloed. Ouerbegeleiding word gekenmerk deur voorafbepaalde inhoud en is altyd afgestem op die oorkoepelende

doelstelling om ouers en voornemende ouers te begelei tot insig en vaardighede met betrekking tot 'n verskeidenheid aspekte van kinderopvoeding en kinderontwikkeling, asook insig in hulle eie en hulle kinders se sosiale, emosionele, fisieke en ander behoeftes met die oog op verbeterde ouerskap, bevordering van die optimale ontwikkeling en funksionering van die kind op alle vlakke (intellektueel, fisiek, moreel en emosioneel) en verbetering van die verhouding tussen ouer en kind (Pienaar, 1997:11; Grebe, 1986:22; Harman & Brim, 1980:12).

Buy's (1991:41) omskryf die begrip **ouerbegeleiding** as "*n Primêr voorkomende wyse van inligting meedeel, op so 'n wyse dat ouers deur ervaring kan leer en gelei word tot 'n veranderde houding en stellingname teenoor hulle kind, grootliks omdat hulle beter begrip sal hê vir hul kind.*" Ouerbegeleiding is gerig op die begeleiding van ouers om hulle eie opvoedingsgedrag te evalueer in die lig van hulle persoonlike omstandighede, waardes en oortuigings sodat hulle hulself as meer toereikend kan beleef en beter toegerus kan voel vir die taak van ouerskap. Hierbenewens is ouerbegeleiding gerig op die versterking van gesinsbande en 'n gevoel van samehorigheid, asook die verbetering van kommunikasie tussen ouer en kind. Ten einde die kwaliteit van opvoeding te verbeter, omsluit ouerbegeleiding altyd twee komponente, te wete die oordrag van inligting en die demonstrasie van vaardighede op 'n praktiese wyse (Buy's, 1991:41-42).

Ferreira (1991:1) onderskei tussen ouerbegeleiding op mikro-opvoedkundige vlak en ouerbegeleiding op makro-opvoedkundige vlak. Waar eersgenoemde verwys na die begeleiding van en raadgewing aan bepaalde ouers of gesinne ten aansien van die hantering van reeds geïdentifiseerde probleme, val die klem by laasgenoemde op die voorkoming van probleme (naamlik opvoedings-, ontwikkelings-, leer- en gedragsprobleme). Ouerbegeleiding op makro-vlak behels 'n voorkomende strategie (waar ouers van inligting en kennis voorsien word en die geleentheid kry om opvoedingsvaardighede in te oefen, ten einde

hulle “opvoedingsparaat” te maak om probleme in die opvoeding en grootwording van kinders te voorkom), asook ‘n kompenserende strategie (waar programme en ouerbegeleidingsaksies spesifiek gerig is op die verligting en uiteindelijke opheffing van reeds bestaande probleme in gesinne of gemeenskappe). Hierdie georganiseerde en beplande volwassene-onderwys gebeure (gewoonlik informeel of nie-formeel van aard) kan verwerklik word deur massa-onderwysmodi (byvoorbeeld die internet, radio, televisie, tydskrifte en koerante), groepmodi (ouerbegeleidingsgroepe) en/of individuele modi (tuisbesoeke) (Ferreira, 1991:14-15 & 20-21).

Ferreira (1991:23-24) beskou die volgende as belangrike doelwitte met ouerbegeleiding op makro-vlak, benewens die oorkoepelende doelstelling van hulp aan ouers om toenemend meer opvoedingseffektief te handel:

- ◆ die voorsiening van kennis en inligting met betrekking tot die ontwikkeling van die kind, asook verbandhoudende opvoedingsopgawes
- ◆ die opskerpings- en inoefening van opvoedingsvaardighede (byvoorbeeld kommunikasie en dissiplinerings)
- ◆ die bewusmaking van ouers ten opsigte van hulle verantwoordelikheid vir die vroegtydige voorkoming en identifikasie van probleme
- ◆ die bewusmaking van ouers van hulle eie potensiaal en ervaring as opvoeders (met behulp van tegnologie of massamedia)
- ◆ die sensitisering van ouers vir hulle rol as ouers en beantwoording aan die behoeftes van die kind, eie aan sy lewensfase
- ◆ die toespitsing op buitengewone opvoedingsituasies, byvoorbeeld waar milieu-benadeeldheid voorkom, in gevalle van enkelouerskap of hersaamgestelde gesinne, of by gesinne met spesiale opvoedingsbehoefte (soos gesinne waarin ‘n kind blind of doof is).

Die begrip **implikasie** word deur Labuschagne en Eksteen (1993:285) onder meer omskryf as “*Wat ingesluit lê in, wat volg uit, wat inbegryp is.*” Vir

doeleindes van die onderhawige studie verwys die begrip **ouerbegeleidings-implikasies** derhalwe na dit wat uit die studie voortspruit wat betekenis inhou vir en aangewend kan word tydens ouerbegeleiding, ten einde ouers en voornemende ouers beter toe te rus vir hulle opvoedingstaak om uiteindelik die optimale ontwikkeling en selfaktualisering van die kind te fasiliteer.

1.2.6 'n Psigopedagogiese studie

Ferreira (1994:29) beskou dit as die taak van enige wetenskap om sy studieterrein af te grens binne die groter geheel van die menslike leefwêreld, met die doel om die tema van die studie deeglik te leer ken aan die hand van 'n bepaalde metode. Die rasionaal hieragter is 'n diepgaande deurdenking van die studiegebied, afgestem op 'n uiteindelige beskrywing en uitleg van die wesenlike daarvan. Ten einde in staat te wees tot so 'n beskrywing en uitleg, moet gevolglik van begrippe gebruik gemaak word wat die werklike essensiële van die tema sal verhelder en beskryf.

Die Opvoedkunde en sy deeldisiplines is afgegrens op die opvoedingswerklikheid as studieterrein. Alhoewel al die deeldisiplines die opvoedingsverskynsel as intermenslike gebeure tussen 'n volwassene en 'n kind op weg na volwassenheid bestudeer, ondersoek elke deeldisipline hierdie verskynsel vanuit 'n ander invalshoek of perspektief. Die Psigopedagogiek fokus veral op die dinamiek van die volwassewording van die kind en bestudeer die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding, soos dit manifesteer in sy ontwikkeling en leer. Die verantwoordelikheid van beide die volwassene (ouer) en die kind word beklemtoon, waar die volwassene inhoude (in die vorm van norme, waardes, gedragskodes, gesindhede en vaardighede) moet onderrig en voorleef, terwyl die kind homself oopstel vir die inhoude en dit moet leer (Ferreira, 1994:25 & 28).

Die onderhawige studie kan as 'n Psigopedagogiese studie beskou word, om die volgende redes:

- ◆ dit handel oor die dinamiek van die volwassewording van die kind
- ◆ dit handel oor die wesenlike gebeure tussen ouer en kind
- ◆ die doel is om as uitkoms van die onderhawige studie riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer, met betrekking tot die invloed van die opvoedingsgedrag van die ouer op bepaalde kind-veranderlikes, soos die belewinge, gedrag en ontwikkeling van die kind.

Die studie het egter ook 'n sterk sosiopedagogiese inslag. In die Sosiopedagogiek gaan dit primêr om die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale en word die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding, sowel as die verband tussen opvoeding en die samelewing, bestudeer. Die kind word altyd binne bepaalde saamleefverhoudinge en -situasies opgevoed (ook opvoedingsverhoudinge en -situasies) en is slegs op grond van kommunikasie met ander (opvoeders, leeftydgenote en ander) in staat om sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede te verwerklik en te leer om met sy medemens te kommunikeer (Pretorius, 1998b:2-3).

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na verbande tussen die waarde-oriëntasie van die ouer enersyds en sy opvoedingsgedrag, opvoedingsinhoud en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind (onder andere in terme van sy persoonlikheidsontwikkeling) andersyds. Die kind se sosiale gesitueerdheid word onder die soeklig geplaas, wat beteken dat die studie ook 'n sterk sosiopedagogiese inslag het. Die volgende sosiopedagogiese basisbegrippe word deurgaans gebruik om die sosiale lewe van die milieu-benadeelde voorskoolse kind-in-opvoeding te beskryf en toe te lig (vergelyk Pretorius, 1998b:7-40):

- ◆ ek-jy-verhouding
- ◆ opvoeding(styl)
- ◆ kommunikasie
- ◆ sosiale lewe
- ◆ sosialisering
- ◆ selfaktualisering
- ◆ identiteit en selfkonsep
- ◆ sosiaal-maatskaplike oriëntering
- ◆ behoeftevervulling in sosiale verband
- ◆ sosiale milieu
- ◆ persoonlikheid.

Benewens bovermelde het die studie ook 'n sterk opvoedkundige-sielkundige inslag. Die Opvoedkundige-Sielkunde word beskou as 'n dissipline wat veral gerig is op die bestudering van persoonsontwikkeling en opvoedingsdinamiek. Die Opvoedkundige-Sielkunde is derhalwe 'n volwaardige dissipline wat by die vernaamste bydraes van die algemene Sielkunde en die Opvoedkunde aansluit en hierdie bydraes tot 'n eenheid konvergeer. Dit is die taak van die opvoedkundige-sielkundige om ontwikkelingsagterstande, wat gewoonlik as emosionele, gedrags- of leerafwykings manifesteer, te voorkom of indien dit reeds voorkom, te verklaar en op te hef. Ten einde hierin te kan slaag word die kind binne sy totale konteks beskou en moontlike verklaringe teen die agtergrond van die konteks waarin hy hom bevind, gesoek (Van Niekerk, 1991:11-12 & 33).

Volgens Van Niekerk (1991:43) omvat die Opvoedkundige-Sielkunde die volgende opgawes:

- ◆ voorkomende begeleiding aan ouers en onderwysers ten aansien van die opvoeding, onderwys en ontwikkeling van die kind as persoon
- ◆ intervensie, veral ten aansien van die kind wie se persoonsvoltrekking probleme openbaar en met die oog op harmoniëring van die disharmoniese en die opheffing van sodanige probleme
- ◆ dienslewering aan instansies, onderwysdepartemente, skole en privaatpraktyke.

In die onderhawige studie val die soeklik nie slegs op ouerlike opvoedingsgedrag nie, maar ook op die ontwikkeling van die voorskoolse kind. Om dié rede kan die studie ook as 'n opvoedkundige-sielkundige studie beskou word. In die studie handel dit nie slegs oor 'n ondersoek na die vermelde aspekte nie, maar gaan dit uiteindelik oor die formulering van riglyne vir ouerbegeleiding. Op dié wyse word die veld van Ouerbegeleiding betree, wat op voorkoming afgespits is en daarop gerig is om ouers te begelei ten aansien van hulle opvoedingstaak, ten einde optimale ontwikkeling (reeds by die voorskoolse kind) te bevorder.

1.3 NAVORSINGSPROBLEEM

In die lig van die voorafgaande inleidende oriëntering en tema-analise kan die navorsingsprobleem van die onderhawige studie soos volg geformuleer word: Op watter wyse beïnvloed die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, in terme van:

- ◆ die opvoedingsstyl van die ouer (die **hoe** van die gesinsopvoeding)
- ◆ opvoedingsinhoud (die **wat** van die gesinsopvoeding, in terme van die waardes wat aan die kind voorgehou word)
- ◆ die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind?

1.4 HIPOTESE

Ten einde die navorsingsprobleem effektief aan te spreek en die doelstellings van die ondersoek te realiseer, sal die ondersoeker poog om die volgende hipotese te verifieer: Die waarde-oriëntasie van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, in terme van die volgende aspekte:

- ◆ die opvoedingstyl van die ouer
- ◆ opvoedingsinhoude
- ◆ die moontlike invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind.

1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek van beperkte omvang sal onderneem word om die navorsingsprobleem te ondersoek en die geformuleerde hipotese te verifieer. Met die literatuurstudie sal gepoog word om ondersoek in te stel na ander navorsers se bevindinge ten opsigte van die waarde-oriëntasie van die ouer uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding, veral ten aansien van die voorskoolse kind. Teen die agtergrond hiervan sal die vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek ontwerp en beplan word.

Empiriese navorsing sal onderneem word om die aard van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer uit die milieu-benadeelde omgewing en sy opvoeding van die voorskoolse kind te ondersoek en om tot bevindinge en gevolgtrekkings te kom. 'n Omvattende beskrywing van die empiriese ondersoek word in Hoofstuk 4 gebied. Laastens sal gepoog word om, op grond van die bevindinge wat verkry is, riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

Die onderhawige ondersoek is derhalwe verkennend, beskrywend en in 'n beperkte mate verklarend van aard. Verkennende studies is gerig op die verkenning van 'n relatief onbekende terrein met die oog op die verkryging van nuwe insigte oor die tersaaklike verskynsel, begripsverheldering ten opsigte van sentrale konsepte en konstrunkte, die bepaling van prioriteite met die oog op verdere navorsing en die ontwikkeling van nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel. Hierbenewens kan 'n verkennende studie as voorondersoek gebruik word met die oog op 'n meer gestruktureerde studie van die bepaalde verskynsel onder die soeklig (Mouton & Marais, 1991:45).

Verkennende studies is derhalwe gerig op die verkryging van insig en die verwerwing van begrip. Om dié rede word dikwels gebruik gemaak van onderhoudvoering, ontleding van gevallestudies en die gebruik van informante. Daar word dus, benewens literatuurstudie as metode, ook gebruik gemaak van die ontleding van voorbeelde en gesprekvoering met mense met praktiese ervaring in die betrokke veld. Hipoteses is dikwels die uitkoms van hierdie tipe navorsing eerder as die oorsaak daarvan (Mouton & Marais, 1991:45).

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die waarde-oriëntasie van ouers uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding. Dié verband word ondersoek ten einde die implikasies wat dit vir ouerbegeleiding inhou, uit te lig. Om hierin te kan slaag, behels die studie derhalwe eerstens 'n teoretiese ondersoek aan die hand van relevante literatuur.

Hierbenewens is die ondersoek ook beskrywend van aard, aangesien die verskynsel nie bloot verken word nie, maar ook beskryf word. Beskrywende studies is gerig op die ondersoek na en beskrywing van individue, groepe en situasies wat relevant blyk te wees vir die bepaalde studie. Tydens sodanige studies is dit voortdurend belangrik om akkurate inligting/data te versamel sodat dit beskryf kan word. Gevalle waar verbande tussen veranderlikes in die

beskrywing aangedui word, staan gewoonlik bekend as korrelasionele studies (Mouton & Marais, 1991:46-47).

In die onderhawige studie val die klem op die beskrywing van die volgende aangeleenthede, alvorens oorgegaan kan word tot moontlike verklarings:

- ◆ verskillende moontlike opvoedingstyle en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind
- ◆ die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer
- ◆ die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die gesinsopvoeding, in terme van opvoedingstyl, opvoedingsinhoud en beïnvloeding van die ontwikkeling van die voorskoolse kind
- ◆ riglyne wat bogenoemde verbande vir ouerbegeleiding inhou.

Laastens is die onderhawige studie ook in 'n beperkte mate 'n verklarende studie, aangesien dit ten doel het om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te dui. Die navorser wil nie slegs kousale verbande tussen veranderlikes (waarde-oriëntasie van die ouer en gesinsopvoeding) aandui nie, maar ook die rigting van dié verbande. Bepaalde verskynsels word sodoende verklaar in terme van sekere oorsake (Mouton & Marais, 1991:47). In die onderhawige studie word derhalwe nie net gepoog om die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer en die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan te dui nie, maar ook om die rigting van die verband en oorsake van bepaalde verskynsels te verken en ontleed.

1.6 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die onderhawige studie kan soos volg geformuleer word: Om ondersoek in te stel na die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van:

- ◆ die opvoedingstyl van die ouer
- ◆ opvoedingsinhoude
- ◆ die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling (enkele fasette) van die kind.

Tweedens word dit ten doel gestel om, op grond van die bevindinge wat verkry is, riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

1.7 PROGRAM VAN STUDIE

Na die voorafgaande inleiding, tema-analise en probleemstelling, sien die verdere program van studie en ondersoek soos volg daar uit:

In **Hoofstuk 2** word die leefwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind verken en beskryf in terme van sy omgewing, sy gesinsituasie, waarde-oriëntasie van die ouer en agterstande en kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die ondersoek na hierdie aspekte sal dien as teoretiese aanloop, verwysingsraamwerk en fundering vir die ontwerp en implementering van die gestruktureerde vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek.

In **Hoofstuk 3** word waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind ondersoek met betrekking tot die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer enersyds en sy opvoedingstyl, opvoedingsinhoude en die invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind andersyds. Benewens die aspekte gedek in Hoofstuk 2 sal dit ook dien as teoretiese aanloop, verwysingsraamwerk en fundering vir die ontwerp en implementering van die gestruktureerde vraelys en individuele onderhoude vir die empiriese ondersoek.

Hoofstuk 4 behels 'n beskrywing van die empiriese ondersoek van die studie.

In **Hoofstuk 5** word die bevindinge van die studie saamgevat, voortspruitende gevolgtrekkings gemaak en riglyne vir ouerbegeleiding verskaf.

HOOFSTUK 2

DIE LEEFWÊRELD VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

2.1 INLEIDING

Milieu-benadeeldheid is 'n wêreldwye verskynsel en kwesbare sosiale groeperinge, wat gekenmerk word deur 'n lae sosio-ekonomiese en kulturele niveau asook 'n geringe sosiale en ekonomiese status, word in bykans alle samelewings aangetref. Benewens die genoemde kenmerke vertoon dié sosiale groeperinge ander gemeenskaplike kenmerke, soos 'n lae onderwyspeil, "minderwaardige" beroepe en werkloosheid, gebrekkige gemeenskapsbetrokkenheid en beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit. Weens milieutekorte en psigososiale agterstande word lede van dié groeperinge vasgevang in 'n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid, wat optimale selfaktualisering, die verbetering van lewenskanses en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte belemmer (Pretorius, 1998b:313).

Die milieu-benadeelde persoon (kind) se selfaktualisering word belemmer deur die verarmde, nie-stimulerende milieu waarin hy hom bevind. Sy lewensituasie word gekenmerk deur deprivasie en verwaarlosing en hy word voortdurend blootgestel aan materiële, kulturele en emosionele deprivasie, asook aan verskeie vorme van verwaarlosing, naamlik materiële, sosiale, affektiewe, taal-, opvoedings-, en kultuur-opvoedkundige verwaarlosing. Op grond hiervan is dit duidelik dat die milieu-benadeelde kind se opvoeding, onderwys, sosialisering en selfaktualisering deur milieu-faktore gestrem en belemmer word (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:348-349).

Milieu-benadeeldheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan armoede en/of kulturele andersoortigheid. Die milieu-benadeelde persoon bou 'n kulturele agterstand op as gevolg van sy kulturele agtergrond, aangesien dit hom nie van die ervaringe voorsien wat nodig is om aan die eise van die samelewing te voldoen nie. Ook die milieu-benadeelde kind is, op grond van kulturele gedepriveerdheid en/of kulturele andersoortigheid, nie in staat om toereikend te funksioneer in die dominante kultuur van die samelewing nie. Hy openbaar in dié verband verskeie tekorte en agterstande, wat nie slegs die moontlikheid van toereikende funksionering belemmer nie, maar ook daartoe lei dat die kind nie optimaal kan baat by die onderwysgeleenthede wat aan hom gebied word nie en sy kans om sukses te behaal op skool sodoende verskraal (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:349).

Kenmerkende tekorte en agterstande wat dikwels by milieu-benadeelde kinders gevind word, sluit onder andere in: taalagterstande, ervaringstekorte, sosiaal-afektiewe agterstande, kognitiewe agterstande, fisiese tekorte, skoolkwesbaarheid en die ontoereikende vervulling van behoeftes. Hierdie tekorte en agterstande is reeds by die milieu-benadeelde voorskoolse kind merkbaar, wat met skooltoetrede gewoonlik reeds taaltekorte (in vergelyking met die dominante kultuur), fisiese agterstande, kognitiewe agterstande, normatiewe agterstande en 'n gebrek aan skoolgereedmakende ervaringe toon (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:348). Dit lei daartoe dat hierdie kind by skooltoetrede nog nie skoolgereed is of in staat is om die eise van die skool, wat afgespits is op die dominante kultuur, te hanteer nie.

Lambinon (1987:28) beklemtoon die belangrikheid van die kleuterjare en meld dat die basis vir toekomstige leer- en skoolgereedwording tydens hierdie belangrike fase gelê word. Die voorskoolse kind is aangewese op die liefdevolle begeleiding van sy ouers, nie slegs op sy weg na volwassenheid nie, maar ook vir die bereiking van leer- en skoolgereedheid. Harman en Brim (1980:33) sluit

hierby aan en beskou die effek van die vroeë kinderjare as onuitwisbaar en as 'n bepalende faktor vir verdere (toereikende) ontwikkeling en gedragspatrone.

Sonder die toegewyde steun van sy ouers sal die kleuter nie gereed wees om in graad een aan die eise van formele onderrig te voldoen nie. Dit is derhalwe die opvoedingsopgawe van enige ouer om sy voorskoolse kind tot toereikende taalverwerwing, intelligensie-aktualisering, liggaamsontwikkeling en sinvolle gedrag te begelei. Alhoewel kinders oor bepaalde moontlikhede beskik, moet hulle deur die ondersteuning van die opvoeders tot verwerkliking van hulle potensiaal kom (De Witt & Booysen, 1995:127; Lambinon, 1987:85-86).

Die voorskoolse kind in die milieu-benadeelde situasie ontvang egter dikwels nie die nodige begeleiding en liefdevolle ondersteuning van sy ouers nie, wat resulteer in nie-skoolgereedheid en 'n onvermoë om die eise, wat in die skool aan hom gestel word, effektief te hanteer. Op grond van die bekende feit dat ervaringe tydens die kleuterjare 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die totale verdere verloop van die individu se lewe, volg dit dat milieu-benadeeldheid reeds in die voorskoolse jare 'n bepaalde negatiewe invloed uitoefen op die ontwikkeling en funksionering van die individu - nie slegs in die voorskoolse tydperk nie, maar ook gedurende die res van sy lewe.

Die problematiek van milieu-benadeeldheid is tans baie relevant en aktueel, ook in Suid-Afrika. Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat 'n gedeelte van die blanke kinderbevolking en die grootste gedeelte van die gekleurde bevolking (Swartmense, Kleurlinge en Indiërs) in Suid-Afrika as milieu-benadeeld beskou kan word, gedagtig daaraan dat hulle kulture radikaal van die kulturele hoofstroom verskil. Die feit dat die oorgrote meerderheid van die bevolking van ons land milieu-benadeeld is, maak daarvan 'n relevante en aktuele verskynsel, waarvan die opheffing dringende aandag verg (Meintjes, 1990:4; Pretorius, 1987:348).

In die onderhawige hoofstuk val die fokus op die verskynsel milieu-benadeeldheid en meer spesifiek op die leefwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Daar word gepoog om 'n globale beeld te verkry van die leefwêreld waarin die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom daaglik bevind, ten einde die omgewing waarbinne hy ontwikkel en funksioneer, te skets. Die omgewing, gesinsituasie en algemene kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind word vervolgens beskryf.

2.2 DIE OMGEWING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE GESIN

Milieu-benadeelde gesinne kom op die platteland sowel as in stedelike gebiede voor. In 'n stadsgebied is die milieu-benadeelde gesin meestal woonagtig in die sogenaamde agterbuurt of misdadigeromgewing. Dit is dikwels 'n ou buurt, wat deur skakelhuse gekenmerk word. Hierdie woonbuurte is gewoonlik veral in digbevolkte industriële gebiede geleë. In plattelandse gebiede is milieu-benadeelde gesinne grootliks in geïsoleerde en/of agtergeblewe gebiede woonagtig (Pretorius, 1998b:317; Booyse, 1994:126).

Die woonomgewing waarin die milieu-benadeelde gesin hom bevind, is gewoonlik verwaarloos en onaantreklik. Die buurt word gekenmerk deur armoede, ontoereikende en oorvol huise, vervalde wooneenhede, lawaai, geweld, misdaad, buite-egtelike seksualiteit, dwelmgebruik, alkoholisme, mishandeling en 'n lae sosiale, ekonomiese en kulturele peil. Ouers is dikwels werkloos of leef van die skamele inkomste van 'n enkel-broodwinner of die pensioen van 'n grootouer. Gevolglik word die milieu-benadeelde kind gebore in 'n armoedige omgewing, waarin hy opgroei en magteloos moet toekyk hoe sy ouers voortdurend sukkel om te oorleef (Pretorius, 1998b:317-318; De Witt & Booyesen, 1995:128; Booyse, 1994:126; Atmore, 1993:122; Vorster, 1993:161).

Hierbenewens word die milieu-benadeelde omgewing waarin die (voorskoolse) kind hom bevind dikwels gekenmerk deur 'n gebrek aan voedsame kos, 'n warm

bed en soms selfs lopende water en elektrisiteit. Die gesin het selde geredelik toegang tot 'n dokter of hospitaal/kliniek en ook nie geld vir 'n apteek of tandarts nie. Die gemeenskap word gekenmerk deur ontworteling, verbrokkelde huwelike en geweld. Kinders is ooggetuies van die geweld en soms selfs die slagoffers daarvan. Wanneer ouers by die werk is (indien hulle wel werk), is die kinders meestal alleen tuis, in die sorg van 'n bejaarde familielid of op straat waar hulle hulself moet verdedig. Voorskoolse versorgingsfasiliteite is selde beskikbaar (De Witt & Booysen, 1995:128; Atmore, 1993:122).

Pretorius (1987:48) identifiseer die volgende geografies-fisiese en maatskaplike kenmerke van die milieu-benadeelde woongebied:

- ◆ 'n swak, substandaard woonbuurt
- ◆ relatief groot getalle immigrante
- ◆ talle ou, vervalle eiendomme, oorvolheid en gebrekkige basiese fasiliteite
- ◆ 'n bogemiddelde proporsie ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders
- ◆ 'n bogemiddelde proporsie gesinne wat staatshulp ontvang
- ◆ vergelykenderwys 'n groot getal vaderlose gesinne
- ◆ gebrekkige speelruimtes en kulturele en ontspanningsfasiliteite
- ◆ swakker gesondheid as die deursnee bevolking
- ◆ 'n hoë mate van kinderverwaarlosing, swak skoolbywoning, stokkiesdraai en jeugmisdad.

Atmore (1993:123) sluit hierby aan en identifiseer die volgende as algemene probleme waarmee milieu-benadeelde gemeenskappe (veral swart gemeenskappe in Suid-Afrika) gewoonlik te kampe het:

- ◆ wanvoeding en siektes, wat dikwels in kindersterftes eindig
- ◆ hoë misdaadsyfers, waar dié gemeenskappe van die hoogste misdaadsyfers ter wêreld het; misdade soos diefstal, verkragting en moord kom algemeen

voor en persone in hierdie gemeenskappe is gevolglik soms bang om vrylik te beweeg

- ◆ gebrek aan voldoende werkseleenthede, in beide stedelike en landelike gebiede
- ◆ swak salarisse, waar 'n groot gedeelte van die gemeenskap minder verdien as wat nodig is om basiese lewenskoste te dek
- ◆ gebrek aan behoorlike behuising en fasiliteite in die vorm van informele behuising of selfs plakkerskampe, waar swart gesinne hulle dikwels vestig en wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan fasiliteite (soos toilette en waterkrane) en problematiek rondom die handhawing van redelike standaarde van higiëne en gesondheid in dié omstandighede
- ◆ jeugmisdaad
- ◆ gebrek aan vervoer, veral in landelike gebiede weens groot afstande en die hoë koste van huurmotors
- ◆ gebrek aan voldoende behuising en oorvolheid, gekenmerk deur 'n groot aantal persone in een woning, wat noodwendig aanleiding gee tot 'n gebrek aan privaatheid
- ◆ ander sosiale probleme wat verband hou met die gebrek aan 'n infrastruktuur, fasiliteite en dienste, soos gesinsverbrokkeling, tienerswangerskappe, verwaarlosing en verwerping van kinders, mishandeling, onkontroleerbare gedrag, nie-betaling van onderhoud, alkoholmisbruik en werkversuim.

Die milieu-benadeelde gesin bevind hom dus in 'n omgewing wat gekenmerk word deur deprivasie en 'n toestand waar gesinslede nie die voorregte van milieu-begunstigde groeperinge in die samelewing geniet nie. Die milieu-benadeelde situasie word gekenmerk deur verskeie vorme van deprivasie, naamlik fisiese, materiële, emosionele, intellektuele, psigologiese, omgewings- en opvoedingsdeprivasie. Armoede dra by tot die fisieke onvermoë van die milieu-benadeelde individu, wat 'n kenmerkende eienskap is en toegeskryf kan word aan faktore soos 'n gebrek aan voedsel, wanvoeding en die onvermoë om mediese dienste te bekostig, wat tot 'n verlaging in immuniteit en uiteindelik tot

siektes aanleiding gee. Hierbenewens lei armoede daartoe dat milieu-benadeelde groeperinge gewoonlik nie kwaliteit-opleiding kan bekostig nie. Dit resulteer in 'n algemene kwesbaarheid van die milieu-benadeelde individu en lei tot gevoelens van isolasie en magteloosheid (Le Roux & Gildenhuys, 1994:37-39 & 40-41).

Die milieu-benadeelde individu voel dikwels vasgevang in sy situasie, waar hy daaglik armoede en 'n tekort aan noodsaaklikhede in die gesig staar. Hy bevind hom in 'n onaantreklike, verwaarloosde buurt, wat deur geweld, misdaad en lawaai gekenmerk word. Hierbenewens word hy voortdurend aan negatiewe invloede blootgestel in die gedepriveerde omgewing waarbinne hy funksioneer. Dit is voor die hand liggend dat die milieu-benadeelde gesin, wat gesinstake en gesinsfunksies betref, dikwels probleme ondervind om optimaal te funksioneer in sodanige milieu-benadeelde buurt. Die milieu-benadeelde individu ondervind dienooreenkomstig gewoonlik probleme met betrekking tot optimale funksionering en persoonsontploffing.

2.3 DIE GESINSITUASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE KIND

Meintjes (1990:12-13) omskryf die **milieu-benadeelde gesin** as 'n gesin wat:

- ◆ 'n geringe sosiale en ekonomiese status het
- ◆ kultureel-sosiaal en sosio-ekonomies misdeeld is
- ◆ belemmering ervaar weens die etniese groep waartoe die gesin behoort
- ◆ deel vorm van 'n sub-kultuur wat vreemd is aan die kultuur wat algemeen aanvaar word as die dominante kultuur
- ◆ 'n onvermoë openbaar om deel te neem aan die dominante kultuur, weens kulturele andersoortigheid
- ◆ vasgevang is in 'n armoedspiraal, wat gekenmerk word deur deprivasie en verwaarloosing

- ◆ teruggehou word met betrekking tot die verwerkliking van moontlikhede, weens milieu-belemmeringe.

Milieu-benadeelde groeperinge verskil van die dominante kultuur in die samelewing in terme van kulturele en sosio-ekonomiese gesteldhede, dit wil sê leefstyl, gebruike, waardes, godsdiens, taal en insigte. In die gesinsmilieu word die milieu-benadeelde kind voortdurend blootgestel aan 'n tekort aan opbouende ontwikkelingservaringe en bevind hy hom in 'n milieu wat as kultuurarm beskryf kan word, aangesien hy nie van voldoende ervaringe voorsien word om aan die eise van die skool en die samelewing te voldoen wanneer hy die primêre groep verlaat om in die dominante hoofstroom te funksioneer nie. Hy bevind hom in 'n nie-ondersteunende gesinsmilieu, waar sy ouers onbetrokke, die omgewing beperkend en die ouer-kind-verhouding ontoereikend is. Die milieu-benadeelde kind se agtergrond impliseer dus 'n kultuuragterstand, wat die kind met gevoelens van beperking, verwerping en geïsoleerdheid laat en dikwels daartoe lei dat hy homself as 'n mislukking beleef (Pretorius, 1998b:315; Le Roux & Gildenhuys, 1994:44-45; Roberts, 1994:23).

Die milieu-benadeelde gesin word dikwels gekenmerk deur gesinslabiliteit en 'n dissosialiserende gesinslewe, weens die feit dat ouers selde voldoende tyd en aandag spandeer aan aspekte soos opvoedingsbemoëienis, gesinsgesprekke, gesinsmaaltye en vryetydsbesteding binne gesinsverband. Gesinne word gewoonlik verder gekenmerk deur 'n hoë kindertal, wat goeie versorging en geleenthede vir individuele aandag aan kinders bemoeilik en tot opvoedingsverwaarlosing lei. Hierbenewens word die milieu-benadeelde gesin dikwels gekenmerk deur ontoereikende gesinseenheid of gesinsverbokkeling as gevolg van egskeiding, verlating, buite-egtelike verhoudinge, wantroue, spanning, huwelikskonflik, gebrek aan voldoende inkomste of weens die feit dat een van die ouers weg van die huis af werk. In die gesin word gewoonlik min orde en reëlmaat gehandhaaf, weens verskille tussen die ouers met betrekking tot die dissiplinerende van kinders en die handhawing van konsekwente reëls en

norme. Die beeld van die vader is dikwels afgebreek en hy is dikwels werkloos, werksku en swak opgelei. Hy is gewoonlik ongeskoold of halfgeskoold, wat 'n lae beroepstatus en lae inkomste impliseer en 'n gebrek aan voldoende behuising, voedsel, kleding, mediese versorging en die nodige ontspanningsgeleenthede tot gevolg het. Kindersterftes, wanvoeding of ondervoeding van kinders, asook kroniese siektes weens die nie-beskikbaarheid van fondse vir effektiewe mediese dienste kom algemeen voor. Vanweë fisiese verwaarlosing voel die milieu-benadeelde kind meestal minderwaardig, openbaar 'n swak waaghouding en ontwikkel 'n lae selfkonsep. Hy voel vasgeloop, is nie in staat om sy moontlikhede te aktualiseer nie en sy sosialisering vind nie toereikend plaas nie. Hierbenewens is die ouers self ook dikwels sosiaal gerem, weens die ontoereikendheid van hulle eie sosialisering (Pretorius, 1998b:318; Le Roux & Gildenhuys, 1994:34 & 36-37; Vorster, 1993:161-162; Meintjes, 1992:160-161; Pretorius, 1987:37).

'n Studie deur Vorster (1993) van 'n milieu-benadeelde gemeenskap in Suid-Afrika bevestig bovermelde stellings ten opsigte van die opvoedingspeil en beroepstatus van milieu-benadeelde ouers, waar bevind is dat 54,8% van die respondente (ouers) oor 'n onderwyskwalifikasie van standerd 8 of 9 (graad 10 of 11) beskik het, 35,5% van die respondente standerd 6 of 7 (graad 8 of 9) geslaag het en slegs 9% matriek geslaag het. Geen ouers het enige vorm van naskoolse opleiding ontvang nie. Uit die resultate blyk dit verder dat ouers meestal beroepe met 'n lae beroepstatus beoefen. Van die respondente het 35,5% ten tye van die ondersoek ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe of beroepe soos tuinier, operateur of motorbestuurder beoefen, terwyl 35,5% werksaam was in opgeleide buiteberoepe, ambagte, verkoopsberoepe, klerklike beroepe of voormanne was. Van die respondente was 29% werkloos, pensioenarisse of huisvrouens (Vorster, 1993:108-109).

Ouers in die milieu-benadeelde gesin verwerklik gewoonlik 'n ontoereikende opvoedingstyl, wat die optimale persoonsontwikkeling van die kind belemmer.

Gesinskommunikasie is dikwels problematies en voldoende liefde word selde aan die kind betoon. Weens sy verpligtinge laat die vader die opvoeding van die kinders grotendeels aan die moeder oor. Vanweë sy afwesigheid moet die kinders die vader as identifikasiefiguur en gesagsfiguur, sowel as sy liefde, ontbeer. Die moeder slaag dikwels ook nie daarin om die kinders toereikend te versorg, op te voed en die nodige warmte en moederliefde te verskaf nie, in talle gevalle weens die feit dat sy self buitenshuis werk om tot die inkomste van die gesin by te dra, asook vanweë die feit dat sy nie oor die vaardighede beskik om haar kinders toereikend op te voed en optimale ontwikkeling by hulle te bevorder nie. Die moeder is in baie gevalle nie opgewasse vir die opvoedingstaak nie, wat openbaar word in geringe belangstelling in en bemoeienis met die kind (Pretorius, 1998b:318; De Witt & Booysen, 1995:129; Le Roux & Gildenhuys, 1994:37; Vorster, 1993:163-164; Meintjes, 1992:161-162).

Die milieu-benadeelde gesin word deurgaans beïnvloed deur demoraliserende invloede uit die omgewing, wat daartoe lei dat hulle leefstyl gewoonlik gekenmerk word deur 'n gebrek aan die strewe om redelike standaarde van higiëne, netheid, versorgdheid, huisbestuur, selfrespek, eerlikheid, seksuele moraliteit, medemenslike omgang, ensovoorts, te handhaaf. Die milieu-benadeelde gesin bevind hom in 'n omgewing waar verskynsels soos buurttwiste, asosiale wandade, fisieke aanrandings en wetsoortredinge aan die orde van die dag is, wat soms meebring dat gesinslede self by sodanige wandade betrokke raak. Verskynsels soos alkoholmisbruik, dwelmmisbruik, oormatige aggressiwiteit, fisieke aanranding en onderlinge rusies en bakleiere tussen gesinslede kom algemeen voor (Pretorius, 1998b:318-319; Le Roux & Gildenhuys, 1994:47-48; Pretorius, 1987:38).

Milieu-benadeelde gesinslede is geneig om hulle vrye tyd op passiewe en nie-skeppende wyses te spandeer, gerig op ontspanning en afleiding. Beide ouers en kinders beoefen onoordeelkundige vryetydsbesteding, weens 'n gebrek aan die omstandighede, inisiatief en fasiliteite wat nodig is vir sinvolle en kultureel-

verrykende aktiwiteite. Benewens die swak voorbeeld wat ouers aan kinders stel in dié verband, stel hulle selde belang in die vryetydsbesteding van hulle kinders, is hulle gewoonlik onbetrokke daarby en verskaf hulle geen aanmoediging nie. Hierbenewens vertoon die milieu-benadeelde gesin dikwels tekorte ten opsigte van die godsdienstige lewe van die gesin en die godsdiensoopvoeding van die kinders. Oor- en wanbesteding van geld kom algemeen voor en beskikbare geld word byvoorbeeld aangewend vir luukshede, drank en dobbelary, in 'n poging om vir die milieu-benadeeldheid en lae inkomste te kompenseer. Geld word eerder op materiële goedere spandeer as op goedere wat 'n bydrae kan lewer tot die kulturele verryking van gesinslede (Pretorius, 1998b:318-319; Pretorius, 1987:37-38).

Dit ontbreek die milieu-benadeelde gesin dikwels aan 'n atmosfeer van stabiliteit en rustigheid, wat belangrik is vir 'n toereikende beroepsgerigte milieu. Werkende kinders veroorsaak dikwels ontwrigting in die vorm van lawaai en jolyt. In dié proses is hulle nie 'n goeie voorbeeld met die oog op toegewyde beroepsgerigtheid vir jonger kinders nie, maar veroorsaak hulle eerder 'n verwarde perspektief wat die toekoms betref. Hierbenewens het ouers dikwels self ook op skool misluk en openbaar hulle gevolglik 'n negatiewe ingesteldheid en apatie teenoor die skool, wat aan jong kinders oorgedra word. Hulle is nie goeie voorbeelde met betrekking tot intellektuele vorming en die verwerwing van kwalifikasies en beroepsvaardighede nie, wat daartoe lei dat jong kinders dikwels so vroeg moontlik die skool wil verlaat om geld te verdien, ten einde hulself in 'n grootmensewêreld van onvolwassenes te handhaaf (Pretorius, 1998b:318; Pretorius, 1987:38).

Die milieu-benadeelde gesin se moontlikheid tot styging op sosiale vlak is beperk en die situasie van milieu-benadeeldheid word gewoonlik bloot van geslag tot geslag voortgesit, veral wanneer kinders hulle identifiseer met die beroep, leefstyl, houdings, gewoontes, waardes, kultuurpeil en gebrekkige aspirasies van die ouers. Benewens houdinge soos 'n pessimistiese toekomsingesteldheid,

wantroue teenoor die medemens en apatie teenoor die kerk, maatskaplike diens, politiek en burgerlike pligte, wat deur ouers aan hulle kinders oorgedra word, word tendense soos fisieke mishandeling in gesinsverband en 'n negatiewe houding teenoor werk en beroep dikwels deur die ouers voorgeleef, deur die kinders aanvaar en eenvoudig voortgesit in hulle lewens as volwassenes. Dit impliseer dat die milieu-benadeelde kind sy ouers slaafs navolg en op dié wyse die agterstande, behoeftes en milieu-benadeeldheid van die ouers voortsit (Pretorius, 1998b:319; Meintjes, 1990:56-57 & 215-216; Pretorius, 1987:39).

Meintjes (1990:215) meld dat die milieu-benadeelde ouer, op grond van die kenmerke van die milieu-benadeelde gesin, dikwels nie daarin slaag om die volgende belangrike gesinstake in die gesinsituasie te verwerklik nie:

- ◆ die hantering van gesinskrisisse
- ◆ die versorgende taak
- ◆ die sosialisering van die kind
- ◆ die emansipasie van die kind
- ◆ die huweliksverbondenheid, wat 'n voorwaarde vir opvoeding is.

Soos reeds aangedui, word die milieu-benadeelde gesin gewoonlik gekenmerk deur opvoedingsverwaarlosing en bevind die milieu-benadeelde kind hom in 'n milieu waar sy ontwikkeling tot volwaardige volwassenheid belemmer word en sy kwesbaarheid dienooreenkomstig verhoog. Die opvoedingsbetekenis van dié opvoedingsverwaarlosing en van die kwesbaarheid van die milieu-benadeelde gesin in die hedendaagse samelewing word vervolgens kortliks in terme van die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies beskryf (Pretorius, 1998b:320-321; Meintjes, 1992:89-90; Meintjes, 1990:212-214):

- ◆ **Ek-jy-verhouding:** Die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur ontoereikende opvoeding en saamlewe, weens die onstabiele, kwesbare en nie-ondersteunende aard van die gesin. Die gesin word gekenmerk deur 'n

tekort aan koesterende liefde, persoonswarmte, intimiteit en toereikende verhoudinge (begrip, vertrouwe en gesag) in die gesin, veral tussen ouer en kind. Konflik, emosionele uitbarstings en onrus kom dikwels voor en skep 'n milieu waarin die kind nie veilig voel nie. Die kind voel nie in sy kindwaardigheid geag nie en ervaar dikwels verhoudingsprobleme, diskommunikasie (ten opsigte van die ouers) en opstandigheid.

- ◆ **Opvoedingstyl:** Die milieu-benadeelde ouer verwerklik gewoonlik 'n posisionele opvoedingstyl, gekenmerk deur onbuigsaamheid en rigiditeit. Weens dié opvoedingstyl beleef die kind gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid en word hy in sy optimale persoonsontwikkeling gerem.
- ◆ **Opvoedingskommunikasie:** Weens die outoritêre opvoedingstyl van die ouers is opvoedingsverhoudinge in die milieu-benadeelde gesin gewoonlik versteur en word behoorlike opvoedingskommunikasie belemmer. Die ouer is nie kind-gerig nie en kommunikeer selde op verbale wyse met die kind. Die kind beleef begriplose kommunikasie, waar min begrip getoon word vir hom as unieke individu en vir sy behoeftes, wense en probleme.
- ◆ **Sosiale lewe:** Die milieu-benadeelde gesinsituasie word gekenmerk deur 'n beperkte gesinseenheid, versteurde verhoudinge en spanning. Die kind beleef die gesinsituasie nie as 'n ruimte waar hy gelukkig en sinvol saam met gesinslede kan leef nie, maar eerder as 'n sosiale spanningsveld. Dit is in werklikheid 'n problematiese opvoedingsituasie, gekenmerk deur verskeie faktore wat optimale opvoeding belemmer.
- ◆ **Sosialisering:** Die sosialisering van die milieu-benadeelde kind word bemoeilik deur faktore soos die ouers se eie gebrek aan sosiaal-maatskaplike beweeglikheid, verskraalde gesinskommunikasie, begeleiding, beskerming en bemoeienis deur die ouers, asook weens die gesinsfeer wat 'n karige oefensituasie vir die kind bied ten opsigte van sy sosiale lewe en sy

uitgaan na die sosiale werklikheid. Hierbenewens het die milieu-benadeelde omgewing 'n nadelige uitwerking op die sosialisering van die kind en ervaar die kind gewoonlik probleme om homself te handhaaf in die milieu-benadeelde buurt waarin hy hom bevind.

- ◆ **Selfaktualisering:** Die milieu-benadeelde gesin en milieu voorsien nie die geleentheid, ervaringe en stimuli wat nodig is vir die toereikende aktualisering van die individu se moontlikhede nie.
- ◆ **Sosiaal-maatskaplike oriëntering:** Die eie plek-bepaling van die milieu-benadeelde individu is beperk en gee aanleiding daartoe dat hy gepredisponeer is tot 'n verskraalde, verarmde sosiaal-maatskaplike lewe. Die kind beleef dikwels sosiale en maatskaplike onsekerheid en disoriëntasie, weet nie waar hy inpas nie en beleef geringe verwagtinge ten opsigte van die skool, 'n beroep en sy posisie in die samelewing.
- ◆ **Identiteit en selfkonsep:** Die milieu-benadeelde individu (kind) se identiteitsverwerwing is gewoonlik benadeel, as gevolg van onder andere die nie-beskikbaarheid van positiewe identifikasiefigure tuis en in sy omgewing. Vanweë sy ongunstige agtergrond, verwaarloosde voorkoms, twyfelagtige identiteitsverwerwing, die minder aantreklike ouerbeeld en die nalaat van bevordering van selfvertroue en individualiteit deur die ouers, vorm die milieu-benadeelde kind dikwels 'n lae selfkonsep. Dit laat hom met gevoelens van algemene lewensonsekerheid en 'n gebrekkige toekomstperspektief.
- ◆ **Behoeftevervulling in sosiale verband:** Behoeftevervulling (op alle vlakke) is ontoereikend in die milieu-benadeelde gesinsituasie, weens onder andere armoede, verwaarloosing en die outoritêre opvoedingstyl van die ouers.
- ◆ **Sosiale milieu:** Die milieu-benadeelde buurt is onaantreklik en kom verwaarloos voor. Dit word gekenmerk deur armoede, misdaad, lawaai,

alkoholisme, dwelmgebruik, buite-egtelike seksualiteit en 'n lae sosiale, kulturele en ekonomiese peil. Die gesinsituasie of leefomgewing, wat die opvoedingsruimte is, word gewoonlik gekenmerk deur geografies-fisiese ontoereikendheid en versteurde verhoudinge. Hierdie ongunstige fisiese, kulturele en sosiale milieu waarin die gesin hom bevind, belemmer die optimale opvoeding en ontwikkeling van die kind.

Volgens Meintjes (1990:3) dui die kenmerke van die milieu-benadeelde gesin op die ontoereikende vervulling van pedagogiese, psigologiese en sosiale behoeftes van gesinslede, weens 'n gesinslewe wat die persoonsontwikkeling van die lede belemmer. Die ongunstige lewensomstandighede van die milieu-benadeelde gesin, asook die sosiale en kulturele isolasie waarin die gesinslede verkeer, belemmer die persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van die gesinslede en resulteer daarin dat die milieu-benadeelde kind nie optimaal ontwikkel tydens die proses van volwassewording nie. Die pedagogiese, psigologiese en sosiale kenmerke van die milieu-benadeelde gesin word vervolgens kortliks uiteengesit. Dit mag soms blyk dat bepaalde aspekte by herhaling gestel word, maar dit word nogtans ingesluit ter wille van 'n omvattende beeld van die onderskeie kenmerke van die milieu-benadeelde gesin.

2.3.1 Pedagogiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die milieu-benadeelde gesin vertoon die volgende pedagogiese kenmerke:

- ◆ **Opvoeding en opvoedingstyl:** Die ouers se opvoedingstyl word gewoonlik gekenmerk deur rigiditeit, starheid en onbestendigheid. Ouers is outoritêr en onbuigsaam en gesag is gebaseer op mag, formele posisies en die behoefte aan orde. Ouers beoefen gesag op 'n dwangmatige wyse, wat daartoe lei dat kinders ouerlike gesag gewoonlik sonder teenspraak aanvaar. Die kind se wense, gevoelens en begeertes word nie in ag geneem nie. Dit lei daartoe

dat die kind in die milieu-benadeelde gesin dikwels probleme ondervind met intermenslike kommunikasie en inskakeling in die breë samelewing, beperkte selfstandigheid en selfvertroue openbaar, asook gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid beleef. In dié proses word die kind se persoonsontwikkeling belemmer en bepaalde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik, te wete die ek-jy-verhouding, kommunikasie, sosialisering, selfaktualisering, selfkonsepvorming en behoeftevervulling in sosiale verband (Meintjes, 1990:62 & 148-149).

- ◆ **Sosialisering van die kind:** In die milieu-benadeelde gesinsituasie, waar 'n posisionele opvoedingstyl gehandhaaf word, word die toereikende sosialisering van die kind belemmer, wat gewoonlik 'n nie-sosiale persoonlikheid tot gevolg het. Die kind beleef selde sy sosialisering in 'n positiewe lig, as gevolg van die negatiewe sosiale ingesteldheid van die ouers. Hy leer nie om behoorlik met sy medemens te kommunikeer nie en sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede word gevolglik nie toereikend verwerklik nie. Benewens die gesinsituasie as belemmerende faktor is die milieu-benadeelde buurt ook nie bevorderlik vir die kind se optimale sosialisering nie, aangesien hy voortdurend blootgestel word aan negatiewe invloede. Weens verskraalde sosialisering is die milieu-benadeelde kind nie in staat om homself te handhaaf in 'n komplekse, voortdurend veranderende samelewing nie en ontwikkel hy nie waardering vir 'n hoër kultuurbesit wat hom in staat sal stel om saamleef-verhoudinge met ander op 'n aanvaarbare vlak te verwerklik nie. Gevolglik toon sy opvoeding tot saamlewe tekorte (Meintjes, 1990:65-67).
- ◆ **Opvoedingskommunikasie:** Die milieu-benadeelde gesinsituasie word gekenmerk deur spanning en konflik, wat daartoe lei dat kommunikasie problematies is en die kind diskommunikasie beleef. Kommunikasiepatrone van die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur geringe intimiteit, diepte en egtheid. Die disharmoniese ouer-kind-interaksie lei daartoe dat die

kind onvervulde emosionele behoeftes beleef, wat sy totale psigiese ontwikkeling, optimale selfaktualisering en verwerkliking van sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede kortwiek en uiteindelik aanleiding gee tot die vorming van 'n negatiewe selfkonsep (Meintjes, 1990:69-70 & 149).

- ◆ **Selfaktualisering van die kind:** Die verarmde, nie-stimulerende milieu en verskraalde ervaringswêreld waarin die milieu-benadeelde kind homself bevind, belemmer sy selfaktualisering, wat vir hom die onderaktualisering van sy moontlikhede beteken. Hierbenewens word die kind se selfkonsepvorming en selfaktualisering benadeel deur die ouers se ongunstige houding teenoor en verskraalde kommunikasie met hom (Meintjes, 1990:71 & 149-150).

- ◆ **Identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming by die kind:** Weens die posisionele opvoedingstyl (outokratiese opvoedingsgedrag) van die ouer en die daarmee gepaardgaande geneigdheid om die kind dikwels af te kraak deur middel van negatiewe kritiek en beledigings, misluk positiewe identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming by die kind. Die ouer se eie negatiewe selfkonsep gee aanleiding daartoe dat hy nie in staat is om sy kind tot positiewe selfkonsepvorming te begelei nie. Die gevolg is dat die kind 'n lae selfkonsep vorm, wat hom met 'n gevoel van magteloosheid laat teenoor individue uit die dominante kultuur, met gevoelens van onsekerheid wat betref sy eie vermoëns, sowel as met 'n ingeperkte waaghouding. Die milieu-benadeelde kind beleef sy bestaan as minder sinvol en sy lewe as minder doelmatig, in vergelyking met kinders uit milieu-begunstigde groeperinge (Meintjes, 1990:77 & 150).

- ◆ **Behoeftevervulling in sosiale verband:** Die sosiopedagogiese essensie **behoeftevervulling in sosiale verband** word nie in 'n gewenste mate verwerklik in die milieu-benadeelde gesinsituasie nie. Wat betref die **fisiese behoeftes** van gesinslede, is die gesin dikwels nie in staat om voldoende

voedsel, kleding, mediese versorging en ander lewensnoodsaaklikhede te voorsien nie. Weens konflik en rusies tussen gesinslede, asook emosionele deprivasie, onvoorspelbaarheid, wanorde en bedreiging wat die milieu inhou, belewe kinders dikwels vrees en angs en word hulle **veiligheidsbehoefte** nie vervul nie. Wat **sosiale behoeftes** betref, voel gesinslede gewoonlik dat hulle nie aanvaar word deur die breë samelewing (lede van die dominante kultuur) nie en beleef hulle hulself as mislukkings en sosiale uitgeworpenes. Die **ek-behoefte** van milieu-benadeelde gesinslede (veral kinders) word dikwels nie herken en erken nie, wat in 'n lae selfkonsep by die kind resulteer. Die milieu-benadeelde kind ontvang selde enige erkenning of goedkeuring, word gekenmerk deur 'n gebrek aan status, 'n lae gevoel van eiewaarde en gevoelens van minderwaardigheid. Weens dwarsboming van die vervulling van basiese behoeftes word die milieu-benadeelde individu se **behoefte aan selfaktualisering** ook nie vervul nie, wat impliseer dat die milieu-benadeelde kind nie die geleentheid kry om sy moontlikhede optimaal te verwerklik nie. Weens 'n vasgevangenheid in materiële sowel as geestelike armoede, beleef die milieu-benadeelde individu gevoelens van minderwaardigheid en onveiligheid. Die ouer neem nie die kind se persoonlike behoeftes, voorkeure en wense in ag nie en die ouer se posisionele opvoedingstyl impliseer in werklikheid ontoereikende behoeftevervulling vir die kind (Meintjes, 1990:78; 81 & 150-151; De Klerk, 1989:64-65; Pretorius, 1987:108-109).

- ◆ **Materiële verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde individu se voorkoms getuig van verwaarlosing en 'n lewe in isolasie van die dominante kultuur, aangesien verwaarlosing, armoede, daarmee gepaardgaande siektetoestande en die behoefteige voorkoms van die milieu-benadeelde individu daartoe lei dat lede van die dominante kultuur hom verwerp. Die milieu-benadeelde kind word nie toereikend tot selfversorging opgevoed nie. Hierbenewens toon materiële verwaarlosing en armoede 'n samehang met ontoereikende skoolprestasies en vroeë skoolverlating, aangesien die milieu-

benadeelde kind selde gestimuleer word op terreine wat leerprestasie bevorder en om dié rede swak presteer. Die kind ontvang ook nie die nodige ondersteuning van die ouers met betrekking tot sukses op skool nie, dikwels vanweë die ouers se eie beperkte skoolprestasies en lae inkomste, met ander woorde weens die invloed wat hul eie ervaring van armoede op hulle houdinge, waardes en aspirasies gelaat het. Die milieu-benadeelde ouer is dikwels geneig om 'n siniese en fatalistiese lewenshouding te openbaar, wat op die kind oorgedra word (Le Roux & Gildenhuys, 1994:40-43; Meintjes, 1990:86 & 151).

- ◆ **Kulturele verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde omgewing waarin die individu hom bevind, impliseer 'n verarmde kultuurwêreld of die ontbreking van 'n stimulerende kultuurmilieu. Ouers skenk selde aandag aan kultuurverrykende aspekte in die opvoeding van hulle kinders, wat daartoe lei dat die kind nie voldoende uitgedaag word tot kulturele eksplorاسie nie en in die proses tot skoolweerloosheid gepreformeer word. Die kultuurarme milieu waarin die kind hom bevind, impliseer 'n begrensde, ongedifferensieerde kulturele ervaring met betrekking tot leefstyl en fisiese milieu. Weens die gebrek aan voorsiening van kultuurinhoude en kultuurmateriaal word die intellektuele en funksionele ontwikkeling van die kind belemmer en word 'n lae kognitiewe en kultureel-opvoedkundige peil by hom vasgelê en gehandhaaf. Milieu-benadeelde gesinne ondervind gewoonlik probleme om buite die beperkinge en grense van hulle kultuurarme milieu te beweeg (Meintjes, 1990:88-89 & 151).
- ◆ **Emosionele verwaarlosing:** Die koesterende liefde en gevoelswarmte wat die milieu-benadeelde kind beleef skiet tekort. Die emosionele atmosfeer waarin hy hom bevind, belemmer beide sy persoonsontwikkeling en skoolvordering en lei daartoe dat hy dikwels gevoelens van ongeborgenheid en spanning beleef en openbaar (Meintjes, 1990:93 & 152).

- ◆ **Waarde-oriëntasie:** Weens die feit dat die waardes wat deur milieu-benadeelde ouers aan hulle kinders voorgelewe word, verskil van die waardes van die dominante kultuur, ervaar die milieu-benadeelde kind probleme ten opsigte van sy inskakeling in die skool en in die breë samelewing. Dit lei tot spanning en gevoelens van frustrasie by die kind. Die negatiewe invloed van die milieu-benadeelde gesin en buurt belemmer positiewe waarde-oriëntering by die kind, wat nie slegs weerspieël word in sy waarde-oriëntasie nie, maar ook in onder andere sy algemene houding teenoor die lewe, sy houding teenoor die skool en geleerdheid en sy onervarendheid in die sosiale verhoudinge wat hy stig. Op dié wyse misluk die sosialisering van die kind. Dit gebeur dikwels dat kinders in milieu-benadeelde gesinne nie daarin slaag om 'n vaste waardesisteem vas te lê nie, weens die geneigdheid van ouers om bepaalde waardes voor te hou, maar nie voor te leef nie, wat daartoe lei dat die kind dié waardes nie internaliseer nie en selfs die waardes van die ouer bevraagteken. In die milieu-benadeelde gesin faal die opvoeding juis in die sin dat aanvaarbare norme en waardes nie vasgelê word by die kind nie. Hy ontwikkel 'n onaanvaarbare rangorde van waarde-voorkeur, waarvan die uitkoms resulteer in 'n onvermoë om toereikend te onderskei tussen behoorlik en onbehoorlik, goed en kwaad, mooi en lelik. Weens konfrontasie met enkele spesifieke eise eerder as met 'n gedifferensieerde waardehiërargie, openbaar die kind dikwels rigiditeit en verkrampde idees (Meintjes, 1990:94; 98-100 & 152).

2.3.2 Psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin kan soos volg saamgevat word:

- ◆ **Motivering in die milieu-benadeelde gesin:** Die milieu waarin die milieu-benadeelde kind hom bevind is beperkend, aangesien hy nie deur die ouers

aangemoedig word om te waag, self te eksploreer en sy moontlikhede te verwerklik nie. Daar bestaan nie 'n motiveringsruimte waar die motief om te waag voortdurend deur die ouers versterk word en die kind aangemoedig word om sy bestaande ervaring uit te brei nie. Op grond hiervan is die kind eintlik reeds vanweë sy situasie tot mislukking gepredisponeer. As 'n gevolg laat dit die kind met gevoelens van onsekerheid en onveiligheid, wat uiteindelik daartoe lei dat sy agterstande en geringe mate van motivering in sy skoolsituasie en skoolprestasies weerspieël word wanneer hy tot die formele skoolsituasie toetree. Milieu-benadeelde kinders openbaar gewoonlik 'n gebrek aan deursettingsvermoë en raak maklik mismooedig (Meintjes, 1990:102-103 & 152).

- ◆ **Kognitiewe niveau:** Die ontoereikende opvoeding waaraan die milieu-benadeelde kind blootgestel word, het 'n negatiewe uitwerking op sy kognitiewe ontwikkeling en funksionering. Die kind ontvang nie die nodige stimulasie in sy gesinsmilieu om met sukses te leer en te presteer nie. Hy toon 'n verskraalde kennisbesit en kan, vanweë onvoldoende kognitiewe strukturering en 'n eng verwysingsraamwerk, nie nuwe kennisinhoud deur middel van verbandlegging by sy bestaande kennisbesit integreer nie. Die gebrek aan bemoeienis deur die ouers lei tot geringe verbale, kognitiewe en sosiaal-affektiewe stimulasie, asook 'n ontoereikende ordening van die kind se perseptuele en sosiale wêreld, wat met behulp van taal moet geskied. Hierbenewens stel die ouers 'n swak voorbeeld met betrekking tot intellektuele vorming en die verwerwing van kennis. Die beperkte intellektuele prestasie van die milieu-benadeelde kind kan dikwels toegeskryf word aan sy armoedige lewensituasie, wat 'n gebrek aan voldoende positiewe ervaringe impliseer. Die verwaarlosing van kognitiewe stimulasie het 'n nadelige uitwerking op beide die kind se kognitiewe en taalontwikkeling. Die kind behaal selde sukses en voel onseker, ontmoedig en ongemotiveerd. Dit gee desnoods aanleiding tot 'n negatiewe selfkonsep,

-at op sy beurt weer tot swak prestasie lei (Meintjes, 1990:107; 109 & 152-153).

- ◆ **Selfkonsep van die ouers:** Die milieu-benadeelde ouer beleef homself as minderwaardig, weens faktore soos armoede waaraan hy sy hele lewe lank (gewoonlik ook as kind) blootgestel is, verwerping deur lede van die dominante kultuur, liefdeloosheid in sy eie lewe en die beleving van ontoereikendheid, mislukking en frustrasie. Vanweë sy lae selfkonsep openbaar die milieu-benadeelde ouer dikwels aggressiewe, gewelddadige en destruktiewe gedrag. Dit volg dat interaksie met sy kind gewoonlik ver tekortsiet (Meintjes, 1990:111 & 153).
- ◆ **Affektiewe klimaat van die gesinslewe:** Die affektiewe klimaat wat in die milieu-benadeelde gesin heers, belemmer die kind se persoonsontwikkeling. Dit word gekenmerk deur liefdeloosheid en oormatige strengheid, wat 'n negatiewe uitwerking het op die emosionele lewe en gedrag van die kind, dikwels daartoe lei dat hy sy toevlug neem tot ongewenste portuurgroepe en gewoonlik die patroon van liefdeloosheid in sy eie lewe voortsit. Milieu-benadeelde kinders openbaar dikwels leer- en gedragsprobleme, wat dan gewoonlik toegeskryf kan word aan die affektiewe verwaarlosing waaraan hulle onderworpe is (Meintjes, 1990:115 & 153).

2.3.3 Sosiale kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die milieu-benadeelde gesin vertoon die volgende sosiale kenmerke:

- ◆ **Gesinslewe:** Die milieu-benadeelde gesinslewe word gekenmerk deur labiliteit en 'n gebrek aan kalmte en rustigheid, gereelde gesinskonflik en die geneigdheid van gesinslede om elkeen sy eie belang te soek ten koste van die ander. Die kind se beleving van die ouers wissel dikwels tussen gevoelens van verworpenheid aan die een kant en 'n ervaring van

oorweldigende liefde aan die ander kant, gewoonlik gebaseer op skuldgevoelens. Die kind word voortdurend blootgestel aan spanning en disharmonie en beleef selde gevoelens van geborgenheid, veiligheid en konsekwentheid. Hy beleef eerder gevoelens van twyfel, vrees en onsekerheid. Wanneer die milieu-benadeelde ouer die kind dwing om iets teen sy sin te doen, ontstaan 'n gespanne verhouding wat dikwels gekenmerk word deur onbeheersde dreigemente, verwyte en 'n halsstarrige verzet deur die kind (Meintjes, 1990:120 & 153-154).

- ◆ **Sosiale milieu:** Die milieu-benadeelde gesin bevind hom in 'n kultuurarme milieu, gekenmerk deur geografies-fisiese tekortkominge en versteurde verhoudinge. Weens die verarmde kultuurwêreld handhaaf die gesin 'n lae kultuuropvoedkundige peil en vind dit moeilik om die beperkinge en grense van hulle sosiale milieu te oorskry. Hierdie milieu-benadeelde woonbuurt beteken vir die kind 'n verskraalde ervaringswêreld, wat tot onderaktualisering van sy moontlikhede en van sy sosiaal-maatskaplike ontwikkeling lei en optimale persoonlikheidsontwikkeling belemmer (Meintjes, 1990:121; 124 & 154).

- ◆ **Sosialisering van die ouers:** Die sosialisering van die milieu-benadeelde ouer skiet tekort, weens die feit dat hy as kind nie die waardes, norme, leefstyl, lewensopvatting en waardering vir 'n hoër kultuurbesit, wat hom in staat sou stel om op 'n aanvaarbare vlak met ander saam te leef, aangeleer het nie. Die mislukte sosialisering van die ouer resulteer in onvoldoende deelgenootskap aan die samelewing. Die ouer openbaar dikwels 'n gebrek aan aspirasies en ervaar probleme met betrekking tot die toereikende sosialisering van sy kinders. Dit lei daartoe dat die ouer sy kinders sosiaal verwaarloos, wat beteken dat hulle nie die nodige sosiale waardes en leefreëls verwerf om hulle sosiale lewe optimaal te verwerklik nie (Meintjes, 1990:125-126 & 154).

- ◆ **Kommunikasiestyl:** Kommunikasie in milieu-benadeelde gesinne is gewoonlik versteur en word gekenmerk deur 'n beperkte taalkode. Die outoritêre opvoedingstyl van die ouer belemmer egte opvoedingskommunikasie en het tot gevolg dat die ouer eerder op nie-verbale wyse en dikwels op 'n negatiewe wyse met die kind kommunikeer. Die behoeftes en versoeke van die kind word selde in ag geneem. Ontoereikende kommunikasie laat die kind met gevoelens van wantroue, minderwaardigheid en nie-aanvaarding, wat tot gevoelens van onveiligheid en eensaamheid kan lei en die kind se selfkonsep en gevoel van eiewaarde negatief kan beïnvloed (Meintjes, 1990:129 & 154).

- ◆ **Taalkode:** In vergelyking met ander kinders ervaar die milieu-benadeelde kind 'n agterstand ten opsigte van taalontwikkeling. Hy openbaar taaltekorte en beskik oor begrensde interpersoonlike kommunikasie-vaardighede, wat sy vermoë om in die dominante kultuur te kommunikeer, beperk. Die taalkode wat die milieu-benadeelde kind gebruik, is ongewens, wat sy taalkeusemoontlikhede, sowel as sy kognitiewe en sosiale ontwikkeling benadeel. 'n Gevolg is dat die milieu-benadeelde kind dikwels op 'n laer ontwikkelingsvlak funksioneer as wat van hom verwag kan word. Hierbenewens is die tempo van veral sy kognitiewe ontwikkeling stadiger as dié van milieu-begunstigde kinders en word hy in die aktualisering van sy persoonlike potensiaal gerem. Die lae kwaliteit van die milieu-benadeelde kind se taalgebruik is dikwels toe te skryf aan die ongunstige taalvoorbeeld wat deur die ouers gestel word, asook die inhiberende lewenswêreld waarin hy hom bevind. Sy verskraalde taalgebruik weerspieël sy beperkende omstandighede (Le Roux & Gildenhuys, 1994:37-39; Meintjes, 1990:134 & 154).

- ◆ **Gesinskontrole:** Die milieu-benadeelde ouer handhaaf telkens rigiede gesinskontrole en outoritêre gedrag, waarvolgens absolute gehoorsaamheid aan onbuigsame reëls vereis word en kinders dikwels fisiek en selfs op

wreedardige wyse gestraf word. Soms word kinders selfs mishandel. Soos reeds gemeld, benadeel hierdie outoritêre opvoedingsgedrag van die ouer die optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kind en gee dit dikwels aanleiding tot 'n onvermoë met betrekking tot doelgerigtheid en volwassenheid, lae moed van oortuiging as volwassene, 'n groot mate van afhanklikheid en geïnhibeerdheid, 'n verlaagde mate van vriendelikheid en spontaneïteit teenoor die medemens, 'n swak ontwikkelde gewete, 'n hoë mate van vrees en neerslagtigheid. Onderdrukte gevoelens van opstandigheid kan in gevoelens van onmag, verset en wrok omsit, wat daartoe lei dat die kind in botsing kom met die gesag van sy ouers (Meintjes, 1990:137 & 155).

- ◆ **Rolgedrag van die ouers:** Weens die afwesigheid van die vader is die moeder dikwels die dominante figuur in die milieu-benadeelde gesinsituasie. Op dié wyse word die kind se geslagsrolontwikkeling en geslagsidentifikasie soms belemmer. Indien albei ouers wel teenwoordig is, stel hulle gedrag teenoor mekaar dikwels nie 'n goeie voorbeeld vir die kind met betrekking tot sy toekomstige rol as man of vrou nie. Weens die belangrikheid wat aan konformering en gehoorsaamheid geheg word, volg die kind die ouers gewoonlik slaafs na. Hierbenewens belemmer die negatiewe interaksie tussen ouers en kinders toereikende morele ontwikkeling by die kind. Binne die rigiede rolsisteem en strak taakverdeling tussen man en vrou wat in die milieu-benadeelde gesinsituasie gehandhaaf word, ly die kind se affektiewe, kognitiewe en normatief-singewende begeleiding skade en word sy sosiale horisonne beperk. Die vader distansieer homself gewoonlik van die rol van die moeder en by implikasie dus ook van die rol van steungewing aan die kinders (Meintjes, 1990:141; 143-144 & 155).

2.4 DIE WAARDE-ORIËNTASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE OUER

Rosa (1994:24) verwys na Kohn se beskouing van waardes in die opvoedingsituasie as “*preferred standards of behaviour which parents would most like to see in their children.*” Dit bevestig die feit dat ouers dit wat hulle self as belangrik beskou, of, anders gestel, dit wat hulle van waarde ag, ook as belangrik beskou vir hulle kinders en daarna streef om dié betrokke waardes aan hulle kinders oor te dra, sodat die kinders hulle lewens daarvolgens kan rig. Dit is inderdaad so dat ‘n kind sy lewensopvatting baseer op dié waardes en norme wat hy in sy ouerhuis verwerf. Alvorens in Hoofstuk 3 gefokus word op die invloed van die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer op die opvoedingsgedrag wat hy verwerklik, is dit belangrik om die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer eers te bespreek sodat dit as agtergrond vir die res van die studie kan dien.

Navorsers het bevind dat die sosio-ekonomiese status van ouers die kragtigste sosiaal-strukturele voorspeller is van die waardes wat hulle aanhang, dit wil sê van hulle waarde-oriëntasie. Rosa (1994:30) verwys na ‘n uitspraak van Kohn (1963) dat die waardes wat vir ouers belangrik is weer op hulle beurt ‘n invloed uitoefen op die wyse waarop die ouers teenoor hulle kinders optree (opvoedingsgedrag) en verder dat ouerlike opvoedingsgedrag deurgaans gerig is op een van twee waardes: òf op konformiteit aan eksterne reëls òf op die ontwikkeling van selfdireksie. Die mate van konformiteit of selfdireksie wat gehuldig word, bepaal sodoende wat die ouer as belangrik vir sy kind beskou en in die opvoeding van sy kind as doelstellings sal nastreef. Die waardesistiem van ouers uit ‘n laer sosio-ekonomiese klas sentreer gewoonlik om konformiteit, terwyl ouers uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge aspekte soos inisiatief, onafhanklike denke en eie oordeelsvermoë as belangrik beskou (Rosa, 1994:30-31).

Die verskil tussen die ontwikkeling van konformiteit en die ontwikkeling van selfdireksie lê opgesluit in die mate van gedragsvryheid wat aan 'n individu verleen word deur sy lewensomstandighede en die mate waarin hy homself as in beheer van sy lewe en bestemming beskou. Konformiteit impliseer waardes soos gehoorsaamheid, netheid, skoonheid, goeie maniere, respek vir ouers en meerderes, hoflikheid, selfdissipline, geslagstoepaslike gedrag en die vermoë om oor die weg te kom met ander. Dit is derhalwe gerig op die vermyding van enige gedrag wat ander kan benadeel of teenstrydig is met algemeen aanvaarbare sosiale verwagtinge of norme. Daarenteen is selfdireksie gerig op eksplorاسie, inisiatief en onafhanklike denke en gedrag. Waardes soos outonomie, vryheid, kreatiwiteit, die aanmoediging van nuuskierigheid, selfkontrole, selfrespek en verantwoordelikheid word beklemtoon en aangemoedig (Schwartz, 1996:3; Rosa, 1994:32; Okagaki & Divecha, 1993:40; Spade, 1991:345).

Benewens sy algemene lewensomstandighede en meer spesifiek sy sosio-ekonomiese status, word die ouer se waardestelsel deur sy werksomstandighede bepaal, veral deur die aard van die vader se beroep (Rosa, 1994:30-31; Van der Velden, 1994:82). Belangwekkende navorsing is reeds onderneem oor die genoemde twee verbande, naamlik dat die waarde-oriëntasies van ouers (en dit wat hulle dienooreenkomstig van waarde ag vir hulle kinders, sowel as hulle opvoedingsgedrag) enersyds verband hou met hulle sosio-ekonomiese status en andersyds met die vader se beroep. Navorsing in dié verband is veral deur Kohn (1963, 1969) onderneem, waaruit dit blyk dat ouers met hoër-status beroepe daarna streef om selfbepaling by hulle kinders te kweek, wat eienskappe soos onafhanklikheid, inisiatief en kritiese denke impliseer. Volgens die waardestelsel wat sodanige ouers aan hulle kinders voorhou, word sukses aan persoonlike eienskappe en vaardighede toegeskryf. Hierteenoor bevorder die lewensomstandighede van ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge 'n meer ekstern-georiënteerde ingesteldheid op die sosiale werklikheid en word konformering aan eksterne reëls of

samelewingsvoorskrifte van groot waarde geag. Die individu beskou homself as oorgelewer aan die opvatting dat daar maatskaplike kragte bestaan waarop hy geen invloed kan uitoefen nie en dat hy selfs nie oor insig in die werking daarvan beskik nie. By implikasie huldig hy die opvatting dat hy op eenvoudige roetinewerk moet konsentreer en minder komplekse take moet uitvoer, bloot volgens die voorskrifte van ander. Hier word geen waarde aan selfbepaling geheg nie, maar intens gefokus op aspekte soos gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir gesag, goeie maniere, belangstelling in die ekstrasieke kwaliteite van werk, min vertroue in die medemens en 'n rigiede, strak houding teenoor dit wat as afwykend beskou word. Hierdie waarde-oriëntasie, wat kenmerkend is van ouers uit lae sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde groeperinge), word tydens opvoeding aan die kinders oorgedra en lei onder meer tot die plasing van beperkinge op die kind. Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge benadruk konformerende waardes in die opvoeding van hulle kinders, aangesien konformering vir hulle belangrik lyk in die lewensomstandighede (spesifiek werksomstandighede) waarin hulle hul bevind (Gerris, Dekovic & Janssens, 1997:842; Shaffer, 1996:613; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:173; Holden, 1995:368; Van der Velden, 1994:82-83; Okagaki & Divecha, 1993:40 & 42).

Navorsing dui daarop dat die waardes wat ouers huldig en vir hulle kinders nastreef direk voortspruit uit die vereistes wat aan hulle gestel word in hulle werksituasies en dit wat in die werksituasie belangrik is om sukses te behaal. Tipiese werkersklas beroepe (sogenaamde blouboordjie beroepe) word gekenmerk deur essensiële vereistes van konformering met meerderes en die gehoorsame uitvoer van opdragte. Hierdie tipe beroepe maak gewoonlik nie voorsiening vir die ontwikkeling en uitlewing van selfdireksie, inisiatief en kreatiwiteit nie, soos in die geval van hoër-status beroepe (witboordjie beroepe), waar inisiatief beloon word en ten opsigte waarvan ouers selfkontrole en onafhanklikheid by die kind aanmoedig (Gerris *et al*, 1997:842; Shaffer,

1996:613; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:173; Holden, 1995:368; Van der Velden, 1994:82-83; Okagaki & Divecha, 1993:40 & 42).

Benewens studies waar die verband tussen die waarde-oriëntasie van ouers en die werksmilieu van die vader ondersoek word, verwys Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:173) na 'n studie deur Harwood (1992), waar die verwagtinge en voorkeure van moeders uit verskillende sosio-ekonomiese groeperinge met betrekking tot hulle jong kinders se gehegtheid-gedrag nagevors is. Die moeder is uitgevra na gewenste gedrag van haar kleuter indien hy alleen in die teenwoordigheid van 'n vreemdeling in 'n dokter se wagkamer gelaat sou word. Volgens die resultate blyk dit dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde groeperinge) betaamlike optrede as belangrik beskou, wat gehoorsame, beleefde en stil gedrag deur die kind impliseer.

Die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer kan met behulp van 'n voorbeeld uit eie bodem toegelig word in terme van dit wat deur swart kultuurgroeperinge in Suid-Afrika, wat gewoonlik deel vorm van die milieu-benadeelde groeperinge, aangekleef word. Binne hierdie groeperinge is outoritêre gesag kenmerkend, wat onaanvegbare respek en agting vir ouer persone en persone in 'n senioriteitsposisie impliseer. Dit word as belangrik beskou dat die individu homself ondergeskik stel aan die groep en soms teen sy wil optree ter wille van die groep. Individuele besluitneming en individualisme word nie bevorder nie (Roux, 1995:17 & 25).

Dit blyk dus dat die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer hoofsaaklik bepaal word deur sy lewensomstandighede en werksomstandighede, in dié sin dat hy dit wat belangrik is vir sukses in sy werk en milieu as waardevol beskou en as waardes nastreef. Vanweë die feit dat die milieu-benadeelde ouer gewoonlik 'n lae-status beroep beoefen, is sy waarde-oriëntasie deurweef met waardes wat verband hou met konformiteit, gehoorsaamheid en respek vir meerderes. Aangesien hierdie kwaliteite vir die

ouer belangrik is ten einde sukses te behaal, word dit deur hom as waardes en doelstellings nagestreef in die opvoeding van sy kinders.

2.5 AGTERSTANDE EN KENMERKE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

Die eerste ses jaar van die kind se lewe word as die belangrikste tydperk beskou in die totale ontwikkelingsverloop van die mens, aangesien dit die tydperk is waartydens die basis gelê word vir verdere ontwikkeling. Dit is die tydperk waartydens die mees intense fisieke en intellektuele ontwikkeling plaasvind, asook waartydens ontwikkeling vinniger plaasvind as op enige ander tydstip in die mens se lewe. Vroeë tuiservaringe is uiters belangrik vir die totale ontwikkeling van die kind, byvoorbeeld met betrekking tot aspekte soos taalontwikkeling, perseptuele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, vroegkinderlike leeraktiwiteite en die vorming van 'n selfkonsep. Die voorskoolse jare is dan ook die tydperk waarin deprivasie, veral stimulusdeprivasie, 'n blywende effek het op die kind en spesifiek op sy ontwikkeling en selfaktualisering (Atmore, 1993:118; Vorster, 1993:119; De Klerk, 1989:30; Pretorius, 1987:33 & 103).

Pretorius (1987:32) vat die belangrikheid van vroeë tuiservaringe vir die kind se latere ontwikkeling soos volg saam:

“Die literatuur oor kinderontwikkeling bied talle gegewens wat aandui dat die voorskoolse jare 'n beslissende tydperk is, waartydens 'n wisselwerking tussen milieu-ervaringe en psigiese ontplooiing die persoonlikheid van die jong kind vorm en die mate bepaal waarin hy sy moontlikhede verwerklik. Soos wat die jong kind met sy omgewing interageer, word sy selfkonsep gevorm, die inhoud en patrone van sy taal ontwikkel, hy verwerf sosiale vaardighede, 'n houding teenoor leeraktiwiteite word gekweek en konsepte begin vorm wat hom daartoe in

staat stel om sy omgewing te interpreteer en te orden. Die vroeë jare is veral kritiek vir kinders uit omgewings wat ekonomies, sosiaal en opvoedkundig gebrekkig is, sodat hulle ervarings beperk word en hul ontwikkeling geredelik belemmer word.”

Die kind beskik by geboorte slegs oor bepaalde moontlikhede, wat nog verwerklik moet word. Die aktualisering van hierdie moontlikhede hou grootliks verband met die ervarings en stimuli wat in die milieu aan die kind voorsien word. Dit impliseer dat die verskeidenheid en kwaliteit van die milieu-ervarings waaraan die kind blootgestel word (onder andere die kwaliteit van die opvoeding) uiteindelik die kwaliteit van sy selfaktualisering bepaal. Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n verarmde sosio-kulturele milieu, wat onvoldoende ervarings, 'n verskraalde ervaringswêreld en uiteindelik die belemmering van sy persoonsontwikkeling en onderaktualisering van sy moontlikhede beteken. Dit volg dat die gesinsituasie waarin die milieu-benadeelde kind hom bevind die aktualisering van sy moontlikhede kan belemmer, ten spyte van die potensiaal waarvoor hy beskik. Op dié wyse word sy ontwikkeling nadelig beïnvloed deur die milieu waarin die kind homself bevind (De Klerk, 1989:30; Pretorius, 1987:33).

Aangesien die moeder dikwels buitenshuis werk om die inkomste van die gesin aan te vul, word die milieu-benadeelde voorskoolse kind dikwels in hierdie belangrike tydperk van sy lewe alleen tuis gelaat of versorg in dagsorginrigtings wat beperkte fasiliteite en ontoereikende sorg bied. Indien die moeder wel tuis bly en beskikbaar is vir die kind, is sy dikwels moedeloos, tam en onderwerp aan oormatige spanning. Die kleuter besoek selde 'n kleuterskool en bring dikwels baie van sy tyd op straat deur saam met sy leeftyd-, buurt- en statusgenote. Uit die resultate van 'n studie deur Vorster (1993:112) blyk dit dat slegs 25% van die kleuters met werkende moeders 'n kleuterskool bywoon, terwyl 37,5% in die sorg van 'n huishulp of ander persoon gelaat word. Die meerderheid kleuters ontbeer sodoende belangrike voorskoolse ervarings en die geleentheid om 'n gedeelte

van hul sosiale, kulturele, kognitiewe en funksionele agterstande uit te wis (Vorster, 1993:164; Pretorius, 1987:86; Garbers, 1980:47).

Bepaalde faktore in die gesinsmilieu kan, vanweë die ongunstige invloed wat dit op vroeë kinderlike ontwikkeling kan uitoefen, uitgesonder word as veral belangrik, te wete 'n verwaarloosde emosionele band tussen die moeder en die kind, 'n ongunstige gevoelsklimaat in die gesin, gevoelens van ongeborgenheid, 'n gebrek aan lewensruimte, 'n ontoereikende leefstyl, die lae kulturele en intellektuele peil van die ouers, ontoereikende vervulling van die kind se behoeftes, problematiese gesinsroetine, oneffektiewe hantering van probleme en krisisse in die gesin, negatiewe of persoonsbelemmerende gesinsinteraksie, 'n beperkte belangstelling deur die ouers in die aktiwiteite van die kind en onvoldoende geleentheid vir taalontwikkeling. Weens armoede is die verskeidenheid en kwaliteit van ervarings wat in die milieu-benadeelde gesin vir die kind beskikbaar is, asook die aantal en verskeidenheid voorwerpe tot sy beskikking, beperk. Goeie boeke en ander lees- en kykmateriaal, sowel as speelgoed wat kennisuitbreiding moontlik maak en noodsaaklik is vir die intellektuele stimulering en ontwikkeling van die kind, is nie tot die kind se beskikking nie en die gesin kan nie leersame uitstappies bekostig nie. Die voorskoolse ervaring van die kind word tot sy onmiddellike omgewing beperk. Hierbenewens het die milieu-benadeelde ouer gewoonlik té min tyd om voldoende aandag aan sy kind te gee, is gewoonlik nie "geredelik" beskikbaar om met die kind te gesels of na hom te luister nie, en, indien kommunikasie wel plaasvind, is dit gewoonlik van lae kwaliteit en eenrigting-kommunikasie, of geskied dit in die vorm van konfrontasie. Weens die verskraalde interaksie tussen ouer en kind ervaar die kind 'n onbevredigde behoefte aan verbale, kognitiewe en sosiaal-afektiewe stimulasie, asook 'n onvermoë om sy perseptuele en sosiale wêreld met behulp van taal te orden (Vorster, 1993:63-64; De Klerk, 1989:30-31; Pretorius, 1987:33-34).

Die kind in die milieu-benadeelde gesin word egter nie slegs aan swak kwaliteit en té min kommunikasie blootgestel nie, maar ontvang ook selde enige vorm van terugvoer en korrigerende wanneer hy taal besig. As gevolg hiervan kry hy selde die geleentheid om sy woordeskat uit te brei. Hierbenewens dien die ouers ook nie as gewenste taalmodelle nie en kan taalprobleme of 'n taalagterstand by die milieu-benadeelde kind dikwels toegeskryf word aan die voorbeeld van swak taalkwaliteit wat deur die ouers aan hom gestel word. As verdere verswarende faktor is die taal wat in die milieu van die kind gebesig word gewoonlik ook benede die gewenste standaard. Dit benadeel sy taalverwerwing verder en rem uiteindelik sy volwassewording. Die beperkte geleenthede vir taal oefening tuis en in sy onmiddellike milieu lei daartoe dat die kind nie in staat is om taal akkuraat en korrek as ekspressie-middel en kommunikasie-middel te gebruik nie. Weens die tekort aan en/of oneffektiewe aanwending van speelgoed en ander voorwerpe, word die ontwikkeling van konsepte by die kind belemmer. As gevolg hiervan verwerf die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie die nodige taal- en kommunikasie-vaardighede wat belangrik is vir sukses op skool nie. Die kind beskik gewoonlik oor gebrekkige auditiewe en visuele diskriminasievermoëns, wat spraakontwikkeling en die proses van leer-lees belemmer. Hierbenewens ervaar die kind 'n tekort aan taal wat abstraksies insluit, dit wil sê woorde wat kategorieë, klassifikasies en nie-konkrete gedagtes aandui. Gevolglik is die milieu-benadeelde kind gewoonlik nie gereed vir die taaleise wat in die formele skoolsituasie aan hom gestel word nie. Die voorskoolse ervaringe van die milieu-benadeelde kind verskil van dié ervaringe waaraan die deursnee middelklas kind blootgestel word, wat tot gevolg het dat hy selde aan die eise en verwagtinge van die skool, wat nie hierdie verskille in aanmerking neem nie, kan voldoen. Weens sy agterstand met betrekking tot taal en ervaring, onvoldoende motivering en verskraalde intellektuele gestimuleerdheid ervaar die milieu-benadeelde voorskoolse kind gewoonlik 'n ernstige kognitiewe agterstand, veral met betrekking tot aspekte soos konsepvorming, abstrahering en veralgemening. Hy openbaar gewoonlik agterstande met betrekking tot formele taal, lees,

toetssituasies, abstrakte denke en probleemoplossing (Booyse, 1994:126; Roberts, 1994:52; Atmore, 1993:124; Pretorius, 1987:35).

Die opvoedingsimplikasies van die situasie waarbinne die milieu-benadeelde kind ontwikkel, is baie negatief. Weens ontoereikende voeding en gesondheidsorg is die kind se fisieke toestand dikwels swak, wat lae energie en 'n behoefte aan lewenskrag tot gevolg het. Dit, tesame met belemmeringe ten opsigte van kognitiewe en taalontwikkeling, lei tot skoolweerloosheid, dit wil sê ontoereikende leer- en skoolgereedheid, wat dikwels in druipling en vroeë uitsakking resulteer, gewoonlik reeds in die laerskool. Dit bevestig die feit dat daar 'n betekenisvolle verband bestaan tussen die kulturele peil van 'n kind se sosio-ekonomiese milieu en die sukses wat hy op skool behaal, waar die kind met sosiale, kulturele en opvoedingsbelemmeringe selde optimaal presteer op skool, as gevolg van verskraalde voorskoolse en buiteskoolse ervarings. Alhoewel die voorskoolse kind noodsaaklike ervarings vanaf geboorte ontbeer, is die problematiek van milieu-benadeeldheid eers werklik opvallend wanneer die kind die skoolsituasie betree en op grond van sy eie ervarings en ontoereikende stimulasie nie voldoende toegerus is om aan die eise van die skoolsituasie te voldoen nie. Die milieu-benadeelde kind betree die skoolsituasie met 'n agterstand ten opsigte van alle leeraktiwiteite weens die feit dat hy as voorskoolse kind nooit geleer het om te leer nie en daarom nie in staat is om baat te vind by die skoolse onderrig wat aan hom gebied word nie. Hy beskik eenvoudig nie oor die vaardighede, ingesteldheid en emosionele stabiliteit om homself in die skoolsituasie te kan "red" nie en is sodoende nie in staat tot optimale prestasie nie (Pretorius, 1998b:313 & 323; Atmore, 1993:124; Lambinon, 1987:2; Pretorius, 1987:86-87).

Op grond daarvan dat milieu-benadeelde ouers selde aan die kind uit storieboeke voorlees, selde vir die kind storieboeke koop, die kleuter nie leer om van kleins af prente te "lees" nie (wat belangrik is vir die ontwikkeling van diskriminasievermoëns) en nie die nodige geleentheid skep vir die kleuter om 'n

biblioteek te besoek nie, voorsien die milieu-benadeelde gesinsituasie die kind nie van 'n geletterde omgewing nie en word sy verwerwing van leesvaardighede op dié wyse deur sy sosio-ekonomiese situasie gerem. Binne dié milieu is daar afwesigheid van goeie leesstof, kleuterboeke en opvoedkundige speelgoed wat intellektuele stimulering en ontwikkeling kan bevorder. Hierbenewens ontvang die kleuter ontoereikende ouerlike begeleiding tydens sy ontwikkeling, veral met betrekking tot sy perseptueel-motoriese ontwikkeling. As gevolg hiervan vertoon die perseptueel-motoriese ontwikkeling van die milieu-benadeelde kleuter gewoonlik tekorte, wat weer aanleiding gee tot visuele en ouditiewe diskriminasieprobleme, 'n gebrek aan tyds- en getalkonsepte en 'n kort aandagspan. Uiteindelik lei hierdie probleme daartoe dat die milieu-benadeelde kind nie skoolgereed is nie, wat dikwels tot leerprobleme (veral leesprobleme) aanleiding gee en uiteindelik in akademiese mislukking resulteer (Vorster, 1993:92; 95 & 164).

Pretorius (1998a:36-51) verduidelik die gebrek aan affektiewe skoolgereedheid, wat gewoonlik kenmerkend is van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, aan die hand van die volgende algemene kenmerke:

- ◆ **Onvervulde fisiese behoeftes:** Die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur 'n lae inkomste en behoeftige behuising. Die kind ontvang gewoonlik té min kleding, voeding en mediese versorging, wat daartoe lei dat hy nie gemotiveerd is om optimaal te leer en te presteer nie. Hierbenewens is die kind dikwels siek, wat in ongereelde skoolbywoning resulteer. Dit blyk dat die fisieke ontwikkelingsstand van die milieu-benadeelde voorskoolse kind sodanige agterstande vertoon dat hy nie in staat is om aan die eise van die skool te voldoen of optimaal te ontwikkel en te leer nie.

- ◆ **Affektiewe labiliteit en onveiligheidsbeleving:** Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ontvang selde voldoende liefde en persoonswarmte van die ander gesinslede, veral die ouers. Dit lei daartoe dat hy gevoelens van

onveiligheid en lewensonsekerheid beleef. Hierbenewens word affektiewe labiliteit en die onveiligheidsbelewing van die milieu-benadeelde voorskoolse kind geïntensiveer deur faktore soos gesinslabiliteit, gesinsverbrokkeling en opvoedingsverwaarlosing. Dit lei gewoonlik tot onsekere, gespanne en angstige gedrag in die skoolsituasie, wat dan gewoonlik in mislukking eindig.

- ◆ **Emosionele afhanklikheid:** Die milieu-benadeelde voorskoolse kind is dikwels skoolkwesbaar weens 'n gebrek aan genoegsame liefde en warmte in die gesinsituasie en die feit dat sy emosionele ontwikkeling gevolglik nie toereikend geskied nie. Hy is gewoonlik selfgerig en fokus hoofsaaklik op die vervulling van sy eie onvervulde emosionele behoeftes.
- ◆ **Lae selfkonsep:** Weens die milieu-benadeelde situasie waarin die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom bevind en die ontoereikende opvoedingstyl van die ouers ontwikkel hy 'n negatiewe selfkonsep as persoon en as leerder.
- ◆ **Affektiewe leergremdheid:** Die milieu-benadeelde kind begryp nie die erns van die skoolsituasie nie en is gewoonlik nie affektief gereed om te leer nie. Hy openbaar 'n speelse ingesteldheid, wat daartoe lei dat hy dit moeilik vind om aandag te gee, intensief te konsentreer en 'n taak te voltooi.

Die milieu van die milieu-benadeelde voorskoolse kind bemoeilik dus in alle opsigte sy kans om sy latente persoonsmoontlikhede optimaal te ontplooi en dienooreenkomstige prestasies te lewer. Hy bevind hom vanaf geboorte in lewensomstandighede waarvolgens hy belangrike ervarings en blootstelling ontsê word en waar hy, weens beperkte stimulerings, 'n gebrek aan motivering ervaar en uiteindelik nie na wense vorder nie, op skool sowel as later in 'n beroep. Die kind bevind hom in 'n lewensituasie wat gekenmerk word deur 'n verarmde milieu, onstabiele interpersoonlike verhoudings, 'n ongunstige omgewing met toestande soos 'n oorvol, ongeorganiseerde huishouding, lawaai

en misdaad, onvoldoende mediese en tandheelkunde versorging, ongebalanseerde voeding, die afwesigheid van vormende speelgoed en fasiliteite, 'n kultureel andersoortige opvoedingsfeer en ontoereikende kognitiewe ontwikkeling. As uitvloeisel hiervan is die milieu-benadeelde kind dikwels onseker, angstig en wantrouig teenoor die wêreld en vestig hy selde intieme, stabiele verhoudinge met volwassenes. Alhoewel milieu-benadeeldheid deur verskeie faktore veroorsaak kan word, word deprivasie en verwaarlosing as van die belangrikste faktore beskou, wat sentraal staan in die situasie van die milieu-benadeelde kind (Booyse, 1994:123 & 127; Garbers, 1980:16-17).

Pretorius (1987:40) verwys na definisies van **deprivasie** en meld dat dit die idee van *verlies* of *verstokenheid* beklemtoon, asook 'n *gebrek*, *gemis* of *tekort* aan dit wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die kind of dit wat nodig is vir die bevrediging van sy basiese behoeftes. Pretorius (1987:41) onderskei tussen deprivasie as gevolg van gesinsfaktore, deprivasie as gevolg van buurtfaktore en deprivasie as gevolg van skoolfaktore. Slegs die eersgenoemde twee vorme word as relevant beskou vir die onderhawige studie, aangesien die klem in die studie op die milieu-benadeelde voorskoolse kind val, wat impliseer dat die formele skoolsituasie nog nie werklik ter sprake is nie. Deprivasie weens gesinsfaktore en deprivasie weens buurtfaktore word vervolgens kortliks bespreek.

Die volgende drie vorme van deprivasie, waaraan die milieu-benadeelde kind gewoonlik blootgestel word, kan aan gesinsfaktore toegeskryf word:

- ◆ **Materiële deprivasie:** Dit verwys na gesinsarmoede, swak en oorval behuising, ontoereikende versorging van die kind (ook wat sy gesondheid betref), ondervoeding en wanvoeding, ongunstige higiëne, asook 'n tekort aan boeke, speelgoed en leersame uitstappies. Weens swak behuising word die gesinslewe dikwels gekenmerk deur spanning en disharmonie, wat soms daartoe lei dat die gesin verbrokkel. Hierbenewens ontbreek privaatheid en

speelruimte vir die kind. As gevolg hiervan voel die kind dikwels onveilig en minderwaardig, asook gefrustreerd vanweë die nie-beskikbaarheid van voldoende ruimte vir spel en ander vrye aktiwiteite. In die milieu-benadeelde gesin is daar dikwels 'n versteuring in gesinsverhoudinge. Veral die vader spandeer selde tyd aan gesprekvoering en spel met sy kind, dikwels vanweë die feit dat hy oortyd moet werk en min tuis is (Pretorius, 1998b:119; De Witt & Booysen, 1995:129; Pretorius, 1987:41-42).

- ◆ **Kulturele deprivasie:** Kulturele deprivasie verwys na sintuiglike en taaldeprivasie en impliseer dat die kind nie die sintuiglike en taalervaringe opdoen wat noodsaaklik is ter voorbereiding vir die eise van die skool nie. Hierbenewens verwys dit na ontoereikende belangstelling, aanmoediging en aktiewe betrokkenheid deur die ouers met betrekking tot die opvoeding en onderwys van die kind, dit wil sê opvoedingsverwaarloosing. Kulturele deprivasie kan gewoonlik toegeskryf word aan die ouers se eie lae onderwyspeil, wat tot gevolg het dat hulle nie oor die vermoë beskik om tuis die nodige stimulerende ervaringe aan die kind te voorsien nie en dikwels 'n ongunstige houding openbaar ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kind. Die milieu-benadeelde kind ervaar veral 'n kognitiewe en onderwysagterstand. In die groot milieu-benadeelde gesin gee die moeder dikwels min persoonlike aandag aan die kinders, is oorvolheid 'n ernstige probleem en is toereikende voeding en versorging van gesinslede moeilik. Met betrekking tot sintuiglike deprivasie openbaar die milieu-benadeelde voorskoolse kind 'n behoefte aan blootstelling en stimulering ten opsigte van 'n verskeidenheid sintuiglike ervaringe. Sy milieu ontbreek aan skoonheid en verskeidenheid en word gekenmerk deur min boeke, vormende speelgoed en stimulerende ervaringe. Dit lei gewoonlik daartoe dat hierdie kind oor 'n twyfelagtige leer- en leesgereedheid beskik wanneer hy tot die skoolsituasie toetree. Wat taaldeprivasie betref, word die milieu-benadeelde voorskoolse kind gekenmerk deur ontoereikende taalervaring weens ongunstige kommunikasie met gesinslede (veral die moeder), ontoereikende taalmodelle

en 'n versteurde emosionele klimaat in die gesinsituasie (Pretorius, 1998b:120; De Witt & Booysen, 1995:130-131; Pretorius, 1987:43-45).

- ◆ **Emosionele deprivasie:** Dit verwys na aspekte soos die verwaarlosing van persoonswarmte en liefhebbendheid van die kant van die ouers, die afwesigheid van die vader, egskeiding en die posisionele (outokratiese) opvoedingstyl van die ouers, waaraan die kind onderwerp word. 'n Aangeleentheid wat dikwels tot emosionele deprivasie aanleiding gee, is langdurige en traumatiese skeiding (byvoorbeeld as gevolg van afwesigheid) van een van die ouers (veral die moeder). Dit kan die persoonsontwikkeling van die kind ernstig belemmer, veral indien die skeiding plaasvind voor die ouderdom van twee jaar en indien dit langer as drie jaar voortduur. Hierbenewens kan ontoereikende of versteurde interaksie tussen moeder en kind, of verwerping van die kind deur die moeder, ook die kind nadelig beïnvloed en vir hom emosionele deprivasie beteken. Indien die vader afwesig is, het die kind ook 'n agterstand, aangesien 'n manlike identifikasiefiguur vir hom ontbreek, asook vanweë die feit dat 'n vaderlose gesin dikwels gekenmerk word deur materiële gebrek, gevoelens van onveiligheid en emosionele spanning. Die buite-egtelike, vaderlose kind word vanaf geboorte nadelig beïnvloed deur sy situasie, aangesien hy deurlopend aan die psigiese gevolge van sy vaderloosheid ly en sy selfkonsep nadelig beïnvloed word deur die stigma verbonde aan die situasie waarin hy hom bevind. Hierbenewens kan emosionele deprivasie voorkom in 'n gesinsituasie waar die vader wel teenwoordig is, maar hom sodanig onttrek dat hy as afwesig beskou kan word (Pretorius, 1998b:120; De Witt & Booysen, 1995:132; Pretorius, 1987:46-45).

Deprivasie weens buurfaktore word veroorsaak deur die omgewing waarin die milieu-benadeelde gesin funksioneer. Milieu-benadeelde gesinne vestig hulself dikwels in kenmerkende woongebiede, waarvan die geografies-fisiese en maatskaplike kenmerke nie as gunstig beskou kan word vir die ontwikkeling van

die kind nie. Tipiese kenmerke van die milieu-benadeelde buurt is reeds elders bespreek (kyk 2.2).

Benewens deprivasie word die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan verskeie vorme van verwaarlosing blootgestel. Die onderskeie vorme wat gewoonlik merkbaar is, word vervolgens kortliks beskryf:

- ◆ **Materiële verwaarlosing:** Materiële verwaarlosing is gewoonlik waarneembaar in die milieu-benadeelde gesinsituasie weens die nie-beskikbaarheid van noodsaaklike kommoditeite soos voldoende behuising, voedsel, kleding, nagrus, mediese sorg, higiëne en ontspanningsfasiliteite. Die milieu-benadeelde kind is onversorg en verwaarloos en voel dikwels minderwaardig as gevolg van sy opvallende voorkoms wanneer hy die skoolsituasie betree. Hy word ook nie toereikend opgevoed met betrekking tot selfversorging nie. Alhoewel die gesin nie altyd arm is nie en soms wel 'n inkomste het, word geld dan op luukse spandeer eerder as op vormende speelgoed, goeie boeke en kultureel-verrykende uitstappies of die instandhouding en versorging van die huis en tuin (Pretorius, 1987:49-50).
- ◆ **Sosiale verwaarlosing:** Sosiale verwaarlosing impliseer die verwaarlosing van die sosiale lewe van die kind ten opsigte van veral sy saamlewe met ander, sy sosialisering en sy sosiaal-maatskaplike oriëntering. Die sosiale verwaarlosing van die milieu-benadeelde kind het tot gevolg dat sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede nie toereikend verwerklik word nie. As gevolg van die kind se stryd om sosiale handhawing in die situasie waarin hy hom bevind, leer hy nie om toereikend met sy medemens saam te leef nie, verwerf hy nooit die sosiale waardes en norme (leefreëls) wat belangrik is om sy sosiale lewe toereikend te verwerklik nie en word hy as gevolg hiervan dikwels as 'n sosiaal waningeskakelde leerling in die skoolsituasie getipeer (Pretorius, 1987:50).

- ◆ **Affektiewe verwaarlosing:** Affektiewe verwaarlosing spruit uit onvoldoende liefde en gevoelswarmte in die gesinsituasie, wat beteken dat die kind 'n gesellige gesinsatmosfeer en ryke gevoelskontak met gesinslede ontsê word. Die milieu-benadeelde gesinsituasie word dikwels gekenmerk deur 'n gebrek aan liefdevolle verbondenheid tussen ouer en kind, wat daartoe lei dat die gevoelslewe van die kind nie toereikend gewek word nie en dat hy affektief honger en arm bly. Dit lei gewoonlik tot gevoelens van onveiligheid en basiese lewensonsekerheid (Pretorius, 1987:50-51).
- ◆ **Taalverwaarlosing:** Die milieu-benadeelde situasie word gekenmerk deur arme, verskraalde taal, plattaal en vloektaal, op grond waarvan die gesinslede (ook die voorskoolse kind) in 'n bepaalde sosiale groepering geplaas word. Soos reeds gemeld, is die taalverwerwing van die milieu-benadeelde voorskoolse kind gewoonlik benede die gewenste standaard, hoofsaaklik vanweë die ongunstige taalvoorbeeld wat deur die ouers gestel en in die omgewing gehandhaaf word. Sy beperkte taalverwerwing word openbaar in taaltekorte in terme van aspekte soos taalbeheer, uitspraak, kort en onvoltooide sinne, woordvoeging, woordeskat, taalstyl en taalkode. Die kind beskik gewoonlik oor eng konsepvorming, wat daartoe lei dat hy eerder beskrywend en konkreet-gebonde is in sy taalaanwending as analities en abstrak. Benewens genoemde faktore in die gesinsituasie lei die ontoereikende leesgewoontes van die gesin tot 'n agterstand by die milieu-benadeelde kind, aangesien hy nie tuis blootgestel word aan goeie boeke en ander leesstof nie en dit nie leer hanteer en waardeer nie. Die ouers besit gewoonlik nie goeie boeke of ensiklopedieë nie en die kind word selde aangemoedig om verrykende boekmateriaal uit 'n biblioteek te neem. Indien leesstof wel beskikbaar is, is dit gewoonlik van onvoldoende kwaliteit en neem dit byvoorbeeld die vorm aan van kykboeke, strokiesverhale, fotoverhale en soetsappige stories (Pretorius, 1987:51-52).

- ◆ **Opvoedingsverwaarlosing:** Die milieu-benadeelde gesin verwerklik versteurde opvoedende saamlewe, wat in 'n problematiese opvoedingsituasie resulteer en daartoe lei dat die milieu-benadeelde kind 'n kind-in-opvoedingsnood is, wat nie tot optimale selfaktualisering kan kom nie. Die gesin slaag nie daarin om belangrike gesinstake toereikend te verwerklik nie (elders bespreek) en die milieu-benadeelde gesinsituasie word dikwels deur disfunksionering en versteurde verhoudinge gekenmerk. Opvoedingsverwaarlosing binne die milieu-benadeelde gesin neem gewoonlik die vorm aan van ontoereikende opvoedingsverhoudinge, ongunstige opvoedingsomgang, verskraalde opvoedingsbemoeyenis en die ongunstige voorbeeld wat deur die ouers gestel word. Die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies is reeds elders breedvoerig bespreek (kyk 2.3 in dié verband) (Pretorius, 1987:53-57).

- ◆ **Kultuur-opvoedkundige verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n kultureel-arm milieu, waar die kulturele ervaring wat hy opdoen skraal en ongedifferensieerd is. Op grond van die ouers se eie verarmde kultuurwêreld en daarmee gepaardgaande lae kultuur-opvoedkundige peil, bevind die kind homself ook in 'n lae kultuur-opvoedkundige peil, waarvan die grense en beperkinge moeilik oorskry word. Die milieu-benadeelde kind word nie van die nodige kultuurinhoud en kultuurmateriaal voorsien om sy verstandelike en funksionele ontwikkeling te bevorder nie. Hierbenewens sien die ouers nie toe dat belangrike kultureel-verrykende aktiwiteite verwerklik word nie, aangesien hulle selde aan die kind voorlees, verhale vertel, vir hom versies leer, hom laat teken, vormende speletjies, opvoedkundige speelgoed en kinderboeke voorsien, legkaarte laat bou, konstruktiewe stokperdjies laat beoefen, die kind se vroeë sinvol beantwoord, hom op leersame uitstappies neem (soos na die dieretuin, kamplewe, museums), 'n belangstelling in skoolaktiwiteite en die begeerte om te leer wek, taalverwerwing bevorder, die kind bepaalde dinge leer en vertel, die kind tot denkaktiwiteite aanmoedig en positiewe houdinge by die

kind kweek ten opsigte van kennis, die skool en prestasie. Die milieu-benadeelde kind ervaar 'n tekort aan toereikende kulturele en opvoedkundige stimulering en die nodige vormende leesstof en voorbereidende voorskoolse en buite-skoolse ervaringe ontbreek derhalwe, veral met betrekking tot belangrike taalervaringe, speelervaringe, liggaamlike ervaringe, kulturele ervaringe, sosiale ervaringe en opvoedingservaringe. Dit is veral merkbaar wanneer die kind die skoolsituasie betree en byvoorbeeld nie in staat is om aandagtig te luister nie, weens die feit dat hy nooit voorskools verhale of voorlesings gehoor het nie, of bepaalde agterstande openbaar weens die feit dat hy as kleuter nooit museumbesoeke, konserte, vakansies, musiekuitvoerings, goeie kunsuitstallings, ensovoorts meegemaak het nie (Pretorius, 1987:57-59).

As samevatting van die algemene kenmerke en agterstande wat gewoonlik deur die milieu-benadeelde kind geopenbaar word, word afgesluit met 'n beskrywing van dié algemene tekorte en agterstande, soos geïdentifiseer deur Pretorius (1998b:321-322). Alhoewel sommige van hierdie kenmerke nie direk van toepassing is op die voorskoolse kind nie, word al die kenmerke nogtans kortliks bespreek ter wille van volledigheid.

- ◆ **Taalagterstande:** Die milieu-benadeelde kind beskik oor 'n eng woordeskat en openbaar eenvoudige sinskonstruksie, beperkte spraakgewoontes en formele taalpatrone, gebrekkige lees- en skryfvaardighede en leesgewoontes, 'n onvermoë om abstrakte simbole en komplekse taalvorme te gebruik vir interpretasies en kommunikasie, asook beperkte taalkode. Hy maak meer dikwels gebruik van nie-verbale kommunikasie en beskik slegs oor 'n beperkte vermoë om taal as kommunikasie-, intelligensie-, ekspressie- en abstraheringsmiddel te benut.


- ◆ **Ondoelmatige leerstyl:** Die milieu-benadeelde kind leer eerder deur middel van induktiewe as deduktiewe metodes en gee voorkeur aan fisiese, konkrete, nie-verbale, praktiese, onmiddellike, tydsame en persoon-gesentreerde benaderings. Hy is selde in staat om deur middel van bespreking en verduideliking tot insig te kom en toon agterstande met betrekking tot die simboliese en verbeeldingsmatige. Hy openbaar 'n behoefte aan onmiddellike, konkrete resultate en onmiddellike bevrediging uit dit wat hy geleer het, beskik nie oor die vermoë om veelvoudige probleme en take te hanteer nie en het 'n kort aandagspan. Hy is eerder anti-intellektueel en pragmaties ingestel as teoreties en fokus geredelik sy aandag op leerstof wat op lewendige, realistiese wyse aangebied word.
- ◆ **Ervaringsagterstande:** Die milieu-benadeelde kind toon begrensde alledaagse ervaring, kennis en leeraktiwiteite in beide sy gesinsmilieu en sy wyer omgewing. Vanweë sy omstandighede word hy nie van die nodige ervaringe en stimuli voorsien wat belangrik is vir sukses op skool nie.
- ◆ **Sosiaal-afektiewe agterstande:** Die lae selfkonsep van die milieu-benadeelde kind beïnvloed sy prestasies en sosiale gedrag. Weens die verskraalde sosiale en kommunikatiewe ervaring tuis en in sy onmiddellike omgewing beskik hy nie oor die nodige vaardighede in dié verband nie. In die situasie waarin hy hom bevind, ontvang hy selde enige vorm van goedkeuring, erkenning of motivering met betrekking tot prestasies en gedrag. Sy gesitueerdheid word gewoonlik gekenmerk deur 'n behoefte aan stabiele identifikasiefigure, wat impliseer dat die kind sterk onderhewig is aan die invloed van die sosiaal ongewenste gedrag van die volwassenes in sy milieu (gewoonlik wangenormeerde voorlewing deur die ouers en ander volwassenes). Die kind se waardes is dikwels teenstrydig met die waardes van die dominante kultuur, wat daartoe lei dat hy gevoelens van verwerping en minagting deur lede van die dominante kultuur beleef. Sy lae selfkonsep

en gevoelens van gefrustreerdheid kom dikwels tot uiting in aggressiewe, gewelddadige en destruktiewe gedrag.

- ◆ **Kognitiewe agterstande:** Die milieu-benadeelde kind presteer gewoonlik swakker in vergelyking met kinders uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge en presteer swak in gestandaardiseerde toetse, veral in toetse waar daar 'n tydsbeperking is. Hy voltooi kognitiewe take stadiger as ander kinders, maar is nie noodwendig dom nie. Die kind toon min belangstelling in die abstrakte en kry selde oefening in denke en probleemoplossing. Hierbenewens ondervind hy gewoonlik probleme by die herkenning van ooreenkomste en verskille.
- ◆ **Fisiese tekorte:** Die milieu-benadeelde kind word as biologies misdeeld beskou, onder andere vanweë die feit dat hy gewoonlik swak gevoed, geklee en fisies versorg is, ontoereikende mediese versorging ontvang en dikwels té min slaap, rus en ontspanning kry.
- ◆ **Onderwysagterstande:** Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n gebrekkig-geletterde of ongeletterde kultuurgroep en leer derhalwe nie die waarde van leeraktiwiteite en onderwys ken nie. Weens die ouers se apatiese ingesteldheid en onbetrokkenheid met betrekking tot onderwys, ervaar hy gewoonlik beperkte aspirasies en motivering in dié verband. Sy talle agterstande resulteer geredelik in kumulatiewe kognitiewe tekorte wanneer hy die skoolsituasie betree. Ander verswarende faktore sluit in 'n akkulturasieprobleem (tesame met die ambivalensies wat rondom hierdie probleem ontstaan), die lae onderwyspeil en ongeletterdheid van die ouers, ontoereikende onderwys en onderwys-fasiliteite, 'n tekort aan goed opgeleide onderwysers, goeie boeke, onderwys- en kommunikasiemiddele, taalproblematiek, agterstande weens die kind se geografies-fisiese gesitueerdheid en armoede.

Garbers (1980:52) bied 'n geheelbeeld van die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde kind (insluitend die voorskoolse kind) in die vorm van 'n skematiese voorstelling. Kyk Figuur 2.1 vir hierdie voorstelling, wat aanduidend is van die armoedspiraal wat gewoonlik van geslag tot geslag voortgesit word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat elke mens uniek is, die strewe het om self iemand te wees en oor keusevryheid beskik. Dit impliseer dat die mens oor die moontlikheid beskik om uit die armoedspiraal te ontsnap en sy milieu-benadeelde situasie te bowe te kom.

FIGUUR 2.1 : Die armoedspiraal (Garbers, 1980:52)



2.6 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind te beskryf, ten einde 'n beeld te verkry van die leefwêreld waarin hierdie kind hom daaglik bevind.

Die milieu-benadeelde buurt is omskryf as 'n onaantreklike en verwaarloosde buurt waar verskynsels soos buurtwiste, misdaad, geweld, alkoholisering en lawaai aan die orde van die dag is. Nadat 'n geheelbeeld van die omgewing waarin die milieu-benadeelde gesin hom bevind, gebied is, is die gesinsituasie in terme van pedagogiese, psigologiese en sosiale kenmerke bespreek. Kenmerkende eienskappe van die milieu-benadeelde gesinsituasie is uitgelig ten einde 'n beeld van 'n tipiese gesin in die milieu-benadeelde gemeenskap te verkry.

Voorts is die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer beskryf, ten einde as agtergrond te dien vir Hoofstuk 3, waarin verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en sy opvoedingsgedrag onder die soeklig sal val.

Laastens is tipiese agterstande en kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind bespreek, wat dan ook as agtergrond dien vir die volgende hoofstuk. Die kind se nie-skoolgereedheid, hoofsaaklik as gevolg van sy beperkte ervaring en stimulasie, is beklemtoon. Hierbenewens is ander kenmerke uitgelig, soos taalagterstande, fisiese tekorte en kognitiewe agterstande, asook die feit dat die milieu-benadeelde kind se totale ontwikkeling belemmer word deur die lewensomstandighede en milieu waarin hy hom bevind.

HOOFSTUK 3

WAARDE-ORIËNTASIE AS FAKTOR BY DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOSE KIND

3.1 INLEIDING

Dit is in die oriënterende inleiding aangedui dat die verband tussen die persoonlike waarde-oriëntasies van milieu-benadeelde ouers enersyds en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind andersyds, in die onderhawige studie onder die soeklig val. Vervolgens word dan nou oorgegaan tot 'n ondersoek na die wyse waarop die persoonlike waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer die gesinsopvoeding beïnvloed, veral in terme van die opvoedingstyl van die ouer, die opvoedingsinhoud en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind.

3.2 WAARDE-ORIËNTASIE EN OPVOEDING

Dit is reeds beklemtoon dat 'n persoon se waarde-oriëntasie 'n bepalende invloed uitoefen op talle aspekte van sy lewe en dat die waarde-oriëntasie van ouers as 'n belangrike faktor beskou kan word by die beïnvloeding van hulle opvoedingsgedrag en die realisering van hulle opvoedingsdoelwitte. Waarde-oriëntasie het derhalwe 'n invloed op verskeie aspekte van die ouers se lewe, meer spesifiek op die onderskeie aspekte van die gesinsopvoeding wat deur hulle verwerklik word.

Die belangrikheid van waardes, wat in noue verband staan met persoonlike oortuigings, word dikwels in die literatuur beklemtoon, soos uit die volgende uitsprake blyk:

- ◆ *“The value concept, more than any other, should occupy a central position ... able to unify the apparently diverse interests of all the sciences concerned with human behavior” (Rokeach, 1979:3).*
- ◆ *“... theorists view values as the criteria people use to select and justify actions and to evaluate people (including the self) and events. We, too, adopt this view of values as criteria rather than as qualities inherent in objects” (Schwartz, 1992:1).*
- ◆ *“... general cultural values (i.e., the way a cultural group views children) will influence parents’ attitudes toward and goals for their children” (Okagaki & Divecha, 1993:37).*
- ◆ *“Beliefs can serve as a source of parental teaching and management behaviors, influencing the child’s intellectual and personal-social development” (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:349).*
- ◆ *“Value consists of the importance that is assigned to a particular behavior or the worth of a characteristic ... value refers to what the parent considers an important outcome either in the child, in their relationship, or in the parent’s own life. If the parent values the child’s independence the parent becomes more likely to place a value on actions that are believed to foster such autonomy ...” (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:351).*

Waardes word beskou as die mees abstrakte vorm van sosiale kognisie wat deur ‘n individu gebruik word om algemene response op stimuli te stoor en verdere response en gedrag te rig. Waarde-oriëntasie verteenwoordig in werklikheid die vorige ervaringe van ‘n individu en verskaf riglyne om nuwe keuses te maak en uit te voer. Waardes ontwikkel dus uit lewenservaring, waar ervaringe opgedoen word deur interaksie met die omgewing in ‘n poging om optimale interaksie met die omgewing te bewerkstellig (Kahle, 1996:135).

Hofstede, Neuijen, Ohayv en Sanders (1990:291) beklemtoon die verband tussen waardes en kultuur in hulle uitspraak dat 'n onderliggende waarde-oriëntasie een van die belangrikste boustene van enige kultuursisteem vorm. Die kern van enige kultuur word gevorm deur bepaalde waardes, of breë gevoelens ten aansien van bepaalde sake, wat manifesteer as alternatiewe wyses van gedrag. Die funksie van waardes is om individue se gedrag te reguleer sodat hulle by die groep waaraan hulle behoort, hetsy 'n kultuurgroep of ander sosiale groepering, kan aanpas en die voorgeskrewe riglyne van die groep kan gehoorsaam (Schein, 1992:10).

Soos elders gemeld, word elke sosio-ekonomiese groepering deur 'n bepaalde unieke kultuur, lewensbeskouing, waardesisteem en gedragspatrone gekenmerk. Hierbenewens beskik kinders uit die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge oor unieke, andersoortige opvoedingservaringe en word hulle aan uiteenlopende geleenthede en vorme van beloning blootgestel. 'n Uitkoms hiervan is dat kinders uit die onderskeie sosio-ekonomiese klasse eiesoortige kenmerke toon ten opsigte van persoonlikheidsstruktuur, gedrag en houdings (Mussen, 1979:65).

Die aard van die probleme wat mense uit die laer- of werkersklasse ervaar, verskil van dié probleme waarvoor mense uit die middel- en hoër klasse te staan kom. Hierbenewens streef mense uit milieu-benadeelde groeperinge ander doelwitte na en huldig hulle ander waardes as dié van hoër sosio-ekonomiese klasse. Die opvoedingsgedrag wat hulle teenoor hulle kinders verwerklik, word op grond van hierdie verskille op 'n bepaalde wyse gerig.

'n Voorbeeld van die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer die gesinsopvoeding beïnvloed, is dat dié ouer gewoonlik meer **konformerend** ingestel is by die opvoeding van sy kind. Alhoewel dit nie veralgemeen kan word nie, wil dit voorkom asof ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde ouers) gewoonlik meer krities, bestraffend en

onverdraagsaam ten aansien van ongehoorsaamheid is as ouers uit middel- en hoër sosio-ekonomiese klasse (Pienaar, 1997:171; Shaffer, 1996:612).

Kohn (1977:xxxii-xxxiii) merk die volgende op in verband met die invloed van die waardes van milieu-benadeelde ouers op hulle opvoedingsgedrag:

*“... working class parents’ **higher valuation of conformity** to external authority, influences their disciplinary practices and also the allocation, between mother and father, of responsibility for providing support to, and imposing constraints on, their children”* (my beklemtoning).

In die literatuur word tien tipes motiveringswaardes onderskei, op grond waarvan die mens se gedrag, ook die opvoedingsgedrag van die ouer, gedryf word, te wete mag, prestasie, hedonisme, stimulasie, selfbestuur, universalisme, welwillendheid, tradisie, sekuriteit en **konformering**. Waar selfbestuur gerig is op vryheid, kreatiwiteit, onafhanklikheid, die kies van eie doelwitte, nuuskierigheid en selfrespek, impliseer **konformering** die nastreef van gehoorsaamheid, selfdissipline, beleefdheid en respek vir ouers en ander ouer persone. Gehoorsaamheid impliseer pligsgetrouheid en die nakom van verpligtinge, selfdissipline omsluit selfweerhouding en versoekingsweerstand, terwyl beleefdheid op goeie maniere en hoflikheid dui. Die sentrale doelwit van die waarde **konformiteit** is dus die beperking van enige vorm van gedrag of impuls wat ander moontlik kan skade aandoen of wat sosiale verwagtinge of norme kan skend (Jacobs, 1995:52; Schwartz, 1992:4; 6 & 9).

Volgens Kohn (1977:35) is die belangrikste verskil tussen konformiteit en selfbestuur daarin geleë dat laasgenoemde op interne standaarde vir gedrag gerig is, terwyl konformiteit op ekstern opgelegde reëls fokus. Selfbestuur hou verband met intensie of onderliggende motief, terwyl konformiteit op gevolge afgestem is.

Die wyse waarop opvoedingsgedragspatrone by die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge verskil, is dikwels die fokus van navorsingsprojekte. Veral Kohn (1977:xxvi) het verskeie studies onderneem van die verband tussen sosiale klas en waarde-oriëntasie. Van sy bekendste bevindinge dui daarop dat hoe laer die sosiale klas is waaraan 'n persoon (ouer) behoort, hoe groter die moontlikheid dat hy konformiteit aan eksterne outoriteit as waarde sal nastreef en dat hy dienooreenkomstig sal glo in die blote navolg van voorskrifte, as die beste, moontlik selfs die enigste uitvoerbare wyse van gedrag. Hierdie bevindinge is met verloop van tyd deur verskeie ander studies bevestig.

Holden (1995:367-368) verwys na een van die eerste studies wat in hierdie verband onderneem is deur Gildea, Glidewell en Kantor (1961), waar bevind is dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge, in teenstelling met moeders uit middel en hoër sosio-ekonomiese klasse, gewoonlik gekenmerk word deur strenger houdings ten opsigte van die dissiplinerings van hulle kinders, 'n groter mate van onsekerheid ten aansien van hulle vaardigheid as opvoeders en 'n mindere mate van verantwoordelikheid vir gedragsprobleme wat deur hulle kinders openbaar word. Hierbenewens bevestig navorsing telkens die verskynsel dat milieu-benadeelde ouers minder geneig is om warmte teenoor hulle kinders te openbaar en meer geneig is om absolute gehoorsaamheid as waardevol te ag en van hulle kinders te vereis.


Alhoewel 'n verskeidenheid faktore bydra tot sosiale klasverskille met betrekking tot gesinsopvoeding, word ekonomiese oorwegings as die belangrikste faktor beskou. Daar bestaan betekenisvolle verbande tussen die ekonomiese nood waarin 'n gesin verkeer, die onverskillige opvoedingstyl van die ouers en anti-sosiale gedrag en aanpassingsprobleme van die kinders. Die lewe in lae sosio-ekonomiese omstandighede wat deur 'n gebrekkige inkomste gekenmerk word, is waarskynlik spanningsvol. Dit lei dikwels daartoe dat milieu-benadeelde ouers meer geïrriteerd, prikkelbaar en kwesbaar is vir negatiewe lewensgebeure, wat noodwendig weer die wyse waarop hulle hul opvoedingstaak aanpak en

verwerklik, beïnvloed. Op dié wyse het ekonomiese tekorte 'n beperkende uitwerking op die ouers se vermoë om warmte, ondersteuning en betrokkenheid aan hulle kinders te betoon (Pienaar, 1997:171; Shaffer, 1996:612).

'n Verdere verband tussen ekonomiese faktore en ouerskapstyle is gefundeer in die verskil tussen blou- en witboordjiewerkers, gebaseer op die vaardighede wat in hulle beroepe belangrik is en vereis word. Weens die feit dat 'n groot gedeelte van die broodwinners uit laer sosio-ekonomiese klasse blouboordjiewerkers is, waar toesighouers tevrede gestel, gesag eerbiedig en opdragte uitgevoer moet word, beklemtoon milieu-benadeelde ouers gewoonlik gehoorsaamheid en respek vir gesag. Hierdie aspekte word deur hulle as belangrik beskou, juis vanweë hulle oortuiging dat dit noodsaaklik is ten einde sukses te behaal in die blouboordjie-werksomgewing. Hierteenoor redeneer en onderhandel ouers uit die middel- en hoër inkomste-groepe met hulle kinders en is hulle gerig op individuele inisiatief, weetgierigheid en kreatiwiteit, vanweë hulle oortuiging dat hierdie vaardighede, kenmerke en vermoëns belangrik is vir witboordjiewerkers in die sakewêreld en professionele beroepe. Op dié wyse beïnvloed die werksomgewing van die vader sy wêreldbeskouing, asook sy siening ten aansien van noodsaaklike vaardighede en vermoëns waaroor sy kind moet beskik om in 'n beroepswêreld te kan oorleef. Dit het derhalwe 'n bepalende invloed op dit wat die ouer as belangrik beskou en as waarde nastreef by die opvoeding van sy kind (Shaffer, 1996:613; Holden, 1995:368).

Holden (1995:368) stel die verband tussen sosiale klas en ouerlike opvoedingsgedrag (gebaseer op Kohn se model) skematies voor. Kyk Figuur 3.1 in dié verband.

FIGUUR 3.1 : Die verband tussen sosio-ekonomiese status en ouerlike opvoedingsgedrag (Holden, 1995:368)



Dit is voor die hand liggend dat die opvoedingsgedrag van die ouer, met bepaalde waardes en houdinge onderliggend daaraan, 'n invloedryke effek het op die kind. Uitsprake in dié verband word veral tydens die afgelope aantal dekades gemaak, waarvan die volgende as voorbeelde dien:

- ◆ *“It is generally accepted that the most potent of all influences on social behavior is derived from the primary social experience with the mother. If a mother maintains toward the child a consistent attitude of, let us say, indifference and hostility, the assumption is made that the child’s personality is greatly affected thereby. His outlook on life, his attitude toward people, his entire psychic well-being, and his destiny are presumed to be altered by the maternal attitude” (Levy, 1931 in Holden, 1995:362).*
- ◆ *“The parents’ experiences, their attitudes and behavior, influence the character and behavior of the children, who in turn carry over these attitudes into their later lives, their marital adjustments and in relation to their own families. Thus a vicious circle is created” (Field, 1940 in Holden, 1995:359).*
- ◆ *“The importance of parental attitudes in the development of personal and social behavior is one of the basic tenets in the fields of child development and parent education” (Burchinal, Hawkes & Gardner, 1957 in Holden, 1995:360).*

- ◆ “Die grootwording van die opvoedeling vind vanaf geboorte in volgehoue interaksie tussen die kind en sy ouers as opvoeders plaas. Die ouer tree namens die kleuter op waar hy nog nie selfstandig kan handel nie en gee struktuur aan die werklikheid sodat die kleuter ‘n greep daarop kan kry ... Die huislike opvoeding lê die basis vir die toereikende psigiese lewensvoltrekking van die kind en daarmee ook die toereikende leer- en skoolgereedwording van die kleuter. Dit onderstreep die belangrikheid van die vroeë kinderjare in die toereikende psigiese lewensvoltrekking van die kleuter” (Lambinon, 1987:34).
- ◆ “... parental values which determine their approach to discipline, influence the child’s attitude to his environment, long-term goals and consequently the degree of motivation towards academic achievement” (Rosa, 1994:96).
- ◆ “... beliefs permeate parents’ actions, not only with their children, but also with the larger environment ... beliefs provide a means for generating behaviors, that may then affect the child’s development, in response to parenting demands” (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:333).

Holden (1995:362) stel dié belangrike verband tussen ouers se houdings, hulle opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die kind liniêr voor. Kyk Figuur 3.2 in dié verband.

FIGUUR 3.2 : Die verband tussen ouerlike houdings, opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die kind (Holden, 1995:362)



Opvoeding behoort altyd gerig te wees op die optimale ontwikkeling van die kind. Talle faktore kan egter 'n nadelige uitwerking hê op die ontwikkeling van die kind en tot probleme aanleiding gee. Enkele van hierdie faktore is 'n ontoereikende opvoeding, waar ouers weens redes soos onkunde of ongunstige opvoedingspraktyke die optimale ontwikkeling van die kind belemmer, ongunstige onderliggende faktore met betrekking tot die opvoedingsituasie (soos armoede, gebrekkige behuising of pedagogies-onaanvaarbare opvoedingspraktyke) en ongunstige faktore in die skoolsituasie (Ferreira, 1991:2-3). In die milieu-benadeelde situasie werk faktore soos 'n ontoereikende opvoeding op grond van onkunde, asook ongunstige faktore met betrekking tot die opvoedingsituasie (soos armoede en gebrekkige behuising) dikwels die optimale ontwikkeling van die kind teë.

Benewens negatiewe verbande tussen konformiteit, outoritêre oortuigings en sosio-ekonomiese status, wat deur navorsing uitgewys is, dui navorsing ook daarop dat dié oortuigings 'n negatiewe verband toon met die kognitiewe prestasies van kinders. Hierbenewens is bevind dat persepsies van ouerlike doeltreffendheid (byvoorbeeld oortuigings ten aansien van die mate waarin ouers hulle kinders se ontwikkeling kan beïnvloed) 'n verband toon met oortuigings ten opsigte van ouerlike gedragpatrone. Ouers wat sogenaamd minder doeltreffend is, is minder geneig om die belangrike invloed wat die mate van liefdesbetoning aan hulle kinders en die voorbeeld wat hulle stel, op die ontwikkeling van die kind het, te erken, as wat meer doeltreffende ouers geneig is. Hierbenewens is minder doeltreffende ouers voorstanders van streng dissipline as faktor wat 'n belangrike invloed op die kind uitoefen (Okagaki & Divecha, 1993:41).

Die waarde-oriëntasie van die ouer en dit wat hy as belangrik ag en as doelwit nastreef by die opvoeding van sy kind, het derhalwe 'n belangrike invloed op verskeie aspekte van die gesinsopvoeding. Vervolgens sal gepoog word om die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en enkele

fasette van gesinsopvoeding, spesifiek ten aansien van die voorskoolse kind, in meer besonderheid te bespreek.

3.3 WAARDE-ORIËNTASIE EN DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

3.3.1 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl

Hamachek (1987:208) onderskei tussen vier faktore wat, benewens ander faktore, die opvoedingsgedrag en houding van 'n ouer bepaal, naamlik die ouer se persoonlike ervaring met sy eie ouers, die ouer se persoonlikheid, die kind se persoonlikheid en die ouer se sosio-ekonomiese posisie in die samelewing. Soos reeds beklemtoon, het die sosio-ekonomiese status van ouers 'n besliste invloed op die dissiplineringspraktyke (opvoedingsgedrag) wat deur hulle verwerklik word. Die dissiplineringspraktyke hou weer verband met die waardes wat deur die gesin en meer spesifiek die ouers, as belangrik geag en deur hulle nagestreef word in hulle persoonlike gedrag, maar ook in die opvoeding van hulle kinders (Rosa, 1994:94).

Gerris *et al* (1997:838) verwys na die uitspraak van Baumrind (1971) dat ouers se opvoedingsgedrag gekonseptualiseer kan word in terme van drie belangrike dimensies, te wete ondersteuning ("*support*"), beperkende beheer ("*restrictive control*") en voorskriftelike of eisestellende (demokratiese) beheer ("*demanding or authoritative control*").

Besliste verskille is waarneembaar ten aansien van opvoedingspraktyke (tipiese opvoedingstyle) en die tipes verhoudinge tussen ouers en hulle kinders in die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge. Gesinsopvoeding geskied binne 'n bepaalde sosiale konteks en bepaalde ouerlike gedrag en houdings kan geassosieer word met spesifieke sosio-ekonomiese groeperinge. Kinders uit

verskillende sosio-ekonomiese klasse word dus blootgestel aan andersoortige waardes, houdings en ouerlike opvoedingsgedragpatrone (opvoedingstyle).

Waar opvoedingstyle in die middel sosio-ekonomiese klasse meestal gekenmerk word deur ouer-kind-verhoudinge wat aanvaardend en gelykwaardig is, is dit in die laer klasse gewoonlik meer gerig op die handhawing van orde en gehoorsaamheid. Hoër sosio-ekonomiese groeperinge word beskryf as meer demokraties, terwyl laer sosio-ekonomiese klasse as meer outoritêr beskou word. Ouers uit laasgenoemde groeperinge plaas meer beperkinge op hulle kinders en is gewoonlik meer kontrollerend en bestraffend as ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Dissiplineringspraktyke word gekenmerk deur 'n rigiede en dwangmatige wyse van bestraffing, wat gepaard gaan met lyfstraf, dreigemente en verkleinerings. Ouers straf ook dikwels die direkte gevolge van 'n daad, eerder as die onderliggende motief. In teenstelling met hoër sosio-ekonomiese gesinne wat as kind-georiënteerd beskou kan word, word gesinne uit laer sosio-ekonomiese groeperinge as ouer-georiënteerd getipeer. Kenmerkend van laasgenoemde groeperinge is streng reëls wat deur ouers alleen gemaak word, waar absolute gehoorsaamheid deur die kinders vereis word en waar hulle gestraf word indien hulle ongehoorsaam is. Binne dié milieu word die erkenning van ouerlike gesag derhalwe meer belangrik geag as die persoonlike ontwikkeling van die kind (Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:174; Rosa, 1994:94; Hamachek, 1987:216-217; Wielemans, 1984:89).

Gerris *et al* (1997:834) sluit hierby aan in hulle beskrywing van die opvoedingsgedrag van milieu-benadeelde ouers as meer kontrollerend en minder ondersteunend as dié van ouers uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge. Dié outeurs verklaar die verskil tussen tipiese opvoedingsgedragpatrone (opvoedingstyle) van verskillende sosio-ekonomiese klasse soos volg:

“These differences in childrearing behaviors are explained by differences in value orientations.”

Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:174) bevestig hierdie beskouing in hulle verklaring van die algemene siening dat milieu-benadeelde gesinne meer outoritêr is in die opvoeding van hulle kinders. Volgens hierdie skrywers is die groot mate van beperking wat milieu-benadeelde ouers plaas en hul beklemtoning van absolute gehoorsaamheid in ooreenstemming met die hoë waarde wat hulle op konformiteit plaas, wat volgens Kohn (1977:34-35 & 86-87) uit hulle lewensomstandighede voortspruit. Hierbenewens is hierdie ouers dikwels streng ten opsigte van die afdwing van beperkinge ter wille van die beskerming van hulle kinders teen gevare in die omgewing.

Weens die feit dat milieu-benadeelde ouers konformiteit aan ekstern-opgelegde reëls as waardevol beskou en in die opvoeding van hulle kinders nastreef, word dikwels op beperkinge gefokus. Hierbenewens word die primêre verantwoordelikheid van die vader binne hierdie sosio-ekonomiese groeperinge as die begeleiding en rigtinggewing van die kinders beskou. Met betrekking tot sy rol in die opvoeding van sy seun spesifiek, word byvoorbeeld verwag dat die milieu-benadeelde vader 'n belangrike rol sal vervul in die stel van beperkinge, maar terselfdertyd sal verseker dat die seun hierdie beperkinge as riglyne vir sy gedrag beleef. Die hoofdoel hiervan is om die boodskap aan die kind oor te dra dat daar voortdurend bepaalde beperkinge geld en om hom te begelei om nie hierdie beperkinge te oorskry nie, maar om daaraan gehoorsaam te wees (Kohn, 1977:123). Hierdie gedagtegang is noodgedwonge gebaseer op die hoë waarde wat die milieu-benadeelde ouer aan konformiteit en gehoorsaamheid aan reëls heg.

Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge streef derhalwe nie slegs in hulle persoonlike lewens nie, maar ook in die opvoeding van hulle kinders, waardes soos konformiteit en gehoorsaamheid na. Verskeie outeurs beklemtoon die navorsingsbevindinge en uitsprake van Kohn (1977), waarvolgens ouers se waardes en doelwitte met die opvoeding van hulle kinders deur hulle lewensomstandighede en veral hulle werksomstandighede en die eise wat dit

aan hulle stel, beïnvloed word. Op grond hiervan verskil die wyse waarop ouers outoriteit toepas. Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge verwys meer dikwels na situasie-spesifieke gevolge van 'n kind se gedrag, eerder as om, tydens dissiplinerings, op die kind se intensies en selfbeheer te fokus, soos wat tipies is van ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Milieu-benadeelde ouers beklemtoon deurgaans konformiteit as waarde, nie slegs ten aansien van reëls, regulasies en norme nie maar ook met betrekking tot die sosiale verwagtinge van hulle omgewing. In dié proses word geen voorsiening gemaak vir gedrag op grond van geïnternaliseerde norme en beginsels nie, aangesien dit nie as waarde nagestreef en in die opvoeding van die kinders beklemtoon word nie (Gerris *et al*, 1997:834-835 & 842; Rosa, 1994:94; Kohn, 1977:46 & 104).

Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge definieer persoonlike verhoudinge in terme van mag. Die beperkte mate van insette wat milieu-benadeelde ouers toegelaat word om te lewer tydens besluitneming by die werk, asook die feit dat hulle selde toegelaat word om inisiatief te neem, word gereflekteer in hulle opvoedingsgedrag, meer spesifiek die opvoedingstyl wat hulle verwerklik. Gevolglik manifesteer hulle oriëntasie met betrekking tot mag dan tydens die dissiplinerings van hulle kinders in die vorm van direkte eise, dreigemente, deprivasie en dwangmatige strafmaatreëls (Mussen, 1979:66).

Benewens die belangwekkende navorsing deur Kohn, verwys Gerris *et al* (1997:835), asook Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:178) na navorsing deur Luster, Rhoades en Haas (1989), wat bevestig dat ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge konformiteit by hulle kinders as waardevol ag en nastreef. Hierbenewens bevind hulle dat die hoë waarde wat milieu-benadeelde moeders aan konformiteit by hulle kinders heg, in verband staan met hulle oortuiging dat opvoedingspraktyke waardeur kinders bederf kan word, vermy moet word, hulle oortuiging ten aansien van die toepassing van streng dissiplinêre metodes, asook hulle oortuiging rondom die beperking van eksplorerende gedrag deur hulle kinders. Dit hou verder verband met die mate van liefde wat deur die

moeder betoon word, waar bevind is dat moeders wat oortuig is daarvan dat hulle kinders nie bederf behoort te word nie minder warmte en ondersteuning aan hulle kinders bied, veral as babas.

Uit hierdie navorsing word die afleiding gemaak dat daar 'n verband bestaan tussen ouers se sosio-ekonomiese status, hulle waardes, oortuigings ten aansien van die opvoeding van hulle kinders en hulle opvoedingsgedrag (opvoedingstyl). Moeders se interaksie met hulle babas hou byvoorbeeld verband met hulle oortuigings en waardes, waar moeders in hoër sosio-ekonomiese groeperinge hulle babas gewoonlik beskou as individue met wie kommunikasie moontlik en noodsaaklik is, terwyl moeders uit laer sosio-ekonomiese klasse van die oortuiging is dat hulle moet wag totdat hulle babas bevoeg is tot gesprekvoering alvorens hulle met hulle gesels. Op dieselfde wyse hou die mate van gesprekvoering wat die moeder met haar kind uitlok, verband met die waarde wat sy daaraan heg dat haar kind oor verbale vaardighede beskik en geletterdheid bekom. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse heg gewoonlik nie 'n hoë waarde hieraan nie (Gerris *et al*, 1997:835; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:178).

Dit blyk dus dat milieu-benadeelde ouers meestal 'n beperkende en outoritêre opvoedingstyl verwerklik. Op eie bodem is outoritêre gesag en 'n outoritêre opvoedingstyl veral kenmerkend van die Afrika-kulture, die lede waarvan hoofsaaklik tot die milieu-benadeelde groeperinge in die land behoort. Binne dié kulture word onaanvegbare respek en agting vir ouer persone en persone in senioriteitsposisies vereis, wat daartoe aanleiding gee dat die individu dikwels gedwing word om teen sy wil op te tree en derhalwe gedemp word ten aansien van die uitleef van sy eie wil en selfstandige besluitnemingsvermoë (Roux, 1995:25).

'n Studie deur Cherian (1990:98) fokus op die verband tussen lyfstraf en akademiese prestasie by kinders in die Transkei. Volgens die resultate is ouers

uit laer sosio-ekonomiese klasse (milieu-benadeelde ouers) meer dikwels geneig om te tugtig en lyfstraf toe te dien op hulle kinders, in teenstelling met die benadering by hoër sosio-ekonomiese groeperinge om met die kinders te redeneer, hulle te isoleer of van liefdes-georiënteerde dissiplineringspraktyke gebruik te maak. Milieu-benadeelde ouers steun derhalwe meer dikwels op eksterne beheermaatreëls.

Naude en Bodibe (1990:144) bevestig hierdie bevindinge en meld dat ouers in swart kulture hoofsaaklik 'n outoritêre opvoedingsgedragpatroon handhaaf. In dié verband die volgende uitspraak:

“... black pupils agreeing to something that they know they are not going to do. In a culture that is authoritarian, it would be a risky venture to be overtly assertive!”

In sy uitsprake oor die opvoeding van kinders in swart kulture wys ook Mwamwenda (1995:373-413) op gedragpatrone wat kenmerkend is van die outoritêre opvoedingstyl. Hy verklaar byvoorbeeld onomwonde dat ouers in swart kulture van hulle kinders verwag om onderdanig en konformerend te wees en hulle samewerking onder alle omstandighede te gee. Die volgende aanhalings word ter staving in dié verband aangebied:

- ◆ *“...the initiates are admonished to work hard, obey the instructions of their elders, and be helpful to their parents”* (Mwamwenda, 1995:411).
- ◆ *“They still require their children to be obedient, conforming and co-operative”* (Mwamwenda, 1995:375).
- ◆ *“... they learn principles such as morality, justice, humility, obedience, prudence, endurance, and wisdom”* (Mwamwenda, 1995:390).

- ◆ “... a parent can never be wrong, and that even if he or she is wrong, the child is expected to obey” (Mwamwenda, 1995:412).
- ◆ “A child is expected to obey his parent’s instructions unquestioningly, and is not expected to answer back when he is reprimanded” (Uitspraak ten aansien van die Shana-ouer) (Mwamwenda, 1995:394).

Hamachek (1987:228) beskryf eweneens die outoritêre opvoedingstyl, wat kenmerkend is van milieu-benadeelde gesinne, as opvoedingsgedrag waar ouers dit belangrik ag om hulle kinders se gedrag te vorm, te kontroleer en te evalueer in terme van bepaalde gedragstandaarde, wat gewoonlik rigied en deur ‘n hoër outoriteit geformuleer word. Ouers handhaaf ‘n rigiede standaard ten aansien van gedrag en gebruik dwangmatige en kragdadige metodes van dissiplinerings. Hulle beskou absolute gehoorsaamheid as belangrik en voed hulle kinders op om te alle tye respek te toon vir outoriteit of gesag, vir werk en ter wille van die voortbestaan van tradisie en orde. Hierdie ouers is van mening dat hulle opinie in alle omstandighede die beste opinie is.

Pretorius (1994a:58) beskryf die posisionele (outoritêre) opvoedingstyl as “posisie-gerig”, waar die gesagsposisie van die ouer en die afhanklikheidsposisie van die kind telkens beklemtoon word. Gesag is op mag gebaseer en die opvoedingstyl is derhalwe in wese gerig op gedragkontrole van die kind deur die ouer. Onbuigsame reëls word neergelê, wat gehoorsaam moet word. Aangesien die ouer die reëls maak en die besluite neem, word die kind se behoeftes, wense en voorkeure selde in ag geneem. Dié opvoedingstyl word verder gekenmerk deur min kommunikasie tussen ouer en kind en wanneer die ouer wel met die kind kommunikeer, is die kommunikasie gewoonlik negatief, outokraties, onbuigsam, ontkenend, eensydig en begriploos. Hierbenewens maak die ouer dikwels van kragdadige, bestraffende maatreëls gebruik om die kind te dissiplineer en word die aspekte van kontrole en eisestelling oorbeklemtoon, ten koste van die aspekte van kommunikasie en koestering.

Benewens 'n outoritêre opvoedingstyl verwerklik milieu-benadeelde ouers dikwels 'n onverskillige opvoedingstyl. Soos reeds gemeld, bestaan daar 'n verband tussen ekonomiese nood by 'n gesin (die milieu-benadeelde gesin) en die onverskillige opvoedingstyl van die ouers. Ouers wat aan ekonomiese druk blootgestel word, is meer geneig om depressief te raak, wat huwelikskonflik intensiveer en beperkend inwerk op die ouers se vermoë om betrokke en ondersteunend te wees ten aansien van hulle kinders. Die ouer verwerklik 'n onverskillige opvoedingstyl en bly in gebreke ten opsigte van vervulling van die kind se behoefte aan koestering. Dit bevestig verder die aanname dat ekonomiese nood 'n bydraende faktor is tot die relatief afsydige en outoritêre opvoedingstyl wat dikwels deur ouers in milieu-benadeelde gemeenskappe verwerklik word (Shaffer, 1996:613).

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat die milieu-benadeelde ouer dikwels 'n outoritêre of onverskillige opvoedingstyl verwerklik. Hierbenewens en op grond van die gebrekkige warmte en koestering wat dikwels teenoor die kind geopenbaar word, is daar 'n sterk waarskynlikheid dat die milieu-benadeelde ouer soms ook 'n koue opvoedingstyl verwerklik. De Witt en Booyen (1995:33-34) identifiseer en beskryf die volgende opvoedingstyle as veral kenmerkend van die milieu-benadeelde gesin:

- ◆ **Outoritêre opvoedingstyl:** Soos reeds herhaaldelik beklemtoon, besluit die ouer by dié opvoedingstyl wat reg en verkeerd is en is hy baie rigied hieroor. Die ouer verwag altyd absolute gehoorsaamheid van die kind, wat nie toegelaat word om enigiets te bevraagteken nie. Die ouer maak gebruik van teregwysing, dreigemente en straf indien die kind wel oortree en neem bykans alle besluite sonder om die kind se mening in ag te neem.
- ◆ **Permissiewe ouer:** Hier word die kind in 'n groot mate toegelaat om te doen wat hy wil, is hy "vry" en word hy selde gestraf. Bykans geen grense word

gestel nie en die ouer keur so te sê alles goed wat die kind doen. Die kind neem ook gewoonlik die meeste besluite self.

- ◆ **Afwesige ouer:** By dié opvoedingstyl bied die ouer min ondersteuning en liefde aan die kind, poog hy nie om enige beheer oor die kind se gedrag uit te oefen nie en is hy meestal afwesig in die kind se lewe.

Dit blyk dat die opvoedingstyl wat 'n ouer verwerklik verband hou met die mate van interaksie tussen hom en sy kind. Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:175-178) verwys na navorsingsresultate met betrekking tot moeder-kind-interaksies in uiteenlopende sosio-ekonomiese groeperinge. Betekenisvolle bevindinge wat uit navorsingsprojekte blyk, sluit die volgende in:

- ◆ Moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge is meer kontrolerend, beperkend en ongelukkig in hulle interaksie met hulle kinders as moeders uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Hulle beperk kinders ten aansien van outonomie, is minder gelykwaardig, minder samewerkend, meer dwangmatig en meer opdringerig. In vergelyking met moeders uit hoër sosio-ekonomiese klasse gee hulle minder positiewe terugvoer aan hulle kinders, is hulle meer korrigerend en gee hulle meer en duidelike instruksies wanneer hulle kinders besig is met taakuitvoering. Hulle is ook meer krities teenoor hulle kinders. Moeders uit laer sosio-ekonomiese klasse se gesprekvoering met hulle kinders beperk laasgenoemde dikwels in hulle aktiwiteite.
- ◆ Daar is meer sosio-ekonomies-geassosieerde verskille ten opsigte van taal as ten opsigte van nie-verbale kommunikasie. Geletterde moeders (gewoonlik hoër sosio-ekonomiese klasse) spandeer meer tyd aan gesprekvoering met hulle kinders en minder tyd aan die blote observasie of ignorering van hulle kinders, in vergelyking met minder geletterde moeders (dikwels milieu-benadeeld). Hierbenewens dui navorsing daarop dat ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge minder dikwels interaksie met hulle

kinders verwerklik as ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse, op beide verbale en nie-verbale vlak.

- ◆ Die aard van die sosio-ekonomies-geassosieerde taalverskille is daarin geleë dat moeders uit hoër klasse meer dikwels met hulle kinders praat, meer dikwels objekte benoem, onderwerpe vir gesprekvoering langer in stand hou en meer dikwels gesprekvoering met hulle kinders uitlok as moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge. Die verskil lê nie slegs in hoe gereeld moeders met hulle kinders praat nie, maar ook in die inhoud van en doel met gesprekvoering. Moeders uit laer klasse verskaf minder inligting aan hulle kinders voordat hulle met 'n taak begin as moeders uit hoër klasse. Hierbenewens vra hulle hul kinders minder vrae en lok minder woorde van hulle kinders uit tydens 'n gesamentlike lees-poging. Sosio-ekonomies-geassosieerde verskille is meer opvallend by voorskoolse en ouer kinders as by babas, aangesien die stryd van outoriteit en beheer dan meer sentraal raak in ouer-kind-interaksie, asook weens die feit dat taal as wyse van interaksie dan 'n meer sentrale plek inneem.

Gesien teen die lig van voorafgaande bespreking kan met redelike sekerheid verklaar word dat die opvoedingstyl wat ouers verwerklik direk in verband staan met hulle waarde-oriëntasie. Milieu-benadeelde ouers is gewoonlik beperkend in hulle opvoedingsgedrag, hoofsaaklik weens die hoë waarde wat hulle aan konformiteit en gehoorsaamheid aan reëls heg. Hierbenewens betoon hulle dikwels 'n gebrekkige mate van begrip, ondersteuning en liefde aan hulle kinders.

Alhoewel milieu-benadeelde ouers hoofsaaklik 'n dominante of outokratiese, intolerante opvoedingstyl verwerklik (wat óf met warmte óf met koudheid gepaard gaan), is die onverskillige, permissiewe (toegeeflike) en koue opvoedingstyle ook kenmerkend van hierdie groeperinge. Hier is derhalwe sprake van 'n sterk mate van opvoedingsverwaarlosing, soos duidelik uit die literatuur blyk. Volgens

Figuur 1.2 sal 'n ouer wat die outoritêre opvoedingstyl in kombinasie met die warm opvoedingstyl verwerklik, oorbeskermend wees teenoor sy kinders en derhalwe die betrokke opvoedingstyl verwerklik. Alhoewel milieu-benadeelde ouers gewoonlik geneig is om té min warmte en liefde aan hulle kinders te betoon, kan die moontlikheid van warm, dominante ouers, dit wil sê die betrokke opvoedingstyl, nie uitgesluit word nie.

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word die volgende opvoedingstyle (kyk Figuur 1.2), wat verband hou met die waarde-oriëntasie van die ouer, dus as kenmerkende opvoedingstyle van die milieu-benadeelde ouer geneem:

- ◆ dominante opvoeding
- ◆ intolerante, outokratiese opvoeding
- ◆ onverskillige opvoeding
- ◆ koue opvoeding
- ◆ toegeeflike opvoeding
- ◆ betrokke opvoeding.

3.3.2 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoude

Weens die psigo-sosiale omstandighede waarin milieu-benadeelde ouers hulself bevind, is hulle meer blootgestel aan en vatbaar vir veranderinge in die ekonomiese toestand van hulle omgewing. Dit resulteer in hoë eise, spanning en gevoelens van ontoereikendheid met betrekking tot persoonlike beheer oor hulle lewens. 'n Uitkoms hiervan is dat milieu-benadeelde ouers in die opvoeding van hulle kinders geneig is om gevoelens van hulpeloosheid, 'n lae selfkonsep en gefrustreerdheid te reflekteer, wat uiteindelik deur die kinders aangeneem word as hulle eie gevoelens deur middel van identifikasie met hulle ouers (Hamachek, 1987:217).

Soos reeds gemeld, hou 'n moontlike verklaring van die verband tussen ekonomiese faktore en ouerlike opvoedingstyl verband met die werksomstandighede van veral die vader en die vaardighede wat ouers (die vader) as noodsaaklik beskou in hulle beroepe. Binne die werksomstandighede en wyer lewensomstandighede van die milieu-benadeelde gesin word 'n ekstern-georiënteerde ingesteldheid ten aansien van die sosiale werklikheid bevorder, asook 'n sterk waardering vir konformiteit. Die grootste gedeelte van die milieu-benadeelde bevolking beklee sogenaamde blouboordjieberoepe, waar hulle bloot eenvoudige voorgeskrewe roetinetake uitvoer, voortdurend die toesighouer tevrede moet stel en sy outoriteit moet eerbiedig. Om dié rede word konformiteit, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir outoriteit, belangstelling in ekstrasieke kwaliteite van die werk, geringe vertroue in die medemens, 'n rigiede, star houding ten aansien van dit wat as afwykend beskou word, netheid en om uit die moeilikheid te bly deur milieu-benadeelde ouers beklemtoon in die opvoeding van hulle kinders. Op dié wyse verteenwoordig die opvoedingsinhoude wat hulle aan hul kinders voorhou die eienskappe wat hulle as krities beskou om sukses te kan behaal in 'n blouboordjie-werksomgewing. Weens die feit dat ouers hulle kinders opvoed ooreenkomstig hulle persoonlike wêreldbeskouing en dit wat hulle self as belangrik beskou, benadruk hulle derhalwe konformistiese waardes tydens die opvoeding van hulle kinders (Shaffer, 1996:613; Van der Velden, 1994:83; Shaffer, 1993:582).

Kohn (1977:22) bevind egter dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge 'n onderskeid tref tussen dit wat hulle vir hul seuns van waarde beskou en dit wat hulle vir hul dogters van waarde ag. By seuns word aspekte soos betroubaarheid, skolastiese prestasie en ambisie as belangrik geag, terwyl geluk, netheid, skoonheid en goeie maniere as belangrike waardes by dogters beskou word en deel vorm van die opvoedingsinhoude tydens opvoeding van die kind. Indien die kind nie hierdie waardes verwerklik nie, word hy deur die moeder gestraf.

Volgens Shaffer (1993:597) het gevoelens van magteloosheid en onsekerheid, wat so dikwels deur milieu-benadeelde ouers ervaar word weens hulle armoede en gebrekkige finansiële middele, 'n bepalende invloed op die verwagtinge wat hulle van hul kinders koester. In teenstelling met ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status, is hulle byvoorbeeld minder geneig om die belangrikheid van verdere opleiding of die strewe na 'n beroep met 'n hoë status te beklemtoon. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse (milieu-benadeelde ouers) is eerder geneig om hulle kinders aan te moedig en voor te berei vir 'n vaste werk, ongeag die prestige-waarde daarvan. Kinders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge word derhalwe aangemoedig om skolasties bloot te slaag, eerder as om vooruit te gaan en te presteer, soos wat die geval is by kinders uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge.

Op eie bodem kan tradisionele swart kulture (dikwels milieu-benadeeld) genoem word as voorbeeld, waar sodanige kulture se sosiale struktuur gewoonlik 'n kollektiwistiese aard toon, weens die klem wat lede op gesamentlike deelname aan aktiwiteite plaas. In plaas van 'n individualistiese ingesteldheid met 'n persoonlike strewe na selfverwesenliking, huldig swartmense gewoonlik 'n sogenaamde "ubuntu"-siening, waarvolgens hulle hulself nie los van die groep kan voorstel nie, hulself ondergeskik stel aan die behoeftes en wil van die groep en bereid is om op te offer vir en namens die groep. "Ubuntu" dui in wese op medemenslikheid en is gebaseer op waardes soos kollektiwisme, respek vir ouderdom en senioriteit, 'n uitgebreide familiesisteem en 'n eksterne lokus van beheer (Roux, 1995:16-17; Smith, 1994:21-22). Aangesien die kind opgevoed en begelei moet word sodat hy homself toereikend binne sy groepering kan handhaaf, word hierdie waardes en aspekte as opvoedingsinhoude verwerklik.

Uit die voorafgaande bespreking kan dit met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat daar 'n besliste verband bestaan tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en dit wat as opvoedingsinhoude voorgelê word. Die milieu-benadeelde ouer bevind hom voortdurend in 'n omgewing waar

gehoorsaamheid aan hoër gesag, die nakom van reëls en konformiteit ten aansien van algemeen aanvaarbare gedrag vooropstaan. Op grond hiervan kan verwag word dat die milieu-benadeelde ouer waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid, respek vir outoriteit en afhanklikheid in die opvoeding van sy kind sal beklemtoon en dat hierdie waardes dan die opvoedingsinhoud bepaal en deel uitmaak van die inhoud wat tydens opvoeding voorgehou word.

3.3.3 Waarde-oriëntasie en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind

Alvorens die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind, in terme van kenmerkende opvoedingstyle, bespreek word, is dit gepas om eers enkele aspekte van ontwikkeling waarna verwys sal word, kortliks te omskryf.

3.3.3.1 Aspekte verbandhoudend met kinderlike ontwikkeling

3.3.3.1.1 Die begrip selfkonsep

Le Roux (1992:15) omskryf die begrip **selfkonsep** soos volg:

“Die komplekse totaliteit van beskouinge van, sowel as gevoelens oor al die selfdimensies. Dit sluit sosiaal verworwe kennis, beskouinge en houdinge ten opsigte van die self in, sowel as die evaluasie daarvan in terme van subjektiewe standaarde”.

Selfkonsep verwys dus na die individu se siening en evaluasie van homself en die waarde wat hy aan homself heg. Dit sluit kognitiewe, affektiewe en evaluatiewe aspekte in en verwys na die beoordeling van die self in terme van byvoorbeeld voorkoms, eienskappe, talente, ideale en sosiale interaksies en

verhoudinge. 'n Individu se selfkonsep verteenwoordig derhalwe sy bewuste ervaring aangaande homself (Moore, 1997:490-491; Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1993:318).

Die kind se selfkonsepvorming word hoofsaaklik beïnvloed deur die primêre opvoedingsituasie waarin hy hom bevind. Die ouers en ander gesinslede oefen die belangrikste invloed uit op die selfkonsepvorming van die kind in die beginjare, terwyl betekenisvolle ander later 'n belangrike invloed uitoefen, byvoorbeeld onderwysers, vriende en ander kinders by die skool. Tot ongeveer die ouderdom van sewe jaar het die kind 'n globale siening oor homself, wat impliseer dat hy aanvaar dat hy goed is op alle terreine indien hy oor 'n positiewe selfkonsep beskik. Mettertyd word die selfbeskouing egter meer gedifferensieerd en word veelvoudige konsepte van die self gevorm (Moore, 1997:500; Woolfolk, 1995:74-75).

Gecas en Schwalbe (1986:37) vat die belangrike invloed van die gesin op die kind se selfkonsepvorming raak saam in die volgende woorde:

"... the family is generally considered an important context for the development of a child's self-concept. It is the place where our initial sense of self is formed through intimate, intensive and extensive interaction with parents and other family members."

Ook Pretorius (1998b:161) beklemtoon die feit dat die kleuter sy selfkonsep grootliks deur middel van kommunikasie met ander (hoofsaaklik die nabye gesinslede) vorm. Die jong kind weet reeds op ongeveer vyfjarige ouderdom, op grond van vorige kommunikasie-ervaringe (praat en luister), hoe ander hom beskou en wat hy van ander kan verwag. Wanneer hy die skoolsituasie betree (aan die einde van die voorskoolse kinderjare), beskik hy reeds oor 'n bepaalde opvatting ten aansien van homself en sy eie vermoëns, asook 'n predisposisie met betrekking tot prestasie of onderprestasie. Op dié wyse vorm die kind op 'n

vroeë ouderdom reeds 'n beeld ten opsigte van sy waarde as individu en sy vermoë om aan die eise van die omgewing te voldoen. Die kind is as't ware die "sosiale produk" van die betekenisvolle ander in sy lewe en alles wat hy aanpak of doen word deur hierdie selfkonsep, wat reeds gedurende die voorskoolse kinderjare vasgelê word, beïnvloed.

Hierbenewens word die kleuter se selfkonsep, alhoewel dit sy emansipasie en die verwerping van 'n waaghouding bepaal, weer positief of negatief beïnvloed deur sy emansipasie. Op dié wyse het die voorskoolse kind se selfaktualisering en sy selfkonsep 'n wederkerige invloed op mekaar, aangesien selfkonsep die kwaliteit van selfaktualisering bepaal, maar aan die ander kant beïnvloed word deur die mate waarin die kind sy moontlikhede verwerklik (Pretorius, 1998a:27; Pretorius, 1998b:21). Binne die milieu-benadeelde gesinsituasie, waar die voorskoolse kind nie toereikend aangemoedig word tot emansipasie en selfaktualisering nie, word die vorming van 'n positiewe selfkonsep by die kind sodoende belemmer.

3.3.3.1.2 Die begrippe persoonlikheid en persoonlikheidseienskap

Le Roux (1992:13) definieer die begrip **persoonlikheid** as *"die geïntegreerde en dinamiese totaliteitstruktuur van 'n persoon se karaktertrekke, houdinge, onderskeidende gedragpatrone en kwaliteite wat deur interaksie met sy totale omgewing verwerklik word."*

Plug *et al* (1993:274) sluit hierby aan en beskryf **persoonlikheid** as die unieke patroon van 'n individu se psigiese eienskappe op 'n bepaalde tydstip, wat sy gedrag, byvoorbeeld gevoelens, motiewe en vermoëns in 'n mate voorspelbaar maak.

Persoonlikheid dui dus op die unieke patroon van eienskappe van 'n individu op 'n bepaalde tydstip in sy lewe en verwys na die geïntegreerde organisasie van al


sy psigiese eienskappe, wat in wisselwerking met sy omgewing en ander persone tot uiting kom en sy gedrag in 'n mate voorspelbaar maak. Jacobs (1995:63) wys in hierdie verband daarop dat, gesien in die lig daarvan dat die mens as totaliteit funksioneer, die ontwikkeling van waardes onlosmaaklik deel vorm van die kern van die persoonlikheid - die sogenaamde **self**.

Die begrip **persoonlikheidseienskap** kan omskryf word as “*n psigiese disposisie, kwaliteit of trek, wat dui op die moontlikheid en waarskynlikheid dat die individu hom in bepaalde situasies op bepaalde wyses sal gedra. Daar word onderskei tussen oorgeërfde en verworwe persoonlikheidseienskappe*” (Le Roux, 1992:13).

Weiten (1992:424) sluit hierby aan en definieer **persoonlikheidseienskap** as “*a durable disposition to behave in a particular way in a variety of situations.*” Ook Angenent (1990:93) omskryf die begrip **persoonlikheidseienskap** as ‘n gedragsdisposisie, wat die moontlikheid en waarskynlikheid dat bepaalde gedraginge in bepaalde situasies sal voorkom, impliseer.

Alhoewel verskeie persoonlikheidsmodelle in die literatuur verskaf word ten einde ‘n onderskeid te tref tussen verskillende persoonlikheidseienskappe, word die persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:98) (kyk Figuur 3.3) gebruik vir doeleindes van die onderhawige studie. Hiervolgens vorm die dimensies **ekstroversie** en **emosionaliteit** die primêre asse van die model, met die teenoorgestelde persoonlikheidstipes daarvan as pole. Ekstroversie-introversie word op die horisontale vlak geplaas en emosionaliteit-stabiliteit op die vertikale as. Hierbenewens word twee sekondêre asse op dieselfde wyse onderskei, naamlik die asse impulsiwiteit-intellektuele kontrole en sosiaal-nie-sosiaal. Volgens dié model word die begrippe ekstroversie en emosionaliteit dus as die twee basisbegrippe van persoonlikheid beskou. Op die onderskeie asse tree die meeste mense as gemiddeld na vore, eerder as ekstreem.

FIGUUR 3.3 : Die dimensioneel-sirkelvormige persoonlikheidsmodel van Angenent (Angenent, 1990:98)



Die agt persoonlikheidseienskappe, soos geïdentifiseer deur Angenent, word soos volg deur Pretorius (1998b:36) gedefinieer:

- ◆ **Ekstroversie:** Gesellig-vriendelik, sosiaal lewendig en aktief, op die sosiale omgewing gerig en die geneigtheid tot impulsiwiteit
- ◆ **Introversie:** Na binne gerigte persoonlikheids-oriëntasie, teruggetrokke en beheers
- ◆ **Emosionaliteit:** Onstabiel, veranderlike stemming en die geneigdheid om vinnig ontsteld te raak
- ◆ **Stabiliteit:** Stabiele gevoelslawe en 'n gelykmatige stemming
- ◆ **Sosiaal:** Sosiaal goed aangepas, sosiaal vaardig en prososiaal georiënteer
- ◆ **Nie-sosiaal:** Nie sosiaal goed aangepas nie, nie sosiaal vaardig nie en asosiaal georiënteer


- ◆ **Impulsiwiteit:** Min selfbeheer en die geneigdheid tot ondeurdagte en ongekontroleerde gedrag
- ◆ **Intellektuele kontrole:** Selfbeheers en verstandelike beheer oor gedrag.

3.3.3.1.3 *Die begrip persoonlikheidspatroom*

Die begrip **persoonlikheidspatroom** verwys na die vorm, struktuur of konfigurasie van die persoonlikheid van 'n individu. Dit veronderstel verskillende psigofisiese sisteme, wat dan uiteindelik die individu se persoonlikheid vorm. 'n Persoonlikheidspatroom bestaan uit twee hoofkomponente, te wete die sentrale kern (selfkonsep) en die persoonlikheidseienskappe, wat verband hou met die kern en daardeur beïnvloed word (Pretorius, 1998b:37; Coetzee, 1993:90; Hurlock, 1978:525).

Na aanleiding van Hurlock (1978) se beskrywing van die begrip **persoonlikheidspatroom** in terme van 'n sentrale kern en persoonlikheidseienskappe as die "speke van 'n wiel" verskaf Pretorius (1998b:38) 'n skematiese voorstelling van 'n moontlike persoonlikheidspatroom van die lewensvaardige persoon. Raadpleeg Figuur 3.4 in dié verband. Volgens dié voorstelling vorm 'n positiewe selfkonsep die sentrale persoonlikheidseienskap en kern van die lewensvaardige persoon. Die persoonlikheidseienskappe wat rondom die selfkonsep gerangskik is, beïnvloed die selfkonsep maar word op hulle beurt weer deur die selfkonsep beïnvloed.

FIGUUR 3.4 : Moontlike persoonlikheidspatroon van die lewensvaardige persoon (Pretorius, 1998b:38)



3.3.3.1.4 *Kinderlike beleving en kinderlike gedrag*

Die opvoedingsgedragspatroon wat deur die ouer verwerklik word, word op 'n bepaalde wyse deur die kind beleef. Hierbenewens oefen die opvoedingsgedrag van die ouer 'n betekenisvolle invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, wat weer sy gedrag en sosiale aanpassing in 'n verskeidenheid situasies bepaal (Pretorius, 1998b:33).

Ferreira (1994:46) omskryf die begrip **belewe** as “*n handeling waardeur iets deurleef word.*” Ten aansien van die begrip **beleving** maak Ferreira (1994:46) verder die volgende uitspraak:

“Beleving ... dui dan op 'n ondervinding (toestand) wat berus op 'n ervaring wat “vergeestelik” is of bewaar word.”

Kinderlike gedrag, daarenteen, dui op die spesifieke respons of handeling van 'n persoon, met ander woorde dit wat uiterlik waarneembaar is. Dit word

medebepaal deur die kennis en vaardighede waaroor die individu (kind) beskik en verteenwoordig as't ware 'n konkretisering van die individu se ervaringe, belewinge, wil en kennis. Dit hou sterk verband met die normatiewe en dit wat as behoorlik of onbehoorlik, goed of sleg beskou word. Gedrag impliseer die aanvaarding van verantwoordelikheid vir keuses wat deur die individu gemaak word (Van Rensburg *et al*, 1994:30; Plug *et al*, 1993:112).

Ontoereikende opvoedingsgedrag deur die ouer predisponeer die kind dikwels tot gedragsprobleme, aangesien hy uiting gee aan sy versteurde psigiese lewe in die vorm van versteurde, ongewenste of problematiese gedrag. Op dié wyse is die gedragsprobleme van die kind 'n aanduiding daarvan dat sy psigiese lewe versteur is (Pienaar, 1997:47).

Na aanleiding van die werk van Coetzee (1993:114; 119; 126; 143; 147 & 152) vat Pienaar (1997:48 & 51) **kinderlike belewinge** en **kinderlike gedrag** as uitkoms van ontoereikende opvoedingsgedragpatrone in tabelvorm saam. Raadpleeg Tabele 3.1 en 3.2 in dié verband.

Aangesien die milieu-benadeelde gesinsituasie gekenmerk word deur die verwerking van hierdie ongunstige opvoedingsstyle kan dié samevatting van kinderlike belewinge en kinderlike gedrag as uitkoms van ontoereikende opvoedingsgedragpatrone van toepassing gemaak word op die belewinge en gedrag van die milieu-benadeelde voorskoolse kind en derhalwe ook op sy psigiese lewe en persoonlikheidsontwikkeling.

TABEL 3.1 : Kinderlike belewinge as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragspatrone (Pienaar, 1997:48)

<p>KOUE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>	<p>INTOLERANTE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>
<ul style="list-style-type: none"> - intense liefdes- behoefte - angs - spanning - vrees - onsekerheid - bekommernis - ontsteltenis - sinloosheid - gevoelig vir kritiek - apatie (gevoelloos) - wantroue, agterdog - verworpe - bedreig, onveilig 	<ul style="list-style-type: none"> - spanning - angs - vrees - onseker - wrok - haat - ongelukkig - vyandig - bedreig - frustrasie - wrewel - ontmoedig - wantroue
<p>TOEGEEFLIKE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>	<p>DOMINANTE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>
<ul style="list-style-type: none"> - voel in die steek gelaat - ongelukkig - onveilig - onseker - vrees - wrok - angs - waardeloosheid - niemand het my lief nie - niemand gee om nie 	<ul style="list-style-type: none"> - wrok - wrewel - frustrasie
<p>BETROKKE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>	<p>ONVERSKILLIGE OPVOEDING Kinderlike belewing</p>
<ul style="list-style-type: none"> - vrees 	<ul style="list-style-type: none"> - onveilig - onseker - wrok - wrewel - angs - uifers vyandig-gesind

TABEL 3.2 : Kinderlike gedrag as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragspatrone (Pienaar, 1997:51)

<p align="center">KOUE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - soekend (na liefde, - opstandigheid warmte, aandag, - aggressie aanvaarding) - ooraktief - onderpresteer - asosiale gedrag - vyandig - misdadige gedrag - lastige gedrag - verhoudings- en - gedragsprobleme kommunikasie- - min belangstelling probleme in ander 	<p align="center">INTOLERANTE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - nors, iesegrimmig - swak konsentrasie - aggressie - hedonisties - opstand - min frustrasie- (adolessent) toleransie - geinhibeer - hiperkrities - "gehoorsaam" - skelm (jeugmis- - nie-spontaan daad) - min warmte - selfhandhawend
<p align="center">TOEGEEFLIKE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - kreatief - soek genieting - inisiatief - ongeinhibeer - onderpresteer - aggressie - ongedissiplineerd - onrype gedrag - eiewillig - doelloos - drifmatig (onge- - "bedorwe brokkie" rem) - min respek 	<p align="center">DOMINANTE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - min inisiatief - onderdanig - min kreatiwiteit - self-aggressie - onverdraagsaam - selfmoord - oorbeleefd - afwagtend - konformerend - passief
<p align="center">BETROKKE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - passief - sorgloos - moedergebonde - gedweë - aandagsoeke - "soet" - inskiklik - onderdanig - afwagtend - oorbeleefd - hulpeloos - inisiatiefloos - nie-kreatief 	<p align="center">ONVERSKILLIGE OPVOEDING</p> <p align="center">Kinderlike gedrag</p> <ul style="list-style-type: none"> - ongebonde (aan - misdadigheid reëls én mense) - impulsiewe gedrag - swak kommuni- - antisosiaal kasie - gewetenloos - aggressief - nie-inskiklik - ongehoorsaam - rebels - onbeheers


3.3.3.2 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind

Die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en tipiese opvoedingstyle wat in die milieu-benadeelde gesinsituasie verwerklik word, is reeds uitgelig. Vervolgens word die invloed van tipiese opvoedingsgedragspatrone van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind bespreek. Vir doeleindes van die onderhawige studie word die bespreking aan die hand van die volgende drie fasette gedoen:

- ◆ persoonlikheidseienskappe
- ◆ belewingsmatige uitkomst
- ◆ gedragsmatige uitkomst.

Die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die persoonlikheidsontwikkeling van die voorskoolse kind word aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) gedoen. Kyk Figuur 3.5 vir dié model.

FIGUUR 3.5 : 'n Opvoeding-persoonlikheids-model
(Angenent, 1990:99)




In die model het die begrippe met hoofletters betrekking op persoonlikheidseienskappe wat by die kind kan ontwikkel en die begrippe met kleinletters betrekking op die opvoedingsgedrag van die ouer. Die asse is op so 'n wyse geplaas dat 'n opvoedingstendens en die persoonlikheidseienskappe wat daaruit voortvloei, saamval. Wanneer die model gelees word, word die persoonlikheidseienskap wat in die model teenoor die opvoedingstendens staan, asook die twee persoonlikheidseienskappe wat aan weerskante van die eerste persoonlikheidseienskap aangedui word, as kenmerkende eienskappe van die kind beskou. Dit kan byvoorbeeld van die model afgelees word dat 'n dominante opvoeding as faktor die kind tot impulsiwiteit, ekstroversie en emosionaliteit predisponeer, en dat 'n koue opvoeding daartoe lei dat die kind tot 'n nie-sosiale, emosionele en introversiewe persoon ontwikkel.

Ten opsigte van kinderlike gedrag stel Pienaar (1997:79) die verband tussen ouerlike opvoedingsgedrag en kinderlike gedrag skematies in die vorm van 'n twee-dimensionele model voor. Dié model bied 'n aanduiding van die

gedragspatrone, gedragsprobleme en persoonlikheidsprobleme waartoe die kind, as uitkoms van die onderskeie opvoedingsgedragspatrone van die ouer, gepredisponeer word. Raadpleeg Figuur 3.6 in dié verband.

FIGUUR 3.6 : 'n Opvoeding-kinderlike gedrag-model
(Pienaar, 1997:79)



Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ervaar dikwels probleme ten aansien van die verwerwing van aanvaarbare gedragspatrone, veral met betrekking tot selfbeheersing en die vermoë om 'n balans tussen afhanklikheid en onafhanklikheid te handhaaf. Die meeste probleme by voorskoolse kinders hou gewoonlik verband met die mate waarin die kind aanvaarbare gedragspatrone openbaar al dan nie, byvoorbeeld ten aansien van selfkontrole, eetgewoontes en slaappatrone. Aanpassingsprobleme by kinders manifesteer ook dikwels in die vroeë kinderjare - tuis of binne die konteks van voorskoolse sorg. Weens die feit dat milieu-benadeelde ouers dikwels self op skool misluk het, koester hulle gewoonlik min of geen verwagtinge van hulle kinders nie en ontbreek dit hulle gewoonlik aan belangstelling, meeewing, aanmoediging en motivering van die kind, selfs in die voorskoolse fase. Weens die gebrek aan sukses voel die kind dan ongemotiveerd en ontmoedig, wat daartoe lei dat hy as't ware gepredisponeer is tot mislukking (Kelly, 1996:6; Meyer, 1990:1).

Die opvoedingstyle wat hoofsaaklik deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, word vervolgens bespreek in terme van die invloed daarvan op die belevinge van die kind, op die gedrag wat hy openbaar en op sy persoonlikheidsontwikkeling. Pienaar (1997:87-135) stel hierdie invloed van ouerlike opvoedingsgedragspatrone (wat telkens met 'n bepaalde waarde-oriëntasie verband hou) op die psigiese lewe van die kind in tabelvorm voor. Die onderskeie skematiese opsommings word telkens verskaf ten einde 'n omvattende beeld te bied van die opvoedingsgedrag van die ouer en die invloed daarvan op die psigiese lewe van die kind. Alhoewel die selfkonsep as die kern van 'n individu se persoonlikheid beskou word, word die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsep van die kind later as aparte faset bespreek.

3.3.3.2.1 Die dominante opvoeding

Die milieu-benadeelde ouer is dikwels dominerend in sy opvoedingsgedrag teenoor die voorskoolse kind, wat daartoe lei dat laasgenoemde bloot

konformeer ten einde uit die moeilikheid te bly. Die kind se gedrag spreek van volgsaamheid, maar in die proses word hy nie toereikend deur sy ouers voorberei op die eise van die lewe nie. Hierbenewens is die milieu-benadeelde voorskoolse kind dikwels oor-afhanklik van die ouers, openbaar hy nie die nodige oorspronklikheid, kreatiwiteit en inisiatief nie en sukkel hy met effektiewe probleemoplossing. Weens die ouer se geneigdheid om die kind deur middel van beperkinge, eise en besliste gedragstandaarde in 'n gewenste rigting te probeer dwing kan die individualiteit van die kind nie tot sy reg kom nie en leer die kind nie om op sy eie bene te staan, aan te pas by veranderende of onverwagte omstandighede, soepel te wees wat die toepassing van reëls betref of om self nuwe reëls te ontwerp nie. Hierdie wyse van opvoeding kan dus beskryf word as inhiberend (remmend), aangesien die kind nie enige mate van vryheid of die geleentheid tot selfontplooiing gebied word nie. Die ouer neem besluite vir die kind sonder om sy wense of begeertes in ag te neem en kan om dié rede selfs as veeleisend beskryf word (Vergelyk Pienaar, 1997:96-97; Schoorl, 1993:110; Pretorius, 1992b:43; Meintjes, 1990:144-145).

Volgens die opvoeding-persoonlikheids-model van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) ontwikkel kinders wat dominant opgevoed is ekstroversie, impulsiwiteit en emosionele labiliteit as persoonlikheidseienskappe. Hulle beskik gewoonlik oor 'n vaste lewensvisie waaraan hulle konsekwent vashou, hou geredelik by reëls en voorskrifte en pas maklik aan by aanvaarbare norme en gewoontes. Hierdie kinders poog voortdurend om konflik te vermy en streef deurgaans daarna om nie opvallend te wees nie (Pretorius, 1992b:43).

Die streng dissiplineringspraktyke waarvan die ouer gebruik maak, lei daartoe dat die kind nie tot die nodige insig kom met betrekking tot ordelikheid nie. Die moontlikheid van die uitbouing van 'n innerlike gedragsoriëntasie en gewetensvorming word beperk en die milieu-benadeelde voorskoolse kind bly om dié rede dikwels van eksterne kontrole afhanklik. Hierdie gerigtheid op eksterne reëls het bepaalde positiewe uitkomstes en versterk

gedragseienskappe soos orde, netheid, gehoorsaamheid en ondergeskiktheid (sogenaamde “fabrieksgerigte” eienskappe), maar is remmend ten opsigte van weetgierigheid, gemotiveerdheid en die verstandelike en emosionele ontwikkeling van die kind. Kinders wat op ‘n dominante wyse opgevoed word, ervaar meestal intense gevoelens van wrok, wrewel, frustrasie en verset, ten spyte van hulle oënskynlike gehoorsaamheid, beleefdheid, konformiteit en onderdanigheid. Hierbenewens gee oormatig streng opvoedingspraktyke dikwels aanleiding tot antisosiale gedragpatrone en aanpassingsprobleme by kinders, asook probleme ten aansien van prestasie (Rosa, 1994:91; Wielemans, 1984:89-91; Gardner, 1982:312).

Pretorius (1994a:59) identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe ten aansien van die kind wat volgens die posisionele (outoritêre) opvoedingstyl opgevoed word:

- ◆ gevoelens van ontoereikendheid, minderwaardigheid en skaamte
- ◆ ernstige spanningsprobleme en onsekerheid
- ◆ oormatige afhanklikheid van ander en ‘n vrees om verantwoordelikheid te aanvaar
- ◆ huiwerigheid om ‘n uitdaging te aanvaar voordat sukses gewaarborg word
- ◆ opstandigheid teen gesag, asook negatiewiteit, uitdagendheid, vyandigheid en aggressie
- ◆ leuens en wantroue.

Weens oormatige hulpverlening en beskerming deur die dominante ouer voel die kind soms dat hy as klein en hulpeloos vir sy ouderdom en daarom as minderwaardig beskou word. Aan die ander kant kan die oormatige strengheid van en eisestelling deur die ouer hom met die gevoel laat dat die ouer liefdeloos teenoor hom staan. Die kind kom selde tot optimale selfaktualisering en selfstandigheid, wat daartoe lei dat positiewe selfkonsepvorming belemmer word.


Hamachek (1987:231) sluit aan by die voorafgaande en identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe wat deur kinders in dominante, outoritêre gesinsituasies geopenbaar word:

- ◆ hulle ontwikkeling is ontoereikend, veral met betrekking tot onafhanklikheid en sosiale verantwoordelikheid (veral by seuns). Hierdie eienskap manifesteer weens die feit dat die kind leer om van outoriteit of gesag afhanklik te wees en selde die geleentheid kry om persoonlike keuses te maak wat tot sosiale verantwoordelikheid sal lei
- ◆ hulle beskik oor 'n ontoereikende selfkonsep, hoofsaaklik weens die gebrek aan geleenthede om op hulle eie te waag en te eksplorieer
- ◆ hulle ervaar probleme ten aansien van positiewe verhoudingstigting met lede van die portuurgroep en openbaar dikwels 'n terneergedrukte gemoedstoestand. Dit is dikwels die gevolg van neerhalende opmerkings, te min vryheid en 'n gebrek aan voldoende interpersoonlike warmte
- ◆ hulle is òf gehoorsaam òf opstandig en gewetenloos. Hierbenewens openbaar hulle 'n gebrek aan spontaneïteit en nuuskierigheid, dikwels weens vrees en/of woede.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die dominante opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot aanmatigende en impulsiewe gedrag.

Met betrekking tot die dominante opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:101) (kyk Tabel 3.3) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.3 : Die dominante opvoeding (Pienaar, 1997:101)



3.3.3.2.2 Die intolerante, outokratiese opvoeding

Die gevolge wat 'n intolerante, outokratiese opvoeding op die persoonlikheidsontwikkeling van die voorskoolse kind het, is gedeeltelik dié van 'n dominante en gedeeltelik dié van 'n koue opvoeding. Kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word, is gewoonlik passief en toon 'n gebrekkige mate van inisiatief, grootliks weens die ouers se doodkorrigerende gedrag, waarvolgens die kind leer om eerder niks te doen nie en op dié wyse enige foute deur hom te vermy. Die kind ontwikkel in 'n konserwatiewe mens, wat op rigiede wyse aan reëls en konvensies vaskleef. Hy is beperk in sy opvattinge, tree gewoonlik konvensioneel op, verwerp afwykings van dit wat algemeen aanvaarbaar is en lewer selde kritiek teenoor gesagsinstansies. Hierbenewens is hy meestal afhanklik van ander, bang om verantwoordelikheid te aanvaar en huiwerig om uitdagings aan te pak indien hy nie vooraf seker is van 'n redelike mate van sukses nie. Hy bly van eksterne beheer en kontrole afhanklik en volg, op grond van die gebrek aan innerlike beheer en selfdissipline, gewoonlik bloot die massa wanneer hy handel (Pretorius, 1992b:46; Steyn, Van Wyk & Le Roux, 1989:338).

Angenent (1990:106) wys daarop dat die kind wat aan intolerante opvoedingsgedrag onderwerp word dikwels 'n pessimistiese lewensuitkyk en gevoelens van opgekropte haat het, wat onderdruk word en dan soms op impulsiewe en aggressiewe wyse tot ontlading kom. Volgens die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) is kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word dikwels nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie en asosiaal georiënteer), impulsief en emosioneel, met daarmee gepaardgaande gevoelens van emosionele labiliteit (ontsteltenis, prikkelbaarheid), emosionele kwesbaarheid (byvoorbeeld ten opsigte van stres) en 'n gepredisponeerdheid tot depressie, bekommernis en spanning. Hierbenewens word die psigiese lewe van die kind gekenmerk deur negatiewe, versteurde en blokkerende belewinge en is sy gedrag dikwels

selfbeskermend, selfhandhawend en sosiaal-wanaangepas (Pretorius, 1992a:41).

Hurlock (1978:527-528) beklemtoon die ongunstige effek van die outoritêre opvoedingstyl op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, aan die hand van 'n beskrywing van kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word:

“They are inhibited, overcontrolled, introverted, withdrawn, conservative and conventional ... intolerant of change, irregularity, and things that are not clearly defined. They tend to be submissive to authority figures but aggressive toward all who are weaker than they are. Characteristically, they are anxious, guilt-prone, worry-prone, compulsively doubtful, insecure, rigidly moral, and plagued by feelings of inadequacy and inferiority.”

Volgens Pellegrini (1987:148) is hierdie kinders minder geneig tot gereelde interaksie met lede van hulle portuurgroep en word hulle deur ander gedomineer wanneer daar wel interaksie plaasvind. Alhoewel hierdie kinders gehoorsaam is, ontbreek dit hulle aan spontaneïteit en affeksie. Hulle blyk derhalwe nie sosiaal vaardig te wees nie. Voorskoolse kinders uit intolerante, outokratiese gesinne is meestal afhanklik, sosiaal teruggetrokke en ongelukkig.

Ook Shaffer (1996:609-610) verwys na 'n studie deur Baumrind (1967) met betrekking tot die verband tussen opvoedingstyle en die eienskappe van voorskoolse kinders wat onderwerp word aan verskillende opvoedingstyle. Ten aansien van die outoritêre opvoedingstyl, wat kenmerkend is van die milieu-benadeelde ouer, is bevind dat voorskoolse kinders geneig is om gereeld buierig en merkbaar ongelukkig te wees, maklik kwaad word en dikwels onvriendelik is, relatief doelloos is en oor die algemeen nie baie aangenaam is om by te wees nie.

Voorskoolse kinders wat volgens hierdie opvoedingstyl opgevoed word, openbaar dikwels gevoelens van angs, minderwaardigheid en ontoereikendheid. Hierbenewens leer die kind nooit om te redeneer of 'n saak te beoordeel nie en ondervind hy probleme om besluite te neem en keuses te maak, aangesien hy nie oor die vaardighede hiervoor beskik nie. Op grond van innerlike onsekerheid en vrees openbaar hy selde doeltreffende probleemoplossende gedrag. Hy ontwikkel dikwels ernstige spanningsprobleme en openbaar 'n gebrek aan skeppingsvermoë, veral wanneer oorspronklike oplossings vir probleme gevind moet word. Hierdie kinders kom uiterlik stil, goedgesmanierd en onderworpe voor, maar koester dikwels 'n wrok, wat in gevoelens van ongelukkigheid en agterdog jeens ander mense resulteer. Die kind tree dan soms oneerlik, skelm en geheimsinnig op om straf te ontduik. Sielkundige straf, soos liefdesonthouding, kan tot selfs ernstiger psigiatriese gesteldhede by die kind aanleiding gee (Vergelyk Van Wyk, 1996:43; Steyn *et al*, 1989:338; Hurlock, 1978:404).

Die relatief afsydige en outoritêre opvoedingstyl resulteer verder in probleme soos 'n lae selfkonsep, swak skolastiese prestasie, versteurde verhoudinge met die portuurgroep, asook aanpassingsprobleme, byvoorbeeld aggressie, vyandigheid en depressie. Die ouer is dikwels in konflik met sy kind, gewoonlik weens gebrekkige finansies, wat hom vyandig laat voel teenoor sy kind. Op sy beurt medeveroorsaak die ouer se onbetrokkenheid en onvoldoende koestering verzet, aanpassingsprobleme, antisosiale, uitdagende en rebellerende gedrag by die kind, wat weer daartoe bydra dat die ouer gevoelens van ontoereikendheid beleef, wat op sy beurt daartoe lei dat hy selfs nog meer onbetrokke en minder koesterend teenoor die kind optree (Shaffer, 1996:613; Steyn *et al*, 1989:338).

Hurlock (1978:404) vat die ongunstige invloed van streng outoritêre dissiplinêre maatreëls op die volgende wyse saam:

*“Even though authoritarian discipline in its strictest form is more damaging to a child at certain times during the developmental pattern than at others, there is **no** time when it does not leave an unfavorable mark on the child’s behaviour or personality.”*

Pretorius (1994a:246) lewer die volgende uitspraak ten opsigte van die kind se beleving van die ouer se outokratiese opvoedingsgedrag:

Die ouer se “... afkeurende en oorkritiese houding maak die kind beangs en gefrustreerd. Hy vrees die straf, verwyf, afkeuring en nie-aanvaarding wat hy sal moet verduur as hy nie aan sekere eise voldoen nie. Wrok, wrewel en aggressie word in hom gewek. Hy raak ook ontmoedig. Dit is uiters ontmoedigend ... wanneer ‘n mens sy uiterste bes probeer, maar telkens nie kan voldoen aan die eise en verwagtinge wat gestel word nie.”

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die intolerante opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot emosioneel-veeleisende en uitdagend-vyandige gedrag, asook tot gedragsprobleme.

Met betrekking tot die intolerante, outokratiese opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:101) (kyk Tabel 3.4) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belevinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.4 : Die intolerante, outokratiese opvoeding
(Pienaar, 1997:125)

OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER		
- koud/dominant	- kind sien/nie hoor	
- gebiedend (diktatoriaal)	- besluit vir kind	
- streng eise	- kontrolerend	
- min kommunikasie	- neerhalend	
- straf (fisies) en dreig	- onbuigsam	

BELEWINGE VAN DIE KIND	GEDRAGINGE VAN DIE KIND	PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VAN DIE KIND
- spanning	- aggressie	- impulsief
- angs	- opstandig	- emosioneel (buielig)
- vrees	- min inisiatief	- nie-sosiaal
- onseker	- ontoereikende selfaktualisering	- passief
- wrok	- konvensioneel	- rigied
- bekommerd	- dominerend	- lae selfkonsep
- ongelukkig	- rebels	- afhanklik
- minderwaardig	- misdadige gedrag	- min selfvertroue
- skaamte	- selfbeskermende gedrag	
- frustrasie	- wanaangepaste gedrag	
- wrewel	- tot gedragsprobleme predisponeer	
- ontmoedig	- emosioneel-veeleisende gedrag	
- wantrouig	- uitdagend-vyandige gedrag	
- skuldgevoelens	- selfhandhawende gedrag	
- depressie		
- gevoelig vir kritiek		

3.3.3.2.3 *Die onverskillige opvoeding*

Die onverskillige opvoeding, wat 'n koue, toegeeflike opvoeding is, word gekenmerk deur 'n gebrek aan belangstelling van die ouer in die kind, wat daartoe lei dat hy die kind verontagsaam en verwaarloos. In sommige gevalle kan die ouer hom selfs van die kind en sy optrede distansieer en hom algehele vryheid toelaat. Die ouer neem nie die primêre behoeftes van die kind in ag nie en voorsien nie in die kind se behoefte aan liefde en warmte of in sy behoefte aan gesag en leiding nie. Die kind word derhalwe affektief verwaarloos en is nie aan reëls of mense gebonde nie. Gevolglik vind hy dit moeilik om diepgaande met ander persone te kommunikeer. Hierbenewens vind hy dit moeilik om reëls en afsprake na te kom (Pretorius, 1992b:47-48; Angenent, 1990:107).

Die onverskillige opvoedingstyl kan beskou word as die mees onsuksesvolle opvoedingstyl, wat die mees konsekwent negatiewe invloed op die psigiese lewe van die kind uitoefen. Hierdie slap, onkontrollerende benadering waar kinders verwerp word of waar ouers so oorweldig is deur hulle eie spanning en probleme dat hulle nie tyd of energie het om aan die opvoeding van hulle kinders te wy nie, het 'n uiters nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die kind. Kinders wat volgens hierdie opvoedingstyl opgevoed word, openbaar as kleuters redelik hoë vlakke van openlike aggressiewe gedrag, antisosiale gedrag en eksternaliserende gedrag soos woede-uitbarstings. Hierbenewens is die invloed van die opvoedingstyl sigbaar in die situatief-versteurde gedrag wat die kind openbaar, byvoorbeeld onveilige en onseker-tastende gedrag, onbeheersdheid en ongeremdheid (om nie rekening te hou met mense of met norme nie), asook misdadigheid (Shaffer, 1996:610; Pretorius, 1992a:44).

Die koue vyandigheid wat die kind beleef, kan daartoe lei dat hy ontwikkel tot 'n emosioneel onveilige, sosiaal ontwykende persoon wat die ontoereikende ek-jy-verhouding wat tussen hom en sy ouers bestaan in sy verhoudinge met ander voortsit. Op grond van die onthouding van liefde deur die ouers kan die kind 'n

egoïstiese houding openbaar, en ook gevoelens van wrok, wrewel en angs koester. Dit resulteer daarin dat hy nie op die gevoelens en gedagtes van ander gerig is nie, maar op die negatiewe gevolge wat 'n oortreding vir homself inhou. Hierbenewens is die kind wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word geneig tot impulsiewe en antisosiale gedrag (Pretorius, 1992a:44).


Verwaarloosende opvoeding lei daartoe dat die kind tot 'n asosiale of antisosiale persoon ontwikkel. Weens 'n tekort aan liefde en versorging openbaar die kind gevoelens van minderwaardigheid en wrok. Verder impliseer die ontoereikende oordrag van sosiale waardes en norme negatiewe sosiale gevoelens vir die kind, 'n negatiewe sosiale ingesteldheid teenoor sy medemens en dit wat aan hom behoort, ontoereikende sosiale verantwoordelikheid en 'n gebrekkige sosiale gewete (gewetenloosheid). Verder gee dit aanleiding tot sosiale skaamteloosheid, sosiale onverskilligheid, sosiale onverdraagsaamheid en drifmatige onbeheerstheid by die voorskoolse kind (Vergelyk Pretorius, 1994a:195).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat aan die onverskillige opvoedingstyl onderwerp word introversie en intellektuele kontrole as persoonlikheidseienskappe ontwikkel, asook dat hulle dikwels nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie, asosiaal georiënteer) is.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die onverskillige opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot teruggetrokke gedrag, asook tot persoonlikheidsprobleme.

Met betrekking tot die onverskillige opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.5) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragpatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.5 : Die onverskillige opvoeding (Pienaar, 1997:135)



3.3.3.2.4 *Die koue opvoeding*

Die koue opvoedingstyl word gekenmerk deur pedagogiese verwaarlosing, liefdeloosheid, verwerping en selfs vyandigheid van die ouer teenoor die kind. Die ouer is nie kind-gerig of beskikbaar vir die kind nie, toon nie belangstelling in die kind nie en is nie ingestel op die kind se behoeftes en opinies nie. Die ouer spandeer min tyd en moeite aan die kind, wat daartoe lei dat daar selde sprake is van gesamentlike aktiwiteite en egte persoonlike kommunikasie tussen ouer en kind (Pretorius, 1992a:26-27; Angenent, 1990:78-79).

Milieu-benadeelde ouers betoon dikwels nie genoegsame liefde en warmte tydens die opvoeding van hulle kinders nie. Volgens Shaffer (1996:608) ontwikkel kinders wat nie voldoende liefde en warmte van hulle ouers ontvang nie minder stabiele gesinsbande, is dikwels angstig, emosioneel gefrustreerd en prikkelbaar, ervaar hulle meer dikwels gesondheidsprobleme, doen swakker op skool, is minder populêr by die portuurgroep en benodig meer dikwels sielkundige hulp vir gedragsprobleme. Hierdie kinders kry nie die geleentheid om te floreer nie, weens die feit dat hulle verwerp word.

Pretorius (1992, 1994) maak die volgende uitsprake ten aansien van die gebrek aan liefde wat die koud-opgevoede kind ervaar:

- ◆ *“Weens die intense behoefte van die kind aan onvoorwaardelike liefde en algehele aanvaarding kan ‘n mens te wagte wees dat die koud opgevoede kind sal ontwikkel tot ‘n persoonlikheid met ‘n emosioneel labiele en emosioneel arme psigiese lewe, en ‘n teruggetrokke en swak aangepaste sosiale lewe. ‘n Koue, liefdelose en verhardende opvoeding beteken dus vir die kind psigiese en sosiale skeefgroei”* (Pretorius, 1992a:29).
- ◆ *“Die liefdeloosheid werk gevoelsverarming, ‘n apatiese ingesteldheid en ‘n neiging tot introversie en minderwaardigheid in die hand, maar andersyds lei*

dit tot 'n intense nood aan liefdevolle verbondenheid asook 'n begeerte om begryp en verstaan te word. Die intense beleving van minderwaardigheid tesame met die behoefte aan begrip kan tot wangedrag lei" (Pretorius, 1994a:194).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat koud opgevoed is introversie en emosionaliteit as persoonlikheidseienskappe ontwikkel. Hierbenewens is hulle gewoonlik nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie, asosiaal georiënteer).

Verder openbaar die voorskoolse kind gevoelens van agterdog, onsekerheid, bekommernis, ontsteltenis, gevoeligheid vir kritiek, angs en spanning. Opvoedings- en gedragsprobleme manifesteer reeds op 'n vroeë ouderdom by die kind en hy ontwikkel tot iemand wat selde belangstel in sy medemens en sosiaal teruggetrokke lewe. Op grond van sy gevoelens van ontevredenheid, wantroue en vyandigheid openbaar hy soms opstandige, aandagsoekende, aggressiewe, asosiale en misdadige gedrag. Ekstreem koue opvoedingsgedrag deur die ouer lei selfs daartoe dat die kind tot 'n labiele mens ontwikkel wat in spanning lewe en geredelik neurotiese simptome openbaar (Vergelyk Pretorius, 1992a:27; Pretorius, 1992b:42).

Weens die ontoereikende kommunikasie wat tussen ouer en kind verwerklik word, ervaar die voorskoolse kind 'n gebrek aan belangstelling in hom en ontwikkel hy 'n sekere mate van oppervlakkige selfstandigheid sodat hy op sy eie kan klaar kom. Dit is egter 'n blote skyn, waaragter 'n intense afhanklikheid en behoefte aan ondersteuning skuil (Vergelyk Angenent, 1990:102).

Die uitkoms van die ontoereikende ek-jy-verhouding wat tussen die koue ouer en sy kind verwerklik word, blyk uit die volgende uitspraak van Pretorius (1994a:248):

“Die jong kind kom niks so sleg te bowe as ‘n tekort aan liefde nie. As die ouers (gevoelsmatig) afwesig, liefdeloos, afgetrokke of kontakversteurend is, loop die persoonsontplooiing van die kind ernstige gevaar, want liefdeloosheid maak die wêreld grou en uitsigloos.”

Die voorskoolse kind se belewing van verwerping deur die ouer kan ernstige gevolge hê vir sy persoonlike welsyn, sosiale ontwikkeling, selfkonsepvorming en geestesgesondheid. Benewens gevoelens van verworpenheid, bedreiging en minderwaardigheid openbaar die kind dikwels gevoelens van vyandigheid, gevoelloosheid en onverskilligheid teenoor die ouer. Verder beleef hy sy eie bestaan en prestasies nie as sinvol nie en ervaar hy probleme ten aansien van verhoudinge en kommunikasie met sy medemens. Weens sy intense behoefte aan liefde en aandag is hierdie kind oormatig geneig om ander te probeer tevrede stel, in ‘n poging om op dié wyse aandag te verkry. Alhoewel hy dikwels lastige, aandagsoekende gedrag openbaar om aandag te wen, het hierdie gedrag soms die teenoorgestelde uitwerking, wat in ‘n verdere belewing van verstoting by die kind resulteer (Vergelyk Pretorius, 1994a:249; Pretorius, 1992a:28).

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die koue opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot wantrouende sosiale gedrag, asook tot persoonlikheidsprobleme.

Met betrekking tot die koue opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.6) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.6 : Die koue opvoeding (Pienaar, 1997:95)

OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER		
- koud	- verwaarloosend	
- hard	- egoïsties	
- nie kind-gerig	- straf dikwels	
- sadisties	- verkleinerend	
- ongunstige vergelyking	- oormatig krities	
- vyandig	- min egte kommunikasie	
- verwerpend	- min belangstelling	

BELEWINGE VAN DIE KIND	GEDRAGINGE VAN DIE KIND	PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VAN DIE KIND
- angs	- onderdanig	- emosioneel labiel
- spanning	- oorgewillig om ander te behaag	- nie-sosiaal
- vrees	- rusteloos	- introvert
- onsekerheid	- vyandig	- lae selfkonsep
- geïrriteerdheid	- lastige gedrag	- neurotiese simptome (ekstrem)
- gevoelig vir kritiek	- wantrouende gedrag	- afhanklik
- minderwaardigheid	- min belangstelling in ander	- verhard
- eensaamheid	- opstandigheid	- psigiese skeefgroei (tot persoonlikheidsprobleme predisponeer)
- wantroue	- aggressie	- nie selfstandig
- verworpe	- ooraktief	
- bedreig, onveilig	- asosiale gedrag	
	- teruggetrokke gedrag	
	- misdadige gedrag	
	- verhoudings- en kommunikasieprobleme	

3.3.3.2.5 Die toegeeflike opvoeding

Die toegeeflike opvoeding word gekenmerk deur minimum kontrole en min eise aan die kind. Die ouer is aanvaardend ten opsigte van die impulse van die kind en eis nie sosiaal verantwoordelike gedrag van die kind nie. Hierdie ouer kom egter onbetrokke voor en kontroleer die kind se doen en late nie toereikend nie (Pienaar, 1997:104).

Indien die voorskoolse kind aan toegeeflikheid binne redelike grense onderwerp word, blyk die gevolge vir die persoonlikheidsontwikkeling van die kind meestal gunstig te wees. Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk figuur 3.5) blyk dit dat die toegeeflike opvoeding tot die ontwikkeling van introversie, intellektuele kontrole en emosionele stabiliteit as persoonlikheidsienskappe van die kind aanleiding gee.

Hierbenewens is die kind gewoonlik sosiaal goed aangepas, insiklik, kreatief en toon hy inisiatief. In teenstelling hiermee, is die kind wat aan 'n ekstreme mate van toegeeflikheid onderwerp word, geneig om veeleisend en ongeduldig te raak indien hy nie sy sin kry nie. Verder is hy selfsugtig en egosentries, toon hy min respek en konsiderasie vir sy medemens en presteer hy selde na wense, weens die feit dat hy van jongs af aan min eise en verwagtinge blootgestel word (Pretorius, 1992a:32; Angenent, 1990:103).

Steyn *et al* (1989:338) maak die volgende uitspraak ten aansien van die kind wat oormatig toegeeflik opgevoed word:

“Kinders uit sulke ouerhuise het heel dikwels die gevoel dat niemand hulle liefhet of vir hulle omgee nie. Omdat hulle so baie veroorloof word, ontwikkel hulle dikwels gevoelens van onveiligheid en onsekerheid.”

Hierdie gevoelens van onveiligheid en onsekerheid spruit voort uit die kind se geneigdheid om nie vir homself vaste gedragsgrense te stel nie, wat daartoe lei dat hy nie altyd die nodige selfvertroue openbaar nie. Sy beperkte ervaring en psigiese onrypheid resulteer in verwardheid en onsekerheid, wat daartoe lei dat hy nie in staat is tot besluitneming met betrekking tot sosiaal aanvaarbare gedrag nie. Dit hou die moontlikheid in dat hy met vreesagtigheid, angs en aggressie op hierdie gesteldheid kan reageer. Hierbenewens kan hy moontlik 'n wrok koester teen die ouers, wat nie die nodige waarskuwings en begeleiding betyds aan hom gee nie en hom op dié wyse in die steek laat. Die kind is dikwels impulsief en aggressief, geneig om baasspelerig en selfgesentreerd te wees, geneig om 'n gebrek aan selfbeheer te openbaar, asook 'n lae vlak van onafhanklikheid en prestasie (Shaffer, 1996:609-610; Pretorius, 1992a:32-33).

Hamachek (1987:232) identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe van kinders wat op 'n permissiewe wyse opgevoed word:

- ◆ hulle toon 'n gebrek aan die vermoë om impulse te beheer en die bevrediging daarvan uit te stel, weens die feit dat hierdie kinders hulle sin kry in bykans alles, asook weens die feit dat daar min eise aan hulle gestel word
- ◆ hulle is oormatig aggressief, vanweë hulle strewe om hulle wense onmiddellik te laat vervul op die manier wat hulle voorskryf, asook die oormatige mate van vryheid wat hulle beleef om hulself vrylik uit te druk
- ◆ hulle is gewoonlik onryp, aangesien hulle hul in 'n omgewing bevind waar hulle die middelpunt is en daar min verwagtinge gestel word met betrekking tot impuls-beheer en aanvaarbare gedrag
- ◆ hulle openbaar ontoereikende sosiale vaardighede en leierskap-potensiaal
- ◆ hulle beskik oor 'n gebrekkige vermoë en/of onwilligheid om doelwitte te stel en dit na te streef, weens die lae verwagtinge, lae eise en min erkenning wat hulle tuis ontvang.

Pretorius (1992a:33) sluit aan by bogenoemde en identifiseer die volgende gedragswyses waaraan die toegeeflik opgevoede kind gekenmerk kan word:

- ◆ gebrekkige selfstandige en eksploratiewe gedrag
- ◆ 'n gebrek aan selfbeheersing, asook wanordelike of onrype gedrag (teenoor byvoorbeeld leeftydgenote)
- ◆ 'n gebrek aan aanvaarding van sosiale verantwoordelikheid
- ◆ oormatige ekspressiewe en ongeïnhibeerde gedrag (uitgelatenheid, rumoerigheid, uittartendheid en opvlieëndheid)
- ◆ aggressiewe gedrag, veral wanneer hy sy sin kry indien hy hom op 'n aggressiewe wyse gedra en aggressiewe gedrag op dié wyse versterk word deur die ouers se reaksie daarop.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die toegeeflike opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot onderdanige gedrag.

Alhoewel die toegeeflike opvoeding gewoonlik gekenmerk word deur minimum kontrole en eise en 'n oormatige mate van vryheid aan die kind, wat in bogenoemde gedrag en kenmerke resulteer, bestaan die moontlikheid dat die ouer tot die besef kan kom dat die vrye teuels wat hy gee rampspoedige gevolge kan inhou. In reaksie tree die ouer dan soms oormatig streng en bestraffend op, wat die kind verwar en met gevoelens van onveiligheid laat. Hierdie inkonsekwente dissiplineringspraktyk kan aanleiding gee tot 'n emosioneel versteurde of misdadige persoonlikheid by die kind (Pretorius, 1992a:33).

Met betrekking tot die toegeeflike opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk tabel 3.7) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.7 : Die toegeeflike opvoeding (Pienaar, 1997:108)

OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER		
<ul style="list-style-type: none"> - laat baie vryheid toe - minimum kontrole - min eise - min reëls - geen dwang - nie-bestraffend - oormatig aanvaardend 	<ul style="list-style-type: none"> - verwenning (saam met warmte) - distansie (saam met koudheid) - onverskillig - onbetrokke - onbesorg 	

BELEWINGE VAN DIE KIND	GEDRAGINGE VAN DIE KIND	PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VAN DIE KIND
<ul style="list-style-type: none"> - voel in die steek gelaat - onveilig - onseker - vrees - wrok - angs - waardeloosheid * niemand het my lief nie * niemand gee om nie 	<ul style="list-style-type: none"> - kreatief - inisiatief - eksploratief - onderprestasie - drifmatig (ongerem) - misdadige gedrag - ongeïnhibeerde gedrag - onrype gedrag - onderdanige gedrag - kalm-insiklike gedrag - aggressie - min respek - onvolwasse 	<ul style="list-style-type: none"> - lae selfkonsep - emosioneel stabiel - introvert - intellektuele kontrole - selfsugtig - veeleisend - egosentries - gebrekkige selfstandigheid - min sosiale verantwoordelikheid - min selfvertroue - min selfdissipline

3.3.3.2.6 Die betrokke opvoeding

Alhoewel die betrokke opvoedingstyl na 'n gunstige opvoedingsgedragpatroon mag lyk, het die betrokke opvoeding vir die doeleindes van die onderhawige studie 'n ongunstige betekenis, weens die feit dat oormatige betrokkenheid in oorbemoeienis deur die ouer manifesteer. By dié opvoedingstyl word dominansie, beperking en kontrole met liefde en warmte gekombineer, wat boodskappe soos oorbeskerming, opdringerigheid, bemoeisug en oorbesorgdheid aan die kind kommunikeer. Die kind word in sy ontwikkeling onderskat en die ouer hou nie rekening met sy strewe na emansipasie nie. Die ouer poog deurgaans om die kind van gevare te beskerm en om hom op alle terreine moontlik te help, op grond van sy vrees dat die kind iets sal oorkom (Pretorius, 1992a:41-42).

Hurlock (1978:497) stel die uitwerking van oorbeskerming op die kind soos volg:

“Parental overprotectiveness consists of excessive care and control over the child. This fosters overdependency in children, dependency on all people, not parents alone, lack of self-confidence, and frustrations.”

Angenent (1990:107) sluit hierby aan en meld dat kinders wat aan betrokke opvoeding onderwerp word gebrekkige selfvertroue en deursettingsvermoë openbaar en afhanklik en passief voorkom. Hierbenewens word die kind dikwels gekenmerk deur 'n oormatige moedergebondenheid en aandagsoekende gedrag. Die voorskoolse kind se verwerwing van selfstandigheid word belemmer en hy is dikwels volgsaam, “soet”, onderdanig, gedweë, oorbeleef en inskiklik. Hy openbaar selde inisiatief en neem selde leiding (Vergelyk Pretorius, 1992a:42).

Volgens Wielemans (1984:92-93) is ouers uit lae sosio-ekonomiese groeperinge selde ingestel op die bevordering van selfvertroue en suksesbeleving by die kind, wat uiteindelik tot 'n hoë mate van prestasiegemotiveerdheid sal aanleiding

gee. Milieu-benadeelde ouers het weinig vertroue in die selfstandige ontwikkelingsmoontlikhede van hulle kinders, met die gevolg dat hulle opvoedingshouding dikwels gekenmerk word deur 'n mate van oorbeskerming. Dit belemmer uiteraard die uitbouing van 'n verantwoordelike sin by die kind met betrekking tot sy eie suksesse en mislukings.


Pretorius (1992b:47) meld dat die kind wat aan die betrokke opvoedingstyl onderwerp word meestal tot 'n ekstrovert ontwikkel wat sosiaal maklik kan aanpas, alhoewel hy ietwat onoplettend en sorgloos kan wees en sy geldingsdrang op 'n egosentriese wyse tot uiting kan bring. In die geval van ekstreme betrokkenheid deur die ouer is die ouer oormatig besorgd oor die kind en bemoei hy hom met bykans alles wat die kind aangaan. Vanweë die sterk emosionele band tussen ouer en kind ontstaan 'n beperking van die opvoedingsmilieu, waarin daar geen plek is vir ander nie en wat belemmerend inwerk op die kind se persoonlikheidsontwikkeling.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat aan die betrokke opvoedingstyl onderwerp word ekstroversie en impulsiwiteit as persoonlikheidsienskappe ontwikkel. Hierbenewens is hulle gewoonlik sosiaal (sosiaal vaardig, sosiaal aanpasbaar, pro-sosiaal georiënteer).

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die betrokke opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot sosiaal-aangename gedrag.

Met betrekking tot die betrokke opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.8) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragpatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidsienskappe van die kind uiteengesit word.

TABEL 3.8 : Die betrokke opvoeding (Pienaar, 1997:130)




3.3.3.3 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die selfkonsepvorming van die voorskoolse kind

Die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsep (kern van die persoonlikheid) van die kind word deur Coetzee (1993:155) verduidelik in terme

van 'n opvoeding-selfkonsep-model (Figuur 3.7). Volgens dié model blyk dit dat positiewe selfkonsepvorming by die kind deur slegs twee basisvorme van die opvoeding gepredisponeer word, naamlik die warm opvoeding en die demokratiese, tolerante opvoeding.

FIGUUR 3.7 : 'n Opvoeding-selfkonsep-model (Coetzee, 1993:155)



Wanneer die kenmerkende opvoedingsgedragspatrone van die milieu-benadeelde ouer teen hierdie model gemeet word (vergelyk paragraaf 3.2.1), kan die afleiding gemaak word dat tipiese opvoedingsgedragspatrone wat deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, gewoonlik die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep by die voorskoolse kind belemmer, aangesien milieu-benadeelde ouers gewoonlik nie die warm of demokratiese opvoedingstyl verwerklik nie.

Die milieu-benadeelde kind ontwikkel dikwels 'n negatiewe selfkonsep, weens sy belewing dat hy nie oor die nodige vermoëns beskik om aan gestelde eise te voldoen nie. Hy voel meestal verwerp en soek dan deur middel van ongewenste sosiale gedrag aanvaarding by die portuurgroep. Hierbenewens openbaar hy, op grond van sy negatiewe selfkonsep, 'n gebrekkige waaghouding en beleef hy homself as 'n mislukking (Meintjes, 1990:146 & 155).

Pretorius (1998a:49) skryf die ontoereikende selfkonsep van die milieu-benadeelde voorskoolse kind hoofsaaklik toe aan sy ouers se ontoereikende opvoedingstyl en sy milieu-benadeelde situasie. Dié skrywer meld verder dat hierdie lae selfkonsep die kind uiteindelik dikwels tot sosiaal onaangepaste gedrag en ontoereikende skoolprestasie predisponeer.

3.3.3.4 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die ontwikkeling van die voorskoolse kind

Die omvangryke effek van die vroeë kinderjare is reeds elders beklemtoon, asook die feit dat die voorskoolse lewensfase 'n sterk, selfs bepalende invloed op die ontwikkeling van die kind uitoefen. Alhoewel sekere ervarings minder belangrik is as ander, kan bepaalde gebeure en ervarings deurslaggewend wees vir toereikende groei en gedragpatrone by die kind (Wielemans, 1984:79; Harman & Brim, 1980:33).

Dit is belangrik dat die ontwikkeling van die kleuter in totaliteit deur veral die ouers gestimuleer word. Opvoeding behoort altyd op die optimale ontwikkeling van die kind gerig te wees, ten einde die kind in staat te stel om te floreer en uiteindelik tot 'n goed aangepaste volwassene te ontwikkel. Die volgende fasette word as belangrik beskou ten aansien van die ontwikkeling van die kleuter as kind-in-totaliteit, soos wat dit deur veral die ouers bevorder behoort te word (Van Wyk, 1996:44-45; De Witt & Booyesen, 1995:71; Buys, 1991:81-88):

- ◆ **Fisieke ontwikkeling:** Die kleuter moet begelei word om sy liggaam en sintuie te oefen, te beheer en te gebruik, asook om geleidelik meer onafhanklik te raak. Perseptuele ontwikkeling is belangrik gedurende hierdie lewensfase en moet by die voorskoolse kind bevorder word. Enige fisieke probleme moet betyds herken word, die kleuter moet goed versorg en sy veiligheid verseker word.

- ◆ **Affektiewe ontwikkeling:** Die voorskoolse kind moet geborge en veilig voel sodat hy inisiatief sal openbaar en sal waag in die wêreld rondom hom. Hy moet vertrouwe in sy versorger (gewoonlik die moeder) ontwikkel sodat hy vertrouwe in die wêreld en in homself kan ontwikkel. Hierbenewens moet hy begelei word om in 'n toenemende mate beheer te verkry oor sy emosies.

- ◆ **Kognitiewe ontwikkeling:** Die kleuter behoort die nodige blootstelling te kry aan 'n verskeidenheid ervarings sodat hy die wêreld rondom hom kan ontdek. Hy moet taalvaardigheid verwerf, ten einde deur middel van taal sin te gee aan die werklikheid en deur middel van interpersoonlike kommunikasie homself te leer ken. Hierbenewens behoort hy tot die besef begelei te word dat kennis interessant is, om reeds op 'n vroeë ouderdom 'n grondslag en liefde vir lees en leer by hom te kweek.

- ◆ **Sosiale ontwikkeling:** Die voorskoolse kind moet begelei word om saam met ander kinders te speel en in 'n groep te kan saamwerk.

- ◆ **Normatiewe ontwikkeling:** Die kleuter moet deur die voorbeeld van betekenisvolle ander in sy lewe gelei word om soos 'n Christen te leef. Sy gewete moet begin ontwikkel en hy moet beginsels aanleer waarvolgens hy gedrag as “goed/reg” of “sleg/verkeerd” kan beoordeel en wat hy as rigtinggewend kan gebruik ten aansien van sy eie gedrag. Vir die klein kind is gehoorsaamheid en om daarvoor geprys te word veral belangrik.

- ◆ **Kreatiewe ontwikkeling:** Kreatiewe denke moet bevorder word by die kleuter en hy moet begelei word om sy skeppende vermoëns uit te bou en tot 'n estetiese bewustheid te kom waar hy die mooi dinge van die lewe raaksien en waardeer.

Die invloed van die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde ouer op die ontwikkeling van die voorskoolse kind word vervolgens aan die hand van enkele fasette van ontwikkeling bespreek. Dit hou uiteraard verband met die waarde-oriëntasie van die ouer, aangesien die waardes wat die ouer aanhang sy opvoedingsgedrag en opvoedingsinhoud bepaal, wat weer 'n bepalende invloed het op die ontwikkeling van die (voorskoolse) kind.

3.3.3.4.1 *Affektiewe ontwikkeling*

Pretorius (1998a:23) wys daarop dat 'n stabiele affektiewe lewe voorwaarde is vir toereikende kognitiewe en normatiewe ontwikkeling en leer. Die kind moet veiligheid beleef en vry wees van vrees alvorens hy sosiaal sal kan inskakel by sy portuurgroep en akademies kan vorder op skool. Ten einde hierdie gevoelens te kan ervaar, is hy egter afhanklik van liefdevolle versorging, vertroue, onvoorwaardelike aanvaarding, gesag en begrip deur sy ouers. Gebaseer op 'n stabiele affektief-emosionele beleving sal die kind bereid wees om te waag, te eksplloreer, aandag te gee, selfstandig op te tree volgens die ouderdoms- en ontwikkelingsniveau waarop hy hom bevind, keuses te maak en besluite te neem. Dit is byvoorbeeld belangrik dat 'n voorskoolse kind sal kan inskakel by 'n groep, maar ook onafhanklik sal kan werk en speel. Hy moet met maats kan speel, maar ook kan wedywer en ander se gedrag na waarde kan skat (Pretorius, 1998a:25; De Witt, 1985:167).

Affektiewe stabilisering skiet egter dikwels tekort in die opvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, meestal weens ouers wat té veel verpligtinge het om na te kom of vanweë opvoedingsfoute soos oorbeskerming en

onbetrokkenheid, soos wat dikwels die geval is by milieu-benadeelde ouers (Lambinon, 1987:4). Aangesien die milieu-benadeelde ouer selde in die behoeftes van die kind voorsien, bly die milieu-benadeelde voorskoolse kind derhalwe dikwels in gebreke ten aansien van hierdie vaardighede en eienskappe.

Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ontvang dikwels nie die nodige mate van liefde en warmte binne die gesinsituasie om aan hom gevoelens van geborgenheid en lewensekerheid te verskaf nie. Hierbenewens intensiever aspekte soos gesinslabiliteit, gesinsverbrokkeling en opvoedingsverwaarlosing affektiewe labiliteit en 'n beleving van onveiligheid, wat kenmerkend is van die milieu-benadeelde kind. Om dié rede betree die kind sy omgewing op 'n onsekere, gespanne en angstige wyse, wat dikwels in mislukking resulteer (Pretorius, 1998a:44).

Weens emosionele deprivasie word die affektiewe ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie toereikend voltrek nie. Hierbenewens is hy dikwels nie sosiaal vaardig nie, selfgesentreerd en voortdurend ingestel op die vervulling van sy eie onvervulde emosionele behoeftes (Pretorius, 1998a:47).

Die milieu-benadeelde voorskoolse kind is gevolglik selde affektief gereed om te leer wanneer hy tot die formele skoolsituasie toetree. Hy openbaar gewoonlik 'n speelse ingesteldheid en is selde daartoe in staat om homself daarvan te distansieer ten einde te voldoen aan die eise van die skool. As 'n gevolg sukkel hy om die nodige gewenste gedragspatrone met betrekking tot selfkontrole, wat belangrik is vir skooltoetrede, te verwerklik, byvoorbeeld die vermoë om met aandag te kan luister, aandagtig te kan konsentreer en homself in te span om 'n taak te voltooi (Pretorius, 1998a:51).

Booyse (1994:127-128) identifiseer kenmerkende houdinge en gedragspatrone van die milieu-benadeelde kind in die klas- en skoolsituasie, op grond van sy

affektiewe labiliteit. Alhoewel die werk deur Booyse betrekking het op die skoolgaande kind, kan die volgende kenmerke (as enkele van die kenmerke geïdentifiseer deur Booyse) ook op die voorskoolse kind van toepassing gemaak word:

- ◆ hy openbaar persoonsprobleme
- ◆ hy openbaar sosiale probleme, wat daartoe lei dat hy nie maklik by 'n groep inskakel nie en geneig is tot isolasie en vervreemding
- ◆ hy is sensitief vir enige verwysing na sy tekortkominge
- ◆ sy konsentrasie is gebrekkig en hy onderpresteer
- ◆ hy openbaar gedragsprobleme
- ◆ hy identifiseer met ongewenste maats
- ◆ hy is dikwels onversorg, verwaarloos en onnet in voorkoms
- ◆ hy is ongewild weens swak gedrag en swak prestasie
- ◆ hy beleef 'n blywende verwagtingsang in sy kontak met mense en dinge
- ◆ hy beleef minderwaardigheidsgevoelens
- ◆ hy openbaar wrewel, beleef gekrenktheid op grond van mislukking en is jaloers op suksesvolle medeleerlinge.

3.3.3.4.2 Kognitiewe ontwikkeling

Volgens Wielemans (1984:101-102) word die vroeë kinderjare, veral die eerste vier jaar, as beslissend beskou met betrekking tot die kognitiewe ontwikkeling van die kind, onder andere weens die feit dat 50% van sy intellektuele ontwikkeling gedurende dié tydperk voltrek word. Weens die gebrek aan stimulerende aktiwiteite en weens beperkte ervaringe in die milieu-benadeelde situasie, word die optimale ontwikkeling van kognitiewe vaardighede by die kind belemmer, wat daartoe lei dat kinders uit milieu-benadeelde gemeenskappe dikwels swakker vertoon met betrekking tot kognitiewe vermoëns.

Vanweë die ingesteldheid dat kinders in milieu-benadeelde gemeenskappe bloot gehoorsaam moet wees sonder dat daar enige verduideliking verskaf word ten aansien van onaanvaarbare gedrag, ontwikkel die kind se vermoë om te redeneer nie toereikend nie. Op dié wyse bepaal die gesagsverhouding derhalwe die gedrag wat deur die kind geopenbaar word en is daar 'n gebrek aan insig en begrip by die kind ten aansien van die redes waarom bepaalde gedrag wenslik is. Die kind word nie tot probleemoplossingsgedrag begelei nie, waar 'n situasie eers kognitief geanaliseer word alvorens daar tot gepaste gedrag oorgegaan word. Sodoende word die vermoë van die milieu-benadeelde kind nadelig beïnvloed deur 'n beperkte mate van gesprekvoering, asook die beperkte taalgebruik waaraan hy tuis blootgestel word (Wielemans, 1984:101).

Wielemans (1984:111-112) verwys na Marjoribanks (1972), wat die volgende omgewingskenmerke identifiseer wat 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die intelligensie van die kind:

- ◆ stimulering van die prestasieniveau van die kind
- ◆ bevordering van die aktiwiteitsniveau
- ◆ stimulering van intellektuele gedrag
- ◆ bevordering van onafhanklike gedrag
- ◆ bevordering van moedertaalgebruik
- ◆ stimulering van die aanleer van 'n vreemde taal
- ◆ betrokkenheid van die vader by die aktiwiteite van die kind
- ◆ betrokkenheid van die moeder by die aktiwiteite van die kind.

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking, veral die gedeelte wat handel oor die betrokkenheid en kenmerkende opvoedingstyl van die milieu-benadeelde ouer, is dit duidelik dat bovermelde omgewingskenmerke selde verwerklik word in die milieu-benadeelde opvoedingsituasie. Die afleiding kan gemaak word dat die intellektuele ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie

toereikend verwerklik word nie, op grond van onder andere die ouers se opvoedingsgedrag en dit wat hulle as waardes nastreef.

Met betrekking tot prestasiegemotiveerdheid, wat dui op die vermoë om te konsentreer, die self in te span vir 'n taak, bereid te wees om te volhard totdat 'n taak voltooi is, te beplan vir die kort- en langtermyn en onmiddellike behoeftebevrediging te kan uitstel, word kinders uit laer sosio-ekonomiese klasse gewoonlik gekenmerk deur 'n laer aspirasieniveau, laer beroepsambisies en 'n swakker vermoë om behoeftebevrediging uit te stel. Prestasiegemotiveerdheid by kinders word deur twee faktore in die opvoeding bepaal, naamlik die mate van opvoeding tot prestasiegerigheid en die stimulering van selfstandige, onafhanklike gedrag (Wielemans, 1984:106-107). Aangesien nie een van hierdie aspekte van waarde geag word deur die milieu-benadeelde ouer nie, word dit nie toereikend verwerklik tydens die ouer se opvoedingsgedrag nie, wat daartoe lei dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind 'n swak prestasiegemotiveerdheid openbaar.

Holden (1995:374) verwys na navorsing deur Katkovsky, Preston en Crandall (1964), waarvolgens ouers se houding ten opsigte van hulle eie prestasies waarneembaar is in die gedrag wat hulle teenoor hulle kinders openbaar. Ouers wat byvoorbeeld intellektuele prestasie as belangrik beskou, is in 'n groter mate betrokke by hulle kinders se intellektuele aktiwiteite. In milieu-benadeelde gemeenskappe, waar ouers dikwels swak geletterd of selfs ongeletterd is, kan derhalwe verwag word dat die ouers nie die optimale ontwikkeling van hulle kinders se kognitiewe vermoëns sal stimuleer en aanmoedig nie. As 'n gevolg verwerklik die kind selde die volle potensiaal waaroor hy beskik.

3.3.3.4.3 Sosiale ontwikkeling

Volgens Wielemans (1984:104-105) is dit vir enige kind belangrik om sosiale vaardighede te ontwikkel en presteer sogenaamde “aanvaarde” leerders en kinders wat sosiaal vaardig is gewoonlik beter as dié wat nie deur die portuurgroep aanvaar word of sosiaal vaardig is nie. Navorsing dui daarop dat voorskoolse kinders uit milieu-benadeelde groeperinge swakker presteer op ‘n sosialiteitskaal. Hierbenewens is hierdie kinders gewoonlik minder spontaan, meer teruggetrokke en meer geïsoleerd, in vergelyking met kinders uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Hulle is minder geneig tot interaksie met ander kinders in die groep, speel minder saam met ander kinders, lê geen inisiatief aan die dag nie en oefen nie ‘n invloed op groepspeel uit nie. Hulle is minder spontaan teenoor hulle onderwysers en minder geneig tot gesprekvoering of om hulp te vra. Hulle streef nie daarna om ander kinders te domineer, inspraak te lewer in spel of hulle wil te laat geld nie. Dit is egter bevind dat, alhoewel kinders uit ‘n laer sosio-ekonomiese milieu minder sosiaal optree in groepsverband, hulle, net soos kleuters uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge, graag met ander deel en help in die klas.

Terwyl voorskoolse kinders uit hoër sosiale klasse gewoonlik die leiding neem en die verloop van gebeure bepaal, is die voorskoolse kind uit ‘n laer klas geneig om bloot toe te kyk, ander te volg en diensbaar te wees. Die verhoudinge tussen die onderskeie sosio-ekonomiese klasse, soos uitgespel in die groter maatskaplike struktuur in die samelewing, is dus reeds in die gedrag van voorskoolse kinders opmerklik. Aangesien kinders uit ‘n milieu-benadeelde omgewing minder op hulle gemak voel in die klas as kinders uit hoër sosiale klasse, pas hulle gewoonlik moeiliker aan in die skool, nie alleen op grond van belangrike vaardighede wat by hulle ontbreek nie, maar ook weens die feit dat tipiese klasgebeure die ontwikkeling van moontlikhede by hulle belemmer (Wielemans, 1984:105-106).

3.4 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind te ondersoek, meer spesifiek in terme van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer enersyds en tipiese ouerlike opvoedingstyle, opvoedingsinhoud en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind andersyds.

Ouerlike opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is aan die hand van verskeie modelle bespreek. Alhoewel teen veralgemening gewaak moet word, blyk dit dat die milieu-benadeelde ouer hoofsaaklik beperkend en outoritêr is in die opvoedingsgedrag wat hy verwerklik. Hierbenewens openbaar hy dikwels 'n gebrekkige mate van emosionele warmte en steun teenoor sy kind.

Hierdie geneigdheid van die milieu-benadeelde ouer hou sterk verband met dit wat hy as waardes nastreef en as doelwitte stel in die opvoeding van sy kind. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse beklee gewoonlik sogenaamde blouboordjieberoepes, waar gehoorsaamheid aan outoriteit en konformiteit aan algemeen aanvaarde reëls en gedrag belangrik is. Gevolglik streef die ouer waardes soos gehoorsaamheid, konformiteit en netheid na en poog hy deurgaans in sy opvoeding om dit by die kind te laat ontwikkel. Hierdie geneigdheid resulteer in opvoedingstyle soos die dominante, intolerante (outokratiese), koue en onverskillige opvoedingstyle. Hierbenewens verwerklik milieu-benadeelde ouers soms die toegeeflike of betrokke opvoedingstyl.

Die invloed van die genoemde opvoedingstyle blyk grootliks nadelig te wees, nie slegs ten aansien van die invloed daarvan op die gedrag, belewinge en persoonlikheidsontwikkeling van die kind nie, maar ook ten aansien van ander aspekte van ontwikkeling, asook selfkonsepvorming. By die milieu-benadeelde

voorskoolse kind word positiewe selfkonsepvorming selde verwerklik, op grond van die opvoedingsgedrag van die ouer, wat weer op 'n bepaalde waarde-oriëntasie berus. Wat kinderlike ontwikkeling betref, wil dit voorkom of tipiese opvoedingsgedragpatrone van milieu-benadeelde ouers dikwels negatiewe gevolge het.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA

4.1 INLEIDING

In die vorige twee hoofstukke blyk dit uit 'n studie van relevante literatuur dat die waarde-oriëntasie van ouers 'n betekenisvolle en kragtige invloed uitoefen op die gesinsopvoeding wat deur hulle verwerklik word, meer spesifiek in terme van die opvoedingstyl van die ouers, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind.

In die onderhawige hoofstuk word die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek beskryf, en word ook die data wat verkry is, verwerk en geïnterpreteer. Met die empiriese ondersoek is gepoog om aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys ondersoek in te stel na die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die opvoeding wat hy verwerklik ten aansien van sy voorskoolse kind, in terme van bovermelde aspekte. Benewens die vraelys is van enkele individuele onderhoude met milieu-benadeelde ouers gebruik gemaak om dieper insig te probeer bekom met betrekking tot hierdie verbande. Die uiteindelige doel met die navorsing is om, voortvloeiend hieruit, riglyne vir ouerbegeleiding in die milieu-benadeelde omgewing te formuleer.

Die empiriese ondersoek steun op relevante literatuur. Om dié rede is hoofstukke twee en drie doelmatig geskryf om inhoud en struktuur te verskaf aan die empiriese meetinstrument. Uit dié hoofstukke blyk dit dat milieu-benadeelde ouers waardes soos konformiteit aan norme, gehoorsaamheid, respek vir outoriteit, netheid en stiptelikheid nastreef in die opvoeding van hulle kinders.

Opvoedingsinhoud sentreer om hierdie waardes en tipiese opvoedingstyle word gekenmerk deur 'n beperkende en outoritêre ingesteldheid waar kinders vanaf 'n jong ouderdom leer om reëls na te kom en respek te toon vir outoriteit. Hierbenewens word die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer dikwels gekenmerk deur 'n gebrekkige mate van liefde en ondersteuning teenoor die kind. As 'n gevolg word die optimale ontwikkeling van die voorskoolse kind belemmer, nie alleen wat persoonlikheidsontwikkeling betref nie, maar ook ten aansien van ander fasette van ontwikkeling.

Ten einde voormelde vraagstuk konkreet in die praktyk te ondersoek, is 'n empiriese ondersoek geloods. Vervolgens word die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek uiteengesit.

4.2 NAVORSINGSINSTRUMENT

4.2.1 Keuse van 'n instrument

In die onderhawige ondersoek is hoofsaaklik van 'n gestruktureerde vraelys (kyk Bylaag A) gebruik gemaak. Weens die moontlikheid dat alle milieu-benadeelde ouers nie oor 'n toereikende vlak van geletterdheid beskik en dalk nie die vrae korrek sou verstaan nie, is besluit om van veldwerkers gebruik te maak en die vraelyste tuis of by die kleuterskool wat die voorskoolse kind bywoon, te voltooi.

Benewens die vraelys, wat hoofsaaklik kwantitatiewe inligting verskaf, is enkele individuele onderhoude tuis met ouers gevoer aan die hand van die voltooide vraelys, ten einde meer omvattende toeligtings en verduidelikings betreffende die antwoorde wat hulle op die vrae verskaf het, te verkry. Smit (1985:154) beskou die individuele onderhoud as die belangrikste metode van data-insameling in die Sielkunde en meld dat dit as rigtinggewende faktor kan dien vir ander fases van navorsing. Hierbenewens kan dit as basiese instrument gebruik

word om veranderlikes in die onderhoudskedule te meet of aanvullend wees tot ander metodes.

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing is onderhoudvoering met ouers ingesluit ten einde ook 'n kwalitatiewe komponent in die navorsing te vervat, ter toeligting van die kwantitatiewe inligting wat deur middel van die vraelys verkry is. Die vraelys en individuele onderhoude is afgestem op die bepaling van die aard en omvang van die verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer enersyds en sy opvoedingstyl, opvoedingsinhoud en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind andersyds.

4.2.2 Ontwikkeling van die vraelys

Aangesien hierdie studie gerig is op die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die gesinsopvoeding waaraan die voorskoolse kind op grond hiervan onderwerp word, was dit belangrik om eerstens vrae in te sluit wat betrekking het op die ouers se sosio-ekonomiese status. Tweedens was dit nodig om biografiese gegewens aangaande die ouers sowel as die oudste voorskoolse kind te bekom.

Verder was dit belangrik om vrae in te sluit wat betrekking het op die waarde-oriëntasie van die ouer en dit wat hy as waardes nastreef in die opvoeding van sy kind. Laastens moes vrae ingesluit word wat verband hou met die gesinsopvoeding wat verwerklik word, meer spesifiek in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoud en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Ten aansien van die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is geen vrae ingesluit met betrekking tot persoonlikheidsontwikkeling nie, aangesien daar in dié verband gesteun word op relevante literatuur en navorsing wat reeds onderneem is na die verband tussen bepaalde opvoedingstyle wat deur ouers

verwerklik word en die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe by kinders, eerder as om ouers se persepsies ten aansien hiervan te probeer peil.

Gesien in die lig van die omvang en kompleksiteit van kinderlike ontwikkeling was dit nie haalbaar om 'n in-diepte-studie oor hierdie aspek te doen binne die beperkte bestek van dié studie nie. Slegs enkele vrae is derhalwe in dié verband in die vraelys ingesluit om 'n globale oorsig te verskaf. Relevante vermoedens met betrekking tot die invloed van gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is vir die doeleindes van die onderhawige studie onder die volgende aspekte georden:

- ◆ affektiewe ontwikkeling van die kind
- ◆ kognitiewe ontwikkeling van die kind
- ◆ sosiale ontwikkeling van die kind
- ◆ selfkonsep van die kind.

In die vraelys is hoofsaaklik van twee tipes vrae gebruik gemaak, naamlik feitelike vrae en tweedens opinie- en houdingsvrae. Feitelike vrae was daarop gerig om persoonlike besonderhede, soos biografiese gegewens en gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die respondente, te verkry, terwyl van opinie- en houdingsvrae gebruik gemaak is om gegewens rakende die waarde-oriëntasie van die ouers, asook die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte van die kind te bekom (Owen, *sine anno*:6-7).

Wat vraagformate betref, is hoofsaaklik van gestruktureerde vrae (geslote vrae) gebruik gemaak, dit wil sê vrae waar die respondent 'n antwoord uit 'n lys alternatiewe antwoorde moet selekteer. Hierbenewens is egter ook van enkele ongestruktureerde vrae (oop vrae) gebruik gemaak, waar respondente hulle eie antwoorde of menings moet verskaf (Owen, *sine anno*:4).

Verskillende gestruktureerde vraagsoorte is in die vraelys gebruik. Meervoudige keusevrae is gebruik om byvoorbeeld die huwelikstatus van die ouers te bepaal, terwyl digotome vrae, wat slegs twee moontlikhede (“Ja” en “Nee”) insluit, gebruik is om ouers se standpunte of menings oor bepaalde aspekte te peil. Filter- en opvolgvrae is gebruik sodat ouers byvoorbeeld ‘n aanduiding kon gee van watter tipes speelgoed vir hulle kinders tuis beskikbaar is. Hierbenewens is geskaleerde vrae ingesluit waar ouers byvoorbeeld die belangrikheid van verskillende waardes op ‘n vierpuntskaal moes beoordeel en hulle eie opvoedingsgedrag volgens ‘n vyfpuntskaal moes beoordeel en aandui (Schnetler, 1989:41-51; Owen, *sine anno*:4-5).

Vervolgens word ‘n oorsigtelike uiteensetting, asook ‘n aanduiding van die verbandhoudende vrae wat onder elkeen van die geïdentifiseerde relevante aspekte ingesluit is, verskaf.

4.2.2.1 Biografiese gegewens

Weens die feit dat enkele geselekteerde ouers weer gekontak sou word vir ‘n tweede gespreksgeleentheid en individuele onderhoud, is identifiserende besonderhede (naam, adres en telefoonnommers) by die vraelys ingesluit. Ouers is egter deurgaans daarvan verseker dat hierdie besonderhede nêrens vermeld sou word nie, ter wille van anonimiteit.

Bykomend tot hierdie inligting is die volgende biografiese inligting aan die hand van die vraelys ingewin:

- ◆ inligting met betrekking tot die ouer wat die vraelys beantwoord (vrae 1.1 tot 1.5)
- ◆ inligting met betrekking tot beide ouers (vrae 3.1 en 3.2)
- ◆ inligting met betrekking tot die oudste voorskoolse kind (vrae 2.1 tot 2.4).

4.2.2.2 Gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die gesin

Tabel 4.1 is gebruik om gesinne (respondente) te klassifiseer as milieu-benadeeld of deursneegesinne. Ten einde die klassifikasie te kon doen, is vrae met betrekking tot die ouers se onderwyspeil (vrae 3.1 en 3.2), beroepskategorieë (vrae 3.1 en 3.2) en woonmilieu (vrae 4.1, 4.2 en 4.4) by die vraelys ingesluit. Op dié wyse is die ouers se sosio-ekonomiese status deur hulle beroepe, opvoedkundige kwalifikasies en die woonmilieu waarin die kleuter opgevoed word, bepaal.

Hierdie skaal vir klassifikasie van gesinne as milieu-benadeeld of deursneegesinne is deur Sheffer (1972) ontwikkel en word sedertdien dikwels as klassifikasie-skaal gebruik wanneer navorsing gedoen word. Op grond van die talle veranderinge wat die afgelope aantal dekades kenmerk, onder andere die groter mate van klem wat geplaas word op gesinsbeplanning en kleiner gesinne, met daarmee gepaardgaande voorligting wat verskaf word aan persone uit alle sosio-ekonomiese groeperinge, is die kriteria soos dit gestel is in die oorspronklike skaal aangepas vir die onderhawige studie. Weens bovermelde rede, asook op grond van die waarskynlikheid dat alle ouers, ook dié in milieu-benadeelde gemeenskappe, deesdae aan groter ekonomiese eise moet voldoen, het dit uit die voltooide vraelyste geblyk dat milieu-benadeelde ouers in die huidige omstandighede geneig is om minder kinders te hê as wat in die verlede die geval was. Dit het die implikasie dat daar minder persone in die deursnee milieu-benadeelde woning woon en minder vertrekke gebruik word om in te slaap (woonmilieu).

By nadere deurskouing van die ander twee kriteria blyk die milieu-benadeelde gesin van vandag egter steeds aan die voorspelde kriteria te voldoen. Op grond van hierdie redes en gebaseer op waarneming deur die ondersoeker en veldwerkers dat die respondente wel milieu-benadeeld is, is besluit om wel van

dié skaal as instrument vir klassifikasie gebruik te maak, maar die skaal aan te pas. Waar die oorspronklike skaal 'n totale punt van drie tot tien gestel het as kriterium vir milieu-benadeeldheid, is 'n totale punt van drie tot twaalf gebruik vir die onderhawige studie, ten einde voorsiening te maak vir die moderne tendens van minder kinders (minder persone in die woning) en minder vertrekke wat gebruik word om in te slaap.

TABEL 4.1 : Klassifikasie-skaal vir gesinne
(Vergelyk Dicker, 1993:113; Snyman 1990:76;
Niehaus, 1988:114)


	KRITERIUM VIR SOSIO- EKONOMIESE STATUS	TOEKENNING VAN PUNTE		
		PUNTE TOV KRITERIUM		MAKSIMUM MOONTLIKE PUNT VIR GESIN (OUER MET HOOGSTE PUNT)
		MBT VADER	MBT MOEDER	
BEROEP- STATUS	Ekonomies onaktief (werkloos, huisvrou, pensioenaris)	0	0	3
	Ongeskoolde beroepe, operateurs en halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe, boere en tuiniers	1	1	
	Opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsmanne, verkoopsberoepe, klerklike beroepe	2	2	
	Administratiewe beroepe, professionele of semi- professionele beroepe	3	3	
ONDER- WYSPEIL	Geen skoolopleiding	0	0	3
	St 7 of laer	1	1	
	St 8 tot matriek	2	2	
	Naskoolse opleiding	3	3	
WOON- MILIEU	Hoeveelheid vertrekke in die huis:			9
	- Minder as 4		1	
	- 4 tot 5		2	
	- Meer as 6		3	
	Hoeveelheid persone woonagtig in die huis:			
	- 8 of meer		1	
	- 6 tot 7		2	
	- 5 of minder		3	
	Hoeveelheid vertrekke waarin geslaap word:			
- 1		1		
- 2 tot 3		2		
- 4 of meer		3		
TOTALE PUNT				
'n Milieu-benadeeld geklassifiseerde gesin			Totale punt van 3 tot 12	
'n Deursnee-geklassifiseerde gesin			Totale punt van 13 tot 15	

Voltooide vraelyste is geklassifiseer as dié van milieu-benadeelde gesinne en dié van deursneegesinne, aan die hand van Tabel 4.1 en volgens die hoogste punt behaal, hetsy deur die vader of die moeder. Die verdeling is soos volg:

- ◆ 40 (66,67%) milieu-benadeeld geklassifiseerde gesinne
- ◆ 20 (33,33%) deursnee-geklassifiseerde gesinne.

Figuur 4.1 verskaf 'n skematiese voorstelling met betrekking tot die onderhawige gesinsklassifikasie.

FIGUUR 4.1 : Skematiese voorstelling van gesinsklassifikasie



4.2.2.3 Inligting ten aansien van die waarde-oriëntasies van die ouers

Hierdie afdeling omsluit twee fasette, naamlik die waardes wat die ouers in hulle persoonlike lewens as belangrik beskou (primêr hulle waarde-oriëntasies), maar ook die waardes wat hulle vir hulle kinders as belangrik beskou (in der waarheid die opvoedingsinhoud wat hulle tydens die opvoeding van hulle kinders verwerklik, maar wat onlosmaaklik deel vorm van hulle eie waarde-oriëntasies). Vrae 5.1 (waardes wat ouers in hulle eie lewens as belangrik ag) en 5.2 (waardes wat ouers as belangrik beskou vir hulle voorskoolse kind) is in dié verband in die vraelys ingesluit.

4.2.2.4 Inligting ten aansien van die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte

Gebaseer op die literatuur waarna in Hoofstukke 2 en 3 verwys is, is bepaalde vermoedens gestel wat as basis gedien het vir die opstel van die vraelys. 'n Beknopte uiteensetting word vervolgens gebied met betrekking tot die kriteria en vrae wat onder die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte ingesluit is.

4.2.2.4.1 *Opvoedingstyl van die ouer*

Identifikasie van die opvoedingstyl van die milieu-benadeelde ouer word gebaseer op die mate van liefde en warmte wat hy teenoor sy kind openbaar, sowel as die mate waarin hy dominant/toegeeflik is teenoor sy kind. Ten einde die opvoedingstyl van die respondente te peil, is 'n aantal vermoedens met betrekking tot opvoedingsgedrag in vraag 6.1 vervat, waarvolgens die respondente (ouers) dan hulle eie gedrag moes beoordeel. Hierbenewens is ander vrae (vrae 6.2 tot 6.5) betreffende opvoedingsgedrag ingesluit, onder andere oop vrae waarvan die response op kwalitatiewe wyse ontleed kan word.

4.2.2.4.2 *Opvoedingsinhoude*

Soos reeds vermeld, hou die opvoedingsinhoude wat deur ouers verwerklik word verband met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Vrae na die waardes wat ouers in die lewens van hulle kinders as belangrik beskou (vraag 5.2) dek hierdie aspek.

4.2.2.4.3 *Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Affektiewe stabiliteit en veiligheidsbeleving by die voorskoolse kind, wat optimale affektiewe ontwikkeling moontlik maak, word deur 'n wye verskeidenheid

belewinge beïnvloed. In dié verband is vrae wat verband hou met die volgende aspekte in die vraelys ingesluit:

- ◆ ouerlike betrokkenheid (vrae 7.1 tot 7.3)
- ◆ affektiewe stabiliteit (vraag 7.4)
- ◆ emosionele onafhanklikheid (vrae 9.2 en 9.3).

4.2.2.4.4 Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind

Dit is 'n bekende feit dat kognitiewe ontwikkeling deur gerigte stimulasie bevorder kan word. Hierbenewens is 'n wye verskeidenheid skoolgereedmakende ervarings belangrik vir die voorskoolse kind se suksesvolle toetrede tot die formele skoolsituasie. Vrae met betrekking tot die volgende aspekte is in die vraelys ingesluit in dié verband:

- ◆ stimulasie van die voorskoolse kind se intellektuele ontwikkeling (vrae 8.1 tot 8.3)
- ◆ leesgereedmaking van die voorskoolse kind (vrae 8.1, 8.2, 8.4 en 8.5)
- ◆ bevordering van probleemoplossingsvaardighede en kreatiewe denke (vraag 8.6).

4.2.2.4.5 Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind

Dit is belangrik dat die voorskoolse kind begelei word om eventueel sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar, nie net tuis nie maar ook by die skool en in die openbaar. In dié verband is vrae met betrekking tot die volgende aspekte in die vraelys ingesluit:

- ◆ sosialisierungsvermoë en kommunikasievaardighede (vrae 9.1, 9.2 en 9.3)
- ◆ sosiale aanpasbaarheid en onafhanklikheid binne groepsverband (vrae 9.2 en 9.3)

- ◆ die geneigdheid om in groepsverband leiding te neem (inisiatief) of ander na te volg (konformering) (vraag 9.4).

4.2.2.4.6 Selfkonsep van die voorskoolse kind

Die vorming van 'n positiewe selfkonsep is belangrik vir optimale ontwikkeling en funksionering van die voorskoolse kind. Met betrekking tot hierdie faset van ontwikkeling is die volgende aspekte in die vraelys gedek:

- ◆ die fisieke self (vraag 10.1)
- ◆ die intellektuele self (vraag 10.1)
- ◆ die persoonlike self (selfvertroue) (vrae 10.1, 10.2 en 10.3).

4.2.2.4.7 Algemeen

Opvolgvrae is soms aan die respondente gestel ten einde antwoorde anders as dié wat as opsies verskaf is, asook moontlike redes en/of motiverings vir hulle antwoorde te verkry, indien dit nie in die vraelys voorgekom het nie. Kyk in dié verband vrae 7.3, 8.3, 9.3 en 10.4.

Hierbenewens is drie oop vrae (vrae 6.4, 6.5 en 7.2) ingesluit om aan ouers die geleentheid te bied om hulle eie opvoedingsgedrag, moontlike aspekte van hulle opvoedingsgedrag wat hulle graag sal wil verander, asook die aktiwiteite wat hulle saam met hulle voorskoolse kind beoefen, te beskryf. By hierdie vrae is dit derhalwe moontlik om kwalitatiewe afleidings te maak.

4.3 EMPIRIESE ONDERSOEK

4.3.1 Lokalisering van die onderseogroep

Vir die doel van die onderhawige ondersoek is die universum gedefinieer as **ouers van kinders in kleuterskole in 'n milieu-benadeelde omgewing in Pretoria.**

Alhoewel twee kleuterskole aanvanklik geïdentifiseer en betrek is by die ondersoek, is 'n derde kleuterskool later betrek weens die swak reaksie van ouers verbonde aan die eerste twee kleuterskole. Daar is besluit om 60 (N=60) gesinne by die ondersoek te betrek.

4.3.2 Verloop van die empiriese ondersoek

In die ondersoek is van gerieflikheidsteekproefneming gebruik gemaak. Die ondersoeker het die skoolhoofde van twee kleuterskole genader (kyk Bylaag B) en toestemming verkry om die ouers van kinders in die kleuterskole by die ondersoek te betrek. 'n Skrywe is aan die ouers gerig (kyk Bylaag C), waarin hulle kortliks meegedeel is wat die navorsing behels en waarin hulle versoek is om deel te hê aan die ondersoek. Hierbenewens is 'n naamlys van alle ouers met hulle adresse en telefoonnommers van die skool verkry, ten einde ouers wat nie op die aanvanklike skrywe gereageer het nie, te kon kontak. Weens die swak reaksie van ouers op die skrywe wat aan hulle gestuur is, is 'n derde kleuterskool later betrek by wyse van dieselfde prosedure.

'n Loodsondersoek is deur die ondersoeker gedoen, waarby vyf gesinne betrek en tuis besoek is ten einde die vraelys te voltooi. Die doel met die loodsondersoek was om vas te stel of die vrae in die vraelys maklik verstaanbaar is en of daar enige probleme of onduidelikhede ten aansien van die vrae soos

vervat in die vraelys bestaan. Geen probleme is geïdentifiseer nie, wat daartoe gelei het dat geen wysigings aan die vraelys aangebring is nie.

Drie universiteitstudente wat reeds Opvoedkunde as vak geslaag het, is as veldwerkers gewerf. Die ondersoeker het hulle op 1 Maart 2001, aan die hand van die vraelys, breedvoerig ingelig oor die vrae asook die agtergrond van die vrae en doel met bepaalde vrae. Tydens hierdie geleentheid is die veldwerkers van vraelyste (elkeen 20), die briewe wat deur ouers teruggestuur is, sowel as die naamlyste en kontakbesonderhede voorsien. Die vraelyste is op 10 Maart 2001 finaal voltooi.

Nadat die voltooide vraelyste geanaliseer is, is drie ouers wat as milieu-benadeeld geklassifiseer is, geïdentifiseer om verdere individuele onderhoude mee te voer. Afsprake is met hulle gereël en die ouers is tuis besoek ten einde meer inligting en verdere toeligting te verkry met betrekking tot die antwoorde wat hulle op die vrae in die vraelys verskaf het. Onduidelikhede kon ook tydens die gespreksgeleenthede uit die weg geruim word. Die individuele onderhoude was op 19 Maart 2001 finaal afgehandel.

4.3.3 Dekodering, analise en interpretasie van data verkry uit die vraelys

Vervolgens word 'n beskrywing en ontleding van die empiriese data wat deur middel van die gestruktureerde vraelys ingewin is, verskaf. Eerstens word aandag geskenk aan die biografiese gegewens, gevolg deur 'n ontleding van die gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die respondente. Hierna word aandag geskenk aan die waarde-oriëntasie van ouers en laastens word die gegewens ten aansien van die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte ontleed.

Alle inligting verkry uit die voltooide vraelyste is statisties verwerk met behulp van die SAS statistiese programmpakket en in frekwensietabelle voorgestel. Die

statistiese verwerking van gegewens is noodsaaklik om tot gemotiveerde aanbevelings en riglyne vir ouerbegeleiding te kan kom.

In die onderstaande tabelle en figure word daar vir praktiese doeleindes en om die leesbaarheid van tabelle en figure te vergemaklik, deurgaans van die volgende afkortings gebruik gemaak:

- ◆ MB : Milieu-benadeelde gesinne
- ◆ DG : Deursnee-gesinne
- ◆ TG : Totale groep respondente.


Daar word gepoog om 'n omvattende beeld te verskaf ten aansien van die gegewens wat verkry is vir al drie bovermelde groepe. Hierbenewens word vergelykings getref tussen milieu-benadeelde en deursnee-geklassifiseerde respondente, indien 'n vergelyking relevant en toepaslik blyk te wees.

4.3.3.1 Biografiese gegewens

Die volgende inligting is uit die biografiese gegewens verkry:

- ◆ deur wie die vraelys voltooi is
- ◆ huwelikstatus van die ouer
- ◆ ouderdomme van die ouers
- ◆ geslag van die oudste voorskoolse kind
- ◆ ouderdom van die oudste voorskoolse kind
- ◆ aantal kinders in die gesin
- ◆ posisie van die oudste voorskoolse kind in die gesin.

FIGUUR 4.2 : Respondente deur wie die vraelys beantwoord is



Tagtig persent van die vraelyste, van beide tipes gesinne, is deur moeders beantwoord, terwyl slegs 13,3% deur vaders beantwoord is en 6,7% deur die voog in wie se toesig die voorskoolse kind tans is.

Die huwelikstatus en ouderdomme van die ouers word onderskeidelik in Tabel 4.2 en Tabel 4.3 weergegee.

TABEL 4.2 : Huwelikstatus van ouers

TIPE GESIN	HUWELIKSTATUS					TOTAAL
	GETROUD	NOOIT GETROUD	WOON SAAM	GESKEI	WEDUWEE/ WEWENAAR	
MB	29 72,5%	2 5%	2 5%	6 15%	1 2,5%	40
DG	16 80%	0 0%	3 15%	1 5%	0 0%	20
TG	45 75%	2 3,3%	5 8,3%	7 11,7%	1 1,7%	60

TABEL 4.3 : Ouderdomme van ouers

TIPE GESIN	OUDERDOMME					TOTAAL
		20 JAAR EN JONGER	21 TOT 30 JAAR	31 TOT 40 JAAR	41 JAAR EN OUER	
MB	Vader/	0	13	24	3	40
	Voog	0%	32,5%	60%	7,5%	
	Moeder/	1	21	15	3	40
	Voog	2,5%	52,5%	37,5%	7,5%	
DG	Vader/	0	5	15	0	20
	Voog	0%	25%	75%	0%	
	Moeder/	0	8	11	1	20
	Voog	0%	40%	55%	5%	
TG	Vader/	0	18	39	3	60
	Voog	0%	30%	64,8%	5,2%	
	Moeder/	1	29	26	4	60
	Voog	1,7%	48,3%	43,4%	6,6%	

Uit Tabel 4.2 blyk dit dat die meerderheid respondente getroud is. Die gemiddelde ouderdom van ouers/voogde wat die vraelys beantwoord het, is 30,21 jaar vir die moeders, 32,55 jaar vir die vaders en 45 jaar vir die voogde. Die ouderdomme van die moeders strek van 17 tot 44 jaar, dié van die vaders van 25 tot 43 jaar en dié van die voogde van 40 tot 57 jaar.

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word die respondente in twee groepe verdeel ten einde 'n vergelyking te kan tref tussen ouers/voogde in 'n jonger ouderdomsgroep (jonger as 31 jaar) en ouers/voogde in 'n ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer) ten aansien van bepaalde gegewens wat uit die vraelys verkry is, indien sodanige vergelyking relevant en sinvol blyk te wees.

Die verspreiding van die ouderdomme van die voorskoolse kinders ten opsigte waarvan die vraelys beantwoord is, word in Tabel 4.4 vervat.

TABEL 4.4 : Ouderdomme van voorskoolse kinders

TIPE GESIN	OUDERDOM VAN VOORSKOOLSE KIND				TOTAAL
	3 JAAR	4 JAAR	5 JAAR	6 JAAR	
MB	7 17,5%	8 20%	21 52,5%	4 10%	40
DG	2 10%	8 40%	7 35%	3 15%	20
TG	9 15%	16 26,7%	28 46,7%	7 11,7%	60

Uit dié inligting blyk dit dat die meerderheid voorskoolse kinders ten aansien waarvan die vraelys beantwoord is, tussen die ouderdomme 4 en 5 jaar is vir beide die milieu-benadeelde en deursnee gesinne.

Wat die geslag van die oudste voorskoolse kind betref, is die volgende bevind:

- ◆ MB : 55% seuns en 45% dogters
- ◆ DG : 60% seuns en 40% dogters
- ◆ TG : 56,7% seuns en 43,3% dogters.

Die vraelys blyk dus meer ten aansien van seuns voltooi te wees. Die geslag van die voorskoolse kind word as belangrik beskou weens die rede dat die waarde-oriëntasies van ouers, hulle opvoedingsgedrag en opvoedingsinhoud soms verskil met betrekking tot die onderskeie geslagte. Dit het verder 'n implikasie ten aansien van aanbevelings en riglyne vir ouerbegeleiding.

Die aantal kinders in die gesin en die posisie van die voorskoolse kind ten opsigte waarvan die vraelys voltooi is, word in Tabel 4.5 en Tabel 4.6 onderskeidelik weergegee.

TABEL 4.5 : Aantal kinders in die gesin

TIPE GESIN	AANTAL KINDERS					TOTAAL
	1	2	3	4	5	
MB	10 25%	17 42,5%	7 17,5%	5 12,5%	1 2,5%	40
DG	6 30%	11 55%	3 15%	0 0%	0 0%	20
TG	16 26,7%	28 46,7%	10 16,7%	5 8,3%	1 1,7%	60

TABEL 4.6 : Posisie van die oudste voorskoolse kind

TIPE GESIN	POSISIE VAN DIE OUDSTE VOORSKOOSE KIND					TOTAAL
	OUDESTE	2de KIND	3de KIND	4de KIND	JONGSTE	
MB	19 47,5%	12 30%	6 15%	2 5%	1 2,5%	40
DG	10 50%	7 35%	3 15%	0 0%	0 0%	20
TG	29 48,3%	19 31,7%	9 15%	2 3,3%	1 1,7%	60

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat respondente wat die vraelys beantwoord het minder kinders het as wat verwag word van milieu-benadeelde ouers en dat die grootste aantal gesinne uit beide groepe (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd)

slegs uit die ouers en een of twee kinders bestaan. Daar is egter wel 'n verskil tussen die twee groepe in dié sin dat nie een van die deursnee-geklassifiseerde gesinne meer as drie kinders insluit nie, in teenstelling met milieu-benadeelde gesinne wat in enkele gevalle vier en selfs vyf kinders insluit.

Die bevinding dat die milieu-benadeelde gesinne wat in die ondersoekgroep ingesluit is, minder kinders het as wat verwag is, stem egter nie ooreen met die algemene bevinding uit die literatuur dat milieu-benadeelde gesinne gewoonlik gekenmerk word deur 'n hoë kindertal nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor lê in die talle veranderinge wat die afgelope paar dekades kenmerk, veral ten aansien van die klem wat op gesinsbeplanning en kleiner gesinne (minder kinders) geplaas en gepropageer word. Hierdie tema is dikwels die tema van voorligtingsprogramme en dit blyk derhalwe 'n sterk moontlikheid te wees dat ouers uit milieu-benadeelde gemeenskappe hierdie boodskap gehoor, aandag daaraan geskenk het en as 'n gevolg meer geneig is om slegs een of twee kinders te hê. 'n Ander faktor is vanselfsprekend die ekonomiese las wat deur kinders op gesinne geplaas word en die hoë ekonomiese eise waaraan gesinne hedendaags blootgestel word. Dit kan ook moontlik as oorweging dien by die hedendaagse milieu-benadeelde ouer by sy besluit om minder kinders te hê.

Bovermelde vermoede kan egter nie onomwonde as geldig aanvaar word nie, aangesien die gegewens ten aansien van die aantal kinders in gesinne ook saam met die inligting wat vervat is in Tabel 4.6, beoordeel moet word. Hieruit blyk dit dat die grootste aantal kinders ten aansien waarvan die vraelys beantwoord is oudste of tweede kinders is, vir beide groepe respondente. Die moontlikheid kan derhalwe nie uitgesluit word nie dat die gesinne (spesifiek milieu-benadeelde gesinne) later wel uit meer kinders sal bestaan. Gesien in die lig van die gemiddelde ouderdomme van die respondente (soos reeds vermeld) wil dit egter tog voorkom of die hedendaagse milieu-benadeelde ouer geneig is om minder kinders te hê, in teenstelling met dit wat uit die literatuur blyk.

4.3.3.2 Sosio-ekonomiese status

Vervolgens word die beroepstatus, hoogste opvoedkundige kwalifikasie en woonomstandighede van respondente weergegee.

4.3.3.2.1 Beroepstatus

Met betrekking tot beroepstatus is gesinne aan die hand van 'n koderingslys (kyk Bylaag D) volgens beroepskodes geklassifiseer. Die onderstaande tabel dui die beroepstatus van die respondente aan.

TABEL 4.7 : Beroepstatus van ouers

TIPE GESIN		BEROEPSKODE					TOTAAL
		0	1	2	3	4	
MB	Vader	4 10%	16 40%	18 45%	0 0%	2 5%	40
	Moeder	15 37,5%	8 20%	17 42,5%	0 0%	0 0%	40
DG	Vader	0 0%	1 5%	12 60%	6 30%	1 5%	20
	Moeder	3 15%	1 5%	10 50%	6 30%	0 0%	20
TG	Vader	4 6,7%	17 28,3%	30 50%	6 10%	3 5%	60
	Moeder	18 30%	9 15%	27 45%	6 10%	0 0%	60

Hieruit blyk dit dat daar wel verskille bestaan ten aansien van die beroepe wat milieu-benadeelde ouers en deursnee-geklassifiseerde ouers beoefen. Hierbenewens is daar ook 'n verskil ten aansien van beroepe wat deur vaders en beroepe wat deur moeders beoefen word.

Die meerderheid milieu-benadeelde vaders word onder beroepskodes 2 en 1 geklassifiseer. Beroepskode 2 sluit opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsberoepe, verkoopsberoepe en klerklike beroepe in, terwyl beroepskode 1 ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe, boere en tuiniers insluit. Hierbenewens is 'n klein persentasie milieu-benadeelde vaders ekonomies onaktief/werkloos (beroepskode 0). In teenstelling hiermee word die meerderheid deursnee-geklassifiseerde vaders onder beroepskode 2 geklassifiseer, met 'n substantiewe gedeelte onder beroepskode 3, wat administratiewe, professionele en semi-professionele beroepe insluit. Geen deursnee-geklassifiseerde vader is ekonomies onaktief nie (beroepskode 0). Uit dié resultate blyk dit dus dat milieu-benadeelde vaders beroepe met 'n laer status as deursnee-geklassifiseerde vaders beklee.

Wat die moeders betref, word die meerderheid milieu-benadeelde moeders onder beroepskode 2 geklassifiseer, opgevolg deur beroepskode 0. Hierteenoor word die meerderheid van die groep deursnee-geklassifiseerde moeders ook onder beroepskode 2 geklassifiseer, maar dit word opgevolg deur beroepskode 3. Waar beroepskode 0 op 'n ekonomies onaktiewe status dui, sluit beroepskode 3 administratiewe, professionele en semi-professionele beroepe in. Terwyl 'n groot gedeelte van die milieu-benadeelde moeders dus werkloos is en as huisvrouens funksioneer, is deursnee-geklassifiseerde moeders meer geneig om hoër status beroepe te beoefen. Hierdie bevinding strook met die inligting wat uit die literatuur verkry is, waarvolgens milieu-benadeelde ouers dikwels werkloos is.

'n Soortgelyke verskil is waarneembaar ten opsigte van milieu-benadeelde vaders en moeders, waar eersgenoemde groep minder geneig is tot ekonomiese onaktiwiteit (beroepskode 0). Hierbenewens blyk dit uit Tabel 4.7 dat milieu-benadeelde ouers (vaders en moeders) selde, indien ooit, professionele of semi-professionele beroepe beoefen (beroepskode 3). Dié bevinding strook weer eens met inligting wat in die literatuur beskikbaar is.

4.3.3.2.2 Hoogste opvoedkundige kwalifikasie

Die hoogste opvoedkundige kwalifikasie van albei ouers word in die onderstaande tabel weergegee.

TABEL 4.8 : Hoogste opvoedkundige kwalifikasie van ouers

TIPE GESIN		OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE				TOTAAL
		Geen skool- opleiding	Standaard 7 of laer	Standaard 8 tot 10	Naskoolse opleiding	
MB	Vader	1 2,5%	4 10%	32 80%	3 7,5%	40
	Moeder	1 2,5%	5 12,5%	32 80%	2 5%	40
DG	Vader	0 0%	0 0%	5 25%	15 75%	20
	Moeder	0 0%	1 5%	12 60%	7 35%	20
TG	Vader	1 1,7%	4 6,6%	37 61,7%	18 30%	60
	Moeder	1 1,7%	6 10%	44 73,3%	9 15%	60

Uit bostaande gegewens blyk dit dat die grootste aantal milieu-benadeelde moeders en vaders 'n betreklik lae onderwyspeil verteenwoordig en hoofsaaklik in die kategorie standerd 8 tot 10 val, met slegs 'n baie klein persentasie wat oor naskoolse opleiding beskik. Hierteenoor is dit opmerklik dat 'n groot gedeelte van die deursnee-geklassifiseerde ouers (spesifiek vaders) oor naskoolse opleiding beskik en 'n heelwat kleiner gedeelte slegs oor standerd 8 tot 10.

Hierdie gegewens strook met die beeld van milieu-benadeelde ouers soos uit die literatuur verkry, waarvolgens milieu-benadeelde ouers dikwels nie oor die nodige geletterdheid en opvoedkundige kwalifikasies beskik nie. Dit het weer implikasies ten aansien van die beroepe wat hierdie ouers in staat is om te beoefen en wat gewoonlik in laer kategorieë (ook ten aansien van besoldiging) val, soos ook blyk uit die gegewens vervat in Tabel 4.7. Hierbenewens het dit noodgedwonge 'n verdere impak in terme van ontoereikende voeding, kleding, behuising en mediese versorging in die gesinsituasie van die milieu-benadeelde voorskoolse kind.

4.3.3.2.3 Woonomstandighede

Ten einde die woonomstandighede van respondente te peil, is vrae ingesluit met betrekking tot die hoeveelheid vertrekke in hulle woning, die hoeveelheid persone daar woonagtig en die hoeveelheid vertrekke wat gebruik word om in te slaap. Hieruit kan bepaalde afleidings gemaak word met betrekking tot die grootte van die woning, hoe vol dit is en die omstandighede waarin die voorskoolse kind opgevoed word, byvoorbeeld ten aansien van leefruimte, speelruimte en gesinslewe. Gegewens wat in dié verband verkry is, word in Tabel 4.9 vervat.

TABEL 4.9 : Woonomstandighede van respondente

TIPE GESIN	AANTAL VERTREKKE IN DIE WONING			AANTAL PERSONE WOONAGTIG IN DIE WONING			AANTAL VERTREKKE VIR SLAAP-DOELEINDES		
	Minder as 4	4 tot 5	6 en meer	8 of meer	6 tot 7	5 of minder	1	2 tot 3	4 of meer
MB	1 2,5%	6 15%	33 82,5%	3 7,5%	9 22,5%	28 70%	1 2,5%	35 87,5%	4 10%
DG	0 0%	2 10%	18 90%	0 0%	0 0%	20 100%	0 0%	17 85%	3 15%
TG	1 1,7%	8 13,3%	51 85%	3 5%	9 15%	48 80%	1 1,7%	52 86,7%	7 11,7%

Gesien in die lig van die gegewens ten opsigte van aantal kinders (verskaf in Tabel 4.5) is dit duidelik verstaanbaar waarom die meerderheid hedendaagse milieu-benadeelde gesinne, net soos deursnee-geklassifiseerde gesinne, gekenmerk word deur 'n relatief klein aantal persone wat woonagtig is in hulle woning en relatief min vertrekke wat gebruik word vir slaapdoeleindes, soos blyk uit Tabel 4.9. Hierdie tendens is egter meer sigbaar by die deursnee-groep, waar die wonings van alle gesinne slegs vyf of minder persone huisves, teenoor die milieu-benadeelde groep wat in sommige gevalle (alhoewel in die minderheid) selfs meer as agt persone huisves.

Met betrekking tot die moontlikheid van ander persone (nie-gesinslede) wat by gesinne inwoon, is die volgende bevind:

- ◆ MG : In 47,5% van die gevalle is daar wel ander persone woonagtig by die gesinne, waarvan die meeste (78,9%) ander familieledede is. Vriende (15,8%) en loseerders (5,3%) woon egter ook soms by gesinne in.

- ◆ DG : Slegs in 10% van die gevalle is daar ander persone woonagtig by die gesinne en in al hierdie gevalle is dit ander familieledede.


4.3.3.3 Waarde-oriëntasies van die respondente

Weens die omvang van en doel met die onderhawige studie word in hierdie afdeling slegs gefokus op die waarde-oriëntasies van die respondente, soos dit bevind is vir die twee aparte groepe. Daar word op die afsonderlike groepe gefokus en nie op die groep in geheel nie, ten einde makliker tot 'n vergelyking tussen milieu-benadeelde ouers en deursnee-geklassifiseerde ouers te kan kom en moontlike verbande en verskille te kan aandui. Gegewens ten aansien van die belangrikheid wat ouers (uit beide groepe) in hulle persoonlike lewens aan verskillende waardes heg, word in Figuur 4.3 en Figuur 4.4 onderskeidelik saamgevat.


Die volgende afkortings is van toepassing op beide Figure 4.3 en 4.4:

G	: Gehoorsaamheid	Sa	: Samewerking
KN	: Konformiteit aan norme	Id	: Individualisme
RO	: Respek vir outoriteit	P	: Plietsgetrouheid
S	: Stiptelikheid	N	: Netheid
K	: Kreatiwiteit	A	: Ambisie
Sp	: Spontaneïteit	W	: Weetgierigheid
L	: Leierskap	GG	: Goedgemanierdheid
I	: Inisiatief	H	: Hoflikheid

FIGUUR 4.3 : Waarde-oriëntasies van milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente



FIGUUR 4.4 : Waarde-oriëntasies van deursnee-geklassifiseerde respondente



Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat ouers uit albei groepe bykans al die geïdentifiseerde waardes as belangrik of baie belangrik beskou. Ten einde 'n

vergelyking te kan tref, word die kategorieë "Belangrik" en "Baie belangrik" hoofsaaklik ontleed en met mekaar vergelyk.

Dit blyk dat die milieu-benadeelde groep respondente die volgende waardes as die belangrikste beskou, gebaseer op die persentasie wat aan die kode "Baie belangrik" toegeken is:

- ◆ gehoorsaamheid
- ◆ goedgesmanierdheid
- ◆ hoflikheid
- ◆ pligsgetrouheid
- ◆ netheid
- ◆ respek vir outoriteit.

Van die waardes wat wel deur milieu-benadeelde ouers as minder belangrik uitgesonder is, is **inisiatief**, **spontaneïteit** en **kreatiwiteit** die opmerklikste. Ten aansien van die waardes **leierskap**, **inisiatief**, **samewerking**, **individualisme** en **ambisie** was daar wel ouers uit die milieu-benadeelde groep wat aangedui het dat dit glad nie belangrik is nie. In teenstelling hiermee blyk dit dat deursnee-geklassifiseerde ouers meer klem plaas op waardes soos **spontaneïteit**, **individualisme**, **ambisie**, **weetgierigheid**, **leierskap**, **inisiatief** en **kreatiwiteit**, as wat milieu-benadeelde ouers daarop plaas.

Dié bevindinge, spesifiek ten aansien van milieu-benadeelde ouers, stem grootliks ooreen met dit wat uit die literatuur verkry word. Die tendens dat ouers bykans alle waardes as belangrik of baie belangrik gemerk het, dui moontlik daarop dat hulle weet al hierdie waardes is belangrik. 'n Onderskeid ten aansien van die graad van belangrikheid dui egter aan watter waardes belangriker as ander geag word.

Uit 'n vergelyking van ouers jonger as 31 jaar met ouers 31 jaar en ouer betreffende die groep as geheel (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd),

blyk dit dat albei ouderdomsgroepe bykans dieselfde belangrikheid aan die onderskeie waardes toeken. Uit 'n ontleding van die data blyk dit dat slegs enkele verskille voorkom ten aansien van die volgende:

- ◆ **Konformiteit aan norme:** Die meerderheid jonger ouers (jonger as 31 jaar) beskou hierdie waarde as belangrik (53,9%), eerder as baie belangrik (38,5%), teenoor ouer ouers (31 jaar en ouer) waar 50% van die ouers dit as baie belangrik beskou en 46,7% as belangrik. Hieruit blyk dit dat ouers in die ouer ouderdomsgroep groter klem plaas op **konformiteit** as waarde in hul persoonlike lewe.
- ◆ **Leierskap:** By die jonger ouderdomsgroep dui ewe veel ouers leierskap as belangrik (42,3%) en as baie belangrik (42,3%) aan. Die meerderheid ouer ouers beskou leierskap egter slegs as belangrik (63,3%), teenoor 20% ouer ouers wat dit as baie belangrik beskou. Dit wil dus voorkom of ouers uit die jonger ouderdomsgroep meer waarde aan **leierskap** heg as ouers uit die ouer ouderdomsgroep.
- ◆ **Ambisie:** Ouers uit die jonger ouderdomsgroep blyk **ambisie** as waarde hoër te ag as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Die meerderheid jonger ouers beskou dit as baie belangrik (53,9%), teenoor 34,6% wat dit as belangrik beskou. By ouer ouers beskou 50% van die ouers ambisie as belangrik, teenoor 43,3% wat dit as baie belangrik beskou.
- ◆ **Goedgemanierdheid:** Alhoewel die meerderheid ouers uit beide ouderdomsgroepe **goedgemanierdheid** as baie belangrik beskou, blyk ouers uit die ouer ouderdomsgroep dit selfs as meer belangrik te ag as jonger ouers. Van die ouer groep beskou 86,7% dié waarde as baie belangrik, terwyl 76,9% uit die jonger groep dit as baie belangrik beskou.

- ◆ **Hoflikheid:** Net soos in die geval van **goedgemanierdheid** blyk ouers uit die ouer ouderdomsgroep groter waarde aan **hoflikheid** te heg, waar 86,7% van dié ouers dit as baie belangrik beskou, terwyl slegs 73% van die jonger ouers dit as baie belangrik beskou.


4.3.3.4 Opvoeding van die voorskoolse kind

Vervolgens word die gegewens, wat met die ouer se opvoedingsstyl verband hou, verwerk en geïnterpreteer:

4.3.3.4.1 Opvoedingsstyle van die respondente


Gegewens oor die respondente se persepsies met betrekking tot die mate van liefde en warmte wat hulle teenoor hulle voorskoolse kinders betoon, word in Figuur 4.5 vervat.

FIGUUR 4.5 : Warmte-koudheid dimensie



Gegewens wat verkry is ten aansien van die respondente se persepsies van hulle eie opvoedingsgedrag as dominant of toegeeflik, word in Figuur 4.6 saamgevat.

FIGUUR 4.6 : Dominansie-toegeeflikheid dimensie



Gebaseer op die literatuurstudie in Hoofstukke 2 en 3 is die vermoede geformuleer dat milieu-benadeelde ouers geneig is om eerder dominant as toegeeflik te wees en dikwels nie voldoende warmte en liefde teenoor hulle kinders betoon nie. Die gegewens soos vervat in Figuur 4.6 bevestig die eerste vermoede, indien slegs gelet word op die persentasie milieu-benadeelde respondente wat hulself as effens dominant (27%) en baie dominant (18%) beskou teenoor dié wat hulself as effens toegeeflik (8%) en baie toegeeflik (5%) beleef. Vir die doeleindes van hierdie vergelyking word die ouers wat hulself as nie oormatig streng of oormatig toegeeflik beleef nie (neutraal) derhalwe buite rekening gelaat. Indien die milieu-benadeelde ouers vergelyk word met die deursnee-geklassifiseerde ouers blyk dit dat dieselfde bevinding hier geld ten aansien van die verhouding dominansie tot toegeeflikheid, met die verskil dat laasgenoemde groep ouers selfs geneig is om hulself as nog meer dominant te beleef.

Met betrekking tot die dimensie warmte teenoor koudheid stem die gegewens soos vervat in Figuur 4.5 nie ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie. Volgens die resultate van die onderhawige ondersoek blyk die meerderheid (72%) milieu-benadeelde ouers hulself as baie warm en liefdevol teenoor hulle kinders te beleef, met slegs 'n klein persentasie (totaal 8%) wat hulself as koud en afsydig beskou. Hierteenoor blyk dit uit die literatuur dat milieu-benadeelde ouers dikwels geneig is om nie genoegsaam warmte en liefde teenoor hulle kinders te betoon nie.

Dit is egter insiggewend dat daar wel ouers uit die milieu-benadeelde groep is wat hulself as koud en afsydig beleef, teenoor die deursnee-geklassifiseerde groep waar geen respondente hulself op dié wyse beleef nie en alle respondente hulself as liefdevol (90%) of nie oormatig warm of koud nie (neutraal, 10%) beskou. Hierbenewens beskou 'n groter persentasie van die deursnee-geklassifiseerde ouers hulself as baie warm en liefdevol (90%), as wat die geval is by milieu-benadeelde ouers (72%). Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat respondente bloot gepoog het om die sogenaamde “korrekte” respons te verskaf en die ondersoeker te beïndruk, of dat hulle oor wanpersepsies betreffende hulle eie opvoedingsgedrag beskik. Enige van hierdie twee waarskynlikhede bied 'n moontlike verklaring vir die skynbare diskrepansie ten aansien van die inligting wat uit die onderhawige navorsing verkry is en dit wat uit die literatuur blyk. Hierbenewens kan dit die opvoedingsgedrag wees wat hulle as ideaal stel en nastreef.

Die gegewens soos vervat in Figure 4.5 en 4.6 stem ooreen met die inligting wat uit vrae 6.4 en 6.5 verkry is, waar oop vrae aan die respondente gestel is betreffende hulle persepsies van hulself as opvoeders en dit wat hulle met betrekking tot hulle opvoedingsgedrag sal wil verander.

In reaksie op die vraag na hulle persepsies van hulself as opvoeders is die belangrikste inligting wat verkry is ten aansien van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente die volgende:

- ◆ 42,5% van die respondente beskou hulle eie opvoedingsgedrag in 'n positiewe lig en as aanvaarbaar
- ◆ 37,5% van die respondente beskou hulself as oormatig streng en ongeduldig teenoor hulle kinders
- ◆ 27,5% van die respondente beskou hulself as liefdevol en dat hulle baie aandag en hulp aan hulle kinders skenk
- ◆ 20% van die respondente beskou die voorbereiding van hulle kinders vir 'n beter toekoms en 'n beter lewe as hulle primêre opvoedingstaak
- ◆ 7,5% van die respondente beskou die voorleef en oordra van vaste waardes en norme aan hulle kinders as hulle primêre opvoedingstaak.

Ten aansien van bovermelde is dit opvallend dat 'n groter persentasie milieu-benadeelde ouers hul opvoedingsgedrag eerder in terme van die dominansie-dimensie beoordeel as in terme van die warmte-dimensie. Dit bied 'n aanduiding van die hoë waarde wat milieu-benadeelde ouers aan dissipline en gehoorsaamheid heg, by implikasie bied dit 'n aanduiding van waar die klem in hulle waarde-oriëntasies val.

Met betrekking tot die vraag na moontlike aspekte of fasette van hulle eie opvoedingsgedrag wat die respondente graag sal wil verander, is die volgende ten opsigte van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente opvallend:


- ◆ 35% van die respondente wil graag meer verdraagsaam en geduldig teenoor hulle kinders wees en derhalwe minder streng optree
- ◆ 32,5% van die respondente wil graag meer tyd saam met hulle kinders spandeer en meer aandag en liefde aan hulle betoon

- ◆ 22,5% van die respondente is tevrede met hulle eie opvoedingsgedrag en wil niks verander nie
- ◆ 15% van die respondente wil meer konsekwent en streng optree met betrekking tot dissipline.


Hierdie inligting stem nie slegs ooreen met die inligting wat na aanleiding van die voorafgaande vraag verkry is nie, maar dui aan dat 'n hoë persentasie van milieu-benadeelde ouers hulself tog nie as voldoende liefdevol en warm beleef nie en dat hulle slegs daarna streef om toereikend warm en liefdevol teenoor hulle kinders te wees. Dit stem dus inderwaarheid ooreen met dit wat in die literatuur gevind is, ten spyte van die skynbare diskrepansie soos vroeër aangedui.

Bovermelde word verder bevestig deur die gegewens wat verkry is uit die response op vraag 6.1, waar ouers hulle eie opvoedingsgedrag en die frekwensie waarteen hulle bepaalde handeling uitvoer, moes evalueer. Aangesien hierdie vraag betrekking het op die onderskeie opvoedingstyle wat ouers kan verwerklik, word die resultate van slegs enkele vrae vervolgens as voorbeelde van die onderskeie opvoedingstyle, in terme van die twee hoofdimensies (basisvorme van opvoeding) aangebied. Dit word slegs ten aansien van die milieu-benadeeld geklassifiseerde groep respondente gedoen (Figure 4.7 tot 4.10).


FIGUUR 4.7 : Warm opvoeding




FIGUUR 4.8 : Koue opvoeding



FIGUUR 4.9 : Dominante opvoeding



FIGUUR 4.10 : Toegeeflike opvoeding




Uit 'n vergelyking van die data ten aansien van die twee ouderdomsgroepe (jonger as 31 jaar teenoor 31 jaar en ouer) wil dit voorkom of jonger ouers in 'n groter mate liefde en warmte teenoor hulle kinders betoon en meer dikwels dinge saam met hulle kinders doen. Met betrekking tot die dominansie-dimensie blyk daar egter nie werklik betekenisvolle verskille te wees tussen die ouderdomsgroepe nie, aangesien beide groepe streng optree en hulle kinders straf wanneer nodig. Jonger ouers blyk egter meer geneig te wees om 'n verduideliking te verskaf wanneer hulle hul kinders straf en hulle kinders meer dikwels die geleentheid te gee om te verduidelik waarom hulle bepaalde gedrag openbaar het, alvorens hulle gestraf word. Dit dui op 'n sterk moontlikheid dat die jonger geslag milieu-benadeelde ouers meer liefdevol en warm is teenoor hulle kinders as ouer milieu-benadeelde ouers, waarskynlik op grond van ouerbegeleiding en 'n groter bewustheid van die belangrikheid van liefde en warmte vir die kind (byvoorbeeld verkry uit voorligtingsprogramme).

4.3.3.4.2 Opvoedingsinhoude

Die opvoedingsinhoude wat ouers in hulle opvoeding verwerklik, stem gewoonlik ooreen met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Gegewens wat uit die onderhawige ondersoek verkry is bevestig hierdie stelling, aangesien die response op vrae na die mate van belangrikheid wat ouers aan bepaalde waardes toeken vir hulle persoonlike lewens (vraag 5.1) grootliks ooreenstem met die mate van belangrikheid wat hulle aan waardes in die lewens van hulle voorskoolse kinders toeken (vraag 5.2). Gegewens met betrekking tot die mate van belangrikheid wat milieu-benadeelde respondente aan bepaalde waardes toeken ten aansien van die opvoeding van hulle kinders word in Figuur 4.11 verskaf. Die volgende afkortings is van toepassing:

G	: Gehoorsaamheid	N	: Netheid/Skoonheid
KN	: Konformiteit aan norme	A	: Ambisie
RO	: Respek vir outoriteit	W	: Weetgierigheid
S	: Stiptelikheid	GG	: Goedgemanierdheid
K	: Kreatiwiteit/Inisiatief	H	: Hoflikheid
Sa	: Samewerking	O	: Onafhanklikheid
Id	: Individualisme	V	: Verantwoordelikheid
P	: Pligsgetrouheid		

FIGUUR 4.11 : Belangrikheid van waardes ten aansien van die milieu-benadeelde voorskoolse kind



By nadere deurskoue van Figuur 4.11, tesame met Figuur 4.3 (waarde-oriëntasies van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente), blyk die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en dit wat hy as waardes by sy kinders nastreef, duidelik. Dit is weer aanduidend en rigtinggewend ten aansien van opvoedingsinhoud, wat op die waarde-oriëntasie van die ouer gebaseer is.

Uit 'n vergelyking van die data ten aansien van ouers jonger as 31 jaar met ouers 31 jaar en ouer blyk dit dat ouer ouers meer waarde heg aan die waardes **samewerking met ander** en **onafhanklikheid**, aangesien 'n hoër persentasie van ouers uit die ouer ouderdomsgroep dit as baie belangrik beskou as dié uit die jonger ouderdomsgroep. Jonger ouers blyk **ambisie** belangriker te ag as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Hierdie bevinding strook met die bevindinge ten aansien van die waarde-oriëntasies van die onderskeie ouderdomsgroepe, soos reeds weergegee.

By vergelyking van die data wat ten opsigte van milieu-benadeelde respondente verkry is met dié vir deursnee-geklassifiseerde gesinne, stem die waardes wat ouers in hulle opvoedingsgedrag nastreef ooreen met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Milieu-benadeelde ouers blyk meer geneig te wees as deursnee-geklassifiseerde ouers om waardes soos **goedgemanierdheid** en **netheid en skoonheid** as belangrik te beskou en na te streef. Hierteenoor ag deursnee-geklassifiseerde ouers waardes soos **ambisie**, **individualisme**, **onafhanklikheid** en **weetgierigheid** meer belangrik as wat milieu-benadeelde ouers dit ag.

4.3.3.5 Ontwikkeling van die voorskoolse kind

Dit is reeds herhaaldelik beklemtoon dat die opvoedingsgedrag van die ouer 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die ontwikkeling van die kind. Ten einde hierdie invloed te ondersoek, soos dit uit die resultate van die onderhawige studie blyk, word aandag geskenk aan die onderskeie aspekte van ontwikkeling soos van belang by hierdie studie. Dié aspekte word vervolgens kortliks bespreek:

4.3.3.5.1 *Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Die volgende inligting is verkry ten aansien van die affektiewe lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind:

- ◆ hoeveel tyd die ouer (respondent) daaglik saam met sy kind spandeer (uitgesluit etes en televisie kyk)
- ◆ wat albei die ouers saam met hulle kind doen
- ◆ watter roetine gevolg word wanneer die kind bed toe gaan saans
- ◆ wat die kind se algemene emosionele gesteldheid is.

Die gegewens wat verkry is, word vervolgens in tabelle en figure weergegee.

TABEL 4.10 : Hoeveelheid tyd wat respondente daaglik saam met hulle kinders spandeer

TIPE GESIN	TYD SPANDEER SAAM MET VOORSKOOSE KIND (PER DAG)					TOTAAL
	Minder as 1 uur	1 tot 2 ure	2 tot 3 ure	3 tot 4 ure	Meer as 4 ure	
MB	2 5%	9 22,5%	13 32,5%	7 17,5%	9 22,5%	40
DG	1 5%	8 40%	4 20%	2 10%	5 25%	20
TG	3 5%	17 28,3%	17 28,3%	9 15%	14 23,3%	60


Volgens hierdie gegewens blyk dit dat die meerderheid milieu-benadeelde ouers twee tot drie ure tyd saam met hulle voorskoolse kinders spandeer, in teenstelling met deursnee-geklassifiseerde ouers waar die oorgrote meerderheid ouers een tot twee ure daaglik saam met hulle voorskoolse kinders spandeer. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskil lê in die beroepstatus van die ouers, meer spesifiek die moeders, waar 'n groter groep milieu-benadeelde moeders nie 'n beroep beoefen nie en derhalwe daaglik tuis beskikbaar is om tyd saam met hulle kinders deur te bring. Die vraag ontstaan egter of hierdie tyd wat saam deurgebring word ten volle benut word, of stimulerende aktiwiteite hiertydens

plaasvind en of dit 'n blote in-mekaar-se-teenwoordigheid is sonder die nodige mate van stimulasie en gerigte aktiwiteite.


Op die vraag na aktiwiteite wat die voorskoolse kind saam met sy vader, moeder en voog beoefen is uiteenlopende response ontvang. Die antwoorde is in hoofgroepe gegroepeer en die resultate word in Figure 4.12 tot 4.14 vervat. Die volgende afkortings geld deurgaans:

- ◆ GG : Geen gesamentlike aktiwiteite
- ◆ KA : Kognitief-stimulerende aktiwiteite, soos legkaart bou, stories lees, inkleur, verf, werk op rekenaar, skryf, knip en plak
- ◆ GS : Gesels en sing
- ◆ SA : Sportbeoefening en sportverwante aktiwiteite
- ◆ S : Speel
- ◆ HT : Huishoudelike take/Take in en om die huis
- ◆ U : Uitstappies, soos piekniek, visvang, bioskoop of winkels toe gaan
- ◆ GA : Geestelike aktiwiteite, soos kerk toe gaan en bid
- ◆ PA : Passiewe aktiwiteite, soos televisie kyk en radio luister


FIGUUR 4.12 : Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle vaders beoefen



FIGUUR 4.13 : Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle moeders beoefen



FIGUUR 4.14 : Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle voogde beoefen



Uit hierdie gegewens blyk dit dat 'n hoë persentasie van beide milieu-benadeeld geklassifiseerde vaders en moeders dikwels met hulle kinders **speel** en hulle betrek by **huishoudelike take of take in en om die huis**. Die meerderheid milieu-benadeelde moeders (69,2%) doen **kognitief-stimulerende aktiwiteite**


saam met hulle kinders, terwyl 'n relatief hoë persentasie milieu-benadeelde vaders (30,8%) **sportverwante aktiwiteite** saam met hulle kinders beoefen.

Uit 'n vergelyking van die milieu-benadeelde groep respondente met die deursnee-geklassifiseerde groep respondente blyk dit dat laasgenoemde groep ouers meer dikwels aktiwiteite saam met hulle kinders beoefen. 'n Groot verskil tussen die twee groepe kan opgemerk word by die kategorie **uitstappies**, waar milieu-benadeelde ouers (veral vaders) baie minder geneig is om hulle kinders op uitstappies te neem (25,6%) as deursnee-geklassifiseerde ouers (vaders) (63,2%). Dit is verder opvallend dat 'n relatief hoë persentasie milieu-benadeeld geklassifiseerde vaders (20,5%) **geen aktiwiteite** saam met hulle kinders beoefen nie, terwyl daar geen deursnee-geklassifiseerde vader is wat geen aktiwiteite saam met sy kind doen nie.


Met betrekking tot voogde van milieu-benadeelde voorskoolse kinders blyk hulle hoofsaaklik met die kinders te **speel** of met hulle te **gesels**. Hierbenewens skenk hulle ook aandag aan **kognitief-stimulerende aktiwiteite** en **uitstappies**.

Verkreë gegewens met betrekking tot die roetine wat gevolg word wanneer die voorskoolse kind saans bed toe gaan, word in Figure 4.15 en 4.16 uiteengesit.

FIGUUR 4.15 : Roetine met betrekking tot bed toe gaan



FIGUUR 4.16 : Handeling wat plaasvind wanneer die voorskoolse kind bed toe gaan




Uit bovermelde gegewens wil dit voorkom of voorskoolse kinders uit albei groepe (46% by milieu-benadeeld en 53% by deursnee-geklassifiseerd) saans deur hulle ouers in die bed gesit word. By die milieu-benadeelde groep is voorskoolse kinders egter meer geneig om self bed toe te gaan (39%) as wat die geval is by deursnee-geklassifiseerde kinders (21%). Hierbenewens is deursnee-geklassifiseerde ouers meer dikwels geneig om hulle voorskoolse kinders bed toe te stuur (26%) as milieu-benadeelde ouers (15%).

Dit blyk verder dat die meerderheid ouers uit albei groepe saans hulle kinders 'n **drukkie** en 'n **nagsoen** gee voordat hulle bed toe gaan. 'n Hoë persentasie ouers lees ook aan hulle kinders 'n **storie** voor. In al die voorgemelde is milieu-benadeelde ouers minder geneig tot hierdie handeling as deursnee-geklassifiseerde ouers, maar meer geneig om met hulle kinders te gesels, te sing, televisie te kyk of saam te bid as deursnee-geklassifiseerde ouers.

Ouers se antwoorde op die vraag na die algemene emosionele gesteldheid van hulle voorskoolse kind (vraag 7.4) word vervat in Figuur 4.17, soos bevind is by die milieu-benadeeld geklassifiseerde groep respondente.

FIGUUR 4.17 : Algemene emosionele gesteldheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind



Op grond van bogenoemde resultate blyk dit dat die meerderheid milieu-benadeelde kinders meestal gelukkig en opgewek is (67,5%) en dikwels met hulle ouers (92,5%) en ander gesinslede (77,5%) gesels . 'n Groot gedeelte van die kinders huil soms (72,5%) en het soms woede-uitbarstings (55%) of is stil en teruggetrokke (55%). Hierdie bevinding stem nie heeltemal ooreen met die bevindinge uit die literatuur, waarvolgens milieu-benadeelde kleuters dikwels nie gelukkig is nie, maar eerder probleme ondervind met betrekking tot hulle affektiewe lewe. Ook hier is dit 'n sterk moontlikheid dat die respondente se persepsies van hulle kinders se emosionele gesteldheid nie toereikend realisties is nie.


4.3.3.5.2 Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind

Die volgende inligting is verkry ten aansien van die kognitiewe lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind:

- ◆ beskikbaarheid van stimulerende materiaal tuis en bevordering van stimulerende aktiwiteite wat kognitiewe ontwikkeling sal bevorder
- ◆ hantering van die kindervraag en van onduidelikheid ten aansien van vreemde woorde en begrippe
- ◆ wyse van probleemoplossing.


Inligting met betrekking tot die beskikbaarheid van stimulerende leesstof in die ouerhuis, die mate waarin ouers kognitief-stimulerende aktiwiteite by die voorskoolse kind aanmoedig, asook die speelgoed wat tuis beskikbaar is vir die voorskoolse kind word in Figure 4.18 tot 4.20 saamgevat.

FIGUUR 4.18 : Leesstof tuis beskikbaar



Uit bovermelde resultate blyk dit dat die meerderheid ouers uit albei groepe (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd) tydskrifte, kinderboeke, hardeband-boeke en koerante tuis beskikbaar het. Uit 'n vergelyking van die twee groepe met mekaar blyk dit egter dat hierdie tendens meer opvallend is by deursnee-geklassifiseerde gesinne as by die milieu-benadeelde groepering.

FIGUUR 4.19 : Aktiwiteite wat deur ouers aangemoedig word by die voorskoolse kind




Uit hierdie inligting blyk dit dat die meerderheid ouers uit albei groepe (milieu-benadeelde ouers effens minder as deursnee-geklassifiseerde ouers) kognitief-stimulerende aktiwiteite by hulle voorskoolse kinders aanmoedig. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skynbaar onverwagte bevinding lê moontlik daarin dat daar oor die afgelope aantal jare gereeld oerbegeleiding by kleuterskole verskaf word aan ouers, wat dikwels oor skoolgereedheid en die bevordering daarvan handel.

Met betrekking tot die tipe speelgoed waarvoor voorskoolse kinders beskik, geld die volgende afkortings:

- ◆ K : Karretjies
- ◆ P : Poppe
- ◆ Ba : Balle
- ◆ S : Springtoue
- ◆ L : Legkaarte
- ◆ Bl : Boublokkies
- ◆ F : Fietse
- ◆ OS : Opvoedkundige speelgoed
- ◆ SS : Sportverwante speelgoed
- ◆ TR : Televisie- en/of rekenaarspeletjies


FIGUUR 4.20 : Speelgoed tuis beskikbaar




Volgens bovermelde gegewens blyk slegs 'n baie lae persentasie (5%) kinders van beide groepe oor opvoedkundige speelgoed te beskik. Die grootste meerderheid kinders beskik egter oor **balle**, **legkaarte** en **boublokkies**, wat wel kognitief-stimulerend van aard is en ontwikkeling op dié vlak kan bevorder.

Response wat verkry is op die vrae na die beantwoording van die **kindervraag** en **verduideliking van vreemde woorde en begrippe** aan die voorskoolse kind, word in Figuur 4.21 en Figuur 4.22 vervat.

FIGUUR 4.21 : Beantwoording van vrae




FIGUUR 4.22 : Verduideliking van vreemde woorde en begrippe



Response op die vraag na die wyse waarop voorskoolse kinders gewoonlik probleme oplos, word in Figuur 4.23 uiteengesit.

FIGUUR 4.23 : Probleemoplossing




Uit bovermelde resultate blyk dit dat die meerderheid ouers uit beide groepe meestal poog om hulle kinders se vrae te beantwoord en vreemde woorde en begrippe aan hulle te verduidelik. Hierbenewens wil dit voorkom of die meerderheid ouers (90% van die groep as geheel) probleme saam met hulle kinders oplos en aan hulle verduidelik hoe om by die oplossing te kom. Op dié wyse word kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede by die kinders bevorder.

4.3.3.5.3 *Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Met betrekking tot die sosiale lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind is vrae ingesluit ten aansien van sy verhoudinge met ander gesinslede, sy vermoë om in 'n groepsituasie te kan aanpas en die rol wat hy gewoonlik vervul wanneer hy homself tussen leeftydgenote bevind. Ten aansien van die verhoudinge tussen die milieu-benadeelde voorskoolse kind en ander gesinslede word die inligting in Figuur 4.24 vervat, waaruit blyk dat die

meerderheid voorskoolse kinders uit albei groepe maklik met ander gesinslede oor die weg kom. Deursnee-geklassifiseerde voorskoolse kinders blyk egter 'n selfs beter verhouding met ander gesinslede te hê as milieu-benadeelde voorskoolse kinders.

FIGUUR 4.24 : Verhoudinge met ander gesinslede



Met betrekking tot die vraag of die voorskoolse kind maklik aanpas in 'n leeftydgenotegroep, selfs in afwesigheid van die ouer, was die meerderheid respondente van mening dat hulle kind wel maklik aanpas in 'n groep. Die resultate is soos volg:

- ◆ MB : 32 (80%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 8 (20%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.
- ◆ DG : 18 (90%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 2 (10%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.


- ◆ TG : 50 (83,3%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 10 (16,7%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.

Redes wat deur respondente aangegee is vir die verskynsel dat hulle kind nie maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas nie, is die volgende, soos van toepassing op die totale groep respondente:

- ◆ 50% : die voorskoolse kind meng nie maklik met ander kinders nie
- ◆ 40% : die voorskoolse kind is nog té afhanklik van sy ouer/voog
- ◆ 30% : die voorskoolse kind is té skaam
- ◆ 20% : die voorskoolse kind is huiwerig om in 'n groep te speel
- ◆ 10% : die voorskoolse kind baklei dikwels met ander kinders
- ◆ 10% : die voorskoolse kind wil eers die groep leer ken
- ◆ 10% : die voorskoolse kind het emosionele probleme wat positiewe interaksie met ander belemmer.

Response met betrekking tot die rol wat die voorskoolse kind gewoonlik in 'n groepsituasie vervul, dit wil sê of hy die leiding en inisiatief neem en of hy ander leiertyes volg, word uiteengesit in Figuur 4.25.

FIGUUR 4.25 : Rol in groepsituasies




Alhoewel hierdie gegewens nie heeltemal ooreenstem met die inligting wat in die literatuur verskaf word nie, waarvolgens kinders uit milieu-benadeelde groeperinge meer geneig is om te volg as om leiding te neem, behoort die resultate met betrekking tot die milieu-benadeelde groep respondente met dié van die deursnee-geklassifiseerde respondente vergelyk te word. Hieruit blyk dit duidelik dat milieu-benadeelde voorskoolse kinders minder geneig is om inisiatief en leiding te neem in groepsverband (50%) as wat die geval is by deursnee-geklassifiseerde kinders (60%), wat strook met die bevindinge uit die literatuur. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skynbare diskrepansie lê daarin dat die ouers dalk nie in staat is om 'n ware oordeel uit te spreek in dié verband nie of in die feit dat die milieu-benadeelde kind homself voortdurend in die geselskap van ander milieu-benadeelde kinders bevind en om dié rede oor die nodige selfvertroue mag beskik om leiding te neem in die groep.

4.3.3.5.4 Selfkonsep van die voorskoolse kind

Met betrekking tot die selfkonsep van die voorskoolse kind is die respondente gevra na hulle persepsies ten aansien van hoe die voorskoolse kind homself beleef. Die response op hierdie vraag word vervat in Figuur 4.26.

FIGUUR 4.26 : Selfkonsep van die voorskoolse kind




Hieruit blyk dit dat die meerderheid ouers (in albei groepe) van mening is dat hulle kinders hulself as mooi, slim en oulik beskou. Slegs 'n klein gedeelte van die respondente is van mening dat hulle kinders hulself as maer beskou en bykans geen ouers dink dat hulle kinders hulself as vet of lomp beleef nie. Geen ouers is van mening dat hulle voorskoolse kinders hulself as dom of lelik beskou nie.

Ten aansien van die milieu-benadeelde voorskoolse kind blyk dit egter uit die literatuur dat sodanige kinders eerder geneig is om hulle eie vermoëns in twyfel te trek en derhalwe gewoonlik nie oor 'n positiewe selfkonsep beskik nie. In die lig hiervan is dit dalk wenslik om die twee groepe respondente met mekaar te vergelyk, waaruit blyk dat milieu-benadeelde ouers effens minder geneig is tot hierdie positiewe gevoelens jeens hulle kinders as ouers uit die deursnee-groep. Hierbenewens kan dit ook hier die geval wees dat die ouers se persepsies betreffende hulle kinders se selfbeeld moontlik nie realisties is nie.

Response met betrekking tot die vraag na die respondente se mening of die voorskoolse kind met selfvertroue kan optree in groepsituasies is in Figuur 4.27 vervat.

FIGUUR 4.27 : Gedrag van die voorskoolse kind in groepsverband



Hieruit blyk dit dat die oorgrote meerderheid milieu-benadeelde ouers (80%) van mening is dat hulle voorskoolse kind met selfvertroue kan optree tussen leeftydgenote, met die frekwensie van hierdie opinie selfs hoër onder deursneegeklassifiseerde respondente (95%).

Respondente wat van mening is dat hulle voorskoolse kind nie met selfvertroue in 'n groepsituasie kan optree nie, beskou die volgende as redes hiervoor, soos van toepassing op die totale groep respondente:

- ◆ 77,8% : die voorskoolse kind is té skaam
- ◆ 33,3% : die voorskoolse kind raak maklik selfbewus
- ◆ 11,1% : die voorskoolse kind het emosionele probleme wat sy selfvertroue inperk.

Volgens bovermelde inligting en op grond van die persepsies van die respondente blyk die meerderheid milieu-benadeelde voorskoolse kinders oor 'n positiewe selfkonsep te beskik. Hierdie bevinding strook egter nie met die bevindinge uit die literatuur nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie klaarblyklige diskrepanse is weer eens die feit dat die respondente moontlik nie toereikende insig het met betrekking tot die vraag na die selfkonsep van die voorskoolse kind nie. Hierbenewens bestaan die moontlikheid dat die kinders se selfkonsep binne portuurgroepverband op dieselfde vlak van ontwikkeling is, weens die milieu-benadeelde situasie waarin al hierdie kinders hulself bevind en dat ouers en voogde dit nie raaksien nie, bloot op grond van die uniformiteit van dié aspek.

4.3.4 Interpretasie van data verkry uit individuele onderhoude

Inligting wat uit persoonlike onderhoude met ouers verkry is, is kwalitatief geïnterpreteer ter toeligting en verdere omskrywing van die kwantitatiewe data wat uit die voltooides vraelyste verkry is. Vervolgens word die gegewens

weergegee, ideografies geïnterpreteer en verbande gelê. Dit geskied aan die hand van 'n beskrywing van drie gevallestudies.

4.3.4.1 Gevallestudie 1

4.3.4.1.1 Algemene inligting

Die vader (27 jaar) se opvoedingspeil is standerd 7 (graad 9) en hy is 'n binders-assistent. Die moeder (22 jaar) beskik oor 'n standerd 9-kwalifikasie (graad 11) en is 'n huisvrou. Sy was voorheen werksaam as assistent by 'n kleuterskool.

Die ouers het twee kinders, waarvan die seun ten aansien van wie die vraelys beantwoord is, 3 jaar oud is en sy sussie 1 jaar en 4 maande. Die seun is sedert die begin van die jaar (die afgelope 3 maande) in die kleuterskool en die dogter bedags tuis by haar moeder.

Die gesin woon tans in die motorhuis van die vader se ouers, maar beoog om binnekort 'n eie woning te bekom en te verhuis. Hulle het tot ongeveer ses maande gelede in hulle eie tuiste gewoon, maar weens die onaanvaarbaarheid van die woonbuurt waar die tuiste geleë is na hulle huidige woonplek verhuis.

4.3.4.1.2 Waarde-oriëntasie van die ouers

Alhoewel die ouers gehoorsaamheid en respek vir volwassenes as baie belangrik beskou, is dit vir hulle ook uiters belangrik dat hulle kinders inisiatief sal neem en hulle eie wil ontwikkel. Hulle spits hulle opvoedingsgedrag op streng dissipline toe, maar poog deurgaans om die nodige ruimte te laat vir die kinders om hulself te kan wees.

Die moeder beskou hulle belangrikste doel met die opvoeding van hulle kinders as aanmoediging en begeleiding sodat die kinders kan presteer en kan vorder en uitstyg in die lewe.

4.3.4.1.3 Opvoedingsgedrag van die ouers

Die ouers ondervind tans probleme met betrekking tot dissipline. Alhoewel gehoorsaamheid en streng reëls vir hulle baie belangrik is en die moeder hulle as streng beskryf, word die implementering van reëls bemoeilik deur die vader se ouers, wat blykbaar meer toegeeflik is en dikwels dinge toelaat waarmee die ouers nie saamstem nie. Voor hulle verhuising na die vader se ouers het hulle egter streng reëls toegepas en geen probleme in dié verband ondervind nie. Die moeder is van mening dat hierdie situasie herstel sal word wanneer hulle weer 'n woning van hulle eie bekom.

Die ouers dissiplineer die kinders deur hulle aan te spreek, te raas en hulle na hulle kamers te stuur indien hulle ongehoorsaam is. Die vader straf soms deur middel van lyfstraf. Die moeder poog blykbaar altyd om te verduidelik waarom 'n bepaalde daad gestraf moet word wanneer dit gebeur. Alhoewel die kinders soms kanse vat, beskryf die moeder hulle as gehoorsaam en as kinders wat hulle maklik aan reëls onderwerp.

Die moeder bou gereeld blokkies saam met hulle kinders, speel saam met hulle met klei, bou legkaarte en lees stories voor uit boeke wat sy op 'n weeklikse basis by 'n biblioteek uitneem. Sy het ook onlangs begin om Engelse woordjies aan hulle seun te leer. Sy spandeer baie tyd saam met die kinders aangesien sy tans nie werk nie en meld dat daar 'n liefdevolle band tussen haar en hulle kinders bestaan. Sy maak van soentjies en drukkies gebruik om haar liefde aan hulle te betoon. Sy is primêr verantwoordelik vir die versorging van die kinders.

Weens die eise wat die vader se beroep aan hom stel, spandeer hy nie werklik tyd aan die kinders gedurende die week nie, maar bring wel tyd saam met hulle deur tydens naweke. Die verhouding tussen vader en seun is na die mening van die moeder gunstig en die seun help dikwels sy vader wanneer hy met motorherstelwerk doenig is. Alhoewel dit nie dikwels gebeur nie, neem die ouers die kinders van tyd tot tyd gedurende naweke na 'n park om daar te speel. Dit het in die afgelope drie maande twee keer gebeur.

Gebaseer op hierdie inligting blyk die ouers se waardes ooreen te stem met die bevindinge uit die gestruktureerde vraelys. Ten einde hierdie waardes in die opvoeding van hulle kinders te laat verwerklik, blyk die vader hoofsaaklik 'n dominante/intolerante opvoedingstyl en die moeder 'n dominante, maar tog warm opvoedingstyl te verwerklik.

4.3.4.2 Gevallestudie 2

4.3.4.2.1 *Algemene inligting*

Die vader (33 jaar) se opvoedingspeil is standerd 9 (graad 11) en hy is 'n poshanteerder. Hy werk nagdiens. Die moeder (37 jaar) beskik oor 'n standerd 9-kwalifikasie (graad 11) en is 'n huisvrou. Sy het voorheen administratiewe beroepe beoefen.

Die ouers het vier kinders, waarvan die oudste twee uit die moeder se eerste huwelik. Die dogter ten aansien van wie die vraelys beantwoord is, is die jongste kind. Sy is 6 jaar oud en het broers van 17 jaar, 15 jaar en 10 jaar. Sy is reeds agtien maande in die kleuterskool en gedurende die middag tuis by haar moeder. Alhoewel sy aanvanklik gesukkel het om maats te maak en aan te pas, beskou die moeder haar tans as goed aangepas in die skoolsituasie.

4.3.4.2.2 *Waarde-oriëntasie van die ouers*

Die ouers plaas baie klem op verantwoordelikheid en 'n bewussyn van wat reg en verkeerd is by hulle kinders. Indien die kinders nie die take, waarvoor hulle verantwoordelik is, nakom nie, word voorregte van hulle ontnem. Dit is verder vir die ouers belangrik dat hulle kinders die reëls in die huis nakom en die ouers ten alle tye gehoorsaam en hulle respekteer.

Benewens bogenoemde beskou die moeder ambisie as belangrik en moedig sy dit deurgaans aan by haar kinders. Volgens haar is dit belangrik dat haar kinders as volwassenes suksesvol sal wees.

4.3.4.2.3 *Opvoedingsgedrag van die ouers*

Die moeder spandeer baie tyd saam met die kinders. Sy neem hulle byvoorbeeld in die middag na 'n parkie, ry saam met hulle fiets en betrek hulle by huishoudelike take. Sy laat hulle nie toe om alleen uit te gaan nie weens 'n vrees dat hulle iets sal oorkom. Sy moedig aktiwiteite soos inkleur en uitknip aan by hulle dogter en lees saans vir haar stories wanneer sy gaan slaap. Sy beskryf haarself as 'n baie liefdevolle moeder en meld dat sy gereeld fisieke kontak met die kinders het, byvoorbeeld in die vorm van drukkie en soentjies.

Weens die feit dat die vader nagdiens werk, spandeer hy nie werklik tyd saam met die kinders nie. Die moeder beskryf haarself in dié verband selfs as 'n "enkelouer". Volgens die moeder het die vader egter goeie verhoudinge met die kinders, alhoewel hy dit moeilik vind om sy liefde aan hulle te betoon. Gedurende vakansietye bring die gesin wel tyd saam deur.

Elke kind het bepaalde take wat hy moet uitvoer. Indien hulle nalaat om dit te doen of ongehoorsaam is, maak die moeder hoofsaaklik van dreigemente gebruik om voorregte van hulle te ontnem. Op hierdie wyse poog sy om hulle

verantwoordelikheid te leer. Hierbenewens moedig sy voortdurend selfstandige probleemoplossing by die kinders aan, aangesien sy dit as 'n baie belangrike vaardigheid vir hulle in die hede en in die toekoms beskou.

Dit is vir die ouers baie belangrik dat die kinders die reëls wat gemaak is, nakom en gehoorsaam. Die ouers is baie streng hieroor en vereis absolute gehoorsaamheid van hulle kinders. Benewens die ontneming van voorregte, raas die ouers met die kinders en maak die vader soms van lyfstraf gebruik om hulle te dissiplineer.

Dit blyk dus dat die ouers te alle tye gehoorsaamheid nastreef. Die vader blyk 'n intolerante opvoedingstyl en die moeder 'n betrokke (warm/dominante) opvoedingstyl te verwerklik.

4.3.4.3 Gevallestudie 3

4.3.4.3.1 *Algemene inligting*

Die vader is 26 jaar oud, met 'n opvoedingspeil van standerd 9 (graad 11). Die moeder is 17 jaar oud en beskik oor 'n standerd 7-kwalifikasie (graad 9). Beide ouers is werkloos. As 'n gevolg woon die gesin by die vader se ouers, wat dan ook as voogde optree vir hulle kind. Die vader se broer, sy vrou en hulle kind woon in dieselfde woning.

Die ouers (respondente) het een seun, wat drie jaar oud is. Hy is drie maande gelede in die kleuterskool geplaas, op grond van die grootouers se aanbeveling. Hulle was bekommerd weens die feit dat hy op daardie stadium gesukkel het met sosialisering en meestal met leeftydgenote baklei het.

Alhoewel die ouers self die opvoeding van hulle kind hanteer, tree die grootouers as voogde in wanneer nodig. Die ouers en die grootouers stem saam met betrekking tot die wyse van opvoeding en ondersteun mekaar in dié opsig.

4.3.4.3.2 *Waarde-oriëntasie van die ouers*

Ten aansien van die waardes wat die ouers en grootouers in hulle opvoedingstaak nastreef, stem dit met mekaar ooreen. Beide die ouers en die grootouers beskou respek vir volwassenes en absolute gehoorsaamheid as die belangrikste waardes, nie alleen in hulle eie lewens nie maar ook in die lewe van hulle kind. Volgens die ouers is absolute gehoorsaamheid belangrik, aangesien dit as noodsaaklik beskou word in hulle kind se toekomstige beroepsituasie waar hy ander moet gehoorsaam.

4.3.4.3.3 *Opvoedingsgedrag van die ouers*

Beide die ouers en grootouers spandeer baie tyd aan die seun. Hulle steun op fisieke kontak ten aansien van die betoning van liefde en warmte. Veral die grootouers speel graag met hom en koester hom dikwels.

Die ouers dissiplineer hul seun deur hom te waarsku, met hom te raas en hom dan na sy kamer te stuur indien hy ongehoorsaam is. Hulle maak selde van lyfstraf gebruik. Die grootouers raas hoofsaaklik met hom, maar meld dat hy meer dikwels kansse vat met hulle. Hy blyk egter aan sy ouers en grootouers gehoorsaam te wees. Alhoewel hy nog klein is, word hy reeds by huishoudelike takies betrek.

Die grootouers lê baie klem op roetine en glo dat kinders van 'n jong ouderdom af reeds gewoond gemaak moet word aan dissipline. Die ouers ondersteun hulle in hierdie siening. Dit is vir beide die ouers en grootouers baie belangrik dat kinders reëls nakom en gehoorsaam is.

Die moeder bestee daagliks tyd daaraan om kognitief-stimulerende aktiwiteite saam met haar seun te beoefen. Sy bou saam met hom legkaarte, leer hom die name van kleure en getalle en lees aan hom stories voor. Die vader speel saam met hom bal, kyk saam met hom televisie en betrek hom wanneer hy in die motorhuis werksaam is.

Alhoewel die ouers en grootouers bekommerd is oor hulle seun se sosiale vaardighede, meld hulle dat dit reeds baie verbeter het sedert hy in die kleuterskool is. Alhoewel hy steeds skugter is in die geselskap van vreemdelinge, is hy al in staat om, nadat hy op sy gemak geplaas is, spontaan te gesels.

Die waarde-oriëntasie van die ouers en grootouers blyk dus ook in hierdie geval ooreen te stem met dit wat deur middel van die gestruktureerde vraelys bevind is. Beide die ouers en grootouers beskou respek vir meerderes en absolute gehoorsaamheid as die basis van goeie opvoeding en tree streng op om hierdie waardes by hulle kind vas te lê. Hulle betoon egter baie liefde aan hulle seun. Hierdie bevinding strook egter nie heeltemal met die bevindinge uit die literatuur nie.

4.3.5 Sintese

In die lig van die gegewens wat uit die gestruktureerde vraelys en die individuele onderhoude verkry is, blyk dit dat milieu-benadeelde ouers se waarde-oriëntasies om waardes soos **gehoorsaamheid, die nakom van reëls en respek vir meerderes** sentreer. Hierdie ouers is **streng** in hulle opvoedingsgedrag en **vereis absolute gehoorsaamheid** van hulle kinders. Hulle maak van verskeie dissiplinêre maatreëls gebruik ten einde gewenste gedrag by hulle kinders vas te lê en dra op dié wyse die waardes van **gehoorsaamheid, konformiteit en respek vir meerderes** aan hulle kinders oor. Inligting wat uit die individuele onderhoude met ouers verkry is, bevestig

deurgaans die bevindinge wat uit die gestruktureerde vraelys verkry is. Hierdie tendens blyk selfs meer geldig te wees met betrekking tot ouers uit 'n ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer) as wat die geval is by ouers jonger as 31 jaar.

Ter staving van bovermelde die volgende, wat uit die gegewens van die gestruktureerde vraelys blyk:

- ◆ Van die respondente wat **gehoorsaamheid** as belangrik of baie belangrik beskou, ag 91,7% die toepassing van **streng reëls** ook as belangrik of baie belangrik.
- ◆ Die meerderheid ouers wat **respek vir outoriteit** as belangrik ag, laat hulle voorskoolse kinders nie toe om hulle sin te kry nie (53,3%, teenoor 46,7% wat hulle kinders soms toelaat om hul sin te kry).
- ◆ Ouers wat **gehoorsaamheid** as belangrike waarde nastreef, is geneig om gereeld van dreigemente (60% van die respondente) gebruik te maak om hulle kinders te dissiplineer.

Ten aansien van die mate waarin ouers liefde en warmte betoon teenoor hulle kinders blyk dit, oppervlakkig beskou, of milieu-benadeelde ouers wel in 'n toereikende mate in hierdie behoefte van hulle kinders voorsien. Dit stem egter nie ooreen met die inligting wat uit die literatuur verkry is nie. By nadere ontleding van die inligting wat uit die vraelys verkry is, blyk dit egter dat milieu-benadeelde ouers wel die behoefte het om meer liefde aan hulle kinders te betoon. Moontlike verklarings vir hierdie bevindinge is dat hedendaagse ouers wel poog om meer liefde aan hulle kinders te betoon en voortdurend daarna streef, of dat hulle nie 'n realistiese beskouing van hul eie opvoedingsgedrag het nie.

4.4 TOETSING VAN HIPOTESE

Die hipotese, soos gestel in paragraaf 1.4 is deurgaans as uitgangspunt gebruik en kan aanvaar word op grond van die statisties geverifieerde navorsingsdata.

Die navorsingsresultate toon duidelik aan dat die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die gesinsopvoeding van die voorskoolse kind. Die resultate dui op duidelike verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die opvoedingstyl wat hy verwerklik, die opvoedingsinhoud wat hy oordra en die invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind.

Die betekenisvolle hoë persentasies ten aansien van waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid en respek teenoor meerderes, tesame met die hoë persentasies betreffende die dominante opvoedingstyl en streng dissiplineringspraktyke van die ouer en die belangrikheid wat aan die genoemde waardes toegeken word by die voorskoolse kind, bevestig die hipotese dat die opvoedingstyl en opvoedingsinhoud van die ouer sterk verband hou met sy waarde-oriëntasie. Voortvloeiend hieruit het dié betrokke opvoedingstyle en opvoedingsinhoud 'n invloed op die ontwikkeling van die voorskoolse kind.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting van die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek gebied. Hierbenewens is die gegewens wat uit die ondersoek verkry is, getabuleer, in figure voorgestel, ontleed en geïnterpreteer.

Vervolgens behels Hoofstuk 5 'n kort samevatting van die bevindinge van die ondersoek, asook enkele gevolgtrekkings, ouerbegeleidings-implikasies voortvloeiend uit die bevindinge en praktyk- en navorsingsgerigte aanbevelings.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING VAN BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES

5.1 INLEIDING

Die opvoedingsopgawe van die ouer omsluit die begeleiding van sy kind tot sedelik-selfstandige en volwaardige volwassenheid. As primêre opvoeder moet hy die kind op alle vlakke begelei, waar die kwaliteit van hierdie begeleiding die kind in sy volwassewording kan steun of rem. Net soos die ouer sy kind moet begelei, is dit egter ook belangrik dat ouers die nodige begeleiding ten aansien van hulle opvoedingstaak ontvang, om hulle toe te rus vir hulle taak as opvoeders. 'n Ouer sal die opvoeding van sy kind nie opsetlik nalaat nie, maar beskik nie altyd oor die nodige kennis, insig en vaardighede om die opvoedingsgebeure op toereikende wyse te verwerklik nie.

Die hedendaagse samelewing word gekenmerk deur veranderde en veranderende eise en omstandighede met betrekking tot die opvoeding van kinders. Ouerskap impliseer toenemend meer eise, wat daartoe lei dat daar 'n dringende behoefte aan deskundige begeleiding ten opsigte van die opvoeding van kinders bestaan. Die behoefte in dié verband is selfs groter in milieu-benadeelde gemeenskappe, waar ouers dikwels nie oor die nodige kennis beskik om optimale opvoedingsgedrag te bewerkstellig en die optimale ontwikkeling van hulle kinders te bevorder nie.

Aangesien die gesin se sosio-ekonomiese status en die wyse waarop die gesin binne 'n bepaalde sosio-ekonomiese milieu funksioneer 'n invloed uitoefen op die opvoedingsgedrag van die ouers en die ontwikkeling van die kind, was die onderhawige studie afgestem op 'n ondersoek na waarde-oriëntasie as faktor by

die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die uiteindelijke oogmerk was om riglyne vir ouerbegeleiding te formuleer.

In die onderhawige hoofstuk word 'n samevatting van die bevindinge van die studie aangebied en tot gevolgtrekkings gekom. Bepaalde ouerbegeleidingsimplikasies vloei uit die navorsing voort, en hierdie studie word met enkele aanbevelings en riglyne in dié verband afgesluit.

5.2 SAMEVATTING VAN BEVINDINGE

Die doel van die studie was om ondersoek in te stel na die wyse waarop die waarde-oriëntasies van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Benewens hierdie primêre doel is dit tweedens ten doel gestel om, op grond van die bevindinge wat verkry is, ouerbegeleidingsimplikasies en riglyne in dié verband te formuleer.

Die vertrekpunt vir die studie was die aanname dat die opvoedingsgedrag van die ouer sterk verband hou met sy waarde-oriëntasie en dat dit verder 'n betekenisvolle en kragtige uitwerking het op die ontwikkeling van die kind. Die opvoedingstyl van die ouer oefen byvoorbeeld 'n sterk invloed uit op die beleving, gedrag en persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Die belangrikste bevindinge wat uit die studie voortspruit, word vervolgens uiteengesit. Dit is belangrik om daarop te let dat die bevindinge wat uit die empiriese ondersoek geformuleer kon word, beperk is tot gesinne wat by die ondersoek betrek is (kyk Hoofstuk 4). Die interpretasies en gevolgtrekkings het derhalwe slegs op hierdie steekproef betrekking.

5.2.1 Hoofstuk 1

Hoofstuk 1 behels 'n inleidende oriëntering, die definiëring en omskrywing van konsepte wat sentraal staan tot die studie, die probleemstelling, formulering van 'n hipotese, metodologiese verantwoording en formulering van die navorsingsdoel.

Die navorsingsprobleem is geformuleer in terme van die vraag na die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind beïnvloed, in terme van die opvoedingstyl van die ouers, opvoedingsinhoud en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Hieruit volg definisies en omskrywings van die konsepte **waarde-oriëntasie**, **gesinsopvoeding**, **milieu-benadeeldheid** en **voorskoolse kind**. Benewens hierdie konsepte is die begrip **ouerbegeleidings-implikasies** omskryf.

By die bespreking van die begrip **waarde-oriëntasie** is dit beklemtoon dat elke mens waardebepalend deelneem aan die lewe en dat alle handeling en besluite met waardebepalinge deurtrek is. Die opvoedingsgedrag van die ouer word derhalwe noodwendig deur sy waarde-oriëntasie beïnvloed. Met betrekking tot die begrip **gesinsopvoeding** is, benewens omskrywings van die begrippe **gesin** en **opvoeding**, gefokus op moontlike opvoedingsgedragpatrone wat ouers kan verwerklik (in terme van die warmte- en dominansie-dimensies), asook op die agt opvoedingstyle wat deur Angenent onderskei word.

Wat die begrip **milieu-benadeeldheid** betref, is beklemtoon dat die milieu-benadeelde kind 'n agterstand het in vergelyking met kinders uit middel en hoër sosio-ekonomiese groeperinge. Hierbenewens is die milieu-benadeelde individu as iemand beskryf wat, weens sy beperkende sosiale, ekonomiese en kulturele omstandighede, nie in staat is om vrylik keuses te maak en geleenthede optimaal te benut nie. Die voorskoolse kind is gedefinieer as die kind tussen die

ouderdomme van ongeveer 3 tot 6 jaar en wat nog nie tot die laerskool toegetree het nie.

Aangesien die onderhawige studie onder andere afgestem is op ouerbegeleidingsimplikasies, is hierdie begrip omvattend omskryf. Dit is beklemtoon dat ouerbegeleiding gerig is op die begeleiding van ouers om hulle eie opvoedingsgedrag in die lig van hulle persoonlike omstandighede, waardes en oortuigings te verbeter, sodat hulle hulself as meer toereikend kan beleef en beter toegerus kan voel vir hulle taak as ouers. 'n Onderskeid is getref tussen ouerbegeleiding op mikro-opvoedkundige vlak (die hantering van reeds geïdentifiseerde probleme) en ouerbegeleiding op makro-opvoedkundige vlak (voorkoming van probleme, asook kompensering vir reeds bestaande probleme). Hieruit is **ouerbegeleidingsimplikasies** omskryf as dit wat uit die studie voortspruit wat betekenis inhou vir en aangewend kan word tydens ouerbegeleiding, ten einde ouers en voornemende ouers beter toe te rus vir hulle taak as opvoeders, om uiteindelik die optimale ontwikkeling en selfaktualisering van die kind te fasiliteer.

Dit is verder aangetoon dat die onderhawige studie nie slegs 'n psigopedagogiese studie is nie, maar ook 'n sterk sosiopedagogiese en opvoedkundige-sielkundige inslag het.

Wat die navorsingsmetode van die studie betref, is die ondersoek as verkennend, beskrywend en in 'n beperkte mate verklarend van aard getipeer. Die studie behels 'n basiese, teoretiese ondersoek aan die hand van 'n oorsig van bestaande toepaslike literatuur, asook 'n empiriese ondersoek na verbande wat uit die literatuur blyk.

5.2.2 Hoofstuk 2

In Hoofstuk 2 is die leëwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan die hand van 'n literatuurstudie verken. Dit is gedoen deur middel van 'n beskrywing van enkele fasette van milieu-benadeeldheid, soos vervolgens kortliks saamgevat word.

5.2.2.1 Omgewing van die milieu-benadeelde gesin

Die omgewing van die milieu-benadeelde gesin is omskryf as een wat gewoonlik verwaarloos en onaantreklik is en wat dikwels gekenmerk word deur armoede, ontoereikende en oorvol huise, vervalde wooneenhede, lawaai en 'n lae sosiale, ekonomiese en kulturele peil. Hierbenewens is verskynsels soos geweld, misdaad, buite-egtelike seksualiteit, dwelmgebruik, alkoholisme en vroue- en kindermishandeling aan die orde van die dag. Daar is dikwels 'n gebrek aan voedsame kos, 'n warm bed en soms selfs lopende water en elektrisiteit. Verder kan die milieu-benadeelde gesin moeilik enige mediese dienste bekostig.

Dit is beklemtoon dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom derhalwe in 'n buurt of omgewing bevind wat in talle opsigte gedepriveerd is en sy optimale funksionering en persoonsontploffing belemmer.

5.2.2.2 Gesinsituasie van die milieu-benadeelde kind

Dit is beklemtoon dat die milieu-benadeelde gesin kultureel andersoortig is as die dominante kultuur, gekenmerk word deur deprivasie en verwaarlosing en vasgevang is in 'n armoedspiraal. Op grond van hierdie beperkinge word die verwerkliking van moontlikhede by die gesinslede belemmer.

Dit is aangedui dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom in 'n nie-ondersteunende gesinsmilieu bevind, wat nie die nodige ontwikkelingservaringe

aan hom bied nie. Hierbenewens is sy ouers dikwels onbetrokke, wat tot opvoedingsverwaarloosing lei. Die gesin word in baie gevalle gekenmerk deur ontoereikende gesinseenheid, konflik, verbrokkeling en spanning, asook 'n gebrek aan konsekwente dissiplineringspraktyke. Ouers beskik gewoonlik oor lae opvoedkundige kwalifikasies, wat 'n lae beroepstatus en karige inkomste impliseer. Hiermee gepaardgaande koester gesinslede selde enige aspirasies om bo hulle omstandighede uit te styg.

Dit is verder beklemtoon dat milieu-benadeelde ouers meestal nie daarin slaag om belangrike gesinstake en sosiopedagogiese essensies toereikend te verwerklik nie. As 'n gevolg word die gesin gekenmerk deur die ontoereikende vervulling van pedagogiese, psigologiese en sosiale behoeftes, wat die ontwikkeling van die kind tot volwaardige volwassenheid belemmer.

In terme van pedagogiese kenmerke is die milieu-benadeelde gesin beskryf in terme van ontoereikende opvoeding en opvoedingstyl, opvoedingskommunikasie, behoeftevervulling en waarde-oriëntasie van die ouers; materiële, kulturele en emosionele verwaarloosing; asook die gebrekkige sosialisering, selfaktualisering, identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming van die kind. Die psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin is saamgevat as gebrekkige motivering in gesinsverband, ontoereikende kognitiewe niveau van die gesin en gesinslede, negatiewe selfkonsep van die ouers en 'n ongunstige affektiewe klimaat tuis. Wat sosiale kenmerke betref, is die gesin beskryf in terme van 'n labiele, ongunstige gesinslewe, 'n kultuurarme sosiale milieu, gebrekkige sosialisering van die ouers, ontoereikende kommunikasiestyl, beperkte taalkode, oneffektiewe gesinskontrolle en ongunstige rolgedrag van die ouers.

5.2.2.3 Waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer

Dit is benadruk dat die sosio-ekonomiese status van die ouer die kragtigste sosiaal-strukturele voorspeller is van sy waarde-oriëntasie, asook dat die waarde-oriëntasie van die ouer sy opvoedingsgedrag beïnvloed.

Algemene lewensomstandighede, asook werksomstandighede is uitgesonder as bepalend van die ouer se waardestelsel. Met betrekking tot die milieu-benadeelde ouer, waar gehoorsaamheid aan voorskrifte en konformering met meerderes as belangrik geag word, is waardes soos konformering aan eksterne reëls en samelewingsvoorskrifte, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir gesag en goeie maniere uitgelig as daardie waardes wat as belangrik beskou word by hulle kinders en tydens opvoeding nagestreef word.

5.2.2.4 Kenmerke en agterstande van die milieu-benadeelde voorskoolse kind

Ter samevatting van die voorafgaande is die milieu-benadeelde voorskoolse kind beskryf in terme van kenmerke en agterstande. Dié kind is onder andere as nie-skoolgereed beskryf, op grond van onvervulde fisiese behoeftes, affektiewe labiliteit en 'n gevoel van onveiligheid, emosionele afhanklikheid, 'n lae selfkonsep en affektiewe legeremdheid.

Die onderskeie vorme van deprivasie en verwaarlosing waaraan die milieu-benadeelde voorskoolse kind blootgestel word, is uitgelig. Hierbenewens is die volgende as kenmerkend van hierdie kind voorgehou:

- ◆ taalagterstande
- ◆ 'n ondoelmatige leerstyl
- ◆ ervaringsagterstande
- ◆ sosiaal-affektiewe agterstande

- ◆ kognitiewe agterstande
- ◆ fisiese tekorte
- ◆ onderwysagterstande (hoewel nie direk van toepassing op die voorskoolse kind nie).

Ter afsluiting van dié hoofstuk is 'n geheelbeeld van die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind in die vorm van 'n skematiese voorstelling weergegee.

5.2.3 Hoofstuk 3

In Hoofstuk 3 is gefokus op waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Die bespreking is aan die hand van die volgende fasette gedoen:

5.2.3.1 Waarde-oriëntasie en opvoeding

Die belangrikheid van waardes en die noue verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer en die opvoeding wat hy verwerklik, is beklemtoon. Hierbenewens is die verband tussen bepaalde waardes van ouers en die opvoedingsgedrag wat hulle verwerklik in verband gebring met ekonomiese faktore, meer spesifiek die sosio-ekonomiese status van die ouers en die beroepe wat hulle (veral die vaders) beoefen. Benewens hierdie verbande, is die verband tussen gesinsopvoeding en die ontwikkeling van die kind uitgelig.

5.2.3.2 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl

Dit is beklemtoon dat die opvoedingspraktyke van ouers uit verskillende sosio-ekonomiese groeperinge van mekaar verskil. Uit die literatuur is aangedui dat opvoedingstyle wat kenmerkend is van laer sosio-ekonomiese klasse gewoonlik gerig is op die handhawing van orde en gehoorsaamheid. Weens die hoë mate

van belangrikheid wat hierdie ouers aan gehoorsaamheid en konformiteit heg, is aangedui dat hulle dikwels meer beperkinge op hulle kinders plaas, strenger optree en meer kontrolerend en bestraffend is in hulle opvoedingsgedrag.

Dit is verder uitgelig dat milieu-benadeelde ouers dikwels nie 'n toereikende mate van warmte en ondersteuning aan hulle kinders bied nie. Met bovermelde as vertrekpunt is die volgende opvoedingstyle as kenmerkend van milieu-benadeelde ouers uitgesonder, vir doeleindes van die onderhawige studie:

- ◆ dominante opvoeding
- ◆ intolerante, outokratiese opvoeding
- ◆ onverskillige opvoeding
- ◆ koue opvoeding
- ◆ toegeeflike opvoeding
- ◆ betrokke opvoeding.

5.2.3.3 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoude

Die betekenisvolle verband tussen die werksomstandighede van veral die vader en die waardes wat deur die ouers as belangrik beskou en nagestreef word, is opnuut beklemtoon. Weens die hoë mate van klem wat milieu-benadeelde ouers plaas op waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir outoriteit, netheid en om uit die moeilikheid te bly, is sodanige waardes bepalend vir opvoedingsinhoude en vorm dit deel van die inhoude wat tydens opvoeding deur die ouers voorgehou word.

5.2.3.4 Waarde-oriëntasie en die invloed van gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind

Enkele aspekte wat verband hou met kinderlike ontwikkeling is kortliks bespreek, te wete die begrippe **selfkonsep**, **persoonlikheid**, **persoonlikheidseienskap**, **persoonlikheidspatroon**, **kinderlike beleving** en **kinderlike gedrag**.

Vervolgens is die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind bespreek in terme van persoonlikheidseienskappe, belewingsmatige uitkomste en gedragsmatige uitkomste. Hierdie eienskappe is uitgelig met betrekking tot die opvoedingstyle wat dikwels deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, soos vroeër geïdentifiseer. Die invloed van elkeen van hierdie opvoedingstyle op die kind is telkens in tabelformaat saamgevat en weergegee.

Hierbenewens is die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsepvorming van die milieu-benadeelde voorskoolse kind aangedui, waarvolgens dit blyk dat hierdie kinders selde oor 'n positiewe selfkonsep beskik weens die ontoereikende opvoedingstyle wat kenmerkend is van milieu-benadeelde ouers. Die invloed van die opvoedingsgedrag van die ouer is verder bespreek in terme van die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind, in besonder die affektiewe, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind. Dit blyk dat geeneen van hierdie fasette optimaal verwerklik word by die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie, hoofsaaklik weens die beperkinge wat deur die kenmerkende opvoedingsgedrag van hierdie ouers op hulle kinders geplaas word.

5.2.4 Hoofstuk 4

As die empiriese deel van die studie is 'n vraelys-ondersoek onderneem, opgevolg deur enkele individuele onderhoude met milieu-benadeelde ouers, ten einde die aard en omvang van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouers en die opvoedingstyl wat hulle verwerklik, hulle opvoedingsinhoud en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind te bepaal. In Hoofstuk 4 is 'n uiteensetting van die navorsingsinstrument en empiriese ondersoek-program gebied, asook 'n analise en interpretasie van die data wat deur die vraelys en onderhoude met ouers ingewin is.

Die belangrikste bevindinge van die empiriese ondersoek met betrekking tot waarde-oriëntasie as faktor by gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind kan soos volg saamgevat word:

- ◆ **Aantal kinders:** Dit blyk dat die hedendaagse milieu-benadeelde gesin geneig is om minder kinders te hê as wat op grond van bevindinge in die literatuur vermoed is. Hierdie verskynsel is gevind in die milieu-benadeelde gemeenskap wat by die ondersoek betrek is. As 'n gevolg is daar minder persone in hulle tuistes woonagtig en word minder vertrekke vir slaapdoeleindes gebruik.
- ◆ **Beroepstatus van die ouers:** Die bevindinge wat uit die ondersoek verkry is, stem ooreen met die bevindinge wat in die literatuur beskikbaar is, naamlik dat milieu-benadeelde ouers gewoonlik laer status beroepe beoefen. Die meerderheid milieu-benadeelde vaders wat by die ondersoek betrek is, beoefen opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsberoepe, verkoopsberoepe, klerklike beroepe, ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe en beroepe as boere of tuiniers. 'n Groot gedeelte van die milieu-benadeelde moeders wat by die ondersoek betrek is, is egter ekonomies onaktief, dit wil sê huisvrouens of werkloos.

- ◆ **Waarde-oriëntasies van die ouers:** Ouers wat by die ondersoek betrek is, beskou die waardes **gehoorsaamheid, goedgemanierdheid, hoflikheid, pligsgetrouheid, netheid** en **respek vir outoriteit** as die belangrikste van die waardes waaroor hulle uitgevra is. **Inisiatief, spontaneïteit** en **kreatiwiteit** word as minder belangrik beskou en waardes soos **leierskap, inisiatief, samewerking, individualisme** en **ambisie** word selfs deur sommige ouers as glad nie belangrik geag nie. Hierdie bevinding strook met die bevindinge wat in bestaande literatuur vervat is.
- ◆ **Verskille tussen ouer en jonger ouers:** Jonger ouers (jonger as 31 jaar) blyk meer klem te lê op **leierskap** en **ambisie** as die ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer). Ouers uit laasgenoemde groep blyk meer waarde te heg aan **konformiteit, goedgemanierdheid** en **hoflikheid** as die jonger ouers, alhoewel beide groepe dit as belangrik beskou.
- ◆ **Opvoedingstyl in terme van die dominansie-dimensie:** Milieu-benadeelde ouers blyk hulself as dominant en streng te beleef, eerder as toegeeflik. Hulle tree hoofsaaklik streng op, weens die mate van belangrikheid wat hulle aan waardes soos **absolute gehoorsaamheid** en **konformiteit** heg.
- ◆ **Opvoedingstyl in terme van die warmte-dimensie:** Alhoewel dit met die eerste oogopslag lyk asof milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is hulself as toereikend warm en liefdevol beleef ten aansien van hulle kinders, blyk dit by diepere deurskouing dat 'n groot gedeelte van die ouers dit as area vir verbetering beskou ten aansien van hulle eie opvoedingsgedrag, en dat hulle meer liefdevol en warm teenoor hulle kinders wil wees.
- ◆ **Verskille tussen ouer en jonger ouers:** Dit wil voorkom of jonger ouers (jonger as 31 jaar) meer liefdevol en warm is teenoor hulle kinders as ouers

uit die ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer). Geen betekenisvolle verskille is waargeneem ten aansien van die dominansie-dimensie nie.

- ◆ **Opvoedingsinhoud:** Milieu-benadeelde ouers wat betrek is by die ondersoek blyk, met betrekking tot hulle kinders, veral klem te lê op waardes soos **gehoorsaamheid, goedgemanierdheid, respek vir outoriteit, netheid/skoonheid en hoflikheid**. Hierdie bevinding stem nie alleen ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie, maar ook met die waarde-oriëntasie van die ouers, soos uit die ondersoek blyk. In teenstelling hiermee blyk deursnee-geklassifiseerde ouers eerder waardes soos **ambisie, individualisme, onafhanklikheid en weetgierigheid** by hulle kinders te probeer bevorder.

- ◆ **Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Milieu-benadeelde ouers blyk wel aktiwiteite saam met hulle kinders te beoefen, alhoewel in 'n mindere mate as deursnee-geklassifiseerde ouers. Hulle speel hoofsaaklik met hulle kinders of betrek hulle by huishoudelike take of take in en om die huis. Die meerderheid milieu-benadeelde moeders doen kognitief-stimulerende aktiwiteite saam met hulle kinders, terwyl vaders dikwels sportverwante aktiwiteite saam met hulle kinders beoefen. In teenstelling met die bevindinge wat uit die literatuur verkry is, blyk die meerderheid milieu-benadeelde voorskoolse kinders oor die algemeen gelukkig en opgewek te wees en dikwels met ander gesinslede te gesels. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skynbare diskrepansie lê daarin dat die respondente se persepsies van hulle kinders se emosionele gesteldheid dalk nie toereikend realisties is nie.

- ◆ **Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Die meerderheid milieu-benadeelde ouers blyk kognitief-stimulerende aktiwiteite by hulle voorskoolse kinders aan te moedig, wat nie ooreenstem met die bevindinge uit die literatuur nie. Moontlike verklaringe vir hierdie skynbare diskrepansie is reeds verskaf. Hierbenewens blyk die meerderheid milieu-benadeelde ouers



wat by die vraelys betrek is hulle kinders se vrae te beantwoord, vreemde woorde en begrippe aan hulle te verduidelik, probleme saam met hulle op te los en te verduidelik hoe hulle by die oplossing uitkom.

- ◆ **Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind:** Volgens die meerderheid milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is, is die verhoudinge tussen die voorskoolse kind en ander gesinslede baie goed, kom hulle maklik met ander gesinslede oor die weg en pas hulle maklik in 'n leeftydgenotegroep aan. Hierbenewens is 'n groot gedeelte van die ouers van mening dat hulle voorskoolse kinders eerder leiding neem tussen leeftydgenote as om ander te volg, wat nie heeltemal ooreenstem met die bevindinge in die literatuur nie. Hierdie klaarblyklike diskrepansie kan moontlik verklaar word aan die hand daarvan dat die ouers dalk nie in staat is om in dié verband 'n ware oordeel uit te spreek nie, asook in die feit dat die milieu-benadeelde kind meestal slegs met ander milieu-benadeelde kinders meng en om dié rede met 'n mate van selfvertroue leiding kan neem in die leeftydgenotegroep.
- ◆ **Selfkonsep van die voorskoolse kind:** Die meerderheid milieu-benadeelde ouers is van mening dat hulle voorskoolse kinders hulself as mooi, slim en oulik beleef en derhalwe skynbaar oor 'n positiewe selfkonsep beskik. 'n Moontlike verklaring vir hierdie klaarblyklike diskrepansie met die bevindinge wat uit die literatuur blyk, lê daarin dat die ouers se persepsies van hulle kinders se selfbeeld dalk nie toereikend realisties is nie. Dit blyk verder dat die meerderheid ouers van mening is dat hulle voorskoolse kinders met selfvertroue kan optree in groepsituasies. Die verklaring in voorgaande paragraaf is ook hier van toepassing.



5.3 GEVOLGTREKKINGS

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek is bevind dat die waarde-oriëntasies van milieu-benadeelde ouers op waardes soos **gehoorsaamheid, respek vir meerderes, pligsgetrouheid, goedgesmanierdheid, hoflikheid en netheid** fokus. Hierbenewens is bevind dat die waarde-oriëntasies van hierdie ouers in 'n betekenisvolle mate 'n invloed uitoefen op die gesinsopvoeding wat deur die ouer verwerklik word.

Dit is bevind dat milieu-benadeelde ouers wat by die ondersoek betrek is, streng, kontrolerend en beperkend is in hulle opvoedingsgedrag en derhalwe 'n dominante of intolerante opvoedingstyl verwerklik. Verder openbaar genoemde ouers 'n behoefte om meer warmte en liefde aan hulle kinders te betoon, wat daarop dui dat hulle ook die koue en onverskillige opvoedingstyle verwerklik, ten spyte van hulle persepsie dat hulle eerder warm as koud en afsydig is in hulle opvoedingsgedrag teenoor hulle kinders. Enkele ouers kan wel as betrokke (warm/dominant) geklassifiseer word en enkele ouers as toegeeflik, alhoewel in die minderheid.

Uit die ondersoek blyk dit dat jonger ouers (31 jaar en jonger) meer geneig is om klem te lê op waardes soos **ambisie, inisiatief en leierskap** as ouers uit 'n ouer ouderdomsgroep (ouer as 31 jaar), wat waardes soos **konformiteit, gehoorzaamheid** en **respek vir meerderes** as meer belangrik beskou. Hierbenewens blyk jonger ouers meer liefdevol en warm te wees teenoor hulle voorskoolse kinders as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Ten aansien van die dominansie-dimensie blyk daar geen betekenisvolle verskille te wees tussen die onderskeie ouderdomsgroepe nie.

Met betrekking tot opvoedingsinhoud is bevind dat die opvoedingsinhoud wat deur milieu-benadeelde ouers oorgedra en nagestreef word tydens die opvoeding van hulle kinders ooreenstem met die ouers se persoonlike waarde-

oriëntasies. Verder kan ook afgelei word dat hierdie waardes verband hou met dit wat in die ouers (veral die vaders) se beroepsomgewing as belangrik beskou word.

Ten aansien van die invloed van die gesinsopvoeding op die voorskoolse kind stem die bevindinge van die empiriese ondersoek nie heeltemal ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie. Gebaseer op die moontlike verklaringe wat reeds gebied is, kan die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat die persepsies van die ouers, soos wat dit in die empiriese ondersoek bepaal is, nie toereikend realisties is nie en derhalwe nie veralgemeen kan word na die milieu-benadeelde gemeenskap in totaliteit nie.

In die lig van bostaande bevindinge kan die hipotese van die onderhawige navorsingsprojek geverifieer word, ten spyte van enkele klaarblyklike diskrepancies tussen dit wat in die ondersoek bevind is en dit wat uit die literatuur blyk.

5.4 OUERBEGELEIDINGSIMPLIKASIES

Ouerbegeleiding omsluit twee hoofkategorieë, naamlik begeleiding op mikro-vlak en begeleiding op makro-vlak. Waar eersgenoemde afgestem is op die regstelling en opheffing van probleme wat reeds geïdentifiseer is, is ouerbegeleiding op makro-vlak gerig op die voorkoming van opvoedingsfoute. Laasgenoemde het vanselfsprekend 'n meer omvattende teikengroep en positiewe uitkoms, aangesien ouers in groepe leiding kan ontvang en opvoedingsprobleme op dié wyse voorkom kan word. Makro-vlak ouerbegeleiding word derhalwe by uitstek as geskik beskou vir begeleiding aan milieu-benadeelde ouers.

Alhoewel makro-vlak ouerbegeleiding sterk gerig is op voorkoming, sal ouerbegeleiding in milieu-benadeelde gemeenskappe dikwels ook herstellend en

kompenserend van aard moet wees. Weens die eiesoortigheid van verskillende gemeenskappe sal alle vorme van ouerbegeleiding gedifferensieerd moet wees en gerig moet wees op die waardes, spesifieke sosio-ekonomiese stand en lewensomstandighede van die ouers aan wie die begeleiding verskaf word.

Buys (1991:31) beklemtoon die riglyn dat, alhoewel individuele opvoedkundige-sielkundige hulpverlening altyd 'n plek sal hê, daar in Suid-Afrika in toenemende mate op pro-aktiewe eerder as reaktiewe werk gefokus moet word, met die klem op voorkomende werk. Buys benadruk die noodsaaklikheid dat alle ouers toegang behoort te hê tot ouerbegeleidingsprogramme en dat ouers hulself as bekwaam moet beleef ten aansien van die taak van ouerskap, aangesien dit gevoelens van geborgenheid by hulle kinders sal bevorder. Ouers moet derhalwe bemagtig word om deur hulle eie opvoedingsgedrag die optimale ontwikkeling van hulle kinders te bevorder.

Ferreira (1991:48) beklemtoon die belangrikheid van waardes tydens ouerbegeleiding. Wanneer ouerbegeleiding beplan en uitgevoer word, is dit noodsaaklik om die waarde-oriëntasies van die lede van die teikengroep in gedagte te hou, asook die moontlikheid dat daar verskille kan bestaan tussen die waardes en norme van die ouerbegeleier en die ouers self. Daar moet met groot versigtigheid te werk gegaan word, aangesien tradisionele gebruike binne die gesin, sosio-ekonomiese groepering en kultuurgroep 'n invloed kan uitoefen op die ontstaan van disharmoniese momente en die ouers kan laat met 'n gevoel dat hulle identiteit en waardes bevraagteken en bedreig word en dat hulle hulself moet verdedig en hulle opvoedingsgedrag moet regverdig.

Ouerbegeleiding kan 'n betekenisvolle invloed uitoefen, ook wat betref die uiteindelijke volwassewording van die kind. Dit behels nie slegs die verskaffing van inligting aan ouers ten einde probleme voorkomend aan te spreek nie, maar ook die toerus van die ouer om sy begeleidingsrol te verstaan deur hom van kennis sowel as vaardighede te voorsien, in die vorm van funksionele

handelinge. Ouerbegeleiding is derhalwe gerig op die bevordering van optimale ouerskap en opvoeding, asook op die harmoniëring van disharmoniese momente in die opvoedingsgedrag van die ouer. Die ouer moet in staat gestel word om meer toereikend te voel, sodat hy met meer selfvertroue kan optree. Ouers wat hulself as opvoeders hoog ag, sal noodwendig die welstand van die kind bevorder.

Benewens bovermelde doelwitte met ouerbegeleiding is dit ook daarop gerig om die ouer te bemagtig om sy begeleidingsrol toenemend op 'n hoër vlak te verwerklik, sodat hy nie voortdurend aangewese sal wees op begeleiding deur 'n ander persoon nie (Buys, 1991:121).

Weens die feit dat die milieu-benadeelde ouer moontlik uitgelewer mag voel en kan voel dat sy deelname aan 'n ouerbegeleidingsprogram aanduidend is van sy erkenning dat hy hulp nodig het, moet hy deurgaans met versigtigheid hanteer word. Hy moet gerusgestel word en aan ope, empatiese kommunikasie blootgestel word. Sy menswaardigheid moet te alle tye gerespekteer word en die boodskap moet oorgedra word dat hy bloot bemagtig word ten opsigte van vaardighede waaroor hy in 'n mate reeds beskik (Buys, 1991:139-140).

Dit is verder belangrik om die teikengroep deurgaans in gedagte te hou. Verhewe en vakterminologiese taalgebruik is byvoorbeeld nie geskik vir 'n ouerbegeleidingsprogram aan milieu-benadeelde ouers nie. Terme wat maklik verstaanbaar is vir die ouers moet derhalwe vakterminologie soos affektiewe, kognitiewe en ander moeilik verstaanbare begrippe vervang.

Met betrekking tot ouerbegeleidingsimplikasies wat uit die onderhawige studie voortvloei, die volgende:

- ◆ Milieu-benadeelde ouers kan beslis baat vind by ouerbegeleiding ten aansien van hulle opvoedingstaak.

- ◆ Ouerbegeleiding behoort primêr afgestem te wees op makro-vlak ouerbegeleiding, ten einde meer ouers te bemagtig vir hulle taak as opvoeders en moontlike opvoedingsfoute te voorkom.
- ◆ Wanneer probleme wat reeds bestaan, geïdentifiseer word, behoort ouerbegeleiding ook op mikro-vlak aangebied te word om die geïdentifiseerde probleme op te hef.

Ouerbegeleidingsprogramme vir milieu-benadeelde ouers behoort derhalwe ontwikkel te word. Die onderhawige ondersoek kan dien as behoeftebepaling ten einde relevante temas vir ouerbegeleiding te identifiseer. By die ontwikkeling van 'n program moet verder aandag geskenk word aan die formulering van doelwitte, reduksie en seleksie van gepaste inhoud uit beskikbare literatuur en die identifisering van relevante begrippe. Geleenthede vir die aanbied van die program moet beplan en geskep word, waarna die program aangebied word. As deel van die program behoort 'n komponent vir die evaluering van die program ingebou te word.

Op grond van die bevindinge wat uit die onderhawige ondersoek verkry is, kan die volgende as moontlike temas vir ouerbegeleidingsprogramme dien:

- ◆ Kinderlike ontwikkelingsfases en die behoeftes van die kind
- ◆ Gunstige opvoedingstyle (warm en tolerante opvoedingstyle): Opvoedingsgedrag van die ouer, asook die positiewe uitwerking wat dit tot gevolg het by die kind
- ◆ Ongunstige opvoedingstyle: Opvoedingsgedrag van die ouer, asook die negatiewe uitwerking daarvan op die ontwikkeling van die kind
- ◆ Die verband tussen die waarde-oriëntasie van 'n ouer en die wyse waarop hy sy taak as opvoeder verwerklik

- ◆ Begeleiding ten aansien van aspekte wat sentraal staan tot gunstige opvoedingstyle, soos effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind, inductiewe dissiplineringsgedrag, betrokkenheid by die kind, ensovoorts.

Ouerbegeleiding op makro-vlak kan deur middel van die volgende gedoen word:

- ◆ massa-onderwysmodi, soos deur middel van die radio, televisie, internet, koerante en tydskrifte
- ◆ groepmodi, dit wil sê ouerbegeleidingsgroepe
- ◆ individuele modi, met ander woorde gesprekke met ouerpare.

Ten aansien van die milieu-benadeelde ouer in sy spesifieke gesitueerdheid blyk die gebruik van massa-onderwysmodi en groepmodi meer toepaslik te wees as individuele modi. Ouers kan deur middel van en in samewerking met die kleuterskool wat hulle kind bywoon, bereik word. Ouerbegeleiding kan byvoorbeeld by 'n oueraand aan ouers gebied word en daarna op 'n gereelde basis opgevolg word deur 'n skrywe aan ouers, waarin aandag geskenk word aan relevante temas en vraagstukke. Hierbenewens kan ouers in kleingroepverband toegesprek word.

Onderwyseresse aan kleuterskole kan as kontakpersone, maar ook as raadgevers, dien. Bemagtiging van onderwyseresse sal hulle in staat stel om ouers se vrae te beantwoord, probleme by kinders te identifiseer en begeleiding te verskaf waar nodig. Hierbenewens kan moeders wat ekonomies onaktief is bemagtig word om op hulle beurt weer raad en leiding aan ander ouers in die omgewing te bied. Op dié wyse kan die ouerbegeleidingsprogram omskep word tot 'n gemeenskapsonderwysaksie, waar 'n professionele persoon (soos 'n opvoedkundige-sielkundige) onderwysers oplei en bemagtig, wat weer geselekteerde ouers kan oplei en bemagtig, wat op hulle beurt ander ouers kan bystaan en begelei. Laasgenoemde kan in kleingroepverband of op individuele basis deur middel van gesprekke met ouerpare, geskied. Die ouers wat ander

ouers begelei, kan selfs opgelei word om as "hulp-onderwyseresse" behulpsaam te wees by die kleuterskool of 'n dagsorgeenheid, om sodoende 'n bydrae te lewer tot die gemeenskap en terselfdertyd 'n inkomste te genereer. In kleingroep-verband kan ouers op 'n gereelde basis (byvoorbeeld maandeliks) vergader en hulle ervaringe met mekaar deel, asook raad van mekaar bekom. Tydens sulke geleenthede kan van sprekers gebruik gemaak word om aktuele onderwerpe en geïdentifiseerde knelpunte met die ouers te bespreek en die nodige begeleiding te verskaf.

Met betrekking tot die gebruik van media kan die gebruik van die radio of televisie, asook publikasies in tydskrifte of koerante as handige hulpmiddel dien om ouers te begelei ten opsigte van hulle opvoedingstaak. Weens die sosio-ekonomiese omstandighede van die milieu-benadeelde ouer word die internet nie as 'n primêre hulpmiddel beskou nie, alhoewel onderwyseresse daardeur bereik kan word of selfs ouers wat 'n beroep beklee waar hulle toegang het tot die internet.

5.5 AANBEVELINGS

Voortvloeiend uit die onderhawige studie word die volgende aanbevelings gemaak:

5.5.1 Ouerbegeleiding op makro-vlak

- ♦ Milieu-benadeelde ouers moet toenemend bewus gemaak word van hulle opvoedingsverantwoordelikheid met betrekking tot die voorskoolse kind se totale ontwikkelingsverloop. Hulle moet begelei word ten aansien van die affektiewe, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die kind, sowel as die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep.

- ◆ Ouerbegeleidingsprogramme ten aansien van effektiewe ouerskap en verbandhoudende aspekte (soos bo geïdentifiseer) behoort ontwikkel en aan milieu-benadeelde ouers gebied te word. Ouerbegeleiding op makro-vlak word aanbeveel sodat meer ouers bereik en begelei kan word.
- ◆ Ouerbegeleiding op makro-vlak moet daarop gerig wees om ouers te bemagtig en op dié wyse opvoedingsprobleme op 'n pro-aktiewe wyse te voorkom. Bemagtigde ouers kan weer behulpsaam wees met die bemagtiging van ander ouers.

5.5.2 Samewerking met kleuterskole

- ◆ Ouerbegeleiding behoort amptelik by skole in Suid-Afrika verskaf te word en ouers behoort derhalwe begeleiding as deel van hulle verbintenis met 'n skool (kleuterskool) te ontvang.
- ◆ Onderwyseresse moet bemagtig en opgelei word om ouers te begelei met hulle taak as opvoeders en van hulp te wees waar moontlik, onder andere by die aanbied van ouerbegeleidingskursusse.
- ◆ Onderwyseresse moet ouers inlig aangaande die eise, verwagtinge en probleme wat skoolgaande kinders ervaar en die nodige begeleiding verskaf in dié verband.

5.5.3 Samewerking met regerings- en nie-regeringsinstansies

- ◆ Fondse behoort deur die regering, sowel as nie-regeringsinstansies bewillig te word vir die ontwikkeling van ouerbegeleidingsprogramme, asook vir projekte wat geloods word om milieu-benadeelde ouers vir hulle taak as opvoeders te bemagtig.

5.5.4 Verdere navorsing

Gekoppel aan die onderhawige studie kan die volgende as moontlike navorsingstemas voorgelê word:

- ◆ Die ontwerp en ontwikkeling van ouerbegeleidingsprogramme wat voorsien in die behoeftes van milieu-benadeelde ouers, soos reeds geïdentifiseer.
- ◆ Die opvoedingsgedrag van milieu-benadeelde ouers, asook die invloed daarvan op die ontwikkeling van die voorskoolse kind, ten einde die resultate van die onderhawige ondersoek met 'n ander ondersoek/e te vergelyk en die geldigheid en betroubaarheid van die onderhawige resultate te verhoog.
- ◆ Verskille in die opvoedingsgedrag van ouer en jonger ouers in milieu-benadeelde gemeenskappe.
- ◆ Opvolgnavorsing ten einde die medium- en langtermyn effek van ouerbegeleiding aan milieu-benadeelde ouers te peil.

5.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Na die mening van die ondersoeker word die onderhawige studie deur die volgende beperkinge gekenmerk:

- ◆ 'n Selfontwerpte instrument (vraelys) is in die ondersoek gebruik, wat uiters nie gestandaardiseer en vir geldigheid en betroubaarheid getoets is nie. Die vraelys is egter ontwerp op grond van 'n deeglike literatuurstudie, asook die insette van kundiges op dié terrein.
- ◆ Die ondersoek het slegs ouers in 'n milieu-benadeelde gebied in die Pretoria-omgewing ingesluit en die vraag ontstaan of die bevindinge net so van

toepassing gemaak kan word op ander milieu-benadeelde gemeenskappe. Aangesien die ouers wat betrek is hoofsaaklik Blanke ouers was, ontstaan 'n verdere vraag of die bevindinge ook van toepassing gemaak kan word op ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

- ◆ Meer omvattende inligting kon verkry gewees het deur elke vraelys op te volg met 'n individuele onderhoud met die ouers/voogde. Dit hou egter implikasies in ten aansien van tyd, mannekrag en koste en sou nie werklik ekonomies haalbaar gewees het nie.
- ◆ Die geldigheid van die data sou waarskynlik verhoog kon word indien albei ouers by die beantwoording van die vraelys betrek kon word, aangesien vaders en moeders dikwels verskil ten aansien van hulle rolle as ouers en opvoeders.
- ◆ Die betroubaarheid van die empiriese navorsingsbevindinge is moontlik nadelig beïnvloed deur respondente se geneigdheid om sogenaamde “gewenste response” as antwoorde te verskaf. Alhoewel dit deurgaans beklemtoon is dat eerlikheid belangrik is en dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie, blyk dit tog dat talle respondente gepoog het om sogenaamde modelantwoorde te verskaf.

Ten spyte van die beperkinge van die studie, is daar tog betekenisvolle inligting ingewin aangaande die waarde-oriëntasies van milieu-banadeelde ouers, asook met betrekking tot die invloed wat dit op die opvoedingsgedrag van die ouers en uiteindelik die ontwikkeling van die kind uitoefen. Dit kan moontlik as basis dien vir verdere navorsing op dié terrein.

5.7 SLOTOPMERKING

Die vraag waarmee die onderhawige studie gemoeid was, is: "Op watter wyse beïnvloed die waarde-oriëntasie van die ouers die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde kind, in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind?"

Uit die bevindinge van die ondersoek blyk dit dat die waardes wat ouers vir hulself as belangrik ag 'n kragtige invloed uitoefen op die waardes wat hulle in die opvoeding van hulle kinders nastreef (opvoedingsinhoude), asook bepalend is ten aansien van die opvoedingstyl wat hulle verwerklik. Hierbenewens oefen die gesinsopvoeding wat verwerklik word 'n betekenisvolle invloed op die ontwikkeling van die voorskoolse kind uit.

Milieu-benadeelde ouers ervaar eiesoortige behoeftes en agterstande ten aansien van die opvoeding van hulle kinders. Deur middel van ouerbegeleiding is dit moontlik om ouers toe te rus met kennis en vaardighede waardeur hulle bemagtig sal word om hulle opvoedingstaak met selfvertroue aan te pak en te verwerklik.

Ouerbegeleidingsprogramme kan ontwikkel word met die doel om ouers toe te rus om 'n opvoedingstyl te kan verwerklik wat gunstige uitkomstes tot gevolg sal hê. Op dié wyse word die ouers toegerus om optimale persoonsontploffing en ontwikkeling by die voorskoolse kind te bevorder en te fasiliteer en word die ouer in staat gestel om sy opvoedingstaak toereikend te verwerklik en sy opvoedingsdoel te bereik.



BYLAAG A

VRAELYS VIR OUERS



VRAELYS VIR OUERS

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die vraelys te voltooi. Die inligting wat u verskaf, is baie belangrik vir die navorsingsprojek en die moontlikheid van begeleiding met betrekking tot die opvoeding van kinders in die toekoms in u gemeenskap. U word verseker dat u antwoorde as vertroulik hanteer sal word en dat u naam nêrens ter sprake sal kom nie.

Dit sal waardeer word indien u alle vrae so eerlik as moontlik sal beantwoord. Daar is nie "regte" of "verkeerde" antwoorde nie.

Vir kantoorgebruik

Respondentnommer

V1 1-2

**1 INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE
OUER WAT DIE VRAELYS VOLTOOI:**

1.1 Naam: _____

1.2 Adres: _____

1.3 Telefoonnommers:

(h) _____

(w) _____

1.4 Deur wie beantwoord:

Moeder	1
Vader	2
Voog	3

V2 3

1.5 Huwelikstatus:

Getroud	1
Nooit getroud	2
Woon saam	3
Geskei	4
Weduwee/wewenaar	5

V3 4



**2 INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE OUDSTE
VOORSKOOLSE KIND:**

2.1 Geslag:

Dogter	1
Seun	2

V4 5

2.2 Ouderdom: _____

V5 6

2.3 Aantal kinders in die gesin: _____

V6 7

2.4 Posisie van die oudste voorskoolse kind in die gesin
(byvoorbeeld derde van vyf kinders):

V7 8

**3 INLIGTING MET BETREKKING TOT BEIDE OUERS
(INDIEN BESKIKBAAR):**

3.1 Vader:

Ouderdom: _____

V8 9-10

Beroep: _____

V9 11

Hoogste opvoedkundige kwalifikasie verwerf:

Geen skoolopleiding	1
Standaard 5 of laer (graad 7)	2
Standaard 6 of 7 (graad 8 of 9)	3
Standaard 8 of 9 (graad 10 of 11)	4
Standaard 10 (graad 12)	5
Diploma (Kollege of Technikon)	6
Graad (Universiteit)	7

V10 12

3.2 Moeder:

Ouderdom: _____

V11 13-14

Beroep: _____

V12 15



Hoogste opvoedkundige kwalifikasie verwerf:

Geen skoolopleiding	1
Standerd 5 of laer (graad 7)	2
Standerd 6 of 7 (graad 8 of 9)	3
Standerd 8 of 9 (graad 10 of 11)	4
Standerd 10 (graad 12)	5
Diploma (Kollege of Technikon)	6
Graad (Universiteit)	7

V13 16

4 FISIESE FASILITEITE TUIS:

4.1 Uit hoeveel vertrekke bestaan u woning? (insluitend badkamer, kombuis, ensovoorts) _____

V14 17-18

4.2 Hoeveel persone bly in u woning? _____

V15 19-20

4.3 Watter van die volgende persone bly saam met u in u woning?

Ander familielede (byvoorbeeld grootouers)	1
Vriende	2
Loseerder	3
Geen	4

V16 21

V17 22

V18 23

V19 24

4.4 Hoeveel vertrekke in u woning word gebruik om in te slaap? _____

V20 25



5 WAARDE-ORIËNTASIE VAN DIE OUER:

5.1 Hoe belangrik beskou u die volgende waardes vir **uself** in u persoonlike lewe?

- SKAAL: 1 Glad nie belangrik nie
 2 Minder belangrik
 3 Belangrik
 4 Baie belangrik

Om gehoorsaam te wees (gehoorsaamheid)	1	2	3	4	V21	<input type="checkbox"/>	26
Om altyd reëls na te kom (konformiteit aan norme)	1	2	3	4	V22	<input type="checkbox"/>	27
Om mense in senior posisies te respekteer (respek vir outoriteit)	1	2	3	4	V23	<input type="checkbox"/>	28
Om dinge betyds gedoen te kry (stiptelikheid)	1	2	3	4	V24	<input type="checkbox"/>	29
Om skeppend te wees en iets nuuts uit te dink en te maak (kreatiwiteit)	1	2	3	4	V25	<input type="checkbox"/>	30
Om spontaan op te tree (spontaneïteit)	1	2	3	4	V26	<input type="checkbox"/>	31
Om leiding te neem (leierskap)	1	2	3	4	V27	<input type="checkbox"/>	32
Om nuwe of vreemde dinge aan te pak (inisiatief)	1	2	3	4	V28	<input type="checkbox"/>	33
Om volle samewerking te gee in 'n groep (samewerking)	1	2	3	4	V29	<input type="checkbox"/>	34
Om op jou eie op te tree (individualisme)	1	2	3	4	V30	<input type="checkbox"/>	35
Om pligte getrou na te kom (pligsgetrouheid)	1	2	3	4	V31	<input type="checkbox"/>	36
Om altyd netjies te wees (netheid)	1	2	3	4	V32	<input type="checkbox"/>	37
Om na 'n beter posisie te streef (ambisie)	1	2	3	4	V33	<input type="checkbox"/>	38
Om soveel moontlik te wete te kom en te leer (weetgierigheid)	1	2	3	4	V34	<input type="checkbox"/>	39
Om goeie maniere te openbaar (goedgemanierdheid)	1	2	3	4	V35	<input type="checkbox"/>	40
Om altyd hoflik op te tree teenoor ander (hoflikheid)	1	2	3	4	V36	<input type="checkbox"/>	41



5.2 Hoe belangrik beskou u elkeen van die volgende in die lewe van u voorskoolse kind?

- SKAAL: 1 Glad nie belangrik nie
 2 Minder belangrik
 3 Belangrik
 4 Baie belangrik

Dat hy die reëls wat u maak nakom (konformiteit aan norme)	1	2	3	4	V37 <input type="checkbox"/> 42
Dat hy maklik inskakel by ander kinders en saamwerk (samewerking)	1	2	3	4	V38 <input type="checkbox"/> 43
Dat hy goeie maniere openbaar (goedgemanierdheid)	1	2	3	4	V39 <input type="checkbox"/> 44
Dat hy vriendelik en hoflik is teenoor ander (hoflikheid)	1	2	3	4	V40 <input type="checkbox"/> 45
Dat hy graag die beste wil presteer wat hy kan en na beter strewe (ambisie)	1	2	3	4	V41 <input type="checkbox"/> 46
Dat hy nuwe dinge uitdink en maak (kreatiwiteit/inisiatief)	1	2	3	4	V42 <input type="checkbox"/> 47
Dat hy altyd betyds is (stiptelikheid)	1	2	3	4	V43 <input type="checkbox"/> 48
Dat hy netjies en skoon is (netheid en skoonheid)	1	2	3	4	V44 <input type="checkbox"/> 49
Dat hy bereid is om volgens sy eie oortuiging op te tree, al stem dit nie ooreen met dié van die groep nie (individualisme)	1	2	3	4	V45 <input type="checkbox"/> 50
Dat hy op sy eie kan speel (onafhanklikheid)	1	2	3	4	V46 <input type="checkbox"/> 51
Dat hy gehoorsaam is aan sy ouers (gehoorsaamheid)	1	2	3	4	V47 <input type="checkbox"/> 52
Dat hy take wat hy moet uitvoer pligsgetrou doen (pligsgetrouheid)	1	2	3	4	V48 <input type="checkbox"/> 53
Dat hy hom so gedra dat hy uit die moeilikheid uit bly (om uit die moeilikheid te bly/ verantwoordelikheid)	1	2	3	4	V49 <input type="checkbox"/> 54
Dat hy nuuskierig is oor dinge wat hy nie verstaan nie (weetgierigheid)	1	2	3	4	V50 <input type="checkbox"/> 55
Dat hy ouer persone respekteer (respek vir outoriteit)	1	2	3	4	V51 <input type="checkbox"/> 56



6 OPVOEDINGSTYL VAN DIE OUER:

6.1 Evalueer uself ten opsigte van die opvoeding van u voorskoolse kind.

In watter mate...?

- SKAAL:
- 1 Geensins
 - 2 Selde
 - 3 Redelik
 - 4 Baie

Gee u saans u kind 'n drukkies voor hy gaan slaap	1	2	3	4	V52	<input type="text"/>	57
Laat u u kind toe om sy sin te kry	1	2	3	4	V53	<input type="text"/>	58
Meng u oormatig in by u kind	1	2	3	4	V54	<input type="text"/>	59
Is u bekommerd dat u kind iets sal oorkom wanneer hy nie by u is nie	1	2	3	4	V55	<input type="text"/>	60
Gee u redes en verduidelikings wanneer u u kind straf	1	2	3	4	V56	<input type="text"/>	61
Doen u dinge saam met u kind	1	2	3	4	V57	<input type="text"/>	62
Pas u streng reëls toe op u kind	1	2	3	4	V58	<input type="text"/>	63
Ignoreer u u kind	1	2	3	4	V59	<input type="text"/>	64
Laat u u kind té veel dinge toe	1	2	3	4	V60	<input type="text"/>	65
Besluit u namens u kind	1	2	3	4	V61	<input type="text"/>	66
Dreig u u kind wanneer hy stout is	1	2	3	4	V62	<input type="text"/>	67
Straf u u kind wanneer hy stout was	1	2	3	4	V63	<input type="text"/>	68
Aanvaar u u kind soos hy is	1	2	3	4	V64	<input type="text"/>	69
Gesels u gereeld met u kind	1	2	3	4	V65	<input type="text"/>	70
Weier u om toe te gee teenoor u kind	1	2	3	4	V66	<input type="text"/>	71
Is u liefdeloos teenoor u kind	1	2	3	4	V67	<input type="text"/>	72
Ondersteun u u kind emosioneel	1	2	3	4	V68	<input type="text"/>	73
Gee u té min aandag aan u kind	1	2	3	4	V69	<input type="text"/>	74
Stel u belang in u kind	1	2	3	4	V70	<input type="text"/>	75
Is u negatief teenoor u kind	1	2	3	4	V71	<input type="text"/>	76
Tree u té streng op teenoor u kind	1	2	3	4	V72	<input type="text"/>	77
Laat u u kind toe om te verduidelik waarom hy verkeerd opgetree het voordat u hom straf	1	2	3	4	V73	<input type="text"/>	78
Laat u u kind toe om van u te verskil wanneer u aan hom 'n opdrag gee	1	2	3	4	V74	<input type="text"/>	79
Maak u van lyfstraf gebruik wanneer u kind 'n oortreding begaan	1	2	3	4	V75	<input type="text"/>	80
Raas u met u kind wanneer hy stout is	1	2	3	4	V76	<input type="text"/>	81



6.2 Waar sal u uself plaas op die lyn ten opsigte van u liefde teenoor u voorskoolse kind?

Baie liefdevol	1	2	3	4	5	Afsydig en liefdeloos
----------------	---	---	---	---	---	-----------------------

V77 82

6.3 Waar sal u uself plaas op die lyn ten opsigte van die mate waarin u streng optree teenoor u voorskoolse kind?

Baie streng	1	2	3	4	5	Laat die kind baie toe
-------------	---	---	---	---	---	------------------------

V78 83

6.4 Hoe sien u uself as opvoeder van u kind?

V79 84-85
 V80 86-87
 V81 88-89
 V82 90-91
 V83 92-93

6.5 As u u gedrag as opvoeder van u voorskoolse kind sou kon verander, wat sou u graag wil verander?

V84 94-95
 V85 96-97
 V86 98-99
 V87 100-101
 V88 102-103

7 AFFEKTIEWE ONTWIKKELING VAN DIE VOORSKOOLESSE KIND:

7.1 Hoeveel uur per dag spandeer u saam met u voorskoolse kind (byvoorbeeld speel, stories voorlees, ensovoorts, maar nie etes en televisie kyk nie)?

Minder as een uur	1
Een tot twee ure	2
Twee tot drie ure	3
Drie tot vier ure	4
Meer as vier ure	5

V89 104



7.2 Wat doen die voorskoolse kind saam met sy:

Vader: _____

V90			105-106
V91			107-108
V92			109-110
V93			111-112
V94			113-114
V95			115-116

Moeder: _____

V96			117-118
V97			119-120
V98			121-122
V99			123-124
V100			125-126
V101			127-128

Voog: _____

V102			129-130
V103			131-132
V104			133-134
V105			135-136
V106			137-138
V107			139-140

7.3 Watter van die volgende vind plaas wanneer dit slaapyd is vir u voorskoolse kind?

U stuur hom bed toe	1
Hy gaan self bed toe	2
U gaan sit hom in die bed	3
U gee hom 'n drukkie	4
U gee hom 'n nagsoen	5
U lees vir hom 'n storie	6
Ander: Spesifiseer	7

V108			141
V109			142
V110			143
V111			144
V112			145
V113			146
V114			147-148
V115			149-150
V116			151-152



7.4 Evalueer u voorskoolse kind.

Hoe gereeld...?

- SKAAL:
- 1 Nooit
 - 2 Soms
 - 3 Gereeld
 - 4 Baie

Huil hy	1	2	3	4
Lag hy	1	2	3	4
Gesels hy met u	1	2	3	4
Gesels hy met ander gesinslede	1	2	3	4
Maak hy grappies	1	2	3	4
Is hy stil en teruggetrokke	1	2	3	4
Kry hy woede-uitbarstings	1	2	3	4
Raak hy bly en opgewonde	1	2	3	4

V117	<input type="checkbox"/>	153
V118	<input type="checkbox"/>	154
V119	<input type="checkbox"/>	155
V120	<input type="checkbox"/>	156
V121	<input type="checkbox"/>	157
V122	<input type="checkbox"/>	158
V123	<input type="checkbox"/>	159
V124	<input type="checkbox"/>	160

8 KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE VOORSKOOSE KIND:

8.1 Aan watter van die volgende word u voorskoolse kind tuis blootgestel?

Koerante	1
Tydskrifte	2
Slapbandboeke (bv Mills and Boon's, "Comics", ensovoorts)	3
Hardeband-storieboeke	4
Naslaanboeke (bv ensiklopedieë)	5
Kinderboeke	6
Geen van bogenoemde	7

V125	<input type="checkbox"/>	161
V126	<input type="checkbox"/>	162
V127	<input type="checkbox"/>	163
V128	<input type="checkbox"/>	164
V129	<input type="checkbox"/>	165
V130	<input type="checkbox"/>	166
V131	<input type="checkbox"/>	167

8.2 Watter van die volgende moedig u aan by u voorskoolse kind?

Blaai deur boeke	1
Uitknipwerk	2
Inkleur	3
Vrae vra	4

V132	<input type="checkbox"/>	168
V133	<input type="checkbox"/>	169
V134	<input type="checkbox"/>	170
V135	<input type="checkbox"/>	171



8.3 Watter van die volgende tipe speelgoed het u voorskoolse kind tuis?

Karretjies	1
Poppe	2
Balle	3
Springtoue	4
Legkaarte	5
Boublökkies (soos lego)	6
Ander: Spesifiseer	7

V136	<input type="checkbox"/>	172
V137	<input type="checkbox"/>	173
V138	<input type="checkbox"/>	174
V139	<input type="checkbox"/>	175
V140	<input type="checkbox"/>	176
V141	<input type="checkbox"/>	177
V142	<input type="checkbox"/>	178-179
V143	<input type="checkbox"/>	180-181
V144	<input type="checkbox"/>	182-183
V145	<input type="checkbox"/>	184-185
V146	<input type="checkbox"/>	186-187

8.4 Hoe gereeld beantwoord u die vrae van u voorskoolse kind?

Nooit	1
Soms	2
Meestal	3
Altyd	4

V147 188

8.5 Hoe gereeld verduidelik u die betekenis van vreemde woorde en begrippe aan u voorskoolse kind?

Nooit	1
Soms	2
Meestal	3
Altyd	4

V148 189

8.6 Hoe los u voorskoolse kind gewoonlik probleme op?

U doen dit vir hom	1
U doen dit saam met hom en verduidelik hoe u by die oplossing uitkom	2
Hy doen dit self	3

V149 190



9 SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE VOORSKOOSE KIND:

9.1 In watter mate kom u voorskoolse kind oor die weg met die ander gesinslede?

Glad nie	1
Moeilik	2
Redelik maklik	3
Baie maklik	4

V150 191

9.2 Pas u voorskoolse kind maklik aan in 'n groep kinders van sy ouderdom, selfs as u nie teenwoordig is nie?

Ja	1
Nee	2

V151 192

9.3 Indien nie, waarom nie?

Merk asseblief al die redes wat van toepassing is.

My kind is nog té afhanklik van my	1
My kind is té skaam	2
My kind meng nie maklik met ander kinders nie	3
My kind baklei dikwels met ander kinders	4
My kind is huiwerig om in 'n groep te speel	5
Ander: Spesifiseer	6

V152 193

V153 194

V154 195

V155 196

V156 197

V157 198-199

V158 200-201

9.4 Watter rol vervul u voorskoolse kind gewoonlik in 'n groepsituasie van sy ouderdom?

Hy openbaar inisiatief en neem die leiding	1
Hy openbaar nie self inisiatief nie, maar volg ander kinders wat leiding neem	2

V159 202



10 SELFKONSEP VAN DIE VOORSKOOSE KIND:

10.1 Dink u u voorskoolse kind sien homself as:

Mooi	1
Lelik	2
Oulik	3
Slim	4
Dom	5
Vet	6
Lomp	7
Maer	8

V160	<input type="text"/>	203
V161	<input type="text"/>	204
V162	<input type="text"/>	205
V163	<input type="text"/>	206
V164	<input type="text"/>	207
V165	<input type="text"/>	208
V166	<input type="text"/>	209
V167	<input type="text"/>	210

10.2 Kan u voorskoolse kind met selfvertroue optree in groepsituasies?

Ja	1
Nee	2

V168	<input type="text"/>	211
------	----------------------	-----

10.3 Indien nie, waarom nie?

Merk asseblief al die redes wat van toepassing is.

My kind is té skaam	1
My kind weet nie hoe nie	2
My kind raak maklik selfbewus	3
Ander: Spesifiseer	4
<input type="text"/>	

V169	<input type="text"/>	212
V170	<input type="text"/>	213
V171	<input type="text"/>	214
V172	<input type="text"/>	215-216
V173	<input type="text"/>	217-218

Punt volgens klassifikasie-skaal


V174	<input type="text"/>	219-220
------	----------------------	---------

BAIE DANKIE VIR U TYD EN SAMEWERKING!



BYLAAG B

BRIEF AAN SKOOLHOOFDE



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 4209111
Faks (012) 3422712 / 432185

Fakulteit Opvoedkunde

18 Januarie 2001

WIE DIT MAG AANGAAN

Me R van Zyl is 'n ingeskrewe nagraadse student aan die Universiteit van Pretoria en onderneem tans 'n studie oor die verband tussen die waarde-oriëntasie van ouers en die wyse waarop hulle hul opvoedingstaak verwerklik. Haar studie berus onder andere op 'n empiriese ondersoek.

Hiermee vra ek u toestemming dat Me van Zyl vraelyste mag laat voltooi deur ouers van kleuters wat u skool bywoon. Dit sal hoog op prys gestel word indien sy toegang kan verkry tot die ouers met u hulp en bystand.


Kontak my gerus indien u enige navrae het in dié verband.

Vooraf dankie vir u toestemming tot hierdie versoek.

PROF JWM PRETORIUS
HOOF: DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE STUDIES



BYLAAG C
BRIEF AAN OUERS



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 4209111
Faks (012) 3422712 / 432185

Fakulteit Opvoedkunde

29 Januarie 2001

Geagte Ouer

Ek is tans 'n student in die Opvoedkundige-Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria. Vir my studies doen ek navorsing oor die waardes van ouers en die wyse waarop hulle waardes die opvoeding van hulle kinders beïnvloed. My navorsing word spesifiek gedoen by ouers met kleuters. Die doel met die navorsing is onder andere om riglyne aan ouers te verskaf in verband met die opvoeding van hulle kinders.

Vir die navorsing benodig ek ouers wat bereid sal wees om 'n aantal vrae te beantwoord ten opsigte van hulle waardes en die wyse waarop hulle hul kinders opvoed. Hiermee vra ek u dan om uself bereid te verklaar om my in dié verband te help. U bydrae behels die voltooiing van 'n vraelys, maar u sal slegs nodig hê om die vrae te beantwoord, aangesien 'n veldwerker u sal besoek (op 'n plek en tyd wat vir u geleë is) en die vraelys namens u sal invul. Dit behoort ongeveer twintig minute van u tyd in beslag te neem.

Ek sal dit opreg waardeer indien u hiertoe sou instem, aangesien ek afhanklik is van u as ouers om hierdie projek suksesvol te kan voltooi. Sal u asseblief die aangehegte strokie invul en so gou as moontlik aan die kleuterskool terugbesorg indien u bereid is om my te help.

Vooraf baie dankie vir u samewerking!

Ronél van Zyl
Student: Opvoedkundige-Sielkunde



Ronél,

Ek is bereid om jou te help met jou navorsing.

Naam van ouer : _____

Naam van kleuter : _____

Telefoonnommers : _____

Naam van kleuterskool : _____

Tyd wat my pas om die vraelys te laat invul:

Dag : _____

Tyd : _____



BYLAAG D

KODERINGSLYS

KODERINGSLYS*

KODE	BEROEPSGROEPE	VOORBEELDE VAN BEROEPE
4	Onbekend	
3	Professionele of semi-professionele beroepe	Apteker, argitek, advokaat, chirurg, geoloog, ingenieur, landmeter, medikus, onderwyser, predikant, regter, tandarts, verpleegster, vertaler
3	Administratiewe beroepe	Afdelingshoof, besturende direkteur, mynbestuurder, personeelbestuurder, sekretaris, uitvoerende beampte
2	Geskoolde ambagsmanne	Elektrisiën, ketelmaker, messelaar, passer en draaier, sweiser, skilder, slagter, timmerman, verfspuitwerker
2	Opgeleide buiteberoepe	Ambulansbestuurder, busbestuurder, hyskraandrywer, kondukteur, kelner, loods, polisieman, rangeerder, verkeersbeampte
2	Klerklike beroepe	Klerk, posmeester, bankklerk, boekhouer, kassier, possorteerder, stoorman, snelskrywer, teller
2	Verkoopsberoepe	Afslaer, assuransie-agent, buite-verkopers, eiendomsagent, handelsreisiger, markagent, sakeman
1	Ongeskoolde beroepe	Padwerker, plaaswerker, spoorwegwerker, skoonmaker, veër
1	Operateurs en half-geskoolde beroepe	Betonwerker, blokman, boomsnoeier, mynwerker, fabriekswerker, horlosiemaker, ploegbaas
1	Persoonlike en huishoudelike diensberoepe	Begrafnisondernemer, kok, spysenier, haar-kapster, hofmeester, kleremaker
1	Boere, tuiniers	Boer, bestuurder van 'n boerdery, tuinier
0	Huisvrou	Huisvrou
0	Pensioenaris	Pensioenaris
0	Werkloos	Werkloos

* Vergelyk Dicker (1993:206-207); Odendaal (1993:Bylae B) en Snyman (1990:151-152).



BIBLIOGRAFIE

BIBLIOGRAFIE

ANGENENT, H. 1990. *Opvoeding en Persoonlikheidsontwikkeling.* Nijkerk: Intro.

ATMORE, E. 1993. Providing Early Childhood Educare Services for the Black Preschool Child. In: LE ROUX, J. (ed.) *The Black Child in Crisis: A Socio-educational Perspective, Volume 1.* Pretoria: J.L. van Schaik.

BOOYSE, A.M. 1994. Die milieu-geremde kind. In: KAPP, J.A. (red.) *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief.* Pretoria: J.L. van Schaik.

BUYS, E. 1991. *Riglyne vir ouerbegeleiding as taak van die opvoedkundige-sielkundige.* Ongepubliseerde M.Ed.(Psig)-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

CHERIAN, V.I. 1990. Relationship between Corporal Punishment of Pupils and their Academic Achievement. *South African Journal of Education*, 10(1):96-100.

COETZEE, I.E.M. 1993. *'n Sosiopedagogiese verbandlegging tussen ouerlike opvoedingstyle en die persoonlikheidsontwikkeling van die kind.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

COLLINS, K.T., DOWNES, L.W., GRIFFITHS, S.R. & SHAW, K.E. 1973. *Key Words in Education.* London: Longman Group.

DE KLERK, M.M. 1989. *Die kommunikatiewe opgawe van die onderwyser ten opsigte van die milieu-gestremde leerling.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DE WITT, M.W. 1985. *Die betekenis van fisieke beweging in die psigiese lewensvoltrekking van die 0 tot 6-jarige kind.* Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. (red.) 1995. *Die sosialisering van die klein kind. Enkele temas.* Pretoria: J.L. van Schaik.

DICKER, A. 1993. *Ouerbegeleidingsbehoefte ten opsigte van die milieugestremde kleuter.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

FEATHER, N.T. 1975. *Values in Education and Society.* New York: The Free Press.

FERREIRA, G.V. 1987. *Ouerbegeleiding op makro-opvoedkundige vlak.* Pretoria: Verslag aan die RGN.

FERREIRA, G.V. 1991. *Die operasionalisering van makrostrategieë vir ouerbegeleiding deur nie-formele en informele onderwys in 'n multikulturele samelewing.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (Navorsingseenheid: Nie-formele onderwys).

FERREIRA, G.V. 1994. Die Psigopedagogiek as wetenskap. In: FERREIRA, G.V. (red.) *Temas in die Psigopedagogiek 1.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars.

GARBERS, J.G. 1980. *Vroeë skoolverlating in die grootstad.* Pretoria: Butterworth.

GARDNER, H. 1982. *Developmental Psychology.* Boston: Little, Brown and Co.

GECAS, V. & SCHWALBE, M.L. 1986. Parental Behaviour and Adolescent Self-esteem. *Journal of Marriage and the Family*, 48:37-46.

GERRIS, J.R.M., DEKOVIC, M. & JANSSENS, J.M.A.M. 1997. The Relationship Between Social Class and Childrearing Behaviors: Parents' Perspective Taking and Value Orientations. *Journal of Marriage and the Family*, 59(November 1997):834-847.

GREBE, R. 1986. Parent Education in a Third World Context. *Paidonomia*, 14(2):17-35.

HAMACHEK, D.E. 1987. *Encounters with the Self*. Florida: Holt, Rinehart and Winston.

HARMAN, D. & BRIM, O.G. 1980. *Learning to be Parents: Principles, Programs, and Methods*. London: Sage Publications.

HAWES, G.R. & HAWES, L.S. 1982. *The concise Dictionary of Education*. New York: Van Nostrand Reinhold Company.

HOFF-GINSBERG, E. & TARDIF, T. 1995. Socioeconomic Status and Parenting. In: BORNSTEIN, M.H. (ed.) *Handbook of Parenting, Volume 2. Biology and Ecology in Parenting*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

HOFSTEDE, G., NEUIJEN, B., OHAYV, D.D. & SANDERS, G. 1990. Measuring Organizational Cultures: A Qualitative and Quantitative Study across twenty Cases. *Administrative Science Quarterly*, 35:286-316.

HOLDEN, G.W. 1995. Parental Attitudes Toward Childrearing. In: BORNSTEIN, M.H. (ed.) *Handbook of Parenting, Volume 3. Status and Social Conditions of Parenting*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

HURLOCK, E.B. 1978. *Child Development*. New York: McGraw-Hill.

HUSÉN, T, & POSTLETHWAITE, T.N. (ed.) 1994. *The International Encyclopedia of Education, Volume 11*. Oxford: Pergamon.

JACOBS, A.H. 1995. *Waarde-oriëntering in ouerbegeleiding en Pedoterapie*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

JANSEN VAN VUUREN, R. 1985. *Waardes en Psigoterapie*. Ongepubliseerde D.Phil.(Sielkunde)-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

JOUBERT, D. 1986. *Waardes: navorsing, metodologie en teorie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

KAHLE, L.R. 1996. Social Values and Consumer Behavior: Research from the List of Values. In: SELIGMAN,C., OLSON, J.M. & ZANNA, M.P. (ed.) *The Psychology of Values: The Ontario Symposium, Volume 8*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

KELLY, B. 1996. The Significance of Preschool Behaviour Problems for Adjustment in Later Life. *Early Child Development and Care*, 117:1-19.

KOHN, M.L. 1977. *Class and Conformity: A Study in Values*. Chicago: The University of Chicago Press.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

LAMBINON, A.E. 1987. *Die primêre opvoeder se begeleiding van die kleuter tot leer- en skoolgereedwording*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LE ROUX, J. 1992. Sosiopedagogiese begripsverklarings. In: LE ROUX, J. (red.) *Temas in die Sosiopedagogiek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

LE ROUX, J. & GILDENHUYS, F.P. 1994. The Phenomenon of a 'Culture of Poverty' in Contemporary Society. In: LE ROUX, J. (ed.) *The Black Child in Crisis: A Socio-educational Perspective, Volume 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.

McGILLICUDDY-DE LISI, A.V. & SIGEL, I.E. 1995. Parental Beliefs. In: BORNSTEIN, M.H. (ed.) *Handbook of Parenting, Volume 3. Status and Social Conditions of Parenting*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

MEINTJES, B.J. 1992. *Die kwesbaarheid van die milieu-gestremde gesin in die eietydse maatskaplike situasie*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

MEINTJES, B.J.J. 1990. *Pedagogiese, psigologiese en sosiale kenmerke van die milieu-gestremde gesin*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

MEYER, E.C. 1990. *Negatiewe faalangs en prestasie-motivering by milieu-gestremde skoolbeginners*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

MOORE, C. 1997. Die selfkonsep-teorie van Carl Rogers. In: MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. (red.) *Personologie: Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1991. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

MUSSEN, P. 1979. *The Psychological Development of the Child.* New Jersey: Prentice-Hall.

MWAMWENDA, T.S. 1995. *Educational Psychology: An African Perspective.* Durban: Butterworths.

NAUDÉ, G.N. & BODIBE, R.C. 1990. *Manual for Guidance Teachers. A Theoretical and Practical Approach.* Pretoria: Acacia Books.

NIEHAUS, L. 1988. *Begeleiding van ouers van adolessente in 'n welvarende opvoedingsmilieu.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

OKAGAKI, L. & DIVECHA, D.J. 1993. Development of Parental Beliefs. In: LUSTER, T. & OKAGAKI, L. (ed.) *Parenting: An Ecological Perspective.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

OWEN, R. Sine Anno. *Riglyne vir die Opstel van Vraelyste.* Universiteit van Pretoria: Departement Inligtingtegnologie.

PELLEGRINI, A.D. 1987. *Applied Child Study: A Developmental Approach.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

PIENAAR, M.A. 1997. *Ouerbegeleidingsinhoude vir 'n multikulturele praktyk.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1993. *Psigologie-woordeboek.* Johannesburg: McGraw-Hill.

PRETORIUS, A. 1998a. *Die affektiewe skoolgereedmaking van die milieu-benadeelde voorskoolse kind.* Ongepubliseerde M.Ed.(Opvoedkundige-Sielkunde)-skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

PRETORIUS, J.W.M. 1987. *Kompensatoriese Onderwys - 'n Struktuuranalise en -beskrywing.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

PRETORIUS, J.W.M. 1992a. Opvoedingsgedrag en die psigiese lewe van die kind - 'n psigopedagogiese analise. In: FERREIRA, G.V. (red.) *Temas in die Psigopedagogiek 2.* Pretoria: J.L. van Schaik.

PRETORIUS, J.W.M. 1992b. Opvoeding en persoonlikheidsontwikkeling. In: LE ROUX, J. (red.) *Temas in die Sosiopedagogiek.* Pretoria: J.L. van Schaik.

PRETORIUS, J.W.M. 1994a. *Opvoeding, Samelewing, Jeug.* 'n *Sosiopedagogiese leerboek.* Pretoria: J.L. van Schaik.

PRETORIUS, J.W.M. 1994b. Ontwikkelingsfases van die opvoeding. In: FERREIRA, G.V. (red.) *Temas in die Psigopedagogiek 1.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars.

PRETORIUS, J.W.M. (red.) 1998b. *Sosiopedagogiek 2000.* Pretoria: J.L. van Schaik.

ROBERTS, D. 1994. *'n Verkennend-beskrywende ondersoek na faktore wat die akademiese prestasie van milieu-gestremde eerstejaarstudente belemmer.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

ROKEACH, M. 1979. *Understanding Human Values: Individual and Societal.* London: Collier Macmillan Publishers.

ROSA, C.M. 1994. *The Influence of Parental Involvement, Discipline and Choice of Values on the Scholastic Achievement of Secondary School Pupils, with Special Reference to the Role of the Father.* Unpublished M.Ed.-dissertation. Pretoria: University of South Africa.

ROUX, L. 1995. *Identifisering van Afrika waardes: Implikasie vir Suid-Afrikaanse organisasies.* Ongepubliseerde M.Com.(Menslike Hulpbronbestuur)-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SCHEIN, E.H. 1992. *Organizational Culture and Leadership.* San Francisco: Jossey-Brass.

SCHNETLER, J. 1989. *Opnamemetodes en praktyk.* Pretoria: Meningspeiling-sentrum , Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

SCHOORL, P.M. 1993. *Opvoeding en Opvoedingsproblemen in het Gezinsleven.* Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

SCHWARTZ, S. 1996. Value Priorities and Behavior: Applying a Theory of Integrated Value Systems. In: SELIGMAN, C., OLSON, J.M. & ZANNA, M.P. *The Psychology of Values: The Ontario Symposium, Volume 8.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

SCHWARTZ, S.H. 1992. Universals in the Content and Structure of Values: Theoretical Advances and Empirical Tests in 20 Countries. *Advances in Experimental Social Psychology*, 25:1-65.

SEARS, R.R., MACCOBY, E.E. & LEVIN, H. 1957. *Patterns of Child Rearing.* New York: Harper and Row.

SHAFFER, D.R. 1993. *Developmental Psychology: Childhood and Adolescence.* California: Brooks/Cole.

SHAFFER, D.R. 1996. *Developmental Psychology: Childhood and Adolescence.* Boston: Brooks/Cole.

SHEFFER, P. 1972. *The Influence of Social Status on the Education of a Group of Afrikaansspeaking High School Boys.* Report no. M.T-9. Pretoria: Institute for Manpower Research.

SMIT, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die Gedragwetenskappe.* Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

SMITH, J.M. 1994. *Waarde-oriëntasie onderliggend aan die personeelpraktyke van 'n diensorganisasie.* Ongepubliseerde M.Com.(Menslike Hulpbronbestuur)-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SNYMAN, A. 1990. *Ouerbegeleidingsbehoefte in milieugestremde gemeenskappe.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1991. *Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding: 'n Handleiding in die Psigopedagogiek.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars.

SPADE, J.Z. 1991. Occupational Structure and Men's and Women's Parental Values. *Journal of Family Issues*, 12(3):343-360.

STEYN, A.F., VAN WYK, D. & LE ROUX, T. 1989. *Die gesin: Gister en vandag.* Pretoria: Academica.

VAN DEN AARDWEG, E.M. & VAN DEN AARDWEG, E.D. 1988. *Dictionary of Empirical Education / Educational Psychology.* Pretoria: E. & E. Enterprises.

VAN DER VELDEN, R.K.W. 1994. Sociale herkomst, gezinskenmerke en schoolsukses. *Pedagogische Studiën*, 71:82-93.

VAN NIEKERK, P.A. (red.) 1991. *Die opvoedkundige-sielkundige: 'n Handleiding in die Opvoedkundige-Sielkunde.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers- en Boekhandelaars.

VAN RENSBURG, C.J.J., LANDMAN, W.A. & BODENSTEIN, H.C.A. 1994. *Basiese begrippe in die Opvoedkunde.* Halfway House: Orion Uitgewers.

VAN ROOYEN, L. & LOUW, N. 1993. *Geslagsopvoeding: 'n Handleiding vir die opvoeder.* Pretoria: Academica.

VAN ROOYEN, L. & NGWENYA, M. 1997. *Sexuality Education from Babyhood to Adolescence.* Pretoria: Kagiso Publishers.

VAN WYK, E.R. 1996. *Die voorskoolse kind en geletterdheidservaring.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

VORSTER, W. 1993. *Milieu-gestremdheid en die perseptueel-motoriese ontwikkeling van die kleuter.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

WEITEN, W. 1992. *Psychology: Themes and Variations.* Pacific Grove: Brooks/Cole.



WIELEMANS, W. 1984. *Opvoeding en onderwijs onder maatschappelijke druk.*
Leuven: Acco.

WOOLFOLK, A.E. 1995. *Educational Psychology.* New York: Allyn and Bacon.



SUMMARY

SUMMARY

VALUE ORIENTATION AS A FACTOR IN PARENTING THE MILIEU-DISADVANTAGED PRESCHOOL CHILD: PARENT EDUCATION IMPLICATIONS

by

RONÉL VAN ZYL

SUPERVISOR : PROFESSOR J.W.M. PRETORIUS
CO-SUPERVISOR : PROFESSOR G.V. FERREIRA
DEPARTMENT : TEACHING AND TRAINING STUDIES
DEGREE : M.Ed.

The aim of this study was:

- ◆ to investigate the manner in which the value orientation of the parent influences his/her parenting of the milieu-disadvantaged preschool child, in terms of:
 - child-rearing style
 - education content
 - influencing the development of the child

- ◆ to formulate guidelines for parent education.

The point of departure was that parents' child-rearing behaviour is strongly influenced by their personal values, in so far as these values determine the

education content and child-rearing style actualised by the parents, which in turn exercise an influence on the development of the child.

The milieu of the milieu-disadvantaged preschool child was described in terms of the environment, family situation, value orientation of the parents and characteristics and shortcomings of the milieu-disadvantaged preschool child.

The value orientation of the milieu-disadvantaged parent was investigated in terms of causal connections with child-rearing style, education content and the development of the preschool child. The latter was discussed in terms of personality development, as well as the affective, cognitive and social development of the child.

The literature indicates that the following child-rearing styles are habitually actualised by milieu-disadvantaged parents:

- ◆ dominant parenting
- ◆ intolerant, autocratic parenting
- ◆ indifferent parenting
- ◆ cold parenting
- ◆ permissive parenting
- ◆ involved parenting.

An investigation was undertaken by means of a structured questionnaire and personal interviews with parents of milieu-disadvantaged preschool children. The findings of this empirical study are supported by the literature, namely that there are close connections between the value orientations of parents, their parenting styles, their education content and their influence on the development of the child. The intolerant, autocratic child-rearing style and the dominant child-rearing style were found to be most commonly actualised by milieu-disadvantaged parents.

Further findings are: Milieu-disadvantaged parents regard obedience, respect for superiors, good manners, courtesy and cleanliness as being the most important values. These values are regarded as important in their work environment, especially in respect of the father. Younger parents regard values such as ambition, initiative and leadership as more important than older parents, who place more value on conformity, obedience and respect for superiors.

Based on the findings of the study, a few guidelines for parent education were formulated and possible themes for parent education programmes were identified.

Despite a few discrepancies between the findings of the empirical study and those reflected by existing literature, the following hypothesis was verified by the investigation: The value orientation of the parent has a powerful influence on his/her parenting of the milieu-disadvantaged preschool child, in terms of:

- ◆ child-rearing style
- ◆ education content
- ◆ influencing the development of the child.



KEY WORDS

- ◆ Value orientation
- ◆ Milieu-disadvantaged
- ◆ Preschool child
- ◆ Parenting
- ◆ Child-rearing style
- ◆ Education content
- ◆ Development
- ◆ Personality
- ◆ Self-concept
- ◆ Parent education

SLEUTELTERME

- ◆ Waarde-oriëntasie
- ◆ Milieu-benadeeld
- ◆ Voorskoolse kind
- ◆ Gesinsopvoeding
- ◆ Opvoedingstyl
- ◆ Opvoedingsinhoud
- ◆ Ontwikkeling
- ◆ Persoonlikheid
- ◆ Selfkonsep
- ◆ Ouerbegeleiding